# ‘N SOSIAAL-SIELKUNDIGE PERSPEKTIEF OP LIDMATE VAN ONDERSKEIE CHRISTELIKE DENOMINASIES SE HOUDINGS TEENOOR DIE VROU AS AMPSDRAER IN DIE GEMEENTE: ‘N KRUIS-KULTURELE ONDERSOEK

deur

**PETRONELLA JONCK**

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

**PHILOSOPHIAE DOCTOR**

in die

**FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE**

**DEPARTEMENT SIELKUNDE**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**

| | |
|---|---|
| Promotor: | Prof. A. le Roux., D.Phil (Universiteit van die Vrystaat) |
| Mede-promotor: | Dr. L. Hoffman., D.Th. (Universiteit van die Vrystaat) |
| Datum van inhandiging: | September 2010 |

Geldelike bystand wat deur die Nasionale Navorsingsraad (NRF) vir hierdie navorsing gelewer is, word hiermee erken. Menings wat uitgespreek en gevolgtrekkings wat gemaak is, is dié van die outeur en moet nie noodwendig aan die NRF toegeskryf word nie.

Ek verklaar dat die proefskrif (in artikelvorm) wat hierby vir die graad Philosophiae Doctor in Sielkunde aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van die outeursreg in die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

_______________ 11 May 2011

P. Jonck Datum

# DANKBETUIGINGS

Graag word die volgende genoem ter waardering vir hulp en ondersteuning:

- Prof. A. Le Roux, vir haar hulp, leiding en geduld.
- Dr. L. Hoffman, vir leiding, belangstelling en aanmoediging.
- Dr. Raubenheimer vir puik statistiese verwerking.
- Prof. A. Wilkinson, vir haar waardevolle hulp en bystand met die kwalitatiewe element van die studie.
- Aan my moeder wat altyd daar is om my te ondersteun en te bemoedig. As daar ‘n doktorgraad is vir die beste ma, sal ma slaag met ‘n onderskeiding.
- Aan elke individuele kerkgemeente wat deelgeneem het, my opregte dank vir samewerking ten opsigte van die verkryging van inligting. Aan diegene wat uit hulle pad gegaan het om vir my ‘n klip uit die pad te rol, jul belangstelling en bereidwilligheid het my hart verbly.
- Die Allerhoogste aan wie al die dank en eer toekom vir die krag en vermoë wat ek van Hom ontvang het.

# ORIËNTASIE

In ooreenstemming met die regulasies van die Universiteit van die Vrystaat word hierdie proefskrif aangebied in artikelvorm.

As gevolg daarvan dat dieselfde metodologie in al die onderskeie empiriese artikels toegepas is en dat die literatuuroorsig in ieder geval op die verskillende denominasies en houdings toegespits was, het dit noodwendig 'n mate van oorvleueling tot gevolg gehad. Sodanige oorvleueling is egter nie vreemd in die praktyk nie waar oorvleueling ook voorkom wanneer dieselfde outeur verskillende artikels (gewoonlik in verskillende tydskrifte) uit dieselfde navorsingsprojek publiseer.

Die volgende artikels word aangebied:

**Artikel 1:** **'n Sosiaal-psigologiese perspektief op die kwessie van vroulike ampsdraers in die gemeente: 'n Literatuuroorsig**

**Artikel 2:** **Die invloed van geografiese ligging, geslag, ouderdom en huwelikstatus op kerklidmate se houding teenoor vroue as ampsdraers in die gemeente**

**Artikel 3:** **Kerklidmate se houding teenoor vroue as ampsdraers in die gemeente: 'n Ondersoek na die rol van enkele demografiese veranderlikes**

**Artikel 4:** **Die rol van huistaal, bevolkingsgroep en denominasie as demografiese veranderlikes op lidmate se houding teenoor vroulike ampdraers: 'n Kruis-kulturele ondersoek**

**Artikel 5:** **'n Sosiaal-sielkundige perspektief op lidmate van onderskeie Christelike denominasies se houdings teenoor vroue as ampsdraers in die gemeente: 'n Kruis-kulturele ondersoek**

**ARTIKEL 1:**

# 'N SOSIAAL-PSIGOLOGIESE PERSPEKTIEF OP DIE KWESSIE VAN VROULIKE AMPSDRAERS IN DIE GEMEENTE: 'N LITERATUUROORSIG

**P. Jonck, M.Soc.Sc. en Professor A. le Roux*, D. Phil.**
**Departement Sielkunde**
**Universiteit van die Vrystaat**
**Posbus 339**
**Bloemfontein**
**9300**

## ’N SOSIAAL-PSIGOLOGIESE PERSPEKTIEF OP DIE KWESSIE VAN VROULIKE AMPSDRAERS IN DIE GEMEENTE: ’N LITERATUUROORSIG


### Abstract

KEY WORDS: **Social constructionist epistemology**, **patriarchal framework**, **feministic movement within church**, **attitude, theories, behaviour, Biblical principles, church history, church specific history, deacon, elder and preacher**

Nationwide newspaper articles like “Sorrow in heaven due to closed doors for Reformed Churches of South Africa women” are making headlines which are an indication of the extent of discontent concerning the controversial issue of women’s role in the church. The aim of the study was to provide a Meta theoretical framework in order to interpret the issues surrounding women incumbents. Hence, in this article a number of Biblical principles as well as the history related to the reasoning behind the state of women incumbents are discussed. The concept of attitude is also investigated as a sub-theoretical supposition which precedes the issues related to women incumbents. Attention was also given to define the concept of attitudes while attitude theories were also discussed. Attention was also given to a sociological paradigm, as adjacent science, which may influence church member’s attitude towards women incumbents.

## 1. INLEIDING

Die rol van vroue in die kerk is 'n "theological imbroglio" – 'n situasie wat verwarring, teenstrydigheid en polarisasie tot gevolg het (Harper, 1994; Mongwe, 2007; Oliver, 2008). Die agtergrond hiervan moet volgens Smit (1999), gesoek word in die feministiese beweging se oortuiging dat vroue hul regmatige plek ontsê word en dat die emansipasie van vroue ook die botoon moet voer in die kerk. Dienooreenkomstig is Van Helden (2002) die mening toegedaan dat weens tradisionalisme vroue na 2000 jaar steeds benader word as ongedissiplineerde en oningeligte wesens. Die persepsie, aldus Van Helden (2002), bestaan dat die eredienste vroue voldoende toerus: vroue kan gevolglik tradisioneel net buite die erediens by die sogenaamde sustersaksies of by die hou van katkisasie betrokke wees. Hierdie uitgangspunt en praktyk bevestig die miskenning van vroue se gawes en die moontlike diensbaarheid daarvan ook binne die erediens (Van Helden, 2002).

In teenstelling hiermee is daar volgens Rees (2003), sommige geloofstradisies wat konstateer dat weens Skrifgegewens en Bybelse voorskrifte vroue 'n sekondêre (ondergeskikte) rol in die kerk moet vervul. Hierdie denkwyse word volgens Clifford (2001) beskou as 'n Christelike manlike teologie, wat gekenmerk word deur 'n patriargale denkraamwerk wat manlike ervaring, denke en waardes bevorder.

Die kwessie oor die rolverdeling en die rol van vroue in die kerk word deur Piper en Grudem (1991), beskou as 'n magstryd tussen die geslagte en derhalwe geklassifiseer as 'n feministiese beweging binne kerklike kringe. Feminisme, aldus Vrey (2008), binne kerklike kringe is 'n aktuele kwessie wat verdeeldheid tussen gelowiges teweeg bring en wat ten doel het om die onderdanigheid van mans teenoor vroue te bevorder. Hierdie tradisioneel feministiese tendens het ten doel om vroue in staat te stel om hul regte in die kerk op te eis en sodoende bestaande gesagstrukture te herstruktureer (*Volksblad*, 15 September 2003:6). Marriott (2002) beskou die feministiese beweging in die kerklike opset as 'n menslike filosofie, wat 'n uiterlike manifestasie van die frustrasies reflekteer, met die manlike geslag se geneigdheid om te domineer en die vroulike neiging om manlike leierskap te verwerp. Plaatjies (2003) vermeld met reg dat die besondere posisie wat ingeneem word met betrekking tot vroue, deur ambivalensie gekenmerk word. Aan die eenkant word vroue die afgelope twee dekades in beperkte gevalle in leierskapsrolle in die kerk aanvaar - hetsy as kerkraadslede(diaken/ouderling),

predikant en/of teoloog. In teenstelling hiermee beperk teologiese voorveronderstellings vroue tot ‘n ondergeskikte rol in die kerk en samelewing. Dié digotomie word vergestalt in die liturgiese formuliere, litanieë, sinodale besluite en selfs die Bybelvertaling wat androgeen van aard is.

Die voorgenoemde standpunte lê sosiaal-psigologies aan die basis van menslike houdings aangesien ongelyke rolverdeling, aldus Delport (Büchner, 2007) toegeskryf kan word aan wilshandeling en houdings wat te kenne gee dat een geslag inherent meerderwaardig en die ander geslag inherent minderwaardig is. In die geval van ’n Christelike manlike teologie word die manlike geslag as inherent meerderwaardig geag, terwyl die teendeel waar is by feminisme. Die konsep, houding, verwys na ’n psigologiese neiging wat deur die beoordeling van ’n spesifieke entiteit of konstruk met ’n sekere graad van goedkeuring of afkeuring uitgedruk word (Nel, 2008), en wat ’n individu predisponeer tot ’n bepaalde wilshandeling teenoor dié entiteit (Taylor, Peplau & Sears, 2006).

Die knelpunt rondom die rol van vroue in die gemeente het verreikende gevolge. Verder is dit ’n prinsipieel verdedigbare uitdaging wat frustrasie en moedeloosheid inhou (Rees, 2003). Te midde van hierdie struikelblokke op weg na ’n meer gelyke rolverdeling binne die gemeente, is die uitdagings en die geleenthede baie groot. Hierdie proses moet egter met die nodige nugterheid, verantwoordelikheid, sensitiwiteit, asook begrip vir al die betrokke partye se vrese en frustrasies aangepak word. In hierdie sin is ’n oorsig van die beskikbare literatuur oor dié onderwerp noodsaaklik, ten einde ’n teoretiese raamwerk daar te stel ingevolge waarvan die knelpunt rondom vroue en hul rol in die gemeente ondersoek kan word.

## 2. DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die opskrif “Droefheid in die hemel oor toe deure vir GKSA se vroue” (Die Kerkbode, 27 Januarie 2006:3), saam met “Blad, anties luister nie” (Volksblad, 24 Januarie 2006:6), is slegs enkele aanduidings van die mate van ontevredenheid wat voortvloei vanuit die kontroversiële saak rakende vroulike ampsdraers in die kerk. In die lig van die voorgenoemde ontevredenheid word daar in hierdie artikel gepoog om ’n metateoretiese raamwerk te verskaf op grond waarvan die kwessie oor vroue in die gemeente-opset geïnterpreteer kan word. Derhalwe gaan gepoog word om ‘n teoretiese onderbou te skets deur aandag te skenk aan sosiale diskoerse wat die beroeping van vroue as ampsdraers beïnvloed, asook die rol en funksie van die begrip houding en hoe hierdie begrip ’n bydrae lewer tot die brandende kwessie oor vroulike ampsdraers. Voorts word ook kortliks aandag geskenk aan die kruis-kulturele aspek van die onderhawige studie.

## 3. NOODSAAKLIKHEID VAN DIE STUDIE

In hierdie artikel word gepoog om 'n oorkoepelende metateoretiese raamwerk daar te stel ingevolge waarvan die kwessie oor vroulike ampsdraers ondersoek kan word. Tot op hede kon geen studie geïdentifiseer word wat vanuit 'n sosiaal-psigologiese diskoers ondersoek ingestel het na die knelpunt rakende die rol van vroue in die gemeente nie. Navorsingstudies in dié verband soos die van Büchner (2007), Elijah (2007), Mongwe (2007), Gwashi (1999) en Rees (2003) is vanuit 'n suiwer teologiese perspektief gedoen. Tesame hiermee is bestaande inligting afkomstig van beswaarskrifte en studierapporte deur ondersoekkommissies wat binne die verskillende kerkverbande gedurende die afgelope agt jaar afgevaardig is.

Die noodsaaklikheid van 'n sosiaal-psigologiese perspektief word soos volg beskryf deur Christopher Dawson (aangehaal deur Aidan-Nichols, 1999:4):

> *It is clear that a common way of life involves a common view of life, common standards of behaviour and common standards of value, and consequently a culture is a spiritual community which owes its unity to common beliefs and common ways of thought far more than to any uniformity of physical type.*

Bogenoemde verwys na 'n verwysingsraamwerk waarvolgens lidmate, op grond van hul lidmaatskap aan die liggaam van Christus, individuele gedrag, idees en resultate beoordeel en wat 'n rigtinggewende invloed op gedrag uitoefen (Jonck, Le Roux & Verster, 2007a). Dit is dus noodsaaklik om aandag te skenk aan die individu se verwysingsraamwerk waarvolgens die kwessie oor vroulike ampsdraers beoordeel word en wat 'n rigtinggewende invloed op gedrag uitoefen. Veral in die Suid-Afrikaanse konteks is daar 'n groot leemte in hierdie verband, aangesien geen Suid-Afrikaanse navorsing in verband met vroulike ampsdraers vanuit 'n sosiaal-psigologiese diskoers gevind kon word nie.

Alvorens aandag geskenk word aan individuele verwysingsraamwerke word die filosofiese verwysingsraamwerk waarin die onderhawige studie ingebed is, belig.

## 4. TEORETIESE RAAMWERK EN METODOLOGIE

In die onderhawige navorsingstudie word gebruik gemaak van 'n argeologiese metodologie. 'n Argeologiese metodologie, aldus Kendall en Wickham (1999) het ten doel om verwantskappe tussen voorveronderstelings vas te stel, dus houdings en die uiterlike manifestasie daarvan deur middel van liturgie, asook sigbare handelinge.

Ten einde die interaksie tussen voorveronderstellings en die uiterlike manifestasie daarvan te ondersoek word gebruik gemaak van die ontwikkeling van 'n metateorie. Laasgenoemde bring teoretiese vernuwing wat die navorser instaat stel om beskikbare literatuur konkreet-kontekstueel te formuleer ten einde gegewens doelgerig

toe te pas in 'n praktykteorie, asook 'n handelingstrategie, aldus Steyn (2005). Die vorming van metateorieë vind plaas uit onder andere die bestudering van grenswetenskappe wat vervolgens belig word.

## 5. Metateoretiese denkraamwerk

In die onderhawige navorsingstudie word aandag geskenk aan 'n toepaslike literatuurstudie uit 'n sosiologiese, 'n psigologiese, asook 'n teologiese paradigma wat moontlik 'n invloed uitoefen op die brandpunt verbandhoudend tot die rol van vroue in die gemeente-opset.

### 5.1 Sosiologiese paradigma

'n Sosiologiese paradigma kan gedefinieer word as 'n studie van die samelewing wat gebruik maak van verskeie empiriese tegnieke, asook kritiese analise ten einde toepaslike teorie te ontwikkel oor kollektiewe sosiale gedrag (Ntilane, 2002). Elijah (2007), Ferreira (2007), Grosskopf (2004), Mongwe (2007), Plaatjies (2003), Sparrow (2006), asook Vrey (2008) identifiseer onder andere sosiale konstruksionisme, die feministiese beweging binne kerklike kringe, asook 'n patriargale denkraakwerk as sosiologiese konsepte wat moontlike 'n rol speel by die kwessie oor vroulike ampsdraers.

#### 5.1.1 Sosiaal-Konstruksionistiese Epistemologie

Voster (2003: 17) definieer epistemologie as '*a set of analytical and critical techniques that define the boundaries for the process of knowing.*' Owen (2006) toon aan dat kennis gelokaliseer word binne simbole, interaksies, asook sosiale uitruiling. Ingevolge Büchner (2007) word betekenis, waardes, instellings, gebruike, etikette, wette, arbeidverdeling en sosiale realiteite deur lede van 'n bepaalde kultuur gevorm in interaksie met mekaar. Mongwe (2007: 14) dui daarop dat kennis 'n '*artefact of communal interchange*' is. Hiervolgens is individuele denke nie 'n uitbeelding van die wêreld nie, maar eerder konstrukte wat die mens ontwikkel weens ervarings in en met die wêreld, aldus Müller (2000) wat in wese dui op 'n sosiaal-konstruksionistiese epistemologie. Dié epistemologie is 'n aanvaarde teoretiese raamwerk wat in verskeie studies rakende die rol van vroue in die gemeente-opset aangewend word as teoretiese onderbou (Büchner, 2007; Mongwe, 2007, Plaatjies, 2003).

Sosiale konstruksionisme beklemtoon die sosiale, historiese, asook kollektiewe aard van die menslike bewussyn en fokus veral op sosiale konteks, asook die rol wat taal oftewel diskoers speel in die vorming van betekenis (Buchanan, 2008). 'n Diskoers, aldus Demasure en Müller (2006) verwys na 'n bepaalde wyse waarop 'n

gebeurtenis aangebied word, of dan 'n alternatiewe konstruksie van die wêreld. Ingesteldhede oftewel houdings, opinies, asook waardes is net moontlik binne 'n diskoers en het geen bestaan buite taal nie. Taal in die vorm van diskoerse voorsien dus aan die individu die subjektiewe ervaring van sy of haar wêreld, aldus Steyn (2003).

### 5.1.2 PATRIARGALE DENKRAAMWERK

Patriargie kan gedefinieer word as die mag van die manlike elite in verskillende sfere van die samelewing, hetsy die gesin, politiek, godsdiens, ekonomie of ideologieë waarin die manlike figuur die dominante posisie inneem, aldus Vrey (2008). Neuger en Poling (1997: 25) dui daarop dat: '*Patriarchy is revealed not simply as a social arrangement or as individual acts of cruelty towards women on the part of men but rather as a deep spiritual ordering that invades and spreads across the social order – through the individual identity, to social practices, to lines of authority in institutions, to cultural images and representations.'*

Verskeie outeurs insluitende Elijah (2007), Mongwe (2007), Sparrow (2006), Vrey (2008) en andere, dui aan dat die Bybel in 'n patriargale samelewing en kultuur sy ontstaan gehad het en steeds grootliks deur 'n patriargale samelewing geïnterpreteer word. Wainwright (1991:3 & 28) skryf in dié verband: '....*patriarchy refers to the socio-cultural system operative in both the biblical period and our own day. For Christian women patriarchy have been given divine sanction within a Christian framework.'* Clifford (2001) maak melding van 'n Christelike manlike teologie wat gekenmerk word deur 'n patriargale denkraamwerk wat manlike ervaring, denke en waardes bevorder.

Vrey (2008) kom tot die gevolgtrekking dat die Bybel uiteindelik ook onder die soeklig geplaas moet word om te kyk watter invloed 'n ideologie soos 'patriargie' op die skryf daarvan gehad het. Binne die konteks van die Christelike godsdiens is dit juis een van die belangrikste doelstellings om kritiek te lewer op die patriargale interpretasies en toepassing van tekste.

### 5.1.3 FEMINISTIESE BEWEGING BINNE KERKLIKE KRINGE

Feminisme is 'n wêreldwye fenomeen wat verskillende gestaltes aanneem, aldus Büchner (2007). Ingevolge Clifford (2001: 17) kan feminisme gedefinieer word as: *'both a coordinated set of ideas and a practical plan of action, rooted in women's critical awareness of how a culture controlled in meaning and action by men, for their own advantage, oppresses women and dehumanizes men.'* Schüssler Fiorenza (2001: 56) definieer feminisme as volg: '*Women of all colours, religions, and nations are without exception full self-determining citizens claiming equal rights, dignity and power. Theologically, feminism understand women as the people of God and indicts the*

*death-dealing power of oppression as structural sin and life-destroying evil.'* Feminisme, ingevolge Vrey (2008) het ten doel om verandering te weeg te bring, deur strukture en waardes in die verskillende samelewings te herstruktureer ten einde vroue deel te maak van die besluitneming en funksionering van die mensdom op welke terrein.

Soortgelyk maak Watson (2003: 2) melding van 'n feministiese teologie wat as volg beskryf word: *'Feminist Theology is the critical, contextual, constructive and creative, re-reading and re-writing of Christian Theology. It regards women, their bodies, perspectives, and experiences as relevant to the agenda of Christian Theologians and advocates them as subjects of theological discourses and as full citizens of the church.'*

Volgens Schüssler Fiorenza (2003) behels die feministiese teologie oftewel metodes van interpretasie, metodes wat nie net op die letterlike, fundamentalistiese wyse na Bybelteks kyk nie, maar ook die interpreteerder se verwysingsraamwerk in ag neem. Rakoczy (2004: 164) gaan van die veronderstelling uit dat: '*Feminist hermeneutics begins with the common elements of the awareness of the patriarchal bias of Scriptures, leading to a hermeneutic of suspicion.'* Ingevolge Mouton (2002) word verskillende paradigmas aangewend om antwoorde uit die Bybel te vind, gevolglik kom verskillende antwoorde na vore. Voorts moet Nuwe-Testamentiese hermeneutiek nie slegs handel oor die interpretasie van wie God is nie, maar ook oor hoe die interpreteerder die mensdom en die realiteit van sy of haar lewe verstaan (Mouton, 2002). Derhalwe moet die interpreteerder se verwysingsraamwerk in ag geneem word. 'n Verwysingsraamwerk behels 'n stelsel van opinies, houdings en waardes waarvolgens individue gedrag, idees en resultate beoordeel kan word, en oefen 'n rigtingggewende invloed op gedrag en denke uit (Jonck et al., 2007).

Voorts word aandag geskenk aan die psigologiese paradigma, met spesifieke verwysing na die invloed van houdings op individuele verwysingsraamwerke.

## 5.2 PSIGOLOGIESE PARADIGMA

Die totaliteit van uitsprake oor 'n tematiese gebied wat met dié gebied in 'n funderingsverhouding staan, word beïnvloed deur 'n stel voorveronderstellings aangaande die verskynsel wat in 'n bepaalde gebied aangetref word (Botha, 1984). Hierdie voorveronderstellings word deur die individu geïnternaliseer deur middel van die kultuur waarin die individu opgevoed word, asook deur die kategorieë en klassifikasiesisteem wat die taal wat gebesig word moontlik maak, aldus Hogg en Vaughan (2005). Dit impliseer dat, alvorens 'n individu 'n besluit neem aangaande 'n bepaalde onderwerp, hy of sy reeds oor kriteria beskik waarvolgens die individu die betrokke kwessie beoordeel.

Die mensdom streef voortdurend na kennis ten einde die wêreld te organiseer, te klassifiseer en derhalwe 'n groot verskeidenheid van prikkels te kontroleer. 'n Stelsel van opinies, houdings en waardes word benodig waarvolgens individue gedrag, idees en resultate beoordeel en wat gevolglik 'n rigtinggewende invloed op gedrag en denke uitoefen (Jonck, 2005). Hierdie stelsel van opinies, houdings en waardes verteenwoordig die individu se verwysingsraamwerk (Van Rooyen, 2002).

Die kerk behoort aan die Koning van die kerk, Jesus Christus. Sy doel en plan vir Sy kerk is in wese aangeteken in die Bybel, hoewel daar middelmatige sake voorkom waaroor die plaaslike gemeente of gemeentes kan besluit, maar wesenlik dui die Skrif die weg aan oor sake wat fundamenteel van aard is. Die regering van die kerk berus by die ouderlinge, diakens en leraars, wat met geloofsmoed die liggaam van Christus moet lei (Algemene Taakspan Regte, 2007). Die voorgenome ampsdraers beskik elkeen oor 'n verwysingsraamwerk of 'n stel voorveronderstellinge wat deur middel van hul kulturele agtergrond en taal geïnternaliseer is. Hierdie verwysingsraamwerk oefen ' rigtinggewende invloed uit waarvolgens hulle die Skrif interpreteer; derhalwe beskik elkeen oor 'n houding wat verband hou met vroulike ampsdraers ingevolge waarvan hulle die besluit neem om vroulike ampsdraers te beroep al dan nie.

Enige teoretiese ontleding om 'n bydrae te lewer tot die verdieping van bestaande wetenskaplike kennis en aannames rakende vroulike ampsdraers in die gemeente word voorafgegaan deur 'n positiewe of negatiewe houding wat deur middel van kulturele waardes en liturgie geïnternaliseer word (Hogg & Vaughan, 2005). Een van die prinsipiële konsepte waarop die brandende kwessie rakende vroulike ampsdraers gebaseer word, is dus die sosiaal-psigologiese vakwetenskaplike konstruk en houdings, wat vervolgens onder die loep kom.

### 5.2.1 Houdings

'n Houding, as 'n sosiaal-psigologiese vakwetenskaplike konstruk, het waarskynlik die mees sentrale rol in die ontwikkeling van die sosiale psigologie in die twintigste eeu gespeel en word in so 'n groot mate as hoeksteen geag dat sommige outeurs geneig is om die sosiale psigologie as die studie van houdings te definieer (Jonck, Le Roux & Verster, 2007b). Weens die rol van die term *houding* in die sosiale psigologie speel, blyk dit uit die literatuur dat daar verskillende definisies vir die begrip *houding* voorkom, aldus Nel (2008). Derhalwe is dit onontbeerlik om dié term te definieer soos dit van toepassing is op die onderhawige navorsing.

#### 5.2.1.1 Definiëring van 'n houding


'n Houding kan gedefinieer word as 'n implisiete predisposisie wat 'n konsekwente invloed uitoefen op evaluerende response rakende 'n entiteit wat, volgens Barker (2000), wat op 'n kontinuum tussen gunstig of

ongunstig fluktueer. Evaluerende response sluit kognitiewe, affektiewe, asook konatiewe komponente in (Taylor *et al*., 2006).

Die kognitiewe komponent behels intellektuele beredenering en dus die oortuiging dat die houdingsobjek oor sekere kenmerke beskik en dat gedrag wat daarmee verband hou tot spesifieke uitkomste sal lei, aldus Barker (2000). Die affektiewe komponent verwys na die emosies wat met die houdingsobjek verbind kan word en derhalwe daartoe bydra dat die houdingsobjek hetsy in 'n positiewe of 'n negatiewe lig geëvalueer word. Die konatiewe komponent behels die neiging van die individu om 'n wilshandeling wat met die houdingsobjek in verband staan te onderneem (Jonck *et al*., 2007a).

Hierdie evaluering dra by tot die ontwikkeling van 'n sielkundige neiging om die houdingsobjek op 'n bepaalde manier te evalueer wanneer die persoon in kontak kom met die genoemde objek. Wanneer die neiging om te respondeer gevestig is, het die persoon 'n houding teenoor die objek of situasie gevorm wat in die toekoms herhaal sal word. Dus is die konstantheid en kontinuïteit in 'n individu se gedrag inherent aan sy psigiese samestelling, en staan dit bekend as 'n houding (Van Rooyen, 2002).

Houdingsisteme gebaseer op die kognitief-affektief-konatiewe model kan soos volg voorgestel word (Jonck *et al*., 2007b:62):



**Figuur 1: Houdingsisteme (Aangepas uit Jonck *et al*., 2007b:62)**

In die literatuur word verskeie teorieë oor die ontstaan van houdings aangetref, wat vervolgens onder die loep kom.

### 5.2.1.2 Houdingsteorieë

Die vernaamste teorieë kan onder kognitief-konsekwente teorieë, leerteorieë, die verwagte waardeteorie, asook die kognitiewe responsteorie gekategoriseer word en word vervolgens belig.

#### 5.2.1.2.1 Kognitief-konsekwente teorieë

Die kognitief-konsekwente teorieë word beskou as een van die hoof teoretiese raamwerke vir die bestudering van houdings en is gebaseer op die aanname dat individue poog om kognitiewe kohesie en betekenis in hul kognitiewe strukture te bewerkstellig, aldus Barker (2000). Volgens hierdie teorieë streef individue voortdurend na kongruente en konsekwente kognisies, aangesien dissonansie lei tot spanning en ongemak (Jonck, 2005).

Die vernaamste kognitief-konsekwente teorie is dié van Festinger, waarin hy postuleer dat enige inkonsekwentheid, met ander woorde ‘n teenstrydigheid tussen die houding van die individu teenoor ’n bepaalde kwessie en die gedrag wat daarmee gepaardgaan, sal lei tot ongemak en derhalwe ‘n poging om hierdie inkonsekwentheid te verminder (Nel, 2008; Taylor *et al*., 2006).

Die balansteorie van Heider (1958) postuleer dat die individu streef na balans wat verband hou met ’n bepaalde houding wat tussen twee individue of strukture ontwikkel (Barker, 2000). Hierdie teorie word dus in terme van ’n persoon, ’n ander persoon en ’n houdingsobjek beskryf. Drie evaluasies vind plaas, naamlik die eerste persoon se evaluasie van die tweede persoon, die eerste persoon se evaluasie van die houdingsobjek en laastens die tweede persoon se evaluasie van die houdingsobjek (Van Rooyen, 2002). ’n Voorbeeld is ’n kerklidmaat se houding teenoor die leraar en beide se houding teenoor vroulike ampsdraers. Indien beide se houding teenoor vroulike ampsdraers positief is, het ‘n balans met betrekking tot houdingsvorming plaasgevind. Ongebalanseerde sisteme produseer druk om die houding te verander wat voortduur totdat die houding aangepas word (Barker, 2000).

#### 5.2.1.2.2 Leerteorieë

Leerteorieë berus op die aanname dat ‘n houding op ‘n soortgelyke wyse as ‘n gewoonte bekom of aangeleer word (Taylor *et al*., 2006). Volgens Taylor *et al.* (2006) vind leer op hoofsaaklik drie wyses plaas, naamlik

assosiasie, versterking of straf, asook nabootsing of modellering. Die kognitief-affektief-konatiewe evaluering van 'n houdingsvoorwerp dra by tot die aanleer van 'n sielkundige neiging. Wanneer die neiging om te respondeer gevestig is, het die individu 'n houding teenoor die voorwerp of situasie gevorm wat in die toekoms herhaal sal word (Van Rooyen, 2002). Drie belangrike metodes van leer, naamlik assosiasie, versterking of straf en modellering word vervolgens bespreek. Fazio, Shook en Eiser (2004) wys egter ook op die aanleer van houdings deur direkte ervaring.

### a) Assosiasie

Leer deur assosiasie word ook gedefinieer as klassieke kondisionering of respondente kondisionering en berus op die aanname dat 'n organisme geleer word om 'n reeks bekende response met 'n nuwe stimulus te assosieer. 'n Nuwe assosiasie word gevorm indien 'n gekondisioneerde stimulus herhaaldelik met 'n ongekondisioneerde stimulus aangebied word (Taylor *et al*., 2006). Klassieke kondisionering kon veral 'n rol gespeel het in die geval waar kerklidmate, toe hulle kinders was in 'n era waarin vroue nie beskik het oor die reg om te stem nie, op hierdie wyse gekondisioneer is om vroueregte as onaanvaarbaar te beskou.

### b) Versterking of straf

Leer deur versterking of straf verwys in wese na operante kondisionering en sluit in positiewe of negatiewe versterking, straf en uitwissing. Positiewe versterking behels die toename van 'n bepaalde gedragswyse na die toediening van 'n positiewe stimulus. Negatiewe versterking behels die toename van 'n gedragswyse na die verwydering van 'n onaangename stimulus. Straf kom voor wanneer 'n gedragswyse afneem na die toediening van 'n onaangename stimulus of die verwydering van 'n positiewe stimulus. Uitwissing geskied wanneer gedrag weens die weerhouding van 'n stimulus verdwyn (Nel, 2008). Kinders wat soortgelyke standpunte uiter as dié van hul ouers, sal waarskynlik een of ander sosiale beloning soos 'n glimlag of 'n kompliment kry. Gedrag word dus beheer deur die stimuli wat daarop volg. 'n Voorbeeld hiervan is in gevalle waar vrouelidmate in 'n vroeëre era beloon is wanneer hulle stereotipiese vroulike take verrig soos deelneem aan vroueaksies en koeksisters bak. In die Volksblad (19 Januarie, 2006: 8) stel 'n groep vrouelidmate van die Gereformeerde Kerk dit soos volg: "Ons is nou klaar gekoek, getert en gekoeksister."

#### c) Modellering

Houdings kan ook aangeleer word deur die nabootsing van betekenisvolle ander. Mense se reaksie op verskillende houdingsobjekte stel die waarnemer in staat om die houding wat teenoor die voorwerp ingeneem word, af te lei. Soos individue nuwe situasies betree en by nuwe groepe aansluit, toon mense die neiging om die

gedragspatrone, denke en gevoelens van die betrokke groep aan te neem (Taylor *et al*., 2006). Die Katolieke Kerk is byvoorbeeld gekant teen onder andere die diens van vroulike ampsdraers in die gemeente. Lidmate wat sterk met hierdie kerk assosieer, sal moontlik die siening huldig dat die diens van vroulike ampsdraers onaanvaarbaar is.

**d) Direkte ervaring**

Navorsing deur Fazio *et al.* (2004) het bevind dat houdings wat deur middel van direkte ondervinding met die houdingsvoorwerp aangeleer word, sterker is as houdings wat deur modellering aangeleer word. Indien 'n kerklidmaat persoonlike ondervinding het van 'n vroulike ampsdraer sal die houding wat, weens hierdie persoonlike kontak gevestig is sterker wees as diegene wat slegs die houding van betekenisvolle ander naboots.

### 5.2.1.2.3 Kognitiewe responsteorie

Die kognitiewe responsteorie veronderstel dat 'n individu met positiewe of negatiewe kognitiewe response op verskillende aspekte van 'n bepaalde standpunt reageer. Hierdie kognisies bepaal dan of die individu die spesifieke standpunt sal ondersteun al dan nie. Houdingsveranderinge hang af van die tipe, asook sterkte van die teenargument (Nel, 2008; Taylor *et al*., 2006).

### 5.2.1.2.4 Verwagte waardeteorie

Die vorming van houdings ingevolge die verwagte waardeteorie berus op die individu se evaluering van die gevolge as synde voordelig of nadelig. Die teorie veronderstel dat, in die vorming van 'n houding, individue poog om die subjektiewe waarde van die verwagte uitkomste, asook die verwagting dat sy of haar houding die verlangde gevolge sal lewer, te maksimaliseer (Nel, 2008). Kerklidmate wat nie noodwendig gekant is teen die beroeping van 'n vroulike ampsdraer nie, sal moontlik weens die negatiewe gevolge wat met hierdie houding gepaardgaan, eerder die teenoorgestelde houding openbaar.


Die belangstelling in die begrip *houding* word grotendeels toegeskryf aan die aanname dat gedrag deur houdings beïnvloed word. Tog kan gedrag nie direk aan spesifieke houdings toegeskryf word nie (Taylor *et al*., 2006). By die bestudering van die verskynsel *houding*, tree sekere dimensies na vore wat op houdingseienskappe dui, wat individuele verskille toon en wat 'n bydrae lewer tot die mate waarin gedrag deur gepaardgaande houdings beïnvloed word. Stabiele houdings, toeganklike houdings, houdings gevorm deur middel van direkte ervarings, houdings waaroor individue baie sekerheid het, asook houdings wat 'n groot mate van konsekwentheid tussen kognisies en affek toon, sal waarskynlik gedrag voorspel (Van Rooyen, 2002).

Die verband tussen houdings en gedrag word gebaseer op die beredeneerde aksiemodel, ingevolge waarvan gedrag deur die bedoeling daarvan voorspel word. Die eksponente van die beredeneerde aksiemodel sluit in (Barker, 2000):

- Die individuele oortuiging dat gedrag aanleiding gee tot spesifieke uitkomste.
- Die individuele oortuiging dat ander hierdie gedrag goedkeur al dan nie.
- Subjektiewe norme
- Houdingsoriëntasie.
- Intensie (bedoeling).
- Gedrag.

Gedragsintensie word voorafgegaan deur 'n individu se houding teenoor die gedrag, asook die subjektiewe norm. Die gedragshouding word gebaseer op die verwagte waarderaamwerk, terwyl subjektiewe norme voorafgegaan word deur die individu se intellektuele beredenering, verbandhoudend tot ander se voorkeure en persoonlike motivering om daaraan gehoor te gee (Barker, 2000).

Hierdie model kan grafies soos volg voorgestel word:




**Figuur 2: Beredeneerde aksiemodel (Aangepas uit Barker, 2000:119)**

Die verband tussen gedrag en houdings noodsaak die proses van beïnvloeding en verandering van houdings. Barker (2000) verduidelik dat die genoemde prosesse van verandering en herformulering voortdurend plaasvind. Vier stappe is onontbeerlik vir teenstrydighede om te lei tot dissonansie en die gevolglike verandering in houding, aldus Nel (2008). In die eerste instansie moet die individu tot die besef kom dat die houdingsteenstrydigheid nadelige gevolge inhou. Tweedens moet individuele verantwoordelikheid aanvaar word. Derdens moet die individu fisiologiese opwekking ervaar en laastens moet daar 'n assosiasie tussen die fisiologiese opwekking en die houdingsteenstrydigheid gevorm word.

In die voorafgaande afdeling is gepoog om 'n oorkoepelende teoretiese raamwerk te verskaf van die sosiaal-psigologiese konstruk, *houding*. Alvorens aandag aan dié konsep geskenk is, is daar gelet op die rol van houdings ten opsigte van die brandende kwessie omtrent vroulike ampsdraers. Hoewel 'n houding gesien kan word as 'n voorveronderstelling hang dit ten nouste saam met die knelpunt, vroulike ampsdraers in die

gemeente-opset, wat dit voorafgaan. Vervolgens word aandag geskenk aan die Skriftuurlike fundering, asook kerkhistoriese gegewens wat in verband staan met die toelaatbaarheid van vroue tot besondere ampte in die gemeente, soos dit beslag gevind het in die verskillende kerk-denominasies.

### 5.3. TEOLOGIESE BESINNING OOR DIE PLEK VAN VROUE

Tans worstel die liggaam van Christus met verskeie problematiek wat voortvloei uit onder andere verdeeldheid wat in sy diepste wese as sonde geklassifiseer kan word, aldus Venter (2008). Teologiese besinning oor die plek van vroue is allermits 'n nuwe fenomeen en dra in 'n groot mate by tot verdeeldheid tussen kinders van die Here (Bϋchner, 2007; Mongwe, 2007; Vrey, 2008). In hierdie afdeling word enkele aspekte soos dit verband hou met die kwessie rondom vroulike ampsdraers kortlike belig.

### 5.3.1 Skriftuurlike fundering wat verband hou met die kwessie rondom vroulike ampsdraers

In belang van die onderhawige studie word daar kortliks aan die Skrifgedeeltes wat moontlik met die stand van vroulike ampsdraers in die kerk verband hou, aandag gegee.

#### 5.3.1.1 Ou Testament

Die patriargale stelsel, wat van die begin af die maatskaplike instelling in Israel was, beskrywe die man as *ba'al,* oftewel besitter of meester, wat gebruik is om sy status aan te dui (Rees, 2003). Die woord dui egter nie op 'n eensydige soewereiniteit nie, maar slaan op 'n intieme verhouding en 'n gesagsoefening binne perke. Aan die begin het God, die mens manlik en vroulik geskape (Gen 1:27)[1] en die twee in 'n baie nou verwantskap tot mekaar gestel (Gen 2:21-22). In hierdie verhouding is die een nie minderwaardig ten opsigte van die ander nie (Gen 2:18). Dat Adam eerste geskape is en Eva tweede, toon 'n bepaalde skeppingsorde of volgorde aan wat nie as rangorde verstaan moet word nie, aldus die Gereformeerde Kerk te Suid-Afrika (Acta Synodi, 2009). Die Hebreeuse naam *Sarai,* wat gesagvoerende vrou beteken, onderstreep dat die hoofvrou met veel respek bejeën is, hoewel hierdie respek hand aan hand gaan met haar funksies as moeder en eggenoot (Rees, 2003).

In die openbare lewe het vroue by geleentheid sterk leiding geneem. Debora onderskei haarself as 'n rigter, en was ook bekend as 'n profetes (Rigters 4:4), 'n geestesgawe wat daarbenewens aan vroue soos Miriam (Eks 15:20), Hulda (2 Kon 22:14) en Noadja (Neh 6:14) verbind word. Soortgelyk speel Jael 'n belangrike rol in Israel se stryd teen die Kanaäniete in Rigters 4:18–21 en Atalia regeer as koningin in 2 Kon 11:1, 3. Tog is dit opvallend dat die Ou Testament nie melding maak van priesteresse nie. Daar was wel vroue wat by die ingang

* Alle Skrifaanhalings en verwysings kom uit die Naslaanbybel (1994)

van die tent van samekoms diens gedoen het (Eks 38:1, 8; Sam 2:22), maar nêrens is daar enige aanduiding dat vroue amptelike priesterlike werk verrig het nie. In Numeri 3:0 word Aäron en sy seuns aangestel om die priestersamp waar te neem (Gwashi, 1999).

In die Ou Testament het Joodse rabbi's weens hulle lae dunk van vroue van die veronderstelling uitgegaan dat vroue intrinsiek ondergeskikte wesens is, derhalwe moet die onwilligheid van kerkleiers om vroue tot die amp toe te laat ook teen hierdie agtergrond gesien word (Rees, 2003). Gevolglik tree die heerssug van die manlike geslag oor die vroulike geslag in die Ou-Testamentiese samelewing duidelik na vore. Vroue word nie as getuie in die hof aanvaar nie, in die sinagoge moes sy eenkant sit en in die tempel mag vroue dit nie verder as die voorhof vir vroue waag nie. Volgens Rabbynse voorskrif moes die Joodse man God daagliks dank dat hy nie 'n heiden, 'n slaaf of 'n vrou geskape is nie (Rees, 2003). Daar is op vroue neergesien en dit is as benede 'n man se waardigheid beskou om in die openbaar selfs net met vroue te praat (Acta Synodi, 2009).

'n Ou-Testamentiese Skrifgedeelte wat veral in ag geneem moet word, aldus Rees (2003), is Joël 2:28 ingevolge waarvan God beloof om Sy Gees uit te giet op alle vlees. Seuns en dogters sal profeteer, ou mense sal drome droom en jongelinge gesigte sien. Hierdie belofte hang ten nouste saam met die koms van Jesus wat die vraag op die voorgrond laat tree of die uitgieting van die Heilige Gees 'n betekenisvolle bydrae gelewer het tot vroue se posisie in die vrygekoopte gemeenskap.

#### 5.3.1.2 Nuwe Testament

Die optrede van Jesus staan in skerpe teenstelling tot die siening van die Joodse rabbi's in soverre Hy tydens sy aardse omwandeling 'n gesindheid van eerbied, belangstelling en liefde teenoor vroue openbaar het, hoewel dit wat in die Ou Testament geskrywe staan gereflekteer word in die Nuwe Testament (Acta Synodi, 2009). Tog val dit op dat die Here die twaalf apostels uitverkies en na Hom geroep het sonder om 'n enkele vrou in aanmerking te neem (Rees, 2003). Hierdie feit kry nog meer aksent toe daar 'n plaasvervanger vir Judas Iskariot verkies moes word en slegs twee mans oorweeg is en uit dié twee word Matthias aangewys (Hand 1:23-26)[2]. Sewe mans word derhalwe in Handelinge 6:1-6 aangestel as diakens, hoewel hul ampswerk meer bepaald die versorging van weduwees ingehou het. Lukas vertel dat Dorkas "*oorvloedig in goeie werke en aalmoese"* was, maar dit is terselfdertyd duidelik dat haar werk persoonlik en nie amptelik was nie (Hand. 9:36-42). Die vier ongetroude dogters van Filippus, een van die sewe diakens, het wel "*die profetiese gawe besit"*, maar daar is geen aanduiding dat hulle amptelik gedien het nie, soos vermeld in Hand 21:8-9 (Gwashi, 1999).

---

* Alle Skrifaanhalings en verwysings kom uit die Naslaanbybel (1994)

#### 5.3.1.2.1 Amp van diaken

Oor Febe, 'n dienares van die gemeente in Kenchreë (Rom 16:1), is in hierdie verband veel geskryf (Madigan & Osiek, 2005; Peterlin, 1995; Rees, 2003). In die oorspronklike Grieks word sy vermeld as 'n *diakonos* van dié gemeente. *Diakonos* volgens Fil 1:1 verwys na 'n titel of funksie in die plaaslike gemeente (sien ook 1 Tim 3:8-13). Wat hierdie titel behels, is egter nie duidelik nie, hoewel daar van die veronderstelling uitgegaan word dat sy 'n amptelike verteenwoordiger was van die gemeente, aangesien haar voorgenome reise die onderwerp van Paulus se brief is. Daarbenewens word die manlike term gebesig, aldus Madigan en Osiek (2005). Peterlin (1995) is die mening toegedaan dat Febe 'n leierskapsposisie in die gemeente beklee het.

Soortgelyk moet 1 Tim 3:11 ook vermeld word. In die voorafgaande verse noem Paulus die vereistes van 'n diaken (Bybel, 1994:236):

> *Net so moet die diakens waardig wees, nie uit twee monde spreek nie, nie verslaaf aan wyn nie, geen vuilgewinsoekers nie, manne wat die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou.*" Vers 11: "*Net so moet die vroue waardig wees, geen kwaadspreeksters nie, nugter, betroubaar in alles*.

Onduidelikheid bestaan oor wie die vroue is waarna verwys word. Is dit vroulike diakens of die eggenote van die manlike diakens. Twee faktore dui daarop dat Paulus wel hier na vroulike diakens verwys. Die verwysings na Febe in Rom 16:1-2, asook die struktuur van vers 8 en 11 is parallel, behalwe vir geslagsverskille. Die eerste drie woorde in die oorspronklike Griekse teks is presies dieselfde, behalwe vir die verskil in geslag (Madigan & Osiek, 2005). Aangesien daar geen kwalifikasie is nie, moet die konteks van die hele Skrifgedeelte as 'n aanduider in ag geneem word, aldus Perriman (1998).

Dienooreenkomstig maak Paulus in sy eerste brief aan Timoteus (1 Tim 5:9-11) ook melding van die rol wat weduwees in die gemeente vervul, aldus Madigan en Osiek (2005): "*Laat 'n weduwee gekies word, nie minder as sestig jaar oud nie, wat die vrou van een man gewees het en getuienis het van goeie werke, as sy kinders grootgemaak het, gasvry gewees het, die voete van die heiliges gewas het, verdruktes gehelp en elke goeie werk nagestreef het*" (Bybel, 1994:237).

#### 5.3.1.2.2 Amp van ouderling en leraar

Die standpunt dat die regeer- en leeramp vir vroue geslote is, hang saam met die sogenaamde swyggebod, wat veral op twee Skrifgedeeltes[3] gegrond word (Van Helden, 2002).

---

[*] Alle Skrifaanhalings en verwysings kom uit die Naslaanbybel (1994)

- 1 Korintiërs 14:34–35:

Paulus skryf soos volg in die Naslaanbybel aan die Korintiërs (Bybel, 1994: 200):

> *Julle vroue moet in die gemeentes swyg, want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te wees, soos die wet ook sê. Maar as hulle iets wil leer, laat hulle tuis hul eie mans vra, want dit is lelik vir vroue om in die gemeente te spreek.*

Hierdie vers moet ook in samehang met 1 Kor 11 gelees word, waar Paulus verwys na die algemene leerstelling wat verband hou met vroue se onderdanigheid tot haar man. Hierdie leerstelling word voorts geïmplementeer en toegepas op gemeentelike aktiwiteite in die aangehaalde Skrifgedeelte. In die breër konteks blyk dit dat weens die besondere geestelike gawes vroue hulle dit veroorloof het om by eredienste in die gemeente van Korinte te spreek. Hierdie optrede word ten strengste deur die apostel afgekeur, en wel op grond van die feit dat dit in stryd is met die wet en die algemene gebruik in al die gemeentes. Hierdie Skrifgedeelte is dus volgens Rees (2003) nie beperk tot die situasie in die gemeente van Korinte nie.

- 1 Timoteus 2: 8-15:

Paulus skryf in hierdie perikoop oor die pligte van vroue. In vers 11 en 12 skryf hy: "*Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid. Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou"* (Bybel, 1994: 236). Twee gedagtes word in hierdie twee verse ineengevleg: vroue moet hul laat leer (*manthaneto*) en nie self leer (*didaskein*) nie; vroue moet hulle laat leer in stilte (*en hupotaghe*) en nie oor hul man heers nie (*authentein*). In hierdie Skrifgedeelte gee Paulus aan Timoteus advies oor die strukturering van die plaaslike gemeente, aangesien die kerk te kampe gehad het met verkeerde leerstellings en leierskap, asook die feit dat sommige vroue onrein lewens geleef het wat 'n invloed op die eredienste uitgeoefen het (Rees, 2003).

In die tersaaklike teksgedeelte gee Paulus 'n drieërlei motivering vir die swyggebod wat vroue opgelê word. Die eerste staan in vers 13 opgeteken: "... *want Adam is eerste gemaak, daarna Eva."* Die tweede rede staan in verband met die sondeval: "*En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom"* Die derde oorweging hang saam met vroue se natuurlike roeping: "... *sy sal gered word deur kinders te baar, as hulle bly in geloof en liefde en heiligmaking met ingetoënheid"* (Gwashi, 1999).

Smit (1999) beskryf die konteks in die lig waarvan die aangehaalde Skrifgedeelte beskou moet word soos volg: Die apostel Paulus skryf na sy derde sendingsreis en tronkstraf aan Timoteus met die oog op die ernstige probleme waarmee die gemeente daar geworstel het. Een van die probleme waarmee die gemeente gepla was,

was na Smit (1999) se mening die plek van vroue (1 Tim 5:2 – waar die reinheid van die jong susters ter sprake is; 1 Tim 5:6 – 'n oproep teen losbandigheid; 1 Tim 5:13 – ledige rondlê en bemoeisiek kuier van huis tot huis).

Volgens Tower (1994), hou die bogenoemde voorskrifte verband met oproerigheid tydens aanbidding, met ander woorde, die toepaslike gedrag tydens eredienste en nie soseer teen vroue as medewerkers in die algemeen nie, aangesien Paulus onder andere verwys na Febe, Priscilla en Akwilla as medewerkers in Christus Jesus (Rom 16:1-3). Soortgelyk word in Fil 4:2-3 melding gemaak van Euodia en Sintige.

Van der Veen-Schenkeveld (1998:5) som die situasie soos volg op:

> *In Paul's time, women had various ministries in the church, especially those of prophetess, deaconess, and perhaps apostles in a wider sense.*

In teenstelling hiermee beskou Harper (1994:52) die saak soos volg:

> *What man has created, man can abolish, for example slavery. But he cannot abolish what God has created, for example headship. Since the church and the family remain and can never be abolished, neither can the principles of headship and submission which go with them.*

Vervolgens word daar aandag geskenk aan die historiese verloop van die kwessie rondom die plek van vroue in die gemeente.

### 5.3.2 Kerkhistoriese gegewens soos van toepassing op die bediening van vroulike ampsdraers

Die kwessie wat met die toelaatbaarheid van vroue tot besondere ampte verband hou, is geensins 'n saak wat nou vir die eerste keer onder die soeklig geplaas word nie, aldus Strauss (Büchner, 2007).

Hippolitus, presbiter en later biskop in Rome was omstreeks 215 n.C. verantwoordelik vir 'n kerkorde wat na beraming waarskynlik die oudste is wat 'n betekenisvolle beeld van die destydse gangbare kerklike praktyk weergee. Met betrekking tot die *Apostoliese Oorlewering* kan weduwees, nadat hulle 'n toetstydperk deurloop het, in die kerklike lys van weduwees opgeneem word. Die goedgekeurdes word egter nie in 'n amp bevestig nie, omrede hul geen priesterlike of liturgiese verpligtinge vervul nie. Die bediening van voorbidding is die taak van hierdie weduwees asook om, waar nodig, hulp aan behoeftiges te verleen (Kleynhans, 1983).

In 1536 maak Calvyn melding van twee ampte, dié van presbiter, wat die evangelie verkondig en die sakramente bedien, en dié van diaken. Voorts word die amp van diaken in twee kategorieë verdeel, die uitdeel

van aalmoese en diegene wat die armes en siekes versorg. Laasgenoemde bring Calvyn in verband met die weduwees in 1 Timoteus 5. (Bain, 2007). Calvyn se uitgangspunt, aldus Van Helden (2002), was dat indien vroue die amp van profeet of leraar beklee en deur die Gees van God gelei word, kan dit wel toelaatbaar wees, aangesien God bo die wet gestel word. Calvyn het in die praktyk 'n weg aangewys waarvolgens vroue, in ooreenstemming met haar aard en aanleg, sinvol in die kerk kan dien (Van Helden, 2002). Op voetspoor van Calvyn het die Konvent van Wezel (1568) ook melding gemaak van twee soorte diakens, diegene wat hulle besig hou met die versameling en uitdeling van aalmoese, en andere met siekes. Dié vergadering was van oordeel dat bejaarde, ervare en vrome vroue in die diakenamp mag dien (Gwashi, 1999).

Harper (1994) is van mening dat die evangeliese herlewing van die $18^{de}$ en $19^{de}$ eeu die weg gebaan het vir vroue om beroep te word. Onder begeleiding van Charles Finney was vroue toegelaat om te preek. Die eerste opvoedkundige inrigting in Amerika wat vroulike leraars opgelei het, is ook deur Finney gestig, terwyl die eerste vroulike leraar beroep is in 1853 (Rees, 2003).

Kerkhistoriese gegewens verskil in ooreenstemming met die verskillende denominasie, derhalwe word kortliks aandag gegee aan kerkspesifieke gegewens. Die rasionaal vir die insluiting van sekere kerkdenominasies in die onderhawige studie is gebaseer op die verskeidenheid biografiese veranderlikes waarin die kerklidmate gegroepeer kan word, insluitende die taal wat gebesig word deur die lidmate, asook die verskeidenheid van bevolkingsgroepe wat lidmate van elke denominasie is. Voorts is die Nederduits-Gereformeerde Kerk die grootste Afrikaanse kerk wat se ontstaansjaar saam met die historiese aankoms van Jan van Riebeeck aan die Kaap in 1652 val (Van der Linde, 2002). Die Gereformeerde Kerk is die tweedegrootste Afrikaanse kerk in Suid-Afrika. Die Rooms Katolieke Kerk is hoofsaaklik 'n Engelse kerk tesame met die Christelike Herlewingskerk. 'n Verbod op bepaalde ampte geld vir beide die Gereformeerde Kerk, asook die Rooms Katolieke Kerk (Burger, 18 Januarie 2003:3), wat nie die geval is by die oorblywende denominasies nie. Onderskeid kan ook getref word ten opsigte van drie tipes kerkregering: die Reformasie, die Rooms-Katolieke beweging en die Pentekostalistiese of Charismatiese beweging. Die Rooms-Katolieke beweging is eie aan dié denominasie, terwyl beide die Nederduits-Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerk deel vorm van die Reformasie. Die Christelike Herlewingskerk verteenwoordig 'n pentekostalistiese beweging waar die kerkregering in 'n groot mate geskoei is op gebeure na die uitgieting van die Heilige Gees in die tweede hoofstuk van Handelinge.

#### 5.3.2.1 Kerkspesifieke gegewens

Vervolgens word aandag geskenk aan die kwessie rakende die toelaatbaarheid, asook beroeping van vroulike ampsdraers, soos dit beslag vind in die verskillende kerkdenominasies. Hierdie kerkdenominasies sluit in die

Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Gereformeerde Kerk, die Rooms Katolieke Kerk, asook die Christelike Herlewingskerk.

#### 5.3.2.1.1 Die Nederduits-Gereformeerde Kerk

In die voorafgaande is gewys op die oortuiging van die Konvent van Wezel (1568) aangaande die gebruik van twee soorte diakens veral met die oog op die ernstige toestande en die vraagstukke rakende die minderbevoorregtes (Gwashi, 1999). 'n Soortgelyke beskrywingspunt is in 1944 ter tafel gelê en 'n reglement vir 'n sodanige diakonesse-hulpdiens word in die vooruitsig gestel, alhoewel beide in 1944 deur die Sinode van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat verwerp is (Kleynhans, 1983). Die kwessie verbandhoudend tot 'n diakonesse-hulpdiens kom weer in 1948 en 1952 ter sprake. In laasgenoemde jaar word 'n konsepreglement vir *Die Diakonesse-hulpdiens* voorgelê en deur die Sinode aanvaar (Acta Synodi, 1952).

Tydens die Sinodesitting van 1974 word 'n rapport met die volgende aanbevelings namens die kommissie vir Leer- en Protestantse Aksie voorgelê (Acta Synodi, 1970):

- Die Sinode erken volgens die lig tot sy beskikking dat die Skrif duidelik leer dat vroue uitgesluit is van die amp van lerende en regerende ouderling (1 Kor 14:33b-37, 1 Tim 2:11-15).
- Die Sinode erken dat daar nie duidelike Skrifbewys is wat uitsluitsel gee oor toelating van vroue tot die diaken-amp nie.
- Die Sinode gee opdrag aan die Kommissie vir Leer- en Protestantse Aksies om verder te besin oor die kwessie.

Die kwessie van vroulike ampsdraers, met spesifieke verwysing na die amp van diaken, word by verskeie geleenthede ter tafel gelê en tydens die Sinodesitting van 1982 word die aanbeveling aanvaar, ingevolge waarvan die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk hom vereenselwig met die standpunt dat daar geen prinsipieel-teologiese beswaar teen die toelating van vroue tot die amp van diaken in die Nederduits-Gereformeerde Kerk (NGK) bestaan nie (Acta Synodi, 1982). Hierdie standpunt het die weg gebaan vir die oopstelling van alle ampte vir vroue in die NGK.

Luidens onlangse statistiek was daar by die Algemene Sinode van 1998 uit die 393 afgevaardigdes nege vroue, en in die Algemene Sinode se vaste kommissies het in 2002 14 vroue uit 274 lede gedien (Algemene Kerkbode, 10 Augustus 2002:4). Hoewel die NGK reeds 'n geruime tyd vroue toelaat tot alle ampte, het dié kerk se Algemene Sinodale Kommissie 'n ernstige beroep op die Algemene Sinode van Oktober 2004 gedoen om toe te sien dat vroue behoorlik op alle kerkvergaderings verteenwoordig word. In 2007 was 23 vroulike leraars voltyds

in die bediening, studenteleraars uitgesluit, hoewel daar 1669 leraars in die Nederduits-Gereformeerde Kerk werksaam is (Büchner, 2007).

Tans vorm 'n addisionele lid, Rinel Hugo, deel van die moderatuur van die NGK (Nederduits-Gereformeerde Kerk, 2009). 'n Heeltydse kantoor wat gelykheid tussen mans en vroue in die NGK bevorder, word egter ook voorgestel ten einde 'n daadwerklike bydrae te lewer om te verseker dat vroue in die kerk en in die breër samelewing nie as ondergeskik aan mans beskou en hanteer word nie (Die Kerkbode, 26 Mei 2006).

#### 5.3.2.1.2 Die Rooms-Katolieke Kerk

Volgens Dules (1997) geld daar 'n verbod op vroue in bepaalde kerklike ampte in die Rooms Katolieke Kerk, wat die standpunt handhaaf dat slegs 'n man beroep kan word tot 'n bepaalde wyding. Tydens die Wêreldkongres van die Apostolaat in 1968 is versoek dat 'n studie onderneem moet word aangaande die rol van vroue in die sakramentele orde in die kerk. 'n Soortgelyke handeling in 1975 is onderneem toe die Vatikaanse Ondersoek-kommissie aangaande vroue in die samelewing en kerk op die been gebring is (Field-Bibb, 1991). Pous Paul VI en sy voorgangers het egter verklaar dat dit nie aanvaarbaar is om vroue aan in die amp van biskop en priester te stel nie, aldus Bonaventure Hinwood (*Burger*, 18 Januarie 2003:3). Hoewel vroue histories en hedendaags 'n betekenisvolle rol in die kerk speel, het Pous Paul VI tot die slotsom gekom dat dié kerk, in getrouheid aan die voorbeeld van Jesus Christus, nie bevoeg is en oor die outoriteit beskik om vroue toe te laat tot die amp van priester nie (Field-Bidd, 1991).

Die standpunt van die Rooms-Katolieke Kerk insake die wyding van vroue kan soos volg opgesom word (Field-Bidd, 1991:184):

> *The bishop or the priest 'in the exercise of his ministry, does not act in his own name, in persona propria'. He represents Christ (2 Cor 5:20; Gal 4:14), and does so particularly in the eucharistic celebration where he 'who alone has the power to perform it, then acts not only through the effective power conferred in him by Christ, but in persona Christi, taking the role of Christ, to the point of being his very image, when he pronounces the words of consecration.' As sacramental economy is based in signs, Christ's role in the Eucharist would not be expressed sacramentally, there would be no 'natural resemblance' if the role of Christ were not taken by a man; in such a case it would be difficult to see in the minister the image of Christ. For Christ himself was and remains a man.*

Hierdie standpunt van die Rooms-Katolieke Kerk word steeds gehandhaaf.

#### 5.3.2.1.3 Die Gereformeerde Kerk

Ingevolge die Rapport aan die Sinode van die Gereformeerde Kerk (Acta Synodi, 2009) is daar getuienis dat vroue gehelp het met katkisasie en dat hulle selfs die evangelie gebring het aan vroue waar dit vir mans ontoeganklik was. In kerklike literatuur word selfs melding gemaak van vroulike hulpouderlinge (*presbitides, presbiterae, presbiterissae*) wat die ouderlinge bygestaan het met sekere aspekte in die uitvoering van hulle ampswerk, soos onder andere vermaning en siekebesoek, asook die bediening van vroue (Acta Synodi, 2009).

Die huidige stand van sake in die Gereformeerde Kerk, asook die aanloop daartoe, kan soos volg opgesom word:

- Die Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het in 2000 besluit dat dit die boodskap van die Bybel is dat vroue nie in die besondere amp mag staan nie (Momberg, 2000).
- Die Sinode van 2003 het met 'n meerderheid stemme besluit om vroue wat die gawe het in die diens van diaken te verkies en te bevestig. Daar is egter ook 'n studiedeputate aangewys wat verband hou met die wyse waarop vroue met die profetiese, leer- en regeergawes binne en buite die kerk kan dien (Die Kerkblad, 29 Januarie 2003).
- By die Sinode van 2006 het daar tien beswaarskrifte teen die besluit van 2003 gedien. Die Sinode oordeel dat die 2003-besluit om vroue tot die amp van diaken toe te laat, nie geneem kon word nie, aangesien besluite van Sinodes 1988 tot en met 2000 op Skrifgronde berus, en nie in 2003 weerlê is nie (Momberg & Meijer, 2006).
- Tydens die Sinodesitting van 2009 kon die Sinode nie by 'n punt van beslissing kom nie. 'n Deputate is aangewys om in die eerskomende maande diepgaande na al die materiaal te kyk (Meijer, 2009). Hoewel die Sinode in die lig van die Skrif dit goedkeur dat vroue wat die nodige gawes het as diakens in die GKSA verkies en bevestig kan word. Die leer- en regeerdiens is egter steeds verbode vir vroue (Acta Synodi, 2009).
- Ten spyte van die besluit tydens die Sinodesitting van 2009 waarvolgens vrouelidmate nie in die leer- en regeerdiens in dié kerk aangestel mag word nie, het Rapport in November 2009:8, berig dat 'n aantal gemeentes, waaronder drie in Pretoria, desondanks voortgaan om vroulike ouderlinge aan te stel (Rapport, 29 November 2009:8). Voorts is berig dat spanning in die Gereformeerde Kerke (GKSA) op die spits gedryf is toe 'n groep afgevaardigdes by die Pretoriase streeksinodesitting uitgestap het. Ingeligtes beweer dat dit onwaarskynlik lyk dat al die genoemde gemeentes die aanstelling van vroulike ouderlinge sal staak, iets wat 'n *de facto*-skeuring byna onvermydelik maak.

#### 5.3.2.1.4 Christelike Herlewingskerk

Vanuit bestaande literatuur kon geen inligting gevind word met betrekking tot die Christelike Herlewingskerk (CRC) se beleid oor vroulike pastore nie. Daar moet egter vermeld word dat die gemeente-opset van die Christelike Herlewingskerk radikaal verskil van dié van die ander denominasies. Daar is 'n sentrale gemeente in Bloemfontein en kleiner gemeentes skakel via telekommunikasie in op eredienste. Die kleiner gemeentes staan onder leiding van 'n pastoor en sy gade, hoewel vroulike pastore wel die geleentheid gebied word om te preek (*Statement of faith*, 2010). Desondanks verskeie pogings om in aanraking te kom met pastore van die Christelike Herlewingskerk was dié denominasie nie beskikbaar vir kommentaar nie.

## 6. KRUIS-KULTURELE ASPEK VAN DIE STUDIE

Hoewel die voorkoms van manlike dominansie binne kerklike kringe universieel is in verskillende kulture, verskil die perseptuele belewenis van manlike dominansie na gelang van die kultuur waarbinne dit voorkom, aldus Elijah (2007). Ramphele en Boonzaier, aldus Masuku (2005: 9) beskou die voorkoms van manlike dominansie binne swart bevolkingsgroepe oftewel kulture as volg:

> *'There is a widespread ideology of male dominance amongst Africans which emphasizes the idea that women pass through the control of different men throughout their lives. It is a system control that stretches from the cradle to the grave. The father's control operates up to the time of marriage, at which point it passes over to the husband. In cases of children born to single women, the mother's father and brothers assume control. Widowed women fall under the control of a designated brother-in-law who assume the responsibility of his late brother, including fathering the children for him. This system confers the status of perpetual minor on African women, and has been reinforced by legal provisions of white governments.'*

In samehang hiermee beskryf Elijah (2007: 245) die belewenis van 'n swart vrou: '*When you men pray, I must go outside. I cannot pray with you because you do not consider me as an equal before God. You talk about the white men, but it is you black men that oppress me.'* Soortgelyk dui Plaatjies (2003) aan dat vroue afwesig, onsigbaar en swygend in die teologiese antropologie van die swart Gereformeerde kerkvaders is. Derhalwe word die vrouevraagstuk nie as een van die belangrike vraagstukke waarmee geworstel word, beskou nie. Daar word in die afwesigheid van vroue òòr vroue gepraat, gedink en tot beslissing gekom (Plaatjies, 2003). Die rede hiervoor moet, aldus Mbiti (1998) beskou word teen die agtergrond dat die invloed van swart teologie 'n reaksie

teen die teologiese regverdiging van apartheid is, derhalwe is die vrouevraagstuk tydens die stryd om sosiale geregtigheid geïgnoreer.

Keane (1998) gaan voorts van die veronderstelling uit dat swart vroue gemarginaliseer word op grond van beide ras en geslag. Masuku (2005) kom tot die gevolgtrekking dat feminisme, as teenvoeter teen die patriargale sisteem, 'n Westerse beweging verteenwoordig, wat fokus op wit middelklas vroue, terwyl swart vroue se omstandighede as minderwaardig geag word.

In die lig van die genoemde verskille in die perseptuele belewenis van patriargie binne kerklike kringe in verskille kulture, word daar in die onderhawige navorsingstudie empiries ondersoek ingestel na die moontlike invloed van kruis-kulturele faktore op lidmate se houding teenoor vrouelike ampsdraers. Voorts word die strukturele uiteensetting van dié studie kortliks belig.

## 7. Strukturele uiteensetting van volgende artikels

In die onderhawige navorsingsartikel is gepoog om 'n metateorie te ontwikkel op grond waarvan die kwessie oor vroulike ampsdraers beskou kan word. 'n Aantal empiriese studies volg hierna, waar daar deur middel van 'n gestruktureerde kwantitatiewe en kwalitatiewe vraelys data ingesamel is wat met behulp van statistiese tegnieke ontleed is ter wille van metateoretiese verwerking. In Artikel 2 en 3 word die invloed van persoonlike en sosio-ekonomiese veranderlikes onderskeidelik op kerklidmate se houdings teenoor vroue ampsdraers ondersoek, waarna daar in Artikel 4 empiriese ondersoek na die rol van verskillende kruis-kulturele veranderlikes ingestel sal word. Artikel 5 ondersoek al die demografiese veranderlikes, ten einde vas te stel watter veranderlikes die grootste invloed op lidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers uitoefen.

## 8. Gevolgtrekking

In hierdie afdeling is daar gepoog om die kwessie van vroulike ampsdraers vanuit die literatuur te belig deur die eerstens aandag te skenk aan die Skriftuurlike fundering rakende hierdie aangeleentheid. Daar is gelet op Skrifgegewens soos dit van toepassing is op die huidige stand sake verbandhoudend met vroulike ampsdraers. Aandag is geskenk aan Ou- en Nuwe-Testamentiese gegewens, asook Skrifgedeeltes wat spesifiek verband hou met die amp van diaken en dié van ouderling en leraar. Voorts is kerkhistoriese gegewens in die algemeen en kerkspesifiek belig. Die verloop van die kwessie rondom vroulike ampsdraers deur die eeue heen het derhalwe onder die loep gekom.

Hierdie teologiese kwessies is egter voorafgegaan deur die term *houding*, as 'n voorveronderstelling, wat aanleiding gee tot die skepping van 'n verwysingsraamwerk wat 'n rigtinggewende invloed op gedrag en denke, verbandhoudend tot die kwessie van vroulike ampsdraers, uitoefen. Spesifieke aandag is geskenk aan die definiëring van dié term soos dit verband hou met hierdie navorsing. Verder is daar ook gelet op die ontstaan en invloed van houdings.

Voorts is ook gelet op enkele sosiologiese aspekte soos die feministiese beweging binne kerklike kringe, asook die patriargale denkraamwerk wat dit voorafgaan het, ten einde 'n metateoretiese raamwerk te verskaf waarvolgens die rol van vroue in die gemeente-opset beskou kan word. 'n Metateorie bring teoretiese vernuwing wat die navorser instaat stel om beskikbare literatuur konkreet-kontekstueel te formuleer, ten einde gegewens doelgerig toe te pas in 'n praktykteorie, asook 'n handelingstrategie, aldus Steyn (2005). Die vorming van metateorieë vind plaas uit onder andere die bestudering van grenswetenskappe.

Volgens Aidan-Nichols (1994) kan geen vraagstuk binne die konteks van die kerk ooit net teologies of sosiaal-psigologies beantwoord word nie, aangesien die kerk in wese uit mense bestaan wat binne hulle tydruimtelike kulturele konteks die liggaam van Christus verteenwoordig. Die tydruimtelike kulturele konteks van die individu skep 'n verwysingsraamwerk ingevolge waarvan Bybelse waarhede beoordeel en geïnterpreteer word. Christopher Dawson (aangehaal in Aidan-Nichols, 1999:4) beskryf hierdie verband as volg:

> *It is clear that a common way of life involves a common view of life, common standards of behaviour and common standards of value, and consequently a culture is a spiritual community which owes its unity to common beliefs and common ways of thought far more than to any uniformity of physical type.*

In hierdie oorsig is derhalwe gepoog om 'n oorkoepelende sosiaal-psigologiese teoretiese raamwerk daar te stel ingevolge waarvan die knelpunt rakende vroulike ampsdraers ondersoek kan word, asook hoe hierdie raamwerk verband hou met die teologiese diskoers. In die lig van bogenoemde kan die onderhawige navorsing 'n betekenisvolle bydrae lewer tot 'n verdieping van bestaande wetenskaplike aannames en kennis, asook die uitbreiding daarvan.

Bain (2007) som die aangeleentheid wat verband hou met die rol van vroulike ampsdraers in die gemeente soos volg op: Die uniekheid van vroue mag nooit minderwaardig geag word nie en derhalwe moet haar dienswerk die openbaarmaking van God verteenwoordig. Indien vroue as minderwaardig beskou word en beperk word tot tee skink, dan het vroue slagoffers geword van 'n Christelike manlike teologie, wat gekenmerk word deur 'n patriargale denkraamwerk wat manlike ervaring, denke en waardes bevorder (Clifford, 2001). Soortgelyk, indien

vroue daarna streef om die rol van vroulike ampsdraers gelyk te stel aan dié van die man het vroue slagoffers van die feminisme geword. In beide gevalle word die verborgenheid van vrouwees geskend (Bain, 2007).

Strauss (1964: 49) maak die volgende stelling wat 'n weerspieëling is van 'n eeueoue waarheid:

> *Slegs deur oorgawe aan Christelike religieuse leiding ontsluit die Christelike denke, saam met al die ander uitgange uit die hart, in gehoorsaamheid aan die wet van God ook die waarheid in dat enkel onder geleide van Christus kom ieder en elk, by die lig van Gods Woord, tot ware kennis.*

Dienooreenkomstig kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die sosiaal-teologiese diskoers slegs deur oorgawe aan God Drie-enig ontsluit kan word. Saam met al die ander uitgange uit die hart, in gehoorsaamheid aan die Woord van God, kan elkeen alleen deur die begeleiding van Jesus Christus en sy Gees tot ware kennis kom.

## 9. SAMEVATTING


**SLEUTELWOORDE**: **Sosiaal-konstruksionistiese Epistemologie, patriargale denkraamwerk, feministiese beweging binne kerklike kringe, houding, houdingsteorieë, gedrag, Skriftuurlike fundering, kerkhistoriese gegewens, kerkspesifieke gegewens, amp van diaken, amp van ouderling en leraar.**

Landwyd maak koerantberigte soos "Droefheid in die hemel oor toe deure vir Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se vroue" opslae, wat 'n aanduiding is van die mate van ontevredenheid wat voortvloei vanuit die kontroversiële kwessie rakende vroulike ampsdraers in die kerk. Die oogmerk van die studie is om 'n teoretiese raamwerk te verskaf waarvolgens die kwessie omtrent vroulike ampsdraers geïnterpreteer kan word. In hierdie artikel is dus ondersoek ingestel na die Skriftuurlike beginsels, asook die kerkhistoriese gegewens, wat verband hou met die stand van sake soos dit van toepassings is op vroulike ampsdraers in verskillende denominasies. Voorts is gekyk na die konstruk houding, as 'n subteoretiese voorveronderstelling wat die kwessie rondom vroulike ampsdraers voorafgaan. Aandag is ook geskenk aan die definiëring van die konsep houding, waarna die verskillende houdingsteorieë bespreek is.

## BIBLIOGRAFIE


Acta Synodi van die Gereformeerde Kerk: Rapport aan Sinode (2009), pp. 1-99.

Acta Synodi van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode (1952).

Acta Synodi van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode (1970).

Acta Synodi van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode (1982).

Aidan-Nichols, O.P. (1999). *Christendom awake: on re-energizing the Church in culture.* Michigan: William B. Eermans Publishing Company.

Algemene Taakspan Regte (2007). *Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Pretoria: Algemene Sinodale Moderamen

Bain, R.A. (2007). Christus roep die vrou tot diens in sy kerk. *Waarheid en Dwaling,* **13**(9/10). Herwin op 10 Mei, 2010 van http://www.vglonline.net/vglWDindex.php.

Barker, B.D. (2000). *The development and evaluation of a cross-cultural tolerance programme amongst skilled workers in the mining industry.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Blad, 'anties' luister nie. *Volksblad,* 24 Januarie 2006, 6.

Botha, M.E. (1984). Filosofie, vakwetenskappe en grondslae-ondersoek. *Wetenskap in U Lig* **3,** 96-117.

Büchner, E.P. (2007). "Ek het 'n roeping": Vrouepredikante se toelating in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 'n Kerkhistoriese en prakties-teologiese studie. Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Bybel. (1994). *Die Naslaan Bybel.* Kaap: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Clifford, A.M. (2001). *Introducing feminist theology.* New York: Orbits Books.

Demasure, K., & Müller, J. (2006). Perspectives in support of the narrative turn in pastoral care. *Ned Geref Teologiese Tydskrif,* **3/4** (47), 410 – 419.

Diens van die vrou in die kerk. *Die Kerkblad,* 29 Januarie 2003, 11.

Dopper-broers se paaie kan skei oor vroue as ouderlinge. *Rapport,* 29 November 2009, 8.

'Droefheid in hemel' oor toe deure vir GKSA se vroue. *Die Kerkbode,* 27 Januarie 2006. http://www.kerkbode.co.za/kerkbode.berig.asp?id=530.

Dules, A.R. (1997). *The priestly office: a theological reflection.* New York: Paulist Press.

Elijah, B.M. (2007). *Patriarchal structures, a hindrance to women's rights.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Fazio, R.H., Shook, N.J. & Eiser, J.R. (2004). Attitude formation through exploration: Valence Asymmetries. *Journal of Personality and Social Psychology,* **87**, 293-311.

Ferreira, C. (2007). *Bible interpretation: an evaluation of two feminist approached in the light of recent developments within some South African churches.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Noordwes Universiteit, Potchefstroom.

Field-Bibb, J. (1991). *Women towards priesthood. Ministerial politics and feminist praxis.* Cambridge: Cambridge University Press.

Groddkopf, O.H. (2004). *Implications of gifts in Romans 12: 3 – 8 for gender roles in the Church: a pastoral study.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Noorwes Universiteit, Potchefstroom.

Gwashi, M.F. (1999). The service of women in the church. With special reference to the office of deacon. Master's dissertation, University of Potchefstroom, Potchefstroom.

Harper, M. (1994). *Equal and different.* London: Hodder & Stoughton Ltd.

Heider, F. (1958). *The Psychology of Interpersonal relations.* New York: Wiley and Sons.

Hogg, M.A. & Vaughan, G.M. (2005). *Social psychology* (4th ed.). London: Prentice Hall.

Jonck, P. (2005). *'n Sosiaal-sielkundige persepsie oor kerkvereniging in die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie: 'n kruiskulturele ondersoek*. Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Jonck, P., Le Roux, A. & Verster, P. (2007a). 'n Sosiaal-psigologiese perspektief op lidmate in die Manguang-area se houding teenoor kerkvereniging in die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie: 'n kruiskulturele ondersoek. *In die Skriflig,* **41**(1), 45-68.

Jonck, P., Le Roux, A. & Verster, P. (2007b). Lidmate se houding teenoor kerkvereniging in die NGK-Familie: 'n kruiskulturele ondersoek na enkele veranderlikes. *Acta Theologica*, **27**(1), 59-82.

Keane, M. (1998). Feminist and Womanist Theology. In *Initiation into Theology,* (eds.). Simon Maimela & Adrian Kónig. Pretoria: J.L. Van Schaik.

Kendall, & Wickham, (1999). *Using Foucault's Methods.* New Delhi: Sage Publishers.

Klaar gekoek vir GKSA. *Volksblad,* 19 Januarie 2006, 8.

Kleynhans, E.P.J. (1983). *Die vrou in die amp in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Rede gelewer by die aanvaarding van die amp Hoogleraar in die Ekklesiologie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Madigan, K. & Osiek, C. (2005). *Ordained women in the early church. A documentary history.* Baltimore: The Johns Hopkins University Press.

Marriott, B. (2002). Flirting with Feminism. *Noetic,* 9.

Masuku, N. (2005). *Perceived oppression of women in Zulu folklore: a feminist critique.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

Mbiti, J.S. (1998). African Theology. In *Initiation into Theology* (eds.) Simon Maimela and Adrian Kónig. Pretoria: J.L. Van Schaik.

Meijer, G.J. (2009). GKSA Sinode 2009. *Waarheid en Dwaling,* **15**, 4-5.

Momberg, H. (2000). Gesprek oor GKSA se Sinode 2000 en verwante aangeleenthede binne die VGKSA. *Die Kerkpad,* **4**(3), 5-7

Momberg, H.L.J. & Meijer, G.J. (2006). Acta contracta. *Waarheid en Dwaling*, **12**(1/2), 5. Herwin op 10 Junie, 2009 van http://www.vglonline.net/vglWDindex.php.

Mongwe, J.M. (2007). *Hearing all the drums: towards a more inclusive congregation.* Ongepubliseerde magisteverhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Mouton, E. (2002). *Reading a New Testament Document Ethically*. Atlanta, GA: SBL.

Müller, J. (2000). *Reis-geselskap. Die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering.* Wellington: Lux Verbi BM.

Nel, D.A.J. (2008). *Egpare se houdings teenoor seksuele maatuitruiling: 'n vergelykende ondersoek tussen Afrikaans- en Engelssprekendes in Bloemfontein.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Neuger, C.C., & Poling, J.N. (1997). Gender and Theology. Neuger, C.C. & Poling, J.N. (eds.). *The care of men.* Nashville: Abingdon Press.

NGK-vroue moet tot hulle reg kom. *Die Kerkbode,* 26 Mei 2006. Herwin op 2 September, 2006 van http://www.kerkbode.co.za/kerkbode/berig.asp?id=285.

Nie net Gereformeerdes sluit vroue uit. *Burger,* 18 Januarie 2003, 3.

Ntilane, L.M. (2002). *Epistemological consideration: social constructio of psychotherapy within the South African context.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.

Oliver, E. (2008). Vrouepredikante in die Nederdutsch Hervormde Kerk van Afrika: 'n Opdraande stryd. *Studia Historiae Ecclesiasticae,* 34(1), 213 – 233.

Ouderlinge moet regeer in kerk. *Volksblad,* 24 Januarie 2006, 6.

Owen, L. (2006). Shanty town strings. *Strad,* **117** (1395), 48 – 51.

Perriman, A. (1998). *Speaking of women (interpreting Paul).* Leicester: Apollos (an imprint of Inter-Varsity Press).

Peterlin, D. (1995). *Paul's letter to the Philippians in the light of disunity in the church.* Leiden: E.J. Brill.

Piper, J. & Grudem, W. (1991). *Recovering Biblical manhood and womanhood. A response to evangelical feminism.* Wheaton, Illinois: Crossway Books.

Plaatjies, M. (2003). *Vroue in die teologiese antropologie van die Afrikaanse gereformeerde radisie.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

Rakoczy, S. (2004). *In Her Name. Women Doing Theology.* Pietermaritzburg: Cluster Publications.

Rees, S. (2003). *An examination of the Biblical role of women in contemporary church life.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Zululand, Empangeni.

Smit, B.C. (1999). God se plek vir die vrou in die gemeente. *Die Kerkpad,* **3**(5). Herwin op 23 September, 2006 van http://home.mweb.co.za/ke/kerkpad/september99/art3.html.

Sparrow, I. (2006). *An exploratory study of women's experiences and place in the church: A case study of a parish in the chuch of the province of Southern Africa (CPSA), Diocese of Cape Town.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Weskaap, Bellville.

Statement of Faith. *CRC-webblad*. Herwin op 3 April, 2010 vanhttp://www.crc.org.za/index.php/statememt-of-faith.html.

Steyn, H.M. (2003). *Die nooit-getroude vrou sonder kinders: 'n pastoraal narratiewe benadering met besondere verwysing na diskoers.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Steyn, R.S. (2005). *Die impak van die postmodernisme op voorhuwelikse verhoudings: 'n Pastorale studie.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Noordwes Universiteit, Potchefstroom.

Strauss, H.J. (1964). *Christelike wetenskap en Christelike onderwys.* Bloemfontein: SACUM.

'Susters' se rol in kerk. *Volksblad, 15 September 2003,* 6.

Taylor, S.F., Peplau, L.A. & Sears, D.O. (2006). *Social psychology – international edition* (12th ed.). New Jersey: Prentice Hall.

Tower, P.H. (1994). *1–2 Timothy & Titus: The IVP New Testament Commentary Series.* Illinois: Intervarsity Press.

Van der Linde, H.H. (2002). *'n Kerkhistoriese en kerkregtelike studie van die kerkverenigingsproses in die Nederduitse Gereformeerde kerkfamilie.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Van der Veen-Schenkeveld, M.J. (1998). Women in ministry: a theological motivation. *Women in office: Theological forum*, **15**(1), 2-12.

Van Helden, P. (2002). Die huidige aktiwiteite van die belydende GKSA-vrouelidmaat tydens die erediens. *In die Skriflig,* **36**(4), 1-30.

Van Rooyen, H. (2002). *'n Kruiskulturele ondersoek na voorspellers van jong volwasse studente se houdings teenoor die huwelik.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Voster, C. (2006). *General systems theory and psychotherapy: Beyond post-modernism.* Pretoria: Satori.

Vrey, A. (2008). *'n Ondersoek na die gebruik van genderverwante metafore van die liggaam as beeld van die Kerk in die brief aan die Eferiërs.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Johannesburg, Johannesburg.

Vrouedag, 'mannekerk'? *Algemene Kerkbode,* 10 Augustus 2002, 4.

Wainwright, E.M. (1991). *Towards a feminist Theology: Critical reading of the Gospel of Matthew.* Berlin: Walter de Gruyter.

Watson, N.K. (2003). *Feminist Theology.* Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing company.

Wie is ons? *Algemene Sinode.* Herwin op 10 Junie, 2009 vanhttp://www.ngkerk.org.za/as/default.asp?qs=vrouindieamp

## ARTIKEL 2:

# DIE INVLOED VAN GEOGRAFIESE LIGGING, GESLAG, OUDERDOM EN HUWELIKSTATUS OP KERKLIDMATE SE HOUDING TEENOOR VROUE AS AMPSDRAER IN DIE GEMEENTE

**P. Jonck, M.Soc.Sc. en Professor A. le Roux*, D. Phil.**

**Departement Sielkunde**

**Universiteit van die Vrystaat**

**Posbus 339**

**Bloemfontein**

**9300**

**DIE INVLOED VAN GEOGRAFIESE LIGGING, GESLAG, OUDERDOM EN HUWELIKSTATUS OP KERKLIDMATE SE HOUDING TEENOOR VROUE AS AMPSDRAER IN DIE GEMEENTE**


## Abstract

KEY WORDS: **attitude, discrimination, stereotyping, prejudice, church history, geographical location, gender, marital status and age**

Since the inception of society, women have been routinely discriminated against. Discrimination deprives a person of the right to adequate protection and development/advancement. It also refers to making distinctions or choices based on factors other than individual merit. For the purpose of this research project the following research question was formulated: What is the attitude of members of various Christian denominations towards the ordaining of women? The following hypothesis was formulated to investigate the research question: There are statistically significant differences among the attitudes of members of various Christian denominations towards women incumbents and a number of independent variables including geographical location, gender, marital status and age. A total of 1052 respondents were included which consisted of 326 (31%) members of the Dutch Reformed Family of Churches, 311 (29%) members of the Christian Revival Church, 217 (21%) members of the Reformed Church and 198 (19%) Roman Catholic Church members. A biographical questionnaire, The Petro Jonck Attitude towards Women Incumbents Questionnaire as well as a qualitative scale was utilized to gather data. Multivariate analysis of variance was applied. Statistical analysis showed that parishioners had positive attitudes towards women incumbents. The variables found to have the greatest influence on the attitudes of church members were gender, marital status and geographical location, while level of education was insignificant.

## 1. Inleiding

Die kerk, as sosiale institusie, het hedendaags met ingewikkelde problematiese verskynsels in haar interne en eksterne verhoudings te make. Dit word gemanifesteer in onder andere die finansiële druk waaronder verskeie kerke gebuk gaan, asook diskriminasie in die algemeen en teen vroue in die besonder. Tans is hierdie verskynsel 'n belangrike en aktuele fokuspunt in die kerklike verband, veral na die nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se besluit in 2006 omtrent die opskorting van vroue se regte as ampsdraers in die gemeente (Gereformeerde Kerk Centurion, 2006). Voorts kon dié Sinode in 2009 nie tot beslissing kom rakende die rol van vroue in die kerk nie. 'n Deputate is aangewys om diepgaande na al die materiaal te kyk (Meijer, 2009), hoewel die Sinode van 2006 se besluit oor die amp van diaken deur die Sinode van 2009 gerojeer, oftewel opgehef word (Acta Synodi, 2009).

Oor hierdie kontroversiële saak word reeds in 2003 die volgende geskryf (Rees, 2003: 7):

> *One cannot yank the thread of sexual differentiation from the Christian faith without unravelling the whole. A weakening of the integrity of the mysteries of the Trinity, the Incarnation, the Church, Christian marriage and family life, and much else besides, must inevitably follow.*

Vyandigheid jeens vroue was en is in menige gevalle 'n integrale deel van kerklike dogma wat misbruik word om magsposisies in patriargale gemeenskappe te regverdig en te behou, aldus Van Helden (2002).

Suid-Afrika se demokratiese regering het doelbewuste omvattende beleidsraamwerke neergelê om geslagsongelykhede aan te spreek. In 1993 het Suid-Afrika die Konvensie van die Verenigde Nasies (1979) oor die uitwissing van alle vorme van diskriminasie teen vroue onderteken, waarin daar onderneem word om wetgewing daar te stel wat diskriminasie teen vroue verbied, en toe te sien dat vroue gelyke toegang tot indiensneming het (De Beer, 2007). Ten einde die Suid-Afrikaanse werkersmag meer verteenwoordigend van die bevolking te maak, bepaal die Handves van Menseregte, soos opgeneem in die Suid-Afrikaanse Grondwet, dat die staat of enige persoon nie mag diskrimineer teen 'n persoon oor onder andere sy of haar geslag nie (South Africa, 1996).

Ten spyte hiervan bedreig die hardnekkige voortbestaan van geslagstereotipes, ingebed in kultuur en godsdienstige dogma, steeds vroue se grondwetlike regte. Stereotipering wat die aangeleerde predisposisie behels dat lede van 'n bepaalde groep, dikwels die buite-groep, oor afkeurenswaardige karaktereienskappe beskik (Barker, 2000) vorm deel van die kognitiewe aspek van 'n negatiewe houding (Jonck, le Roux & Verster,

2007a). Derhalwe is dit noodsaaklik om die konsep, houding, te ondersoek ten einde ongeoorloofde diskriminasie te identifiseer en moontlik aan te spreek.

## 2. DOELSTELLINGS

Teen die einde van 2001 was 52% van die meer as een miljoen werkers in diens van die staat vroue. So ook het vroue 30% van bestuursposisies beklee (Misbach, 2002). Hierdie veranderinge blyk ook deur te sypel na die privaatsektor (Mittner, 2001). Ten spyte van bovermelde veranderinge op weg na geslagsgelykheid word vroue steeds weerhou van bepaalde ampte in verskeie Christelike denominasies in Suid-Afrika. 'n Verbod op vroulike ampsdraers met spesifieke verwysing na die leer- en regeerampte kom voor in sowel die Gereformeerde Kerk (Meijer, 2009) as die Rooms-Katolieke Kerk (Power, 2009). Die Nederduits-Gereformeerde Kerk beroep wel vroulike leraars, hoewel die aantal vroulike leraars in permanente poste nie opweeg teen die hoeveelheid manlike leraars wat permanent aangestel word nie. Die aantal vroulike leraars wat teen 2007 voltyds in dié kerk in die bediening gestaan het, was 23 uit 1 669 leraars (Büchner, 2007). Ten einde hierdie fenomeen te ondersoek, word algemene en spesifieke doelwitte gestel. Die algemene doel is om te bepaal wat kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers is. Die spesifieke doelwitte hou verband met 'n ondersoek na die veranderlikes, insluitende geografiese ligging, geslag, huwelikstatus en ouderdom, wat lidmate se houdings teenoor vroulike ampsdaers moontlik beïnvloed.

## 3. NOODSAAKLIKHEID VAN DIE STUDIE

Tot op hede kon geen studie geïdentifiseer word wat vanuit 'n sosiaal-psigologiese paradigma die vier dominante Christelike denominasies insluit soos dit neerslag vind binne die Suid-Afrikaanse konteks nie. Beskikbare inligting is afkomstig van beswaarskrifte en studierapporte deur studiedeputate wat deur die verskillende kerkverbande afgevaardig word en is primêr vanuit 'n teologiese diskoers. Daar is dus in die Suid-Afrikaanse konteks 'n groot leemte in hierdie verband, aangesien geen navorsingsbevindinge in verband met vroulike ampsdraers vanuit 'n sosiaal-psigologiese diskoers gevind kon word nie. Die noodsaaklikheid van 'n sosiaal-psigologiese diskoers berus op die aanname dat geslagsongelykheid gebaseer word op houdings en wilshandeling wat te kenne gee dat een geslag inherent meerderwaardig en die ander geslag inherent minderwaardig is, aldus Du Toit (Büchner, 2007), hoewel verskillende denominasies, weens die wyse waarop die Skrif verstaan en geïnterpreteer word, verskillende standpunte handhaaf teenoor vroulike ampsdraers in die gemeente (Crafford & Gous, 1993).

## 4. BEGRIPSOMSKRYWING

Ter wille van oriëring word kortliks verwys na die kernbegrippe van die studie. Hierdie begrippe, wat later meer omvattende belig word, sluit in: “houdings”, “vroue as ampsdraers in die gemeente”, “geslag” en geografiese ligging”.

### 4.1 ‘n Houding

’n Houding kan gedefinieer word as ’n samevoeging van oortuigings en gevoelens wat reflekteer of ’n persoon ’n gunstige of ongunstige predisposisie met betrekking tot ’n bepaalde objek het (Jonck et al., 2007a). Van Rooyen (2002) maak gebruik van die term *sielkundige neiging*, wat verwys na ’n inherente toestand wat aanleiding gee tot ’n evaluerende respons wat ’n individu predisponeer.

### 4.2 Vroue as ampsdraers in die gemeente

Oor vroue as ampsdraers in die gemeente word daar hedendaags ‘n hewige stryd gevoer. In dié verband skryf Smit (1999) die stryd beïnvloed die kerk van God in so mate dat dikwels selfs gevestigde waarhede oorboord gegooi word ter wille van ‘n aangepaste siening wat as aanslag van die bose raakgesien moet word, in ‘n poging om God se orde vir die kerk omver te werp. In teenstelling hiermee vra Van Helden (2002) of Christenvroue bereid is om beperk te word ten opsigte van die evangelie en kerkwees, terwyl die samelewing geëer word en onbeperk ‘n wesentlike invloed uitoefen. In die onderhawige navorsingstudie word die plek van vroue deur die perikoop van enkele Skrifgegewens belig.

### 4.3 Geslag

Geslag verwys na die kwalitatiewe en interafhanklike karakter van mans en vroue se posisie in die samelewing en behels die groepering van gedrag, karaktereienskappe en houdings wat sosiaal gedefinieer word as manlik en vroulik (Kirk-Duggan, 2003; Veldtman, 2001).

### 4.4 Geografiese ligging

Geografiese ligging kan beskou word as die tyd-ruimtelike aspek van ‘n spesifieke goed gedefinieerde area, asook die aktiwiteite wat voorkom binne hierdie afgebakende omgewing, tesame met die groeiende invloed daarvan op die samelewing, aldus Henslin (2007).

## 5. LITERATUUROORSIG

Houdings en wilshandeling wat te kenne gee dat een geslag inherent meerderwaardig en die ander inherent minderwaardig is, word in kerklike kringe geregverdig deur Skrifgegewens oor die plek van vroue in die

gemeente-opset. Derhalwe word eerstens aandag geskenk aan die term, houding, waarna Skrifgegewens oor laasgenoemde onder die loep kom.

## 5.1 Houdings

Uit die literatuur blyk dit dat daar verskillende definisies vir die term *houding* bestaan (Nel, 2008), wat 'n aanduiding is van die onmisbare rol wat hierdie term in hedendaagse sosiale sielkunde speel (Jonck, 2005). Hoewel die definisies in 'n groot mate ooreenstem, verskil die interpretasies daarvan (Nel, 2008). Gevolglik word die term *houding* vanuit die literatuur gekonsepsualiseer soos dit verband hou met die onderhawige navorsingstudie.

### 5.1.1 Definiëring van die term 'houding'

Cronje (2000) definieer 'n houding aan die hand van 'n evaluasie ingevolge waarvan 'n houding beskou word as 'n geneigdheid om 'n entiteit met 'n mate van goedkeuring of afkeuring te evalueer. Aldus Taylor, Peplau en Sears (2006) behels evalueringsresponse kognitiewe, affektiewe en konatiewe komponente. Die kognitiewe dimensie behels intellektuele beredenering en dus die oortuiging dat die houdingsobjek oor bepaalde karaktereienskappe beskik. Gedrag wat verband hou met die houdingsobjek sal derhalwe tot spesifieke uitkomste lei. Houdings integreer ook herinnerings aan gebeure wat met die houdingsobjek verband hou, psigiese voorstellings daarvan, en ander fasette van kognisies (Cronje, 2000; Jonck *et al.*, 2007b). Die affektiewe dimensie van 'n houding bestaan uit die individu se emosies en affek teenoor die stimulus, veral positiewe en negatiewe evaluerings (Nel, 2008). 'n Houding behels egter ook 'n bestaande ontvanklikheid om te reageer op sosiale objekte, wat, in interaksie met ontvanklikheidsveranderlikes gedrag rig. Dit verwys na die konatiewe dimensie (Van Rooyen, 2002). Die neiging van 'n individu om 'n spesifieke handeling, wat tot nadeel van die houdingsobjek of teikengroep strek, uit te voer, word op sy beurt as diskriminasie gedefinieer (Taylor *et al.*, 2006). Diskriminasie kan derhalwe beskou word as die konatiewe dimensie van 'n ongunstige houding. Derhalwe word die bestudering van houdings in die onderhawige navorsingstudie gebaseer op die kognitief-affektief-konatiewe model (Taylor et al., 2006).

#### 5.1.1.1 Diskriminasie

Diskriminasie, aldus Veldtman (2001), behels die daarstelling van standaarde wat 'n negatiewe impak op lede van die buitegroep het. Gronde vir diskriminasie sluit in geslag, ras, ouderdom, geloof, seksuele oriëntasie en andere. Geslagsdiskriminasie as sulks het betrekking op die sosiaal-gekonstrueerde verskille tussen mans en vroue, asook die daaropvolgende ongelyke magsverhouding (Kirk-Duggan, 2003). Geslagsdiskriminasie kan manifesteer in verskeie vorme waarvan toegangs- en behandelingsdiskriminasie twee hoofkategorieë

verteenwoordig. Toegangsdiskriminasie behels beperkte werksgeleenthede vir vroue, asook die aanstel van vroue in ondergeskikte poste. Diskriminasie in die behandeling van vrouewerknemers sluit 'n gebrek aan bevorderingsgeleenthede, asook salarisverskille in (Matlin, 2004). Teen die begin van die negentigerjare was daar 'n 10% gaping in die vergoeding tussen mans en vroue op die vlak van geskoolde en halfgeskoolde werkers. Hierdie verskil het tot 5% verklein (Erasmus, 2001).

Navorsing deur Nesbitt (1997) het getoon dat hoewel verskeie denominasies 'n positiewe houding teenoor vroulike leraars vermeld, vroue dikwels in poste met ondergeskikte status en salarisse aangestel word, terwyl beter betaalde poste uitsluitlik vir die manlike leraars gereserveer word. 'n Studie deur Lummis en Nesbitt (2000) met spesifieke verwysing na vroulike predikante het bevind dat passiewe diskriminasie aan die orde van die dag is waar belangrike inligting weerhou word of vroue aangestel word in poste waar hulle nie langer 'n bedreiging is nie of waar die kanse op mislukking buitengewoon groot is. Voorts het Konieczny en Chaves (2000) bevind dat indien 'n vroulike leraar wel aangestel word, daardie gemeentes blyk om kleiner te wees, asook om minder organisatoriese ondersteuning te verkry as gemeentes waar daar 'n manlike leraar werksaam is. Die Kerkbode (10 Augustus 2002:4) het berig dat slegs enkele vroue na hulle teologiese studies beroep word. Die wat wel beroep word, word aangestel in tydelike of deeltydse poste teen swak betaling en min vooruitsigte.

Diskriminasie word egter voorafgegaan deur stereotipering en vooroordeel. Die aangeleerde predisposisie dat lede van 'n bepaalde groep oor afkeurenswaardige karaktereienskappe beskik, lei daartoe dat lede van die binnegroep antipatie oftewel 'n onberedeneerde hewige gevoel van afkeer ontwikkel teenoor lede van die buitegroep en derhalwe die neiging toon om te diskrimineer (Brown, 2006). Die aangeleerde predisposisie dat lede van 'n bepaalde groep oor afkeurenswaardige karaktereienskappe beskik, verwys na stereotipering en behels die kognitiewe dimensie van 'n negatiewe houding. Die voorgenome kognitiewe dimensie hou verband met dit wat aangaande die houdingsobjek geglo word, insluitende die evaluering daarvan wat deur intellektuele beredenering plaasvind (Van Rooyen, 2002).

### 5.1.1.2 Stereotipering

Stereotipering behels 'n kognitiewe proses waar spesifieke gedragseienskappe toegeken word aan 'n individu gebaseer op sy of haar lidmaatskap aan 'n bepaalde groep (Barker, 2000). Stereotipering kan dus beskou word as dit wat aangaande 'n persoon of persone geglo word (Matlin, 2004). Die grondslag van alle stereotipering behels die differensiële persepsie van groepe. Ten einde die wêreld te organiseer en te klassifiseer om sodoende 'n groot verskeidenheid van prikkels te kontroleer, plaas individue ander en hulself in bepaalde groepe. Karaktereienskappe word dan aan die verskillende groepe toegeken. Oor die algemeen word positiewe

eienskappe toegeken aan lede van die groep waaraan die individu behoort (die binnegroep) en word oordrewe negatiewe eienskappe toegeskryf aan lede van die buitegroep (Worchel, Cooper, Goethals & Olson, 2000). Stereotipering verminder die behoefte aan die prosessering van inligting aangaande ander en voorgenome sosiale skemas verskaf riglyne wat gedrag lei wanneer die verskillende groepe in interaksie tree.

Laastens korreleer die affektiewe dimensie van 'n houding met die antipatie of die onberedeneerde hewige gevoel van afkeer wat lede van die binnegroep teenoor lede van die buitegroep koester. Die affektiewe dimensie van 'n ongunstige houding word in vooroordeel gereflekteer (Brown, 2006; Jonck *et al.*, 2007a, Matlin, 2004).

#### 5.1.1.3 Vooroordeel

Vooroordeel verwys na houdingsgebaseerde partydigheid en behels om iemand vooraf, gebaseer op 'n bepaalde kenmerk, te oordeel (Barker, 2000). Vooroordeel is 'n destruktiewe aspek van sosiale gedrag en gee dikwels aanleiding tot verontregting wat gebaseer word op ras, geslag en seksuele oriëntasie (Taylor et al., 2006). Groepvoorkeur is 'n vorm van attribusie-vooroordeel. Attribusie-vooroordeel is die neiging om negatiewe gedrag van die buitegroep en positiewe gedrag van die binnegroep aan interne faktore toe te skryf. Die teenoorgestelde is egter ook waar (Hogg & Vaughan, 2005).

Stereotipering, vooroordeel en diskriminasie is onderling verbandhoudende elemente van groep-antagonisme (Taylor et al., 2006). Groep-antagonisme op grond van geslag het diepliggende steun in 'n ideologiese stelsel waar mans meer mag en voorregte geniet as vroue. Hierdie ideologiese denkrigting word patriargie genoem en was in die verlede 'n integrale deel van kerklike dogma (Büchner, 2007), ingevolge waarvan mans godsdienstige dogma koöpteer om hul magsposisies in patriargale gemeenskappe te regverdig en te behou (Beeld, 9 Junie 2004:13).

### 5.1.2 Houdingsteorieë

Houdings ontwikkel in ooreenstemming met houdingsteorieë, waarvan die leerteoretiese benadering, die kognitief-konsekwente en die verwagte waardeteorie kortliks bespreek gaan word.

#### 5.1.2.1 Leerteoretiese benadering

Volgens die leerteoretiese benadering word houdings bekom deur die aanleer van inligting en feite rakende houdingsobjekte, asook die gevoelens, waardes en kognisies wat daarmee gepaardgaan (Taylor et al., 2006; Van Rooyen, 2002). Dié leerproses vind plaas deur assosiasie, versterking of straf, asook modellering (Taylor et al., 2006). Assosiasie kom voor wanneer 'n onbekende stimulus op dieselfde tyd en plek aangebied word, sodat

dit geassosieer word met 'n reeds bekende respons (Nel 2008). Versterking of straf in wese behels dat gedrag beheer word deur die stimuli wat daarop volg, hetsy positiewe of negatiewe versterking of straf (Jonck, 2005). Modellering behels dat die gedrag van betekenisvolle ander waargeneem en dan nageboots word (Baker, 2000).

### 5.1.2.2 Kognitief-konsekwente teorieë

Die kognitief-konsekwente teorieë veronderstel dat die mens streef na koherensie wat kognisies betref, derhalwe gee inkonsekwentheid aanleiding tot psigiese ongemak (Taylor et al., 2006). Verskeie kognitief-konsekwente teorieë word aangetref insluitende die balansteorie van Heider (1958), asook die dissonansieteorie van Festinger (Boshof, 2007; Jonck, 2005).

Die balansteorie van Heider (1958) stel kognitiewe konsekwentheid voor as 'n balans wat nagestreef word, aldus Van Rooyen (2002). 'n Gebalanseerde sisteem word verkry wanneer 'n individu saamstem met diegene waarvan hy of sy hou en verskil met dié waarvan hy of sy nie hou nie. 'n Wanbalans kom voor wanneer 'n individu verskil van diegene waarvan hy of sy hou en saamstem, met diegene waarvan hy of sy nie hou nie (Boshoff, 2007). Dié teorie konstateer dat 'n sisteem wat in 'n staat van wanbalans verkeer neig om te verander ten einde 'n toestand van balans te verwesentlik (Taylor et al., 2006).

Die kognitiewe dissonansieteorie van Festinger neem aan dat die mens streef na konsekwentheid wat kognisies en gedrag betref (Cronje, 2000). Dissonansie kom voor wanneer 'n individu 'n wilshandeling uitvoer wat teenstrydig is met sy of haar houdings (Nel, 2008). Inkonsekwentheid tussen houdings en gedrag gee aanleiding tot psigiese ongemak en gevolglike spanning om die dissonansie te verminder (Jonck, 2005). Hierdie neiging tot ekwilibruim word verwesentlik op een van drie wyses. Eerstens kan die wilshandeling verander word, tweedens kan die dissonansie onderbeklemtoon word en in die laaste instansie kan die houding aangepas word ten einde die dissonansie te vermy (Breckler, Olson & Wiggins, 2006).

### 5.1.2.3 Verwagte waardeteorie

Die verwagte waadeteorie handhaaf dat die waarskynlikheid dat 'n houding sal voorkom, gebaseer word op die waarde wat aan die uitkomste geheg word, asook die waarskynlikheid dat hierdie uitkomste sal realiseer (Nel, 2008). Dus word houdingsvorming en verandering beskou as 'n proses waar die voordele en nadele oorweeg word waarna die beste opsie aanvaar word (Boshoff, 2007; Ramabele, 2004).

In hierdie afdeling is gepoog om die term houding, asook die verband tussen houdings en diskriminasie te konseptualiseer vanuit bestaande literatuur. Kortliks word aandag geskenk aan Openbaringshistoriese Skrifgegewens oor die plek en rol van vroue in die gemeente.

### 5.2 Skrifgegewens oor vroue as ampsdraers in die gemeente

Die Skrifgedeeltes wat verband hou met die plek van vroue in die gemeente-opset, kan in drie tydsgrepe verdeel word en word vervolgens bespreek.

#### 5.2.1 Vroue se plek in die Ou Testament

Aangesien die kerk in die Ou Testament 'n ander gestalte het as dié van die kerk in die Nuwe Testament, is die gegewens rakende die plek van vroue in die Ou-Testamentiese kerk nie sonder meer direk van toepassing op die plek van vroue in die Nuwe Testamentiese kerk nie (Kerkblad, 27 Maart 2002:34). Ampte in die Ou Testament het ingesluit dié van priester en profeet (Acta Synodi, 2009). In Deuteronómium[4] 10: 8 word daar uiteengesit dat: "*In dié tyd het die Here die stam van Levi afgesonder om die verbondsark van die Here te dra, om voor die aangesig van die Here in sy diens te staan en in sy Naam te seën tot vandag toe"* (Bybel, 1994:195). Die amp van priester was dus die enigste amp wat direk in verband staan met tempeldiens en Aäron en sy nageslag was aangestel om die priesteramp waar te neem (Gwashi, 1999).

#### 5.2.2 Vroue se plek tydens Jesus se lewe op aarde

Die plek en taak van gelowige vroue tydens Jesus se lewe op aarde word op verskillende wyses in die evangeliebeskrywings uitgebeeld en die volgende gevolgtrekkings kan gemaak word (Gwashi, 1999; Venter, 2002; Rees, 2003):

- Vroue se geloofslewe word op dieselfde vlak as dié van mans gereken. In Luk 10:38–42 het Maria aan die voete van Jesus gesit en na sy woord geluister. Volgens Joh 4:27 het die dissipels hulle verwonder dat Jesus met 'n vrou in gesprek was. So ook was Jesus ingevolge Luk 13:10–17 besig om in die sinagoges te leer en het 'n vrou wat 'n gees van krankheid gehad het, genees.

- Vroue is ongehinderd deel van die kring volgelinge van die Here. Matt 27:55 dui aan dat daar baie vroue was wat Jesus gevolg en gedien het. So ook word in Mark 15:41 aangetoon dat daar baie vroue was wat Hom gevolg het en wat saam met Hom opgegaan het na Jerusalem. In Luk 23:49 was daar vroue wat Jesus gevolg het, en sy getuies was.

- Vroue het 'n besondere rol gespeel in die fisiese versorging van en bediening aan die Here en sy dissipels. In Joh 12:1–11 het Martha vir Jesus 'n maaltyd voorberei en Hom bedien, terwyl Maria

---

* Alle Skrifaanhalings en verwysings kom uit die Naslaanbybel (1994)

die voete van Jesus gesalf en afgedroog het. In Joh 20:16–18 verskyn Jesus aan Maria na sy opstanding en gee haar bevel om vir die dissipels te gaan vertel dat Hy na sy Vader opvaar.

### 5.2.3 Vroue se plek in die apostoliese tyd

Tydens die uitbreiding van die Koninkryk van God, soos vervat in Handelinge en die sendbriewe, word die meeste inligting oor die plek en taak van vroue in die vroeë kerk uiteengesit. Daar kan tot die volgende gevolgtrekkings gekom word (Gwashi, 1999; Venter, 2002; Rees, 2003):

- Vroue is sonder beperking deel van die gemeentes. In Hand 1:14[5] het almal eendragtig volhard in gebed saam met 'n aantal vroue. In Luk 2:36-38 word melding gemaak van Anna, 'n profetes, wat nie weggebly het van die tempel nie, en met vaste en gebede God dag en nag gedien het.
- Vroue het op verskillende wyses hulle gawes in die gemeente en tot opbou van die gemeentes beoefen. In Hand 1 bid verskeie vroue, asook die moeder van Jesus saam met die dissipels toe die Heilige Gees neergedaal het. In 1 Kor 11:5 word melding gemaak van vroue wat bid en profeteer.
- Vroue was op 'n besondere wyse by die versorging van die apostels en by die barmhartigheidswerk in die gemeente betrokke. 1 Tim 5:10 spreek van weduwees wat die voete van die heiliges gewas het, verdruktes gehelp en elke goeie werk nagestreef het. Volgens Hand 9:36-43 was daar in Joppe 'n sekere dissipelin met die naam van Tabíta, wat oorvloedig was in goeie werke en aalmoese, wat gesterf het en weer deur Petrus opgewek is. Ingevolge Hand 6:1-6 was daar weduwees betrokke by die daaglikse versorging van die dissipels wat aanleiding gee het tot die verkiesing van sewe diakens na die murmurering van die Grieksprekende Jode.

In hierdie afdeling is kortliks gekyk na die rol en taak van vroue in die gemeente tydens drie tydsgrepe. Vervolgens gaan aandag geskenk word aan demografiese veranderlikes wat moontlik 'n invloed uitoefen op lidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers. Van Wyk en De Klerk (2007) maak melding van drie metodes van empiriese navorsing, naamlik beskrywende - en verkennende navorsings, asook die toets van hipoteses. Hierdie metodes word as volg deur Heitink (1999) beskryf:

- Beskrywende navorsing fokus op 'n sistematiese beskrywing van 'n tema op grond van empiriese data.

---

* Alle Skrifverwysings kom uit die Naslaanbybel (1994)

- Verkennende navorsing benadruk die verduideliking en interpretasie van gegewens waarvan min bekend is en geen teorie daaromheen ontwikkel is nie.
- In gevalle waar die geldigheid van bepaalde hipoteses ondersoek word, word bepaal of geldige verbande tussen die praktyk en die teoretiese grondslag bestaan.

Aangesien daar tot op hede geen studie geïdentifiseer kon word wat vanuit 'n sosiaal-psigologiese paradigma ondersoek instel na die stand van sake soos dit verband hou met vroulike ampsdraers in die gemeente-opset nie, word verkennende navorsing aangewend om bovermelde navorsingsterrein te belig. Mouton (2002) dui aan dat verkennende navorsing eerstens 'n oorsig oor bestaande toepaslike literatuur behels en tweedens die insameling van empiriese data ten einde die ontwikkeling van wetenskaplike kennis te fasiliteer. Die relevansie van 'n ondersoek na die invloed van enkele demografiese veranderlikes is gelee in die verduideliking en interpretasie van gegewens ten einde 'n onbekende terrein, te wete kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers, te belig.

## 6. Demografiese veranderlikes wat moontlik 'n invloed op lidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers uitoefen

Alvorens die navorsingshipotese met behulp van die nodige metodologie ondersoek word, word eerstens aandag geskenk aan enkele demografiese veranderlikes. Ingevolge Du Plooy en Grobler (2002) kan demografiese veranderlikes verdeel word in onder andere persoonlike, sosio-kulturele, asook sosio-ekonomiese veranderlikes. Vir die doeleindes van hierdie navorsingsartikel word aandag geskenk aan die persoonlike veranderlikes van respondente.

### 6.1 Geografiese ligging

Geografiese ligging sluit in beide die streek waar die proefpersoon woonagtig is, asook die verskil tussen stedelike en plattelandse gebiede. Woshinsky (2008) veronderstel dat geografiese ligging individue se denke beïnvloed. Popenoe, Cunning en Boult (1997) toon aan dat die meerderheid Gereformeerde Kerklidmate voorkom in die Noord-Kaap-streek en omliggende gebiede, terwyl Rooms-Katolieke kerklidmate grotendeel in KwaZulu-Natal voorkom. Hoewel geen studie vanuit die literatuur geïdentifiseer kon word wat ondersoek instel na die invloed van geografiese ligging op lidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers nie word daar nietemin ondersoek ingestel na 'n moontlike verband.

## 6.2 Geslag

Venables (1998: 18) verskaf 'n aanduiding van die invloed van geslag op die kwessie rakende vroue ampsdraers: *"The church has always been, and is still, controlled by men; the Scriptures were written by men; Christianity has been interpreted for women through the eyes and value systems of men."*

In 'n navorsingstudie wat uitgevoer is deur Gwashi (1999) in die Gereformeerde Kerk-verband is gevind dat slegs 16% van respondente die mening toegedaan was dat dit volgens Bybelse voorskrifte verkeerd is om vroue in kerklike ampte aan te stel, hoewel Rees (2003) gevind het dat die meeste respondente 'n lae positiewe en selfs negatiewe houding handhaaf ten opsigte van vroue in die amp van leraar. Tesame hiermee voel 50% van vroue in leierskapsposisies in die kerkgemeenskap dat vroue hulself ondergeskik moet stel aan manlike dominansie. Vroulike lidmate ondersteun hierdie tendens en 63% van die genoemde responsgroep voel dat vroue hulself moet onderwerp aan manlike dominansie. Resultate in dieselfde studie toon aan dat 90% van die manlike respondente van mening is dat vroue nie genoeg geleenthede gebied word om hul Godgegewe gawes aan te wend nie, terwyl slegs 60% van die vroulike respondente 'n soortgelyke mening rapporteer (Rees, 2003).

## 6.3 Huwelikstatus

Alhoewel daar vanuit die literatuur geen studie geïdentifiseer kon word wat dui op die invloed wat huwelikstatus op lidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers het nie, gaan nietemin ondersoek ingestel word na 'n moontlike invloed. Die rasionaal hiervoor is dat patriargie, die regering van die man, wat die botoon voer in kerklike kringe moontlik 'n bydrae tot 'n toename in saamwoonverhoudings, asook die egskeidingskoers lewer (Die Kerkbode, 5 Maart 2010:4).

## 6.4 Ouderdom

Navorsing dui daarop dat die sosialiserende invloed wat individue ervaar wanneer hul jonk is, 'n besliste invloed uitoefen op die wyse waarop hulle dink regdeur hul lewens (Potgieter, 1994). Indien 'n individu gesosialiseer is in 'n era waar vroue nie oor sekere regte beskik het nie, sal hierdie sosialisering 'n invloed op die persoon se denke rondom vroueregte uitoefen. Navorsingsbevindinge in Amerika het getoon dat ouderdom wel 'n rol speel by lidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers. 'n Studie deur Lincoln en Mamiya (1990) het bevind dat jonger mense oor die algemeen 'n positiewe houding teenoor vroulike leraars huldig. Hendriks (2003) meen dat die situasie in veral die Nederduits-Gereformeerde Kerk tans betreurenswaardig is weens die onvermoë van ouer lidmate om by veranderinge aan te pas.

## 7. NAVORSINGSMETODE

Die volgende aspekte van die empiriese ondersoek word vervolgens bespreek, naamlik die navorsingshipotese, navorsingsontwerp, die ondersoekgroep, die meetinstrumente, asook die statistiese ontleding.

### 7.1 Navorsingshipotese

Die navorsingsdoelwitte soos reeds vermeld, sal met behulp van die volgende hipotese ondersoek word: *Daar is statisties-beduidende verskille tussen kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers en 'n aantal demografiese veranderlikes insluitende geografiese ligging, geslag, huwelikstatus en ouderdom.* Die navorsingsontwerp wat in die onderhawige studie gebruik is, is die volgende:

### 7.2 Navorsingsontwerp

Die navorsing in hierdie studie is nie-eksperimenteel van aard en heet *ex post facto*-navorsing, aangesien die proefpersone reeds voor die aanvang van die studie aan hul onderskeie groepe behoort het (Nel, 2008). 'n Kruis-seksionele ontwerp is ook toegepas, wat ideaal is vir die beskrywende en voorspellende funksie wat met *ex post facto*-navorsing geassosieer word. Die breë tyd-ruimtelike omstandighede, ingevolge die kruis-seksionele ontwerp waarbinne die navorsing plaasvind, behels dat 'n steekproef van die gekose populasie op 'n spesifieke tydstip, tydens oggend-eredienste, getrek word. Hierdie navorsingsontwerp word merendeels aangewend om die voorkoms van 'n gegewe karaktereienskap binne die populasie te dokumenteer veral soos dit neerslag vind in 'n houdingstudie (Reis & Judd, 2000).

### 7.3 Die ondersoekgroep

'n Lys van gemeentes is van die verskillende denominasies verkry waarna individuele gemeentes gekontak is met 'n uitnodiging om deel te neem aan die studie. Vir sommige gemeentes was die tyd en omstandighede nie geleë vir deelname aan die ondersoek nie. In ander gevalle moes die navorser kerkrade toespreek om toestemming te verkry. In elke geval is 'n voorbeeld van die meetinstrumente, tesame met 'n begeleidende brief van die Universiteit van die Vrystaat aan die gemeentes verskaf. Individuele gemeentes in dorpe en stede is ook volgens hul rangorde op die verskillende denominasies se amptelike telefoniese lys gekontak. Die ondersoekgroep het uiteindelik bestaan uit kerklidmate afkomstig van 36 individuele gemeentes wat deel uitmaak van vier kerkdenominasies. Hiervolgens is die individuele kerkgemeentes dus saamgestel volgens 'n toevallige steekproeftrekking.

Waar moontlik het die navorser persoonlik vraelyste beskikbaar gestel aan kerklidmate tydens oggend-eredienste (vraelyste is uitgedeel by die deur na afloop van die erediens). Kerklidmate kon die vraelys tuis voltooi

en die voltooide vraelys die daaropvolgende Sondag tydens oggend-eredienste terug besorg of by die kerkkantoor aflewer. Kerklidmate is volgens 'n beskikbaarheidsteekproef geselekteer. Daar is van veldwerkers afkomstig van die Universiteit van die Vrystaat gebruik maak waar die navorser nie self individuele gemeentes kon besoek nie.

Deelname aan die ondersoek het vrywillig en anoniem plaasgevind en respondente kon vraelyste anoniem in houers terug besorg. Alle vraelyste is as vertoulik beskou. Kerklidmate is tydens die oggend-eretienste, waartydens die vraelyste uitgedeel is, deur die leraar van die gemeente ingelig oor die inhoud, uitkoms en doel van die navorsing. Waar moontlik sal resultate aan die verskillende denominasies en individuele gemeentes beskikbaargestel word.

Die populasie, wat verwys na die totale groep elemente waarheen die navorser die bevindinge wil veralgemeen (Heiman, 2004), sluit kerklidmate van die Rooms-Katolieke Kerk, lede van die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie, wat bestaan uit die Nederduits-Gereformeerde Kerk in Afrika, Gereformeerde Kerk in Afrika en Verenigende Gereformeerde Kerk, asook die Gereformeerde kerk en die Christelike Herlewingskerk in. 'n Steekproef bestaande uit 1 052 kerklidmate afkomstig uit al nege provinsies in Suid-Afrika, is betrek. Hierdie nasionale studie het die volgende stede en dorpe ingesluit: Bloemfontein, Cradock, Durban, Ellisras, George, Gonubie, Johannesburg, Kimberley, Middelburg, Potchefstroom en Stellenbosch. In vyf streke is die hoofstede, wat die Vrystaat (Bloemfontein), KwaZulu-Natal (Durban), Gauteng (Johannesburg), Noord-Wes (Potchefstroom) en die Noord-Kaap (Kimberley) geselekteer. In die Oos-Kaap, Wes-Kaap, Limpopo en Mpumalanga is plattelandse dorpe in die steekproef ingesluit. Weens die grootte van hierdie plattelandse dorpe is daar in sommige gevalle van twee dorpe gebruik gemaak (Stellenbosch en George in die Wes-Kaap; Cradock en Gonubie in die Oos-Kaap).

Van die 4 500 vraelyste wat vir verspreiding aangebied is, is 1 052 ingevorder en gekodeer vir ontleding. Die totaal van 1 052 vraelyste het bestaan uit 326 (31%) van die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie, 311 (29%) van die Christelike Herlewingskerk, 217 (21%) van die Gereformeerde Kerk, asook 198 (19%) van die Rooms-Katolieke Kerk.

## 7.4 Meetinstrument

Na deeglike bestudering van beskikbare literatuur is drie hoofaspekte geïdentifiseer te wete lidmate se houding teenoor vroue in posisies van gesag in die algemeen, asook spesifiek in die gemeente-opset en die elemente waaruit hierdie houdings bestaan. Ten einde hierdie aspekte te meet is vrae saamgestel deur die navorser. Vier

afsonderlike loodstudies is uitgevoer onder studente van die Universiteit van die Vrystaat waarna die meetinstrument in ieder geval hersien is.

Ten einde die empiriese doelwitte te verwesentlik is gebruik gemaak van 'n gestruktureerde vraelys wat vervolgens onder die loep kom, tesame met die betroubaarheid en geldigheid daarvan.

### 7.4.1. Samestelling van die meetinstrument

Die meetinstrument het bestaan uit 'n biografiese vraelys, tesame met 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe vraelys.

#### 7.4.1.1 Biografiese vraelys

Die biografiese vraelys (sien Bylaag A), soos vervat in **Afdeling A**, bevat die volgende inligting wat deur die proefpersone voltooi moes word: geslag, huwelikstatus, ouderdom, hoogste akademiese kwalifikasie, maandelikse inkomste, gemeentlike betrokkenheid, huistaal, bevolkingsgroep, denominasie, asook godsdienstige oriëntasie. Vir doeleindes van hierdie artikel is slegs geografiese ligging, geslag, ouderdom en huwelikstatus statisties verwerk.

#### 7.4.1.2 Kwantitatiewe vraelys

'n Likert-tipe vraelys is aangewend om die verlangde data in te samel. Aangesien daar tans nie 'n meetinstrument is wat lidmate se houding teenoor vroulike ampsdaers meet nie, is een saamgestel deur die navorser, wat bestaan uit die volgende vier afdelings (sien Bylaag B): **Afdeling B** handel oor algemene vrae en bevat 10 stellings om die proefpersoon se houding teenoor vroue wat posisies van gesag beklee, te ondersoek. **Afdeling C**, bestaande uit 10 vrae, meet respondente se houding met betrekking tot vroue as ampsdraers in die gemeente met spesifieke verwysing na prediking. In **Afdeling D** word die respons wat die houding by die proefpersoon ontlok, gemeet ten einde te bepaal of die houding ooreenstem met reeds bestaande houdings. Hierdie afdeling is gebaseer op die kognitief-affektief-konatiewe model en behels 10 items, terwyl die insluiting van hierdie afdeling ooreenkomstig die kognitiewe dissonansieteorie geskoei was.

Vir elke item in die bogenoemde afdelings moes die proefpersoon op 'n vierpuntskaal aantoon in watter mate met die stelling saamgestem of verskil word. Waardes van vier tot een is aan elke responskategorie toegeken, waar vier daarop dui dat die proefpersoon in 'n baie groot mate saamstem met elke stelling. Indien die proefpersoon in 'n groot mate saamstem, word 'n drie gemerk. Dienooreenkomstig word 'n twee of 'n een gemerk indien die proefpersoon in 'n geringe mate saamstem of geensins saamstem nie.

Beide Afdeling B, asook Afdeling D bestaan uit vyf positief- en vyf negatief-geformuleerde vrae. Die negatief-geformuleerde items se skaalwaardes is omgedraai alvorens totale bereken is. Die maksimum-telling wat vir elke

afdeling behaal kon word, is 40 en die minimum-telling 10 met 'n teoretiese gemiddelde van 25. Waardes bokant 25 dui op 'n positiewe houding en waardes laer as 25 op 'n negatiewe houding. Vir die totale skaal is die maksimum-telling wat behaal kon word 120 en die minimum-telling 30, met 'n teoretiese gemiddelde van 75.

#### 7.4.1.3 Kwalitatiewe vraelys

Volgens Strauss en Corbin (1998) kan kwalitatiewe data bekom word deur middel van onder andere semi-gestruktureerde oop-einde vrae, onderhoude, waarneming, asook dokumentasie soos koerantberigte. Die kwalitatiewe data is bekom deur vyf semi-gestruktureerde oop vrae te stel waar daar van respondente verwag word om kommentaar te lewer. **Afdeling E** sluit onder andere vrae in soos: "*Wat dink u het Paulus bedoel toe hy die volgende in 1 Korintiërs 14: 34 gesê het: 'Julle vroue moet in die gemeente swyg, want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie,'* waarop daar van die respondent verwag word om hierdie stelling te verduidelik. Onderhoude is ook met sleutelrolspelers gevoer, tesame met die bestudering van koerantberigte.

Beide die ranglys– asook 'n rangordemetode is tydens die opstel van die vraelys aangewend. Die verskil in rangorde– en ranglysvrae behels dat by 'n ranglys-vraag daar van 'n respondent verwag word om verskillende items van 1 tot 'n spesifieke nommer te rangskik, terwyl by 'n rangordevraag die respondent se gevoel fluktueer op 'n kontinuum van 1 tot 4 in samehang met die responskategorieë (Reis & Judd, 2000). Afdeling B tot Afdeling D, wat altesaam uit 30 vrae bestaan, maak gebruik van 'n rangordemetode, terwyl daar in Afdeling E 'n ranglysvraag ingesluit is.

### 7.4.2 Psigometriese eienskappe

Ten einde die betroubaarheid van die houdingskale vas te stel, is Cronbach se alfakoëffisiënt toegepas. Die interne metingskonsekwentheid van die houdingskale, oftewel Cronbach se alfakoëffisiënt is hoogs betroubaar, met 'n gesamentlike koëffisiënt van 0,86. Tydens die loodsstudie wat onder studente van die Universiteit van die Vrystaat uitgevoer is, is die gesamentlike alfakoëffisiënt van al drie houdingskale op 0,831 bereken, wat op goeie betroubaarheid dui.

Om konstrukgeldigheid te toets, is 'n metode soortgelyk aan dié aangetoon in Raubenheimer (2004) gebruik. Die vereiste vir konstrukgeldigheid is dat die items in die betrokke skaal beide konvergente en divergente geldigheid moet toon. Elke individuele faktor moet dus uitsluitlik sy eie faktor aandui en nie tergelykertyd ander faktore aandui nie. Vervolgens is 'n tweefaktor-ontleding gedoen ten einde die drie subskale se gedigheid vas te stel. Die twee-faktor-ontleding het getoon dat 24 van die 30 items oor goeie konvergente en divergente geldigheid beskik.

### 7.5 Statistiese ontleding

Daar is van 'n meerveranderlike variansie-ontleding gebruik gemaak, en Cohen se d-toets is op die verkreë data uitgevoer. Meerveranderlike variansie-ontleding meet die interaktiewe en onafhanklike uitwerking van twee of meer onafhanklike veranderlikes op 'n aantal afhanklike veranderlikes. Die onafhanklike veranderlikes in hierdie ondersoek was geografiese ligging, geslag, huwelikstatus en ouderdom, terwyl die afhanklike veranderlikes houding teenoor vroulike ampsdraers, soos deur die drie subskale gemeet, verteenwoordig. Waar p-waardes aanduidend is van statistiese beduidendheid, is Cohen se d-toets toegepas om praktiese beduidendheid aan te toon. Die effekgrootte word aangedui deur "d" en riglynwaardes is soos volg (Aron & Aron, 1994): d = 0,2 dui op 'n klein effek; d = 0,5 op 'n matige effek; d = 0,8 op 'n groot effek.

Indien die F-waarde van die meerveranderlike variansie-ontleding beduidend is, kan enigeen van die *post hoc*-prosedures aangewend word om die bepaalde vergelykings wat wel beduidend van nul verskil, op te spoor. Daar is verskeie sulke prosedures beskikbaar, waarvan dié van Scheffé en die T-toets vir onafhanklike groepe wat slegs oor twee vlakke beskik, gebruik gaan word (Heiman, 2004).

Kwalitatiewe data wat bekom is met behulp van semi-gestruktureerde vrae is volgens die sosiaal-psigologiese diskoers-analitiese metode verwerk (Strauss & Corbin, 1998). Die sosiaal-psigologiese diskoers-analitiese metode behels dat respondente se eie menings aan hand van die sosiale psigologie, soos vervat in die literatuuroorsig, ontleed word. Diskoers manifesteer in literatuur, koerante, artikels, gesprekke, asook onderhoude en verwys na 'n stel menings, metafore, beelde, stories en verklarings wat in samehang 'n bepaalde weergawe van gebeure vorm, aldus Demasure en Müller (2006). Data, wat met behulp van die oop-items ingesamel is, is deur die navorser geïnterpreteer en deur twee onafhanklike professore hersien. Waarvan een 'n kenner op die gebied van kwalitatiewe navorsing is, terwyl die ander 'n kenner op die gebied van die sosiale psigologie is. Derhalwe is 'n tussenvertolkersbetroubaarheidstoets toegepas om te verseker dat die interpretase van die data betroubaar is (Du Plooy & Grobler, 2002).

## 8. RESULTATE

Gegewens van die ondersoekgroep is ontleed aan die hand van die voorgenoemde statistiese prosedures en word as volg uiteengesit:

### 8.1 Kwantitatiewe ontleding

In die voorafgaande afdeling is gepostuleer dat daar statisties-beduidende verskille tussen kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers voorkom en 'n aantal demografiese veranderlikes insluitende geografiese


ligging, geslag, ouderdom en huwelikstatus. Derhalwe word die volgende beskrywende statistieke weergegee. In Tabel 1 word datagegewens aangaande die geografiese ligging van die respondente aangetoon in terme van die frekwensie, presentasies, gemiddeldes en standaardafwykings vir die stad en platteland.

**Tabel 1: Frekwensies, presentasies, gemiddeldes en standaardafwykings vir die stad en platteland ten opsigte van houding teenoor vroulike ampsdraers**

| Geografiese Ligging | N | % | | Subskale | | | Totale Skaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Subskaal B | Subskaal C | Subskaal D | |
| **Stad** | 473 | 45,13 | $\bar{X}$ | 29,76 | 27,04 | 29,63 | 86,44 |
| | | | s. | 4,30 | 3,74 | 5,00 | 10,23 |
| **Platteland** | 575 | 54,87 | $\bar{X}$ | 29,44 | 26,95 | 29,42 | 85,81 |
| | | | s. | 4,41 | 4,32 | 5,11 | 11,20 |
| **Totaal** | 1048 | 100 | $\bar{X}$ | 29,59 | 26,99 | 29,52 | 86,09 |
| | | | s. | 4,36 | 4,07 | 5,06 | 10,77 |

Volgens Tabel 1 was die gemiddelde telling vir die gesamentlike groep 86,09 (s = 10,77), terwyl die teoretiese gemiddeld 75 is. Hiervolgens het die groep as geheel 'n positiewe houding teenoor vroulike ampsdraers in die kerk. Diegene wat in stedelike gebiede woonagtig (N = 431) was, het 'n hoër gemiddelde telling behaal as die plattelandse respondente (N = 575). Eersgenoemde se gemiddelde telling was 86,44 (s = 10,23) en laasgenoemde se gemiddelde telling was 85,81 (s = 11,20).

In Figuur 1 word die streeksgewyse verspreiding van respondente grafies geïllustreer, terwyl daar in Tabel 2 aandag geskenk word aan die frekwensies, persentasies, gemiddeldes en standaardafwykings vir die verskillende streke.




**Figuur 1: Staafdiagram van respondente se streeksgewyse verspreiding**

Wanneer daar na die streeksverspreiding van die respondente se frekwensies gekyk word (Figuur 1), blyk dit dat die meerderheid respondente van die Vrystaat afkomstig was (N = 179). Die oorblywende respondente is redelik eweredig verprei met 146 respondente van Gauteng, 134 van KwaZulu-Natal, 110 van Mpumalanga, 108 van die Noord-Kaap, 97 van Limpopo, 96 van die Oos-Kaap, 90 van die Wes-Kaap en 88 van Noord-Wes.

**Tabel 2: Frekwensies, presentasies, gemiddeldes en standaardafwykings vir geografiese ligging ten opsigte van houding teenoor vroulike ampsdaers**

| Streek | N | % | | Subskale | | | Totale Skaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Subskaal B | Subskaal C | Subskaal D | |
| **Kwazulu–Natal** | 134 | 12,79 | $\bar{X}$ | 30,10 | 27,52 | 30,19 | 87,81 |
| | | | s. | 3,80 | 3,77 | 4,62 | 9,11 |
| **Vrystaat** | 179 | 17,08 | $\bar{X}$ | 30,60 | 27,30 | 30,66 | 88,56 |
| | | | s. | 4,10 | 3,76 | 4,39 | 9,38 |
| **Noord-Wes** | 88 | 8,40 | $\bar{X}$ | 30,07 | 27,44 | 29,57 | 87,08 |
| | | | s. | 4,35 | 3,60 | 5,43 | 10,87 |
| **Gauteng** | 146 | 13,93 | $\bar{X}$ | 28,99 | 26,53 | 28,23 | 83,75 |
| | | | s. | 4,56 | 3,65 | 5,73 | 11,39 |
| **Oos-Kaap** | 96 | 9,16 | $\bar{X}$ | 29,43 | 27,54 | 29,84 | 86,81 |
| | | | s. | 4,77 | 5,18 | 5,22 | 12,48 |
| **Wes-Kaap** | 90 | 8,59 | $\bar{X}$ | 29,07 | 26,81 | 27,73 | 83,61 |
| | | | s. | 3,98 | 3,49 | 4,78 | 8,67 |
| **Noord-Kaap** | 108 | 10,31 | $\bar{X}$ | 28,82 | 26,15 | 28,98 | 83,94 |
| | | | s. | 4,66 | 4,76 | 4,89 | 11,23 |
| **Limpopo** | 97 | 9,26 | $\bar{X}$ | 28,86 | 26,57 | 29,64 | 85,06 |
| | | | s. | 4,21 | 3,73 | 4,87 | 10,89 |
| **Mpumalanga** | 110 | 10,50 | $\bar{X}$ | 29,66 | 26,96 | 30,10 | 86,72 |
| | | | s. | 4,61 | 4,51 | 5,10 | 12,02 |
| **Totale Groep** | 1048 | 100 | $\bar{X}$ | 29,59 | 26,99 | 29,52 | 86,09 |
| | | | s. | 4,36 | 4,07 | 5,06 | 10,77 |

Volgens Tabel 2 was die gesamentlike groep se gemiddelde telling 86,09 (s = 10,77), terwyl die teoretiese gemiddeld 75 is. Dus was die groep as geheel positief teenoor vroulike ampsdraers. Die Vrystaat het die hoogste gemiddelde telling ($\bar{X}$ = 88,56; s = 9,38) getoon, gevolg deur KwaZulu-Natal ($\bar{X}$ = 87,81; s = 9,11). Voorts was dit Noord-Wes ($\bar{X}$ = 87,08; s = 10,87), waarna die Oos-Kaap gevolg het ($\bar{X}$ = 86,81; s = 12,48). Mpumalanga het gevolg ($\bar{X}$ = 86,72; s = 12,02) en daarna Limpopo ($\bar{X}$ = 85,06; s = 10,89). Voorts was die Noord-Kaap se gemiddelde telling 83,94 (s = 11,23), gevolg deur Gauteng ($\bar{X}$ = 83,75; s = 11,39). Die Wes-Kaap het die laagste gemiddelde telling behaal ($\bar{X}$ = 83,61; s=8,67).


In Tabel 3 word inligting aangaande die huwelikstatus van die respondente getoon in terme van frekwensies, persentasies, gemiddeldes en standaardafwykings.

**Tabel 3: Frekwensies, presentasies, gemiddeldes en standaardafwykings van huwelikstatus ten opsigte van houding teenoor vroulike ampsdraers**

| Huwelikstatus | N | % | | Subskale | | | Totale skaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Afdeling B | Afdeling C | Afdeling D | |
| **Getroud** | 289 | 27,55 | $\bar{X}$ | 29,64 | 26,79 | 29,57 | 86,00 |
| | | | s. | 4,44 | 4,42 | 5,78 | 11,67 |
| **Ongetroud** | 638 | 60,82 | $\bar{X}$ | 29,68 | 27,17 | 29,61 | 86,45 |
| | | | s. | 4,39 | 4,03 | 4,84 | 10,69 |
| **Geskei** | 69 | 6,58 | $\bar{X}$ | 29,77 | 26,86 | 29,09 | 85,71 |
| | | | s. | 4,12 | 3,67 | 4,32 | 9,55 |
| **Weduwee / Wewenaar** | 53 | 5,05 | $\bar{X}$ | 28,28 | 26,51 | 28,57 | 83,36 |
| | | | s. | 3,95 | 3,20 | 4,65 | 8,93 |
| **Totaal** | 1049 | 100 | $\bar{X}$ | 29,60 | 27,01 | 29,51 | 86,12 |
| | | | s. | 4,37 | 4,08 | 5,08 | 10,83 |

Volgens Tabel 3 was die oorgrote meerderheid respondente ongetroud (N = 638; 60,8%), in teenstelling met diegene wat getroud (N = 289; 27,6%), geskei (N = 69; 6,6%) of 'n weduwee/wewenaar (N = 53; 5%) was. Die gesamentlike gemiddelde telling was 86,12 (s = 10,83), terwyl die teoretiese gemiddeld 75 is. Derhalwe was die groep positief ingesteld teenoor vroulike ampsdraers. Die ongetroude respondente het die hoogste gemiddelde telling behaal ($\bar{X}$ = 86,45; s = 10,69), gevolg deur die getroude respondente met 'n gemiddelde telling van 86,00 (s = 11,67). Die geskeide respondente se gemiddelde telling was 85,71 (s = 9,55). Die weduwees of wewenaars se gemiddelde telling was die laagste met 83,36 (s = 8,93).

In Figuur 2 word gegewens aangaande die geslag van respondente aangetoon. Die frekwensies, persentasies, gemiddeldes en standaardafwykings vir die verskillende geslagte word in Tabel 4 uiteengesit.




**Figuur 2: Grafiese voorstelling van respondente se geslag**

Volgens Figuur 2, het 639 (61%) vroulike respondente en 413 (39%) manlike respondente aan die ondersoek deelgeneem.

**Tabel 4: Frekwensies, presentasies, gemiddeldes en standaardafwykings van geslag ten opsigte van houding teenoor vroulike ampsdraers**

| Geslag | N | % | | Subskale | | | Totale skaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Afdeling B | Afdeling C | Afdeling D | |
| **Manlik** | 413 | 39,26 | $\bar{X}$ | 28,38 | 26,81 | 28,30 | 83,49 |
| | | | s. | 4,60 | 4,60 | 5,45 | 12,15 |
| **Vroulik** | 639 | 60,74 | $\bar{X}$ | 30,39 | 27,12 | 30,30 | 87,81 |
| | | | s. | 4,02 | 3,70 | 4,66 | 9,50 |
| **Totaal** | 1052 | 100 | $\bar{X}$ | 29,60 | 27,00 | 29,52 | 86,11 |
| | | | s. | 4,37 | 4,08 | 5,08 | 10,82 |

Volgens Tabel 4, was die groep as geheel se gemiddelde telling 86,11 (s = 10,82), terwyl die teoretiese gemiddeld 75 is. Die groep as geheel is dus positief gesind teenoor vroulike ampsdraers. Die vroulike respondente se gemiddelde telling was heelwat hoër as dié van die manlike respondente. Eergenoemde groep se gemiddelde telling was 87,81 (s = 9.50), terwyl laasgenoemde groep se gemiddelde telling 83,49 (s = 12,15) was.

Voorts word in Tabel 5 aandag geskenk aan respondente se ouderdomgegewens.

**Tabel 5: Frekwensies, presentasies, gemiddeldes en standaardafwykings van die ouderdomsgroepe ten opsigte van houding teenoor vroulike ampsdraers**

| Ouderdom | N | % | | Subskale | | | Totale skaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Subskaal B | Subskaal C | Subskaal D | |
| **Jonger as 19** | 276 | 26,26 | $\bar{X}$ | 30,15 | 27,53 | 30,16 | 87,83 |
| | | | s. | 4,41 | 3,84 | 4,84 | 10,59 |
| **20 – 39** | 390 | 37,11 | $\bar{X}$ | 29,16 | 26,83 | 29,35 | 85,34 |
| | | | s. | 4,35 | 4,38 | 4,80 | 10,59 |
| **40 – 59** | 258 | 24,55 | $\bar{X}$ | 29,60 | 26,83 | 29,44 | 85,87 |
| | | | s. | 4,40 | 4,11 | 5,58 | 11,51 |
| **60 +** | 127 | 12,08 | $\bar{X}$ | 29,72 | 26,70 | 28,80 | 85,23 |
| | | | s. | 4,19 | 3,51 | 5,27 | 10,31 |
| **Totaal** | 1051 | 100 | $\bar{X}$ | 29,60 | 27,00 | 29,52 | 86,11 |
| | | | s. | 4,37 | 4,08 | 5,08 | 10,83 |

Respondente was in vier ouderdomskategorieë ingedeel, naamlik jonger as 19, 20 – 39 jaar, 40 – 59 jaar, en 60 jaar en ouer. In die tweede kategorie was daar 390 respondente. In die eerste en derde kategorieë was daar onderskeidelik 276 en 258, terwyl daar 127 respondente in die laaste kategorie was (sien Tabel 5). Die groep se gesamentlike gemiddelde telling was 86,11 (s = 10,83), terwyl die teoretiese gemiddeld 75 is. Dus is die groep as

geheel weereens positief teenoor vroulike ampsdraers. Respondente wat jonger as 19 was het die hoogste gemiddelde telling verkry ($\bar{X}$= 87,83; s = 10,59), gevolg deur diegene tussen 40 – 59 ($\bar{X}$= 85,87; s = 11,51). Diegene wat 60 jaar en ouer was het die laagste gemiddelde telling ($\bar{X}$= 85,23; s = 10,31) gehad, voorgegaan deur diegene tussen 20 – 39 ($\bar{X}$= 85,34; s = 10,59).

Die meerveranderlike variansie-ontleding wat uitgevoer is ten einde dié navorsingshipotese te toets, se resultate word in Tabel 6 uiteengesit.

**Tabel 6: Meerveranderlike variansie-ontleding vir die toets van hoofeffekte**

| | | | **Som van kwadrate** | **Vg** | **Kwadraat-gemiddeldes** | **F** | **p.** | **d.** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Houding soos gemeet deur Subskaal B** | **Hoof-effekte** | **Ligging** | 29.115 | 1 | 29.115 | 1.753 | .186 | .262 |
| | | **Streek** | 770.234 | 8 | 96.279 | 5.798 | .000** | 1.00 |
| | | **Huwelikstatus** | 254.670 | 3 | 84.890 | 5.112 | .002** | .922 |
| | | **Geslag** | 1055.685 | 1 | 1055.685 | 63.577 | .000** | 1.00 |
| | | **Ouderdom** | 113.057 | 3 | 37.686 | 2.270 | .079 | .574 |
| | **Model** | | 5464.602 | 173 | 31.587 | 1.902 | .000 | 1.00 |
| | **Residueel** | | 14446.114 | 870 | 16.605 | | | |
| **Houding soos gemeet deur Subskaal C** | **Hoof-effekte** | **Ligging** | 3.461 | 1 | 3.461 | .220 | .639 | .075 |
| | | **Streek** | 338.327 | 8 | 42.291 | 2.684 | .006** | .934 |
| | | **Huwelikstatus** | 50.309 | 3 | 16.770 | 1.064 | .363 | .290 |
| | | **Geslag** | 25.073 | 1 | 25.073 | 1.591 | .208 | .243 |
| | | **Ouderdom** | 45.406 | 3 | 15.135 | .960 | .411 | .264 |
| | **Model** | | 3559.642 | 173 | 20.576 | 1.306 | .009 | 1.00 |
| | **Residueel** | | 13710.354 | 870 | 15.759 | | | |
| **Houding soos gemeet deur Subskaal D** | **Hoof-effekte** | **Ligging** | 9.935 | 1 | 9.935 | .454 | .501 | .103 |
| | | **Streek** | 1085.097 | 8 | 135.637 | 6.193 | .000** | 1.00 |
| | | **Huwelikstatus** | 197.158 | 3 | 65.719 | 3.000 | .030* | .709 |
| | | **Geslag** | 1075.628 | 1 | 1075.628 | 49.108 | .000** | 1.00 |
| | | **Ouderdom** | 89.643 | 3 | 29.881 | 1.364 | .252 | .365 |
| | **Model** | | 7661.121 | 173 | 44.284 | 2.022 | .000 | 1.00 |
| | **Residueel** | | 19055.717 | 870 | 21.903 | | | |
| **Houding soos gemeet deur Totale Skaal** | **Hoof-effekte** | **Ligging** | 108.329 | 1 | 108.329 | 1.100 | .295 | .182 |
| | | **Streek** | 5432.033 | 8 | 679.004 | 6.894 | .000** | 1.00 |
| | | **Huwelikstatus** | 1065.520 | 3 | 355.173 | 3.606 | .013* | .795 |
| | | **Geslag** | 4941.435 | 1 | 4941.435 | 50.168 | .000** | 1.00 |
| | | **Ouderdom** | 446.628 | 3 | 148.876 | 1.511 | .210 | .401 |
| | **Model** | | 35624.164 | 173 | 205.920 | 2.091 | .000 | 1.00 |
| | **Residueel** | | 85693.476 | 870 | 98.498 | | | |

*** p ≤ 0,05;**
**** p ≤ 0,01**

Soos blyk uit Tabel 6, is daar drie veranderlikes van Subskaal B wat op die 1%-peil statisties-beduidend was, te wete streek, huwelikstatus en geslag. Subskaal B het gehandel oor respondente se houding teenoor vroue in posisies van gesag in die algemeen. Ten opsigte van subskaal C, wat gehandel het oor vroue in die amp met spesifieke verwysing na prediking, was slegs streek op die 1%-peil beduidend. Wat betref subskaal D, wat betrekking het op houding teenoor vroulike ampsdraers soos gemeet deur 10 kognitief-affektief-konatiewe stellings, was slegs streek en geslag op die 1%-peil statisties-beduidend, terwyl huwelikstatus op die 5%-peil beduidend was. Vir die totale vraelys was streek en geslag weereens op die 1%-peil statisties-beduidend, terwyl huwelikstatus op die 5%-peil beduidend gemeet het.

Cohen se d-toets is aangewend wat ten doel het om verkreë verskille tussen die verskillende vlakke van die onafhanklike veranderlikes te vergelyk met riglynwaardes ten einde die omvang van die verskille vas te stel. Op grond waarvan die praktiese belang bepaal word om sodoende vas te stel of die verskille verdere ondersoek noodsaak (Koen, 2008). Cohen stel dat 'n d-waarde van 0,8 groot praktiese beduidenheid het (Aron & Aron, 1994). Volgens Tabel 6 het streek, huwelikstatus, asook geslag, soos gemeet deur Subskaal B, groot praktiese beduidenheid terwyl ouderdom oor matige praktiese beduidenheid beskik. Slegs streek het 'n beduidende praktiese effek ingevolge subskaal C, terwyl streek en geslag 'n beduidende praktiese effek op subskaal D behaal het. Huwelikstatus het egter 'n matige praktiese effek op subskaal D. Na aanleiding van die riglynwaardes blyk dit dus dat streek, geslag en huwelikstatus beduidende praktiese effekgroottes vir die totale skaal toon.

Aangesien min of meer dieselfde veranderlikes beduidend was met die verskillende subskale, is die post-hoc ontledings nie per skaal gedoen nie, maar per onafhanklike veranderlike. Die onafhanklike veranderlike, streek, het 36 vergelykings vir elk van die subskale, terwyl vir die totale vraelys net drie vergelykings beduidend was, soos in Tabel 7 aangedui.

**Tabel 7: Scheffé-toetsresultate vir verskille tussen gemiddeldes vir streek**

| Skaal | Streek | $\bar{X}$ | Verskil | Std fout | p. |
|---|---|---|---|---|---|
| Subskaal D | Vrystaat | 30.66 | 2.43 | .524 | .006 |
| | Gauteng | 28.23 | | | |
| | Vrystaat | 30.66 | 2.92 | .606 | .003 |
| | Wes-Kaap | 27.73 | | | |
| Totale Skaal | Vrystaat | 88.56 | 4.91 | 1.112 | .013 |
| | Gauteng | 83.75 | | | |

Uit Tabel 7 is dit duidelik dat respondente van die Vrystaat beduidend hoër tellings as respondente uit Gauteng gehad het op subskaal D, sowel as op die totale vraelys. So ook het die Vrystaatse respondente hoër tellings as respondente van die Wes-Kaap gehad op subskaal D.

Ten spyte van die statisties-beduidende verskille vir huwelikstatus (sien Tabel 6), het geeneen van die onderskeie Scheffé-toetsresultate beduidende verskille op enige van die subskale uitgewys nie.

Aangesien die onafhanklike veranderlike, geslag, slegs twee kategorieë bevat, is t-toetse op elk van die subskale uitgevoer om die verskille tussen die gemiddeldes vir die manlike en vroulike respondente te toets, soos aangedui in Tabel 8.

**Tabel 8: T-toetsresultate vir verskille tussen gemiddeldes vir geslag**

| Skaal | Groep | $\bar{X}$ | Verskil | Std fout | T | vg | p. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Subskaal B** | Manlik | 28.38 | -2.011 | 0.277 | -7.269 | 794.468 | 0.000 |
| | Vroulik | 30.39 | | | | | |
| **Subskaal C** | Manlik | 26.81 | -0.315 | 0.27 | -1.168 | 744.696 | 0.243 |
| | Vroulik | 27.12 | | | | | |
| **Subskaal D** | Manlik | 28.30 | -1.999 | 0.325 | -6.145 | 781.261 | 0.000 |
| | Vroulik | 29.52 | | | | | |
| **Totale Skaal** | Manlik | 83.49 | -4.326 | 0.706 | -6.127 | 728.485 | 0.000 |
| | Vroulik | 87.81 | | | | | |


Uit Tabel 8 blyk dit dat mans se gemiddelde tellings beduidend laer as vroue s'n op beide subskaal B en subskaal D, asook die totale vraelys was. Vervolgens word die resultate van die kwalitatiewe gegewens bespreek.

## 8.2 Kwalitatiewe element

In hierdie afdeling word aandag geskenk aan oop-einde vrae ten einde 'n kwalitatiewe element aan die studie te verleen. Die doelwit van die kwalitatiewe element was om, as deel van 'n eksploratiewe benadering, aan respondente se persoonlike menings 'n spesiale plek te voorsien en so ook 'n groter verskeidenheid van response te verkry. Weens die omvang van die ondersoekgroep was die ontleding daarop gerig om die mees algemene kategorieë van menings te identifiseer en dan te kwantifiseer. Die responskategorieë is derhalwe kwantitatief hanteer deur na frekwensies van menings binne die verskillende kategorieë te kyk. Let daarop dat daar slegs melding gemaak word van dié menings wat die meeste voorgekom het, derhalwe sluit dit uit die aard van die saak nie al die respondente se menings in nie. Die waarde van hierdie benadering lê gedeeltelik in die vryheid wat aan respondente gegee is om hul eie menings te lug. Tesame hiermee lewer dit ook 'n bydrae om die geldigheid van bevindinge te verhoog wanneer die resultate van beide geslote en oop-einde vrae in ag geneem word. Van die 1052 vraelyste wat vir kodering aangebied is, het 821 respondente deelgeneem aan die kwalitatiewe afdeling van die navorsingstudie wat 78,04% van die totale steekproef uitmaak. Weens die groot

hoeveelheid data wat beskikbaar was, het die navorser slegs op die resultate van enkele vrae in hierdie artikel gefokus.

In Vraag 1 is daar van respondente verwag om kommentaar te lewer op die volgende Skrifgedeelte: 'In Galasiërs 3: 28 sê Paulus die volgende: "*Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie, want julle is almal een in Christus Jesus.*" Hoewel Vraag 1 'n oop-einde vraag verteenwoordig, is Vraag 1 so geformuleer dat daar slegs 3 responskategorieë is, naamlik: *stem saam*, *stem nie saam nie* en *onseker*. Die resultate van die 733 respondente wat Vraag 1 voltooi het, word weergegee in Figuur 1.




**Figuur 3: Staafdiagram vir respondente se response op Vraag 1**

Figuur 1 toon dat 474 (64%) respondente saamgestem het met die bovermelde stelling. So ook het 233 (32%) respondente nie saamgestem nie, terwyl 26 (4%) respondente onseker was. Rees (2003) het dieselfde vraag aan 'n groep leraars gestel en bevind dat 25% van mening was dat gelykheid tussen geslagte verband hou met Galasiërs 3:28, terwyl die oorblywende 75% hierdie Skrifgedeelte in verband gebring het met geestelike gelykheid as 'n resultaat van die verlossingsdaad van Jesus Christus.

Verdere ontleding van die data het die volgende opgelewer:

Tabel 9 bevat die resultate van die 733 respondente wat Vraag 1 voltooi het.

**Tabel 9: Frekwensies met betrekking tot die demografiese veranderlikes soos van toepassing op Vraag 1**

| Veranderlikes | Positiewe kommentaar | | Negatiewe kommentaar | | Onseker | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| **Geografiese ligging:** | | | | | | | | |
| ▪ Stad | 198 | 27,01% | 92 | 12,55% | 12 | 1,63% | 302 | 41,20% |
| ▪ Dorp | 276 | 37,65% | 141 | 19,23% | 14 | 1,90% | 431 | 58,80% |
| ▪ Streek | | | | | | | | |
| KwaZulu-Natal | 67 | 9,14% | 32 | 4,36% | 1 | 0,13% | 100 | 13,64% |
| Vrystaat | 69 | 9,41% | 26 | 3,54% | 4 | 0,54% | 99 | 13,50% |
| Noordwes | 46 | 6,27% | 13 | 1,77% | 2 | 0,27% | 61 | 8,32% |
| Gauteng | 52 | 7,09% | 27 | 3,68% | 7 | 0,95% | 86 | 11,73% |
| Oos-Kaap | 46 | 6,27% | 24 | 3,27% | 4 | 0,54% | 74 | 10,09% |
| Wes-Kaap | 42 | 5,72% | 25 | 3,41% | 2 | 0,27% | 69 | 9,41% |
| Noord-Kaap | 57 | 7,77% | 33 | 4,50% | 1 | 0,13% | 91 | 12,41% |
| Limpopo | 47 | 6,41% | 20 | 2,72% | 2 | 0,27% | 69 | 9,41% |
| Mpumalanga | 48 | 6,54% | 33 | 4,50% | 3 | 0,40% | 84 | 11,45% |
| **Geslag:** | | | | | | | | |
| ▪ Manlik | 154 | 21,00% | 108 | 14,73% | 4 | 0,54% | 266 | 36,28% |
| ▪ Vroulik | 320 | 43,65% | 125 | 17,05% | 22 | 3,00% | 467 | 63,72% |
| **Huwelikstatus:** | | | | | | | | |
| ▪ Getroud | 116 | 15,82% | 88 | 12,00% | 4 | 0,54% | 208 | 28,37% |
| ▪ Ongetroud | 316 | 43,11% | 120 | 16,37% | 17 | 2,31% | 453 | 61,80% |
| ▪ Geskei | 23 | 3,13% | 11 | 1,50% | 4 | 0,54% | 38 | 5,18% |
| ▪ Weduwee/Wewenaar | 19 | 2,59% | 14 | 1,90% | 1 | 0,13% | 34 | 4,63% |
| **Ouderdom:** | | | | | | | | |
| ▪ Jonger as 19 | 136 | 18,55% | 43 | 5,86% | 9 | 1,22% | 188 | 25,64% |
| ▪ 20 – 39 | 199 | 27,14% | 82 | 11,18% | 9 | 1,22% | 290 | 39,56% |
| ▪ 40 – 59 | 92 | 12,55% | 67 | 9,14% | 5 | 0,68% | 164 | 22,37% |
| ▪ 60+ | 47 | 6,41% | 41 | 5,59% | 3 | 0,40% | 91 | 12,41% |

Wat geografiese ligging betref, was 37,65% (N = 276) van diegene wat 'n positiewe mening gelug het, woonagtig op die platteland teenoor 27,01% (N = 198) wat in stedelike gebiede gevind kon word. Daar is ook gevind dat 19,23% (N = 141) van respondente wat negatief op Vraag 1 gerespondeer het dorpenaars was en 12,55% (N = 92) stadsbewoners. Van diegene wat onseker was, is 1,90% (N = 14) nie stedelinge en 1,63% (N = 12) was wel. Diegene wat positiewe kommentaar gelewer het, het bestaan uit 69 respondente wat van die Vrystaat gekom het, 67 van KwaZulu-Natal, 57 van Noord-Kaap, 52 van Gauteng, 48 van Mpumalanda, 47 van Limpopo, 46 van die Oos-Kaap, 46 van Noord-Wes en 42 van die Wes-Kaap. Hierteenoor het 33 van Mpumalanga 'n negatiewe repons gelewer, tesame met 33 respondente van die Noord-Kaap, 32 van KwaZulu-Natal, 27 van Gauteng, 26 van die Vrystaat, 25 van die Wes-Kaap, 24 van die Oos-Kaap, 20 van Limpopo en 13 van Noord-Wes. Van diegene wat onseker was, was 7 afkomstig van Gauteng, 4 van die Vrystaat, 4 van die Oos-Kaap, 3 van

Mpumalanga, 2 van die Wes-Kaap, 2 van Noord-Wes, 2 van Limpopo, 1 van KwaZulu-Natal en 1 van die Noord-Kaap.

Voorts het 320 vroulike en 154 manlike respondente dié Skrifvers in verband gebring word met die tersydestelling van geslag, 125 vroulike en 108 manlike respondente het die mening getoon dat Gal 3:28 geensins in verband gebring kan word met enige noemenswaardige ampte nie, terwyl 22 vroulike en 4 manlike respondente onseker was. Met betrekking tot huwelikstatus het 316 ongetroude respondente, 116 getroude respondente, 23 geskeide respondente, asook 19 weduwees of wewenaars Gal 3:28 in verband gebring met gelykstelling van geslagte. Hierteenoor het 120 ongetroude, 88 getroude en 14 respondente wat ‘n eggenoot aan die dood afgestaan het, tesame met 11 geskeide respondente, geen verband gevind nie. Diegene wat onseker was, sluit in 17 ongetroudes, 4 getroudes, 4 geskeides en een weduwee of wewenaar. Diegene wat positief gereageer het op Vraag 1 is saamgestel uit 199 respondente tussen 20 en 39, 136 respondente wat jonger as 19-jarige ouderdom was, 92 tussen 40 en 59 en laastens 47 wat 60 jaar of ouer was; dus bejaardes. Diegene wat negatief gerespondeer het, het bestaan uit 82 jong volwassenes (20–39), 67 middeljariges (40–59), 43 tienderjariges (0-19) en 41 bejaardes. Soortgelyke was 9 tieners, 9 jong volwassenes, 5 middeljarige persone en 3 bejaardes onseker oor die genoemde Skrifgedeelte.

Na die bestudering van die datagegewens is hooftemas geïdentifiseer wat weens die grootte van die steekproef nie al die respondente insluit nie. Hierdie gegewens word saamgevat in Tabel 10.

**Tabel 10: Frekwensies vir die hooftemas soos van toepassing op Vraag 1**

| **Kommentaar** | **N** | **%** |
|---|---|---|
| By God is daar geen aansiens des persoon nie, almal is gelyk voor God. | 223 | 30,42% |
| Beklemtoon eenheid in Jesus Christus | 88 | 12,00% |
| Die aangehaalde Skrifgedeelte moet binne die konteks van die hele hoofstuk gesien word. | 35 | 4,77% |
| Almal is gelyk voor God, maar elkeen het ’n verskillende funksie in die liggaam van Christus. | 15 | 2,05% |
| Man is die hoof van die kerk so ook van die gesin. | 13 | 1,77% |
| Diverse response wat nie in die hoofkategorieë gegroepeer kon word nie. | 359 | 48,97% |

Die oorgrote meerderheid respondente (N = 223; 30,42%) was die mening toegedaan dat almal voor God gelyk is en derhalwe behoort daar geen onderskeid te wees ten opsigte van geslag nie. Net so het 88 (12%) respondente gevoel almal is een in Christus, met 35 (4,77%) respondente wat van mening was dat die Skrifgedeelte nie binne konteks enige verwysing toon na die verdeling van ampte nie. Hoewel 15 (2,05%) respondente wel die mening toon dat almal gelyk is, moet daar ook ’n onderskeid getref word, aangesien nie elkeen dieselfde genadegawe ontvang het nie en dus gaan dit nie soseer oor geslag as basis vir onderskeid nie, maar eerder roeping en geestelike gawes. ’n Verdere 13 (1,77%) respondente was van mening dat die

geestelike familie 'n uitbreiding is van die kernfamilie en derhalwe is die man die hoof. Die oorblywende respondente se response kon nie in die genoemde primêre kategorieë gegroepeer word nie.

Vraag 5 het behels dat respondente hul persoonlike mening aangaande die kwessie rondom vroulike ampsdraers moet lug. Altesaam 621 respondente het deelgeneem en die hooftemas wat geïdentifiseer kon word, is saamgevat in Tabel 11.

**Tabel 11: Strekking van kommentaar met betrekking tot respondente se persoonlike mening aangaande vroulike ampsdraers**

| Kommentaar | N | % |
|---|---|---|
| Almal is gelyk voor die genadetroon, derhalwe behoort geslag nie 'n onderskeidende funksie te vervul nie, maar die verskillende geslagte moet mekaar eerder aanvul. | 121 | 19,48% |
| Vroue is net so bevoeg soos hul manlike eweknieë en moet die geleentheid gebied word om hulself te bewys. | 60 | 9,66% |
| God en sy Woord moet eerste prioriteit geniet (gaan oor die Boodskap en nie die boodskapper nie). | 77 | 12,40% |
| Vroue in ampte sal volgens my persoonlike mening aanvaarbaar wees | 46 | 7,41% |
| Persoonlik verkies ek 'n manlike leraar. | 35 | 5,63% |
| Skriftuurlik is die man eerstens verantwoordelik teenoor God en sodanige gesagstruktuur moet eerbiedig word, derhalwe is 'n vrou se plig by haar eggenoot en gesin. | 32 | 5,15% |
| Diverse response wat nie in die genoemde kategorieë gegroepeer kon word nie. | 250 | 40,25% |

Soos gesien kan word in Tabel 11 het die oorgrote meerderheid (N = 121; 19,48%) van respondente gevoel dat almal gelyk is voor die genadetroon, derhalwe behoort geslag nie 'n onderskeidende funksie te vervul nie, maar die geslagte moet mekaar eerder aanvul. 'n Verdere 60 (9,66%) respondente was van mening dat vroue net so bevoeg is soos hul manlike eweknieë en die geleentheid gebied moet word om hulself te bewys. Tesame hiermee het 77 (12,40%) van die respondente God en sy Woord as primêr beskou, terwyl 46 (7,41%) respondente aangetoon het dat vroulike ampsdraers vir hul persoonlik aanvaarbaar sou wees. 'n Klein minderheid respondente (N = 35; 5,63%) het aangedui dat hulle persoonlik 'n manlike leraar verkies. Enkele respondente (N = 32; 5,15%) het tot die gevolgtrekking gekom dat Skriftuurlik is die man eerste verantwoordelik teenoor God en sodanige gesagstruktuur moet eerbieding word, derhalwe is 'n vrou se plig by haar eggenoot en gesin. Nie alle response (N = 250; 40,25%) kon in die hoofkategorieë gegroepeer word nie.

Ten einde die waardetoevoeging van die oop-einde vrae te bevorder, word aandag geskenk aan enkele persoonlike menings van respondente wat die menslike element in sy verskeidenheid van nuanses kan verbeeld. Hierdie menings is die vrug van die minderheidskategorieë en is derhalwe nie deel van die genoemde hooftemas nie. Aangesien daar in die vorige vrae pertinent 'n vraag gestel is of 'n Skrifgedeelte as verwysing gebied is, kan

dit gesien word as leidend en is die response nie noodwendig deel van die respondent se verwysingsraamwerk of houdingsisteme nie. Hierdie toedrag van sake is egter nie van toepassing op Vraag 5 en 6 nie, derhalwe kan dit waarde toevoeg om interpretatief en krities na enkele response te kyk. Die persoonlike menings van respondente, asook verdere opmerkings is aan die hand van 'n sosiaal-psigologiese diskoers-analitiese metode verwerk gebaseer op literatuur soos vervat in die literatuuroorsig.

### 8.2.1 Persoonlike menings

Van die opinies wat uitgespreek is, was as volg: Een proefpersoon het vermeld dat: "***Ek hou meer van mans-leraars net omdat hul stem harder is en die boodskap meer deurkom."*** In die literatuuroorsig is verwys na stereotipering wat die kognitiewe dimensie van 'n negatiewe houding verteenwoordig en wat bestaan uit 'n kognitiewe proses waar spesifieke gedragseienskappe toegeken word aan 'n individu gebaseer op sy of haar lidmaatskap aan 'n bepaalde groep (Baker, 2000). Hierdie proefpersoon baseer sy of haar mening op grond van die kognitiewe oortuiging dat vroue se stem sag is en derhalwe kom die boodskap nie so goed deur soos wat die geval is by manlike leraars nie. Die evaluering van 'n vroulike ampsdraer, spesifiek leraar, word dus gebaseer op karaktereienskappe wat toegeken word aan die vroulike leraar op grond van haar lidmaatskap aan 'n bepaalde groep. Dienooreenkomstig het 'n Engelssprekende respondent vermeld: **"*Women can't make it.*"** Vooroordeel, wat die affektiewe dimensie van 'n negatiewe houding verteenwoordig, verwys na houdingsgebaseerde partydigheid en behels om iemand vooraf te oordeel gebaseer op 'n bepaalde kenmerk (Baker, 2000). Hierdie proefpersoon oordeel vooraf dat vroulike leraars dit nie sal maak nie weens 'n bepaalde kenmerk, hul geslag.

Voorts het 'n respondent vermeld dat: ***"Vrouens het die reg om ook God se werk te verrig, maar mans het 'n groter invloed omdat hy die hoof en leier van die huis is."*** Geslagsdiskriminasie as sulks het betrekking op die gekonstrueerde verskille tussen mans en vroue, asook die daaropvolgende ongelyke magsverhouding (Kirk-Duggan, 2003). Hier word vroulike leraars geëvalueer op grond van die verhouding tussen genote in die eg en die verskillende gesagsrolle wat die geslagte binne die grense van die huwelik vervul, wat derhalwe aanleiding gee tot 'n ongelyke magsverhouding in ander areas soos vroulike leraars se bediening en werksomgewing.

Laastens het 'n respondent die voorafgaande menings geïntegreer en die volgende stelling gemaak: "***Die rede hoekom vroue in 'n mindere mate beroep word, is omdat gemeentes nie regtig bekend is met vroulike leraars nie en derhalwe bang is om hulle te beroep. Vrees vir die onbekende***." Dit kan wees dat weens vooroordeel en stereotipering wat voortspruit uit die kulturele norme van die verlede, gemeentes deur te diskrimineer reageer aangesien hulle nie oor genoegsame kennis beskik om die bestaande vooroordeel en stereotipering deur die proses van kognitiewe respondering aan te pas nie.

In Vraag 6 is gevra of respondente enige verdere opmerkings het. Slegs 191 respondente het wel verdere opmerkings verskaf en hierdie response kan as volg getabelleer word (sien Tabel 12):

**Tabel 12: Strekking van kommentaar met betrekking tot die hooftemas soos van toepassing op Vraag 6**

| Kommentaar | N | % |
|---|---|---|
| Vroue net so bekwaam soos hul manlike eweknieë en moet derhalwe die geleentheid gebied word om hul geestelike gawes uit te leef. | 31 | 16,23% |
| Die mensdom mors tyd op onbenullighede. Jesus kies en rus self diegene wat Hy wil gebruik | 24 | 12,57% |
| Almal is gelyk, hoewel almal nie noodwendig dieselfde funksies in die kerk het nie. | 22 | 11,51% |
| Positiewe asook negatiewe kommentaar sluit in kommentaar oor die vraelys asook dat hierdie sensitiewe kwessie eerder in 'n ander kerkverband ondersoek moet word (negatief), hoewel daar ook diegene was wat dankbaar is dat hulle hul mening kon lug en wat voel dat hierdie inderdaad 'n belangrike onderwerp is (positief). | 22 | 11,51% |
| God moet eerste gestel word. | 13 | 6,80% |
| Kerkregtelike prosesse moet nie agterweë gelaat word vir 'n sektariese benadering nie. | 11 | 5,76% |
| Diverse response wat nie in die genoemde hooftemas gegroepeer word nie. | 68 | 35,60% |

Soos gesien kan word in Tabel 12, het die meerderheid respondente (N = 31; 16,23%) getoon dat vroue net so bekwaam is soos hul manlike kollegas en derhalwe die geleentheid gebied moet word om hul geestelike gawes uit te leef. 'n Verdere 24 (12,57%) respondente was van mening dat Jesus self diegene wat Hy wil gebruik verkies en toerus. Tesame hiermee het 22 (11,51%) respondente die mening uitgespreek dat hoewel almal gelyk is, nie almal noodwendig dieselfde funksies in die kerk beklee nie. So ook het 22 (11,51%) respondente diverse positiewe en negatiewe kommentaar gelewer wat insluit dat hierdie sensitiewe kwessie eerder in 'n ander kerkverband ondersoek moet word, asook diegene wat hul dankbaarheid uitgespreek het dat hulle kon deelneem aan die studie. Enkele (N = 13; 6,80%) respondente het net bevestig dat God eerste gestel moet word, terwyl 11 (95,76%) respondente voel dat kerkregtelike prosesse nie agterweë gelaat moet word vir 'n sektariese benadering nie. Tesame hiermee kon 68 (35,60%) response nie in die hooftemas gegroepeer word nie.

### 8.2.2 Verdere opmerkings

Voorts word enkele response belig ten einde die verskeidenheid van nuanses te verbeeld: Een manlike respondent het vermeld: ***"Sterkte vir die dame wat laat saans in die stad moet huisbesoek doen."*** Hierdie houding stem ooreen met vooroordeel, dus daar word vooraf geoordeel dat vroulike ampsdraers dit moeilik sal vind om sekere verpligtinge wat gepaardgaan met die verskillende ampte, te verrig gebaseer op 'n bepaalde kenmerk, geslag. Alternatiewelik kan die persoon regtig begaan wees oor vroulike leraars wat saans laat huisbesoek moet doen, hoewel dit net so gevaarlik vir 'n manlike leraar kan wees om saans laat huisbesoek in die stad te doen.

In die literatuuroorsig word melding daarvan gemaak dat hierdie navorsingstudie gebaseer word op die kognitiewe–affektiewe–konatiewe model. ‘n Respondent het gemeld dat hy/sy: ***“daarvan sal hou om vroue as leraars te sien”***. Hierdie stelling verwys na die affektiewe dimensie van ’n positiewe houding. ’n Engelssprekende respondent het die volgende konatiewe stelling gemaak: ***“In my church women are given a chance to give talks***.*”* Hierdie stelling behels ’n ontvanklikheid om te reageer wat lede van dié gemeente se gedrag rig, met ander woorde omdat hulle ’n positiewe houding huldig word vroue die geleentheid gebied om praatjies te lewer. Derhalwe het hulle houding hul gedrag gerig. Die kognitiewe dimensie word weerspieël in die volgende stelling: “***women and men have different roles.”*** Hierdie stelling voorveronderstel die kognitiewe oortuiging dat vroue en mans oor bepaalde karaktereienskappe beskik en integreer die psigiese voorstelling daarvan. Afdeling D van die kwantitatiewe vraelys is ook gebaseer op die kognitiewe – affektiewe – konatiewe model (sien 7.4.1.2). Die eerste twee response stem ooreen met Vraag 8 (***Ek het ’n positiewe ingesteldheid teenoor vroulike leraars en ampsdraers***) en Vraag 3 (***Ek sal verdraagsaam optree indien daar ’n vroulike leraar in my kerk werksaam is***) onderskeidelik. Beide die geslote en oop-einde-vrae korreleer derhalwe in ’n groot mate, wat verwys na triangulasie.

### 8.2.3 Persoonlike ervarings

Kwalitatiewe navorsing sluit ook die ontleding van persoonlike ervarings in, aldus Strauss en Corbin (1998). In ’n koerantberig in die Beeld (9 Junie 2004:13) beweer prof. Kroeze, regsfilosoof verbonde aan die Departement Jurisprudensie aan Unisa, dat vroue die vyand is en derhalwe word die Christen uit die kerk na ’n “niemandsland” gedryf, aangesien die Christendom toksies vir vroue is. Dit word duidelik gemaak dat die boodskap uit verskeie navorsingstudies haar ervaring beklemtoon dat dit “in die Christelike kerk en dogma ... ’n nadeel [is] om vroulik te wees” (Beeld, 9 Junie 2004:13).

“Sterkte en eer is jou kleed, en jy sal lag oor die dag wat kom.” Hierdie seënwense aangehaal uit Spreuke, is afkomstig van die 65-jarige ds. Wessels, ’n sendelingkind, wat al sedert die jare veertig die roeping om 'n bediener van die Goddelike Woord te wees, ervaar het. Weens kerklike diskriminasie teen vroue kon sy eers op ’n gevorderde ouderdom in die teologie gaan studeer. Alhoewel sy slegs 13 maande as volwaardige predikant diens kon doen, is dit voldoende beloning na ’n leeftyd se worsteling in ’n kerk waarin vroue tot onlangs nie toegelaat is om hul Godgegewe roeping te volbring nie (Rapport, 2 Februarie 2003:13).

## 9. BESPREKING VAN RESULTATE

In hierdie navorsingsprojek is daar eerstens ondersoek ingestel na kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers. Tweedens was die spesifieke doelwit om ondersoek in te stel na die veranderlikes wat moontlik die

bovermelde houding teenoor vroulike ampsdraers beïnvloed. Dié navorsingsdoelwitte is met behulp van die volgende hipotese ondersoek: *Daar is statisties-beduidende verskille tussen kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers en 'n aantal demografiese veranderlikes, insluitende geografiese ligging, geslag, huwelikstatus en ouderdom.*

Die belangrikste kwantitatiewe bevindinge van die studie was dat kerklidmate deurgaans 'n positiewe houding huldig aangaande vroulike ampsdraers. Hierdie positiewe bevindinge stem ooreem met dié van Nesbitt (1997) wat getoon het dat verskillende denominasies 'n positiewe houding vermeld teenoor vroulike leraars. Desnieteenstaande word vroue aangestel in deeltydse poste met ondergeskikte status en salarisse, terwyl beter betaalde poste uitsluitlik gereserveer word vir die manlike leraars. Hierdie tendens kom voor in onder andere die Nederduits-Gereformeerde Kerk waar vroulike leraars wel beroep word, hoewel die aantal vroulike leraars in permanente poste nie opweeg teen die hoeveelheid manlike leraars wat permanent aangestel word nie. Die aantal vroulike leraars wat teen 2007 voltyds in dié kerk in die bediening gestaan het, was 23 uit 1 669 leraars (Büchner, 2007). So ook is daar 'n verbod op vroulike ampsdraers met spesifieke verwysing na die leer- en regeerampte in sowel die Gereformeerde Kerk (Meijer, 2009), as die Rooms-Katolieke Kerk (Power, 2009). Die rede hiervoor kan moontlik toegeskryf word aan passiewe diskriminasie, aldus Lummis en Nesbitt (2000).

Die resultate van die meerveranderlike variansie-ontleding, wat uitgevoer is om dié navorsingshipotese te toets, het getoon dat sowel geslag as streek demografiese veranderlikes is wat kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers statisties hoogs beduidend beïnvloed. Beide voorgenoemde veranderlikes sowel as huwelikstatus, beskik volgens Cohen se d-toets, oor groot praktiese beduidendheid, hoewel laasgenoemde geen beduidende verskille op enige van die subskale getoon het nie. Cohen se d-toets word aangewend ten einde verkreë verskille tussen die verskillende vlakke van die onafhanklike veranderlikes te vergelyk met riglynwaardes om die omvang van die verskille vas te stel, op grond waarvan die praktiese belang bepaal word om sodoende vas te stel of die verskille verdere ondersoek noodsaak al dan nie.

Ten opsigte van geslag het die onderhawige studie getoon dat die manlike respondente statisties-beduidend laer gemiddelde tellings verkry het as die vroulike respondente. Mans se houdings teenoor vroulike ampsdraers is dus beduidend minder positief as dié van vroue. Hierdie bevindinge strook nie met dié van Rees (2003) nie, waarvolgens 90% van manlike respondente toon dat vroue nie genoegsaam geleenthede gebied word om hul Godgegewe gawes te benut nie, terwyl 60% van vroulike respondente 'n soortgelyke mening rapporteer. Daar moet ook in gedagte gehou word dat Rees (2003) se studie slegs uitgevoer is in die Gereformeerde Kerkverband en ook net in 'n bepaalde streek, terwyl die onderhawige studie al nege streke gedek het. Die rede vir hierdie

resultate kan moontlik wees dat weens die klem wat geplaas word op vroueregte, asook regstellende aksie, mans minder positief ingesteld kan wees teenoor die voorkeure wat vroue tans geniet.

Voorts het die resultate getoon dat kerklidmate in die Vrystaat statisties-beduidend verskil van lidmate van Gauteng, asook die Wes-Kaap wat betref hulle houding ten opsigte van vroulike ampsdraers. Hiervolgens huldig lidmate van die Vrystaat 'n positiewer houding teenoor vroulike deelname aan hoofsaaklik manlike aktiwiteite, asook dat vroulike leraars die geleentheid gebied moet word om hulself te bewys. Soortgelyk het kerklidmate van die Vrystaat getoon dat hulle verdraagsaam sal optree indien daar 'n vroulike leraar werksaam in hulle gemeente is. Die bevindinge van die onderhawige studie stem ooreen met geskiedkundige kerklike gebeure, waar daar tydens die Algemene Sinodesitting van die Nederduits-Gereformeerde Kerk te Bloemfontein in 1990 gestem was dat vroulike proponente in gemeentes hul prakties kon doen, waar vroulike studente voorheen slegs akademies en nie prakties nie toegelaat was om teologie te studeer. Soortgelyk is die eerste vroulike leraar in 1994 te Bloemfontein beroep (Büchner, 2007). Die rede vir hierdie verskynsel kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die meerderheid Gereformeerde kerklidmate in die Wes-Kaap voorkom volgens Popenoe et al. (1997), wat moontlik 'n invloed uitoefen op lidmate se denke rondom vroulike ampsdraers, aldus Woshinsky (2008). Die oorheersende Nederduits-Gereformeerde kerklike klimaat van die Vrystaat kan moontlik verantwoordelik wees vir kerklidmate se positiewe houding teenoor vroulike ampsdraers. Pres. Steyn verwys na die Tweetoringkerk in Bloemfontein as die 'laaste skans' in 1880, aldus Hofmeyr (2002). So ook maak die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van die Vrystaat sy merk op kerklike vlak sowel as in die akademiese wêreld (Hofmeyr, 2002). Hierdie resultate is teenstrydig met verwagtinge aangesien daar algemeen aanvaar word dat die Vrystaat oor 'n sterk behoudende konserwatiewe element beskik. Ten spyte hiervan het empiriese resultate die bovermelde bevind.

Huwelikstatus beskik, volgens Cohen se d-toets, ook oor groot praktiese beduidendheid en is beduidend op die 1%-peil, hoewel die post hoc-toetsresultate geen verskille kon identifiseer nie. Die huwelikstatus van respondente beïnvloed dus wel die respondent se houding teenoor vroulike ampsdraers, maar behoort verder ondersoek te word.

Geen verskille is ten opsigte van ouderdom en tussen die stad en platteland gevind nie. Hoewel navorsing deur Lincoln en Mamiya (1990) daarop dui dat teorieë oor die invloed van ouderdom op kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers meriete het, is hierdie bevindinge nie in die onderhawige studie gedupliseer nie. Die onderhawige studie het bevind dat alle ouderdomsgroepe 'n positiewe houding teenoor vroulike ampsdraers huldig.

Gebaseer op die kwantitatiewe resultate van die onderhawige studie kan die navorsingshipotese dus slegs gedeeltelik aanvaar word.

Die kwalitatiewe ontleding van gegewens het behels dat daar 'n Skrifgedeelte vir respondente gegee is op grond waarvan verwag is dat respondente kommentaar moes lewer. Op grond van dié Skrifgedeelte het 64% van die respondente aangetoon dat geslag tersyde gestel moet word soos dit verband hou met vroulike ampsdraers. Voorts het 32% van die respondente getoon dat die Skrifgedeelte geen verband toon met ampte in die gemeente nie, terwyl 4% van respondente onseker was. Die meerderheid respondente (19,48%) het ook getoon dat almal gelyk is voor die genadetroon, derhalwe behoort geslag nie 'n onderskeidende funksie te vervul nie, maar die verskillende geslagte moet mekaar eerder aanvul. Ten spyte hiervan het 35 (5,63%) respondente aangetoon dat hulle persoonlik 'n manlike leraar verkies, en dat vroue se plig by hul eggenoot en kinders lê (N = 32; 5,15%). Die meerderheid respondente het egter 'n positiewe houding gehuldig, wat die bevinding van die kwantitatiewe resultate ondersteun.

Die kwantitatiewe en kwalitatiewe bevindinge vul mekaar aan, derhalwe verhoog die geldigheid van bevindinge wanneer die resultate van beide geslote en oop-einde vrae in ag geneem word. Geldigheid verwys in dié opsig na die sterkte van die gevolgtrekkings of veronderstellings wat gemaak word op grond van die statistiese bevindige en resultate.

Groep-antagonisme, vooroordeel, stereotipering, diskriminasie, asook houdings is onderling verbandhoudende konsepte binne die veld van die sosiale psigologie, hoewel hierdie konsepte dikwels onafhanklik van mekaar bespreek en nagevors word. Die literatuuroorsig van die onderhawige studie het bestaande sosiaal-psigologiese konsepte gekombineer ten einde 'n wye teoretiese raamwerk na vore te bring ingevolge waarvan die konsep houdings bespreek kon word. Vooroordeel, stereotipering en diskriminasie is geïdentifiseer as affektiewe, kognitiewe en konatiewe elemente van groep-antagonisme. Groep-antagonisme kom voor wanneer lede van die binnegroep negatiewe houdings teenoor lede van die buitegroep openbaar (Jonck et al., 2007). Die onderhawige studie het derhalwe 'n multi-konseptuele terrein verken en uiteindelik bygedra tot die verdieping van bestaande wetenskaplike kennis in die navorsing van die sosiaal-psigologiese begrip, houding, asook 'n wesentlike bydrae gelewer tot die uitbreiding daarvan deur middel van die ontwikkeling van 'n toepaslike meetinstrument. Navorsingsresultate is streng volgens statistiese beginsels hanteer en as sodanig verskaf dit 'n verwysingspunt vir toekomstige Suid-Afrikaanse navorsing van sosiaal-psigologiese aspekte binne die geloofsgemeenskap.

Die resultate van die studie vind aansluiting by reeds bestaande literatuur aangaande die konstruk, houding, hoewel die meeste navorsing wat verband hou met houdingstudies slegs fokus op kwantitatiewe ontwerpe.

Kwantitatiewe navorsing kan met 'n mate van sekerheid die invloed van veranderlikes vasstel, terwyl kwalitatiewe navorsing daarin slaag om nie-kwantitatiefmeetbare invloede aan te toon. Die kombinering van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing kan 'n meer algemene beskrywende beeld voorsien van die onderwerp onder die soeklig, in die geval houdings (Nkoane, 2006). Die oop-einde vrae wat in die kwalitatiewe vraelys vervat is, het die geleentheid gebied om vas te stel wat lidmate se houdings teenoor vroulike ampsdraers is, sonder die beperking wat 'n gestruktureerde vraelys op respondente kan plaas.

Cohen se d-waarde word nie konsekwent aangewend in vroeëre houdingstudies waarna verwys word nie en hoewel dié studies moontlik statistiese-beduidendheid aantoon, is daar beperkte verwysing na die praktiese waarde daarvan. Die huidige studie het egter wel subvelde aangetoon wat statistiese-beduidendheid sowel as praktiese waarde verreken (Janse van Rensburg, 2004).

## 10. GEVOLGTREKKINGS

Baanbrekerswerk in terme van die ontwikkeling van 'n kwantitatiewe vraelys om houdings in dié verband te meet, is deur hierdie studie verrig. Kwantitatiewe bevindinge gerugsteun deur kwalitatiewe resultate het getoon dat kerklimate van verskillende denominasies 'n positiewe houding openbaar ten opsigte van vroulike ampsdraers. Geslag en streek het getoon om 'n statisties-beduidende invloed uit te oefen op kerklidmate se houdings ten opsigte van vroulike ampsdraers, terwyl huwelikstatus oor groot praktiese beduidendheid beskik. Die bevindinge is gebaseer op 1052 kerklidmate van al nege provinsies in Suid-Afrika. Hoewel die steekproef nie ewekansig geselekteer was nie en dus nie voldoen aan die vereistes vir eksterne geldigheid nie, dui die resultate van die onderhawige studie op 'n interafhanklike invloed tussen die onafhanklike en die afhanklike veranderlikes. Gevolglik kan op grond van die resultate tendense geïdentifiseer word wat verband hou met die populasie, dus kerklidmate van die Rooms-Katolieke Kerk, die Gereformeerde Kerk, die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie en die Christelike Herlewingskerk.

Die resultate en bevindinge van die onderhawige studie het heelwat gevolge. Vanuit 'n sosiaal-psigologiese paradigma het die onderhawige studie bygedra tot die verdieping van bestaande wetenskaplike kennis in die navorsing van houdings, asook 'n wesentlike bydrae gelewer in die uitbreiding daarvan. Die teoretiese grondslag op grond waarvan houdings ondersoek word, is belig en ook getoets op die Suid-Afrikaanse populasie deur die ontwikkeling van 'n toepaslike meetinstrument. Die kognitiewe-affektiewe-konatiewe model waarop die studie en ook 'n deel van die meetinstument gebaseer is, is ook verder ontwikkel en uitgebrei. Sosiaal-psigologiese kwessies soos die hoë egskeidingskoers, die voorkeur wat verleen word aan saamwoonverhoudings (Die Kerkbode, 5 Maart 2010:4), asook die verontregting en mishandeling van vroue (Landman, 2008), is voorheen

slegs vanuit ‘n suiwer sosiaal-psigologiese diskoers bestudeer, sonder die inagneming van die invloed van teologiese aspekte soos die patriargale sisteem binne kerklike kringe. Hierdie studie het dus die weg gebaan waardeur beide teologiese en sosiaal-psigologiese kwessies wat in verband staan met vroue ondersoek kan word. Kennis aangaande die impak van die patriargale stelsel binne kerklike kringe op saamwoonverhoudings en huwelike kan aangewend word om sosiale verhoudings tussen mans en vroue te vergemaklik en indien hierdie aspek ‘n bron van patologie verteenwoordig om toepaslike terapeutiese intervensies te ontwikkel.

Vanuit ‘n teologiese paradigma beskou sommige kerklidmate die gelykstelling van ampte nie as ‘n imperatief en ‘n prinsipiële verdedigbare uitdaging nie, hoewel dit inderdaad die kerk van Christus se onvermoë is om hierdie brandende kwessie bevredigend op te los, wat ‘n negatiewe invloed het op die gemeenskap wat hierdie kerke volgens hul Godgegewe taak moet bedien. Die vraag wat gestel is in baie koerante en wat geopper word deur diegene wat volgens die Christelike leer verlore gaan, is: “Kan daar nog iets positiefs gevind word in die kerke se hantering van soveel triviale kwessies, wat ‘n vraagteken agter die kerke se hantering van meer gewigtige kwessies plaas. Is kerke hoegenaamd daartoe in staat om nog ‘n positiewe bydrae te lewer?” (Volksblad, 24 Januarie 2006: 6). In hierdie sin kan hierdie navorsingstudie ‘n groot bydrae lewer. Kennis aangaande vooropgestelde houdings van lidmate kan van waarde wees en toon dat die kerk, wat tog grotendeels bestaan uit lidmate, nie die magtigste agent vir die instandhouding van ‘n manlike dominante samelewing is nie.

As kerkleierskap miskien die geneigdheid om in alles om hulle ‘n bedreiging te sien laat vaar, en op hierdie bedreigings reageer op ‘n essensieel fundamentalistiese Bybelse wyse wat kenmerkend moet wees van enigiemand wat beweer dat hy of sy ‘n wedergebore kind van God is, sal daar miskien die wysheid kom om te besin oor wat die rol van die kerk werklik behoort te wees.

## 11. TEKORTKOMINGE EN AANBEVELINGS

Na aanleiding van hierdie navorsing kan die volgende punte van kritiek en gepaardgaande aanbevelings gemaak word:

- Weens administratiewe oorwegings kon die vraelys slegs in Afrikaans en Engels vertaal word. Vir toekomstige gebruik word aanbeveel dat die vraelys ook in ander tale beskikbaar gestel word.
- In toekomstige navorsing kan die ondersoekgroep uitgebrei word om ander Christelike denominasies in te sluit.
- Aangesien daar nie ‘n vraelys is om kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers te meet nie, is een deur die navorser saamgestel. In toekomstige navorsing kan hierdie vraelys uitgebrei word, ten einde die konvergente en divergente geldigheid te verhoog.

- Daar moet egter voortdurend in gedagte gehou word dat die leemte in literatuur en veral metodologie 'n impak het op die resultate wat verkry is in die onderhawige studie.

## 12. SAMEVATTING

SLEUTELWOORDE: **Houding, diskriminasie, stereotipering, vooroordeel, kerkgeskiedenis, geografiese ligging, geslag, huwelikstatus en ouderdom.**

Sedert die ontstaan van die samelewing word daar op 'n gereelde basis teen vroue gediskrimineer. Diskriminasie ontneem 'n persoon die reg tot voldoende beskerming en ontwikkeling. Diskriminasie verwys egter ook na die tref van onderskeid en die maak van keuses gebaseer op faktore anders as individuele meriete. Vir die doel van hierdie navorsingsprojek is die volgende navorsingsvraag geformuleer: Wat is kerklidmate se houding teenoor vroue as ampsdraers in die gemeente? Hierdie navorsingsvraag is met behulp van die volgende hipotese ondersoek: Daar is statisties-beduidende verskille tussen kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers en 'n aantal demografiese veranderlikes insluitende geografiese ligging, geslag, huwelikstatus en ouderdom. 'n Totaal van 1052 respondente is betrek wat bestaan het uit 326 (31%) lede van die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie, 311 (29%) Christelike Herlewingskerklidmate, 217 (21%) lede van die Gereformeerde kerk en 198 (19%) Rooms-Katolieke kerklidmate. Data was ingesamel met behulp van 'n biografiese vraelys, Die Petro Jonck Houding teenoor Vroulike Ampsdraers-vraelys, sowel as 'n kwalitatiewe vraelys. Meerveranderlike variansie-ontledings is toegepas. Statistiese analise het getoon dat kerklidmate deurgaans 'n positiewe houding huldig aangaande vroulike ampsdraers. Daar is verder gevind dat geslag, huwelikstatus en geografiese ligging die grootste invloed op kerklidmate se houding ten opsigte van vroulike ampsdraers uitgeoefen het. Opleidingsvlak het geen statisties-beduidende invloed op lidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers uitgeoefen nie.

## BIBLIOGRAFIE


Acta Synodi van die Gereformeerde Kerk: Rapport aan Sinode 2009, 95.

Aron, A., & Aron, E.N. (1994). *Statistics for psychology.* Eagle Wood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall.

Barker, B.D. (2000). *The development and evaluation of a cross-cultural tolerance programme amongst skilled workers in the mining industry.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Boshof, C. (2007). *Medici se houdings teenoor genadedood: 'n Kruiskulturele ondersoek*. Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Breckler, S.J., Olson, J.M., & Wiggins, E.C. (2006). *Social psychology alive.* Belmont: Thomson Wadsworth.

Brown, J.D. (2006). *Social psychology.* New York: McGraw-Hill.

Büchner, E.P. (2007). *"Ek het 'n roeping." Vrouepredikante se toelating in die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n Kerkhistoriese en prakties-teologiese studie.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Bybel. (1994). *Die Naslaanbybel.* Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Crafford, D., & Gous, G. (1993). *Een liggaam – baie lede. Die kerk se ekumeniese roeping wêreldwyd en in Suid-Afrika.* Pretoria: Verba Vitae.

Cronje, M. (2000). *The relationship between personality traits, attitudes towards the internet, and internet usage.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Die vrou die 'vyand'. *Beeld,* 9 Junie 2004,13.

De Beer, E.J. (2007). 'n Teologies-etiese beoordeling van regstellende aksie. *In die Skriflig,* **41**(1), 109-133.

Demasure, K., & Müller, J. (2006). Perspectives in support of the narrative turn in pastoral care. *Ned Geref Teologiese Tydskrif,* 3 & 4 (47) September en Desember, 410 – 419.

Die Sinode van 2006: 'n Perspektief van professore aan die Teologiese Skool na aanleiding van die besluit oor vroue in die amp van diaken. Herwin op 2 Junie, 2006 van http://gkcenturion.org.za/perspektief15.html.

Du Plooy, G., & Grobler, T. (2002). Afrikaans as televisietaal in Suid-Afrika: 'n Toekomsperspektief. *Comminicatio,* 28(2), 8 – 17.

Erasmus, E. (2001). Salarisverskille tussen mans en vroue krimp, maar. *Beeld,* 3 September 2001, 6.

Gwashi, M.F. (1999). The service of women in the church. With special reference to the office of deacon. Ongepubliseerde magisterverhandeling, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom.

Heiman, G.W. (2004). *Essential statistics for the behavioral sciences.* Boston: Houghton Mifflin Company.

Heitink, G. (1999). *Practical Theology. History. Theory. Action domains.* Grand Rapids: Eerdmans.

Hendriks, J. (2003). *Die toekoms van die kerk, kerk van die toekoms.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Henslin, J.M. (2007). *Sociology: a down-to-earth approach* (8th ed.). Boston: Pearson

Hogg, M.A., & Vaughan, G.M. (2005). *Social psychology* (4th ed.). London: Prentice Hall.

Hofmeyr, G. (2002). *NG Kerk 350: eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-2002.* Wellington: Lux Verbi. BM.

Janse van Rensburg, P. (2004). *Psigologiese kenmerke van kinders uit intakte en egskeidingsgesinne.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Jonck, P. (2005). *'n Sosiaal-sielkundige perspektief oor kerkvereniging in die Nederduits-Gereformeerde kerkfamilie: 'n kruiskulturele ondersoek.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Jonck, P., Le Roux, A., & Verster, P. (2007a). 'n Sosiaal-psigologiese perspektief op lidmate in die Mangaung-area se houding teenoor kerkvereniging in die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie: 'n Kruiskulturele ondersoek. *In die Skriflig,* **41**(1), 45-68.

Jonck, P., Le Roux, A., & Verster, P. (2007b). Lidmate se houding teenoor kerkvereniging in die NGK-familie: 'n kruiskulturele ondersoek na enkele veranderlikes. *Acta Theologica*, **27**(1), 59-82.

Kirk-Duggan, C.A. (2003). *Pregnant passion. Gender, sex, and violence in the Bible.* Atlanta: Society of Biblical literature.

Kirkpatrick, L.A. (1999). Towards an evolutionary psychology of religion and personality. *Journal of Personality,* **67**(6), 921-952.

Koen, A. (2008). *Die verband tussen emosionele intelligensie en psigologiese welstand van adolessente: 'n multikulturele ondersoek.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Konieczny, M., & Chaves, M. (2000). Resources, race, and female-headed congregations in the United States. *Journal for the Scientific Study of Religion,* **39**(3), 261-271.

Landman, C. (2008). Hi/stories of gender in/justice. *Studia Historiae Ecclesiasticae ,* **34**(1), 159 – 180.

Lincoln, C.E., & Mamiya, L.H. (1990). *The black church in the African American experience.* Durham, NC: Duke University Press.

Lummis, A.T., & Nesbitt, P.D. (2000). Women clergy research and the sociology of religion. *Sociology of Religion.* Herwin op 10 Junie, 2009 van http://findarticles.com/p/articles/mim0SOR/is461/ai69494367.

Matlin, M.W. (2004). *The psychology of women.* Toronto: Thomson Wadsworth.

Meijer, G.J. (2009). GKSA Sinode 2009. *Waarheid en Dwaling,* **15***,* 4-5.

Misbach, W. (2002). Race and sex equity is on track. *Sowetan,* 24 Mei 2002, 15.

Mittner, M. (2001). Werkgewers werk saam oor regstellende-aksie-minister. *Sake-Beeld,* 24 Augustus 2001, 11.

Mouton, J (2002). *Understanding Social research.* Pretoria: Van Schaik Publishers.

Nel, D.A.J. (2008). *Egpare se houdings teenoor seksuele maatuitruiling: 'n vergelykende ondersoek tussen Afrikaans- en Engelssprekendes in Bloemfontein.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Nesbitt, P. (1997). *Feminization of the clergy in America: occupational and organizational perspectives.* New York: Oxford University Press.

Nkoane, M.M. (2006). *An analysis of factors inhibiting the access of students with special educational needs to higher education in the Free State.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Popenoe, D., Cunningham, P., & Bolt, B. (1997). *Sociology.* Prentice Hall South Africa (Pty) Ltd.

Potgieter, A.V. (1994). *Rolvoorskrifte vir die predikant in die oorgangsfase na 'n geïntegreerde gemeenskap en gemeente.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Power, D.N. (2008). *Mission, Ministry, Leadership, Order.* New York: Continuum.

Raubenheimer, J.E. (2004). An item selection procedure to maximise scale reliability and validity. *South African Journal of Industrial Psychology,* **30**(4), 59-64.

Ramabele, T. (2004). *Attitudes of the elderly towards euthanasia: A cross-cultural study.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Rees, S. (2003). *An examination of the Biblical role of women in contemporary church life.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, University van Zululand, Empangeni.

Reis, H.T., & Judd, C.M. (2000). *Handbook of research methods in social and personality psychology.* New York: Cambridge University Press.

Saambly of egskeidings. Is mans wat wil heers die probleem? *Die Kerkbode,* 5 Maart 2010, 4.

Smit, B.C. (1999). God se plek vir die vrou in die gemeente. *Die Kerkpad,* **3**(5). Herwin op 23 September, 2006 van http://home.mweb.co.za/ke/kerkpad/september99/art3.html.

South Africa. (1996). *Constitution of the Republic of South Africa Act, no 108 of 1996*. Herwin op 11 Julie, 2009 van http://www.polity.org.za/govdocs/constitution/saconst.html.

Strauss, P. (2003). Vrou in die kerk. *Volksblad*, 23 September 2003, 10.

Strauss, A., & Corbin, J. (1998). *Basics of qualitative research.* California: SAGE Publications.

Taylor, S.F., Peplau, L.A., & Sears, D.O. (2006). *Social -sychology – international edition* (12th ed). New Jersey: Prentice Hall.

Unieke ds. Sarah moet aftree ná net 900 dae. *Rapport,* 2 Februarie 2003, 13.

United Nations. (1979). *Convention on the elimination of all forms of discrimination against women.* Herwin op 26 Januarie, 2010 van http://www.un.org/womenwatch/daw/cedaw/cedaw.htm.

Van Helden, P. (2002). Die huidige aktiwiteit van die belydende GKSA-vrouelidmaat tydens die erediens. *In die Skriflig,* **36**(4), 1-30.

Van Rooyen, H. (2002). *'n Kruiskulturele ondersoek na voorspellers van jong volwasse studente se houdings teenoor die huwelik.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Van Helden, P. (2002). Die huidige aktiwiteite van die belydende GKSA-vrouelidmaat tydens die erediens. *In die Skriflig,* **36**(4), 1-30.

Van Wyk, G., & De Klerk, B.J. (2007). Strategiese bakens vir die wisselwerking tussen eenheid, verskeidenheid em roepingsvervulling in die plaaslike kerk. *Acta Theologica*, 27(1), 134 – 155.

Veldtman, S. (2001). *Gender discrimination in the SANDF: women as combat soldiers in the South African Army with reference to the Western Province Command.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Venables, H.E. (1998). *Women and empowerment: strategies to achieve the liberation of women from oppression.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Venter, J. (2002). Verslag: Studiedeputate – Plek van die vrou in die kerk (1). *Kerkblad,* 27 Maart 2002, 34.

Verslag: Studiedeputate – Plek van die vrou in die kerk (1). *Die Kerkblad,* 27 Maart 2002, 34-35.

Vrou die 'vyand'. *Beeld,* 9 Junie 2004, 13.

Vrouedag, 'mannekerk'? *Algemene Kerkbode,* 10 Augustus 2002, 4.

Worchel, S., Cooper, J., Goethals, G.D., & Olson, J.M. (2000). *Social Psychology.* Belmont: Wadsworth/Thompson Learning.

Woshinsky, O.H. (2008). *Explaining politics, culture, institutions, and political behavior.* New York: Routledge Taylor & Francis Group.

## ARTIKEL 3:

# KERKLIDMATE SE HOUDING TEENOOR VROUE AS AMPSDRAERS IN DIE GEMEENTE: 'N ONDERSOEK NA DIE ROL VAN ENKELE DEMOGRAFIESE VERANDERLIKES

**P. Jonck, M.Soc.Sc. en Professor A. le Roux*, D. Phil.**
**Departement Sielkunde**
**Universiteit van die Vrystaat**
**Posbus 339**
**Bloemfontein**
**9300**

**KERKLIDMATE SE HOUDING TEENOOR VROUE AS AMPSDRAERS IN DIE GEMEENTE: 'N ONDERSOEK NA DIE ROL VAN ENKELE DEMOGRAFIESE VERANDERLIKES**


## Abstract

KEY WORDS: **attitude, theories, social attitudes, values, self-esteem, culture, church activities, monthly income and academic qualification**

While some research has been done from a theological perspective with regard to female incumbents, a justifiable socio-psychological approach, combined with unique insights into church members' points of view, is needed. The aim of the study was two investigate the attitudes of parishioners toward women incumbents were researched. The influence of different variables, such as church activities, monthly income, and academic qualification, were also investigated. The sample consisted of 1052 church-goers of which 326 (31%) were members of the Dutch Reformed Family of Churches, as well as 311 (29%) members of the Christian Revival Church, 217 (21%) members of the Reformed Church and 198 (19%) Roman Catholic Church members. A biographical questionnaire, The Petro Jonck Attitude towards Women Incumbents Questionnaire as well as a qualitative scale were used. Multivariate analysis of variance was utilized. It was concluded, on the basis of statistical analysis, that parishioners from various church denominations had a positive attitude towards women incumbents. It was further found that church activities, monthly income as well as academic qualification had a statistically significant influence on the attitudes of parishioners.

## 1. INLEIDING

Sedert 1994 word daar in Suid-Afrika gepoog om onregverdige en ongeoorloofde diskriminasie teen teikengroepe reg te stel. Deur regstellende aksie het heelparty voorheen benadeeldes posisies van mag bekom, en die samelewing vertoon uiterlik 'n veel groter mate van gelykheid veral wat geslagsratio's betref (Veltman, 2001). Die kerk se rol in dié verband is ongelukkig wisselvallig. Enersyds verkondig sekere kerke die evangelie van gelykheid, maar andersyds vertoon dit swakker as die meeste instellings in die samelewing. Waar die kerk veronderstel is om die voortou te neem in die regstelling van onregverdige praktyke, is dit helaas dikwels die laaste wat konkrete veranderinge aanbring (Beeld, 26 Julie 2004:1). Ingevolge die hoofsekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK), is die kerk veral vêr agter plaaslike regerings en ander instellings van die samelewing in sy hantering van diskriminasie (Acta Synodi, 2005). Oliver (2008: 230) stel dit as volg: "Dit lyk of die uitdagings wat vandag aan die kerk gestel word – waarvan diskriminasie ....... seker een van die belangrikste is – so groot is dat die kerk nog vir jare in hierdie worsteling vasgevang sal wees."

Waarskynlik die grootste vorm van diskriminasie, selfs groter as apartheid in die kerk, is die diskriminasie teen vroue, wat steeds ervaar word en in 'n groot mate universeel is (Burger, 19 Januarie 2006:1). Dorr (1995) beskryf ongelykheid gebaseer op geslag as een van die sosiale billikheidskwessies waarmee hoofstroomkerke hedendaags te kampe het. Teen 1970 het vroue slegs 3% van poste in gemeentes in Amerika beklee. Hierdie persentasie het verhoog tot 19% teen 1990 (Barnes, 2006). Op Suid-Afrikaanse bodem is arbeidsverdeling tussen mans en vroue 'n eeue-oue verskynsel. Ekonomiese ontwikkeling en beroepsontplooiing het dit egter die afgelope eeu toenemend moontlik gemaak dat beide geslagte soortgelyke beroepe kan beoefen (De Beer, 2007). Ten spyte hiervan word vroue in verskeie kerke insluitende die Rooms-Katolieke Kerk (Power, 2008), asook die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (Meijer, 2009), steeds verhoed om bepaalde ampte te beklee. Besorgdheid oor die marginalisering van vroue in die kerk het die Wêreldraad van kerke, asook die Circle of Concerned African Women Theologians genoop om hierdie saak ter tafel te lê (Phiri & Nadar, 2005). Die meeste godsdienstige filosofiese denkrigtings beklemtoon die begrip menswaardigheid. Menswaardigheid behels nie net die veroordeling van diskriminasie ten opsigte van ras nie, maar ook van geslag.

## 2. DOEL VAN DIE STUDIE

Deur die afgelope twee eeue heen is die kerk wêreldwyd genoop om by veranderende leefwyses aan te pas. Paradigmaverskuiwings in Suid-Afrika dring kerke weereens tot selfondersoek oor Skrifgetroue navolging (Van Helden, 2002). Kennis aangaande vooropgestelde houdings van lidmate kan van groot waarde wees, ten einde versoening en welwillendheid in die hand te werk. Daar word met hierdie studie gepoog om 'n relatief onbekende

terrein te verken, dit wil sê kerklidmate in Suid-Afrika se houding teenoor vroue as ampsdraers in die gemeente. Die spesifieke doelwitte hou verband met 'n ondersoek na die biografiese veranderlikes, akademiese kwalifikasie, maandelikse inkomste en gemeentelike betrokkenheid, wat lidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers moontlik beïnvloed.

## 3. NOODSAAKLIKHEID VAN DIE STUDIE

Die kwessie rondom die toelaatbaarheid van vroue tot besondere ampte in die gemeente, het al in die kerkgeskiedenis sterk na vore gekom (Bain, 2007). Onlangse navorsing in dié verband is uitgevoer deur onder andere Rees (2003), asook Büchner (2007). Beide studies is uitgevoer vanuit 'n teologiese paradigma. Teologiese ondersoeke in dié verband is ook gelas deur die verskillende kerkverbande en bevindinge is saamgevat in studierapporte, hoewel hierdie ondersoeke meerendeels berus op die ontleding van Skrifgegewens. Veral in die Suid-Afrikaanse konteks is daar 'n groot leemte in hierdie verband, aangesien geen Suid-Afrikaanse navorsing tot op hede geïdentifiseer kon word wat vanuit 'n sosiaal-psigologiese paradigma ondersoek ingestel het na lidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers nie. Die noodsaaklikheid van 'n sosiaal-psigologiese perspektief is geleë in die aanname dat 'n individu die produk is van sy of haar psigo-biologiese samestelling, asook ekologiese (kontekstuele) bestaan (Beukes, 1994). Derhalwe word die brandpunt rondom vroulike ampsdraers teen die agtergrond van individuele verwysingsraamwerke beoordeel. 'n Verwysingsraamwerk is 'n stelsel van houdings en waardes waarvolgens individue gedrag, idees en resultate beoordeel word, en wat 'n rigtinggewende invloed op gedrag en denke uitoefen (Jonck, Le Roux & Verster, 2007a).

## 4. BEGRIPSOMSKRYWING

Ten einde oriëntasie ten opsigte van die konseptuele ontleding te vergemaklik, word ‘n kort beskrywing van beide ‘n houding, asook die faktore wat verband hou met vroue as ampsdraers in die gemeente vervolgens belig. Tesame hiermee word enkele begrippe insluitende akademiese kwalifikasie, gemeentelike betrokkenheid, asook inkomste bespreek.

## 5. KONSEPTUELE ONTLEDING

Ten einde 'n oorkoepelende beeld te vorm waarbinne die kwessie rondom vroulike ampsdraers in oënskou geneem kan word, moet daar gelet word op die term houding, asook hoe dit in verband gebring kan word met vroulike ampsdraers.

## 5.1 'n Houding

Die term houding word deur die meerderheid sosiale teoretici beskou as 'n hipotetiese konstruk wat verteenwoordig word deur stimuli en of response, gevolglik blyk dit uit die literatuur dat verskillende definisies vir hierdie konstruk voorkom. Hoewel hierdie definisies in 'n groot mate ooreenstem, verskil die interpretasies daarvan (Nel, 2008). Derhalwe word aandag geskenk aan die definiëring van 'n houding soos dit van toepassing is op die onderhawige studie.

### 5.1.1 Definisie van die begrip 'houding'

Houdings kan gedefinieer word as 'n relatief stabiele, hoofsaaklik aangeleerde, ingesteldheid teenoor voorwerpe, persone en abstrakte sake soos godsdienstige beskouings (Nel, 2008). Die term houding kan ook omskryf word as 'n gemotiveerde geestesbewustheid wat funksioneer op die vlak van belangstellings, begeertes, waardes en oortuiginge. Dienooreenkomstig kan dié term ook in verband gebring word met 'n aangeleerde toestand van gereedheid wat 'n neiging toon tot gerigte handeling teenoor alle prikkels of konfrontasies (Morolong, 2004).

### 5.1.2 Teorieë oor houdings

Houdings ontwikkel in ooreenstemming met bepaalde teorieë. Die vernaamste teorieë oor die ontstaan van houdings sluit onder andere die kognitief-konsekwente, leerteorieë en die attribusieteorieë in. Hoewel die meeste teorieë van die vertrekpunt uitgaan dat houdings gedrag voorafgaan, postuleer bovermelde teorieë dat die teendeel egter ook plaasvind (Taylor, Peplau & Sears, 2006). Ingevolge die kognitief-konsekwente teorie streef die mens voortdurend na koherensie wat kognisies betref (Nel, 2008). Indien inkonsekwentheid wel voorkom, word die houding wat tot die inkonsekwentheid aanleiding gee, ontken of in verskillende dele gedifferensieer (Taylor, et al., 2006). Leerteorieë gaan van die veronderstelling uit dat houdings aangeleer word deur middel van assosiasie, versterking en straf, asook nabootsing (Nel, 2008). Die attribusieteorie veronderstel dat mense hul houdings aflei van hul gedrag en persepsie van die eksterne omgewing in plaas van hul interne staat (Van Rooyen, 2002). Die verwagte waardeteorie hierteenoor handhaaf dat die waarskynlikheid dat 'n bepaalde houding sal voorkom, gebaseer word op die waarde van die moontlike uitkomste en die waarskynlikheid dat hierdie uitkomste sal realiseer (Nel, 2008). Die kognitiewe responsteorie veronderstel dat veranderinge volg op die ontvangs van oortuigende teenargumentering, asook die kognitiewe respons wat hierdie inligting ontlok (Taylor, et al., 2006). Die voorgenoemde kognitiewe respons behels 'n verbale uitdrukking van oortuigings aangaande die houdingsobjek, asook 'n nie-verbale respons dus perseptuele response (reaksie-tyd) teenoor die houdingsobjek, aldus Cronje (2000).

Die kognitief-affektief-konatiewe model postuleer dat houdings uit drie komponente bestaan. Die kognitiewe komponent verwys na intellektuele beredenering , die affektiewe komponent verwys na die emosies wat met die houdingsobjek verbind kan word en die konatiewe komponent behels handelinge wat onderneem word weens dié huldiging van 'n bepaalde houding (Jonck, Le Roux & Verster, 2007b; Taylor et al., 2006).

Houdings vervul sekere funksies wat onder andere insluit die verskaffing van 'n verwysigingsraamwerk waarvolgens die individu sy of haar omgewing interpreteer (Jonck, 2005). Houdings kan ook die hantering van intrapsigiese konflik fasiliteer, tesame met die bemiddeling van sosiale interaksie, aldus Cronje (2000). Die klassifisering van houdings val in sommige gevalle saam met die funksies daarvan (Nel, 2008). Vervolgens word aandag geskenk aan die klassifisering van houdings.

### 5.1.3 Tipes houdings

Onderskeid kan getref word tussen die houding teenoor die self, wat gedefinieer kan word as **selfagting** (Plug, Louw, Gouws & Meyer, 1997) en **sosiale houdings,** asook houdings teenoor abstrakte doelwitte, soos gelykheid, wat verwys na **waardes** (Van Rooyen, 2002). Ander tipes houdings sluit onder andere instrumentele houdings in, aldus Jonck (2005).

#### 5.1.3.1 Selfagting

Houdings waarin alle ervarings van die organisme bewus en onverwronge in die selfbegrip en in ooreenstemming met sentrale waardes geïnternaliseer word, sal bydra tot die verbetering van die organisme se selfagting (Van Rooyen, 2002). Selfagting verwys dus na die individu se aanvaarding en goedkeuring van houdings en eienskappe wat verband hou met sy of haar konsep van self (Plug et al., 1997). Houdings dien derhalwe ook as verdedigingsmeganisme en dit dra by tot die beskerming van die ego teen kritiek. Wat as afkeuringswaardig beskou word, word verwerp en op die buitewêreld geprojekteer (Jonck, et al., 2007a).

#### 5.1.3.2 Sosiale houdings

Sosiale houdings behels 'n verwysingsraamwerk wat dien as agtergrond waarteen die houdingsobjek waargeneem word en wat 'n stelsel van opinies, houdings en waardes bevat waarvolgens individue gedrag, idees en resultate beoordeel (Jonck et al., 2007a). So word kennis aangaande die wêreld georganiseer en geklassifiseer ten einde sosiale aanpasbaarheid te fasiliteer (Van Rooyen, 2002). 'n Sosiale houding wat verskeie konseptuele raakpunte toon met die term houding per sé, is groep-antagonisme, wat voorkom wanneer lede van 'n binnegroep negatiewe houdings huldig teenoor lede van die buitegroep. Antagonisme sluit drie verbandhoudende segmente in, naamlik kognitiewe, affektiewe en konatiewe segmente (Taylor, et al., 2006).

Steoreotipering behels die kognitiewe siening dat groepslede oor oorvereenvoudigde karaktereienskappe beskik. Vooroordeel sluit in die affektiewe dimensie wat 'n ongunstige, predisposisie jeens 'n teikengroep reflekteer. Die konatiewe segment hou verband met die neiging van die individu om 'n spesifieke negatiewe wilsoptrede te onderneem en staan bekend as diskriminasie (Jonck, et al., 2007a).

### 5.1.3.3 Waardes

Houdings is ook 'n uitdrukking van waardes, aldus Van Rooyen (2002). Houdings wat ten doel het om beloning te bevorder en straf te vermy en wat voortspruit uit die kernwaardes van 'n bepaalde individu, word gedefinieer as waardegeoriënteerde houdings (Nel 2008). 'n Waarde kan gedefinieer word as 'n breë konstruk wat aangewend word deur individue of gemeenskappe om groepslede se spesifieke houdings en gedrag op 'n betekenisvolle en geïntegreerde wyse te koördineer (Hogg & Vaughan, 2005). Hierdie waarde-uitdrukkingsfunksie van houdings fasiliteer die uitdrukking van die individu se voor- en afkeure, asook sy of haar persoonlike doelwitte (Nel, 2008). Die definiëring van die konsep waarde hou verband met die kognitiewe segment van 'n houding. Waardes verskaf dus 'n struktuur aan die organisering van houdings (Hogg & Vaughan, 2005). Derhalwe kan waardes beskou word as 'n integrale deel van die konsep houding.

Met die aanleer van houdings vind 'n samestelling en ontwikkeling van waardes plaas wat neerslag vind in 'n waardesisteem wat die individu vir hom- of haarself toegeëien het (Van Rooyen, 2002). Dus blyk dit dat individuele houdings deur waardes geaktiveer word. Die studie van waardes is egter ook sentraal tot die analisering/ontleding van kultuur, aldus Hogg en Vaughan (2005). Kultuur kan gedefinieer word as 'n georganiseerde sisteem van gedeelde betekenis en kognisies wat 'n spesifieke groep toeken aan 'n persoon of objekte wat deel uitmaak van daardie kultuur en wat een groep onderskei van ander groepe (Baker, 2000). Hierdie gedeelde betekenis vind uiting in gedeelde aktiwiteite. Kulturele waardes het dus 'n invloed op die houding wat ingeneem word teenoor 'n individu, groepe of objekte.

In die lig van die bogenoemde kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat godsdienstige oortuigings en praktyke met vooroordeel as ongunstige houding teenoor 'n teikengroep geassosieer word (Jackson & Hunsberger, 1999; Jonck, et al., 2007a), wat deur onderliggende kulturele waardes, bekom deur internalisasie (Hogg & Vaughan, 2005), gedrag rig in 'n bepaalde kultuur of sosiale groepering. Anders gestel: die sigbare kerk manifesteer in elke arena as 'n sosiale instansie wat die sosiale norme en oortuigings van die gasheerkultuur reflekteer (Aidan-Nichols, 1999). Hierdie sameloop van omstandighede is onvermydelik, aangesien die kerk saamgestel word uit lidmate wat die aannames van bestaande kulture geïnternaliseer het (Regele, 1995). Die teendeel is egter ook waar, dus kan daar van die veronderstelling uitgegaan word dat die gasheerkultuur

beïnvloed word deur die godsdienstige waardes wat 'n spesifieke groep, in hierdie geval kerklidmate, toeken aan 'n persoon of objek wat deel uitmaak van daardie kultuur. Ratzinger (1995:35) maak die volgende opmerking in dié verband:

> *The question of man and the world always contains the prior actually foundational question of God. One can neither understand the world nor live uprightly if the question of the divine goes unanswered. Indeed, it gets to the root of the great cultures to say that they interpret the world so as to order it to the divine….. Culture at its core means an opening to the divine.*

In die voorafgaande gedeelte is gepoog om die verband tussen die term houding, godsdienstige oortuigings as waardes en kultuur vanuit 'n sosiaal-psigologiese paradigma te belig. Vervolgens word aandag geskenk aan die teologiese denkraamwerk wat verband hou met vroue as ampsdraers in die gemeente.

## 5.2. Teologiese denkraamwerk wat verband hou met vroue as ampsdraers

Die Bybel kan nie bloot fundamentalisties geïnterpreteer word nie, derhalwe kan die ware betekenis agter Bybel tekste eers verstaan word wanneer die sosiale konteks waarin dit geskryf is in ag geneem word, aldus Malina (2001). Duling (2003) gaan van die veronderstelling uit dat alvorens daar nie ondersoek ingestel word na die oorsprong van 'n teks, diegene aan wie die teks gerig is, die skrywer, die kulturele en sosiale agtergrond, asook die bedoeling van die teks nie, is dit onmoontlik om 'n Bybel teks te interpreteer in 'n hedendaagse konteks.

Derhalwe identifiseer Bronner (1994) verskeie faktore, waaronder sosiale, politieke, ekonomiese en teologiese faktore, wat 'n bydrae lewer tot vroue se rol in die gemeente. Voorts word verwys na vier sosiale oorwegings wat 'n invloed uitoefen op dominante teologiese denkrigtings. In die eerste plek beïnvloed die **sosiale nedersetting** van die Christelike gemeenskap die teologiese diskoers wat daaruit voortvloei (Winter, 2003). Tweedens is teologie 'n funksie van die dominante **kultuur** waaraan dit behoort (Osiek & MacDonald, 2006). Derdens berus teologiese denkwyses op die dominante **akademiese inrigting** waarin dit onderrig word (Field-Bibb, 1991), en laastens word teologie in verband gebring met **ekonomiese faktore** (Hodgson, 2005). Naas die sosiale oorwegings wat 'n invloed op teologiese denkrigtings weergee, word oorsigtelik enkele teologiese aspekte rakende vroue in die amp uitgelig.

### 5.2.1 Sosiale nedersetting

Malina (2001: 2) handhaaf die siening dat: '*any adequate understanding of the Bible require some understanding of the social system embodied in the words that make up our sacred scripture.*' Ingevolge Gwashi (1999) moet eers aandag geskenk word aan die rol van vroue in die omliggende kulture in samehang met die Israelitiese

kultuur alvorens 'n grondige begrip gevorm kan word van die rol van vroue in die Ou en Nuwe Testament. Die antieke Mediterreense samelewing was 'n manlik beheerde samelewing. Vroue is as die 'ander' beskou en nie die norm nie. Mans het oor hulle vroue geheers om te voorkom dat vroue nie skande oor die familie bring nie (Osiek & Balch, 1997; Vrey, 2008). In 'n sekere mate was daar 'n vrees vir vroue weens hul veronderstelde onvoorspelbaarheid en seksuele swakheid, aldus Vrey (2008). Hanson en Oakman (1998; 24) maak die volgende stelling in dié verband: '*and women are often categorized as fundamentally sinful.....'*

Rees (2003) identifiseer drie sosiale nedersettings wat 'n invloed uitgeoefen het op die godsdienstige gebruike en denkrigtings van daardie tyd, naamlik dié van Israel, Babelonië en Assirië.

In die **Israelitiese konteks** word veral klem geplaas op die familie, wat 'n patriargale patroon verteenwoordig met God as die God van Abraham, Isak en Jakob. Harper (1994) beklemtoon dat Abram beteken 'die vader is verhewe'. Binne hierdie patriargale familie-struktuur is die man die hoof of *ba'al,* wat god of heerser beteken, ingevolge waarvan vroue beskou word as 'n besitting (Osiek & MacDonald, 2006). Soos al die ander nedersetting in die antieke Mediterreense samelewing is vroue se doel in Judaïsme uitsluitlik om hul mans te dien (Vrey, 2008). Malina (2001: 47) beskryf vroue se plek in die Joodse samelewing as volg: *'That means they face towards the inside, with a sort of invisible magnet of social pressure turning females inward, towards their space in the house or the village.'*

In dieselfde asem verdedig Joodse geskrifte soos Spreuke vroue se belangrikheid. In Spreuke 31 word die lof van 'n deugsame vrou besing. Alhoewel 'n vrou, 'n moeder, 'n dogter of 'n suster liefde, respek en sorg verdien, moes vroue steeds binne die grense van 'n patriargale samelewing beweeg en haarself onderwerp aan manlike familielede (Hanson & Oakman, 1998).

Hoewel vroue ook in die **Babelse konteks** ondergeskik was aan die man, het sy sekere regte geniet. Vanuit 'n godsdienstige oogpunt was daar 'n komplekse hiërargie van vroulike ampsdraers in Babel. **Assirië** se wetgewing het vroue in 'n groter mate verontreg as wat die geval was in Israel en Babel. Vroue kon egter in Assirië 'n amp in die tempel beklee (Rees, 2003). Slegs in die geval van Israel was ampte in die gemeente verbode vir vroue, hoewel daar met betrekking tot godsdienstige praktyke aangeneem is dat die wet vir beide geslagte geld. Ten spyte van hierdie toegewing was vroue beskou as onrein tydens hul maandstonde, waartydens hulle nie toegelaat was om die tempel binne te gaan nie, ingevolge Levitikus 15:31[6] (Rees, 2003).

---

[*] Alle Skrifverwysings kom uit die Naslaanbybel (1994)

### 5.2.2 Kultuur

Die kulturele realiteit van die Mediterreense samelewing kan beskou word as kollektivisties aangesien die persoon altyd beskou is as lid van 'n groter gemeenskap, hetsy familie, kultuurgroep, geslag, nationaliteit of ander groepering (Malina, 2001). Individue het die groep se opinie en denkwyses geassimileer en daarvolgens gehandel, ongeag persoonlike houdings en of menings (Vrey, 2008). In die Bybel word verskeie individue geklassifiseer deur te verwys na hul geografiese oorsprong byvoorbeeld Jesus van Nasaret of Paulus van Tarsus (Duling, 2003).

Die sosio-religieuse realiteit van vroue in die Joodse kultuur tydens die Bybelse periode is dié van 'n minderwaardige wese weens die gebruike van godsdienstige leiers (Osiek & MacDonald, 2006). Namate die kulturele gebruike van die rabbi's ontwikkel het, het onderskeid op grond van geslag toegeneem (Rees, 2003). Barclay (1982:199) som die siening van vroue soos uitgedruk in die Talmud soos volg op: *"In Jewish law a woman was not a person, but a thing. She had no legal rights whatsoever; she was absolutely in her husband's possession to do with as he willed."* Voorts word 613 religieuse wette of reëls vervat in die Torah waarvan slegs drie van toepassing is op vroue (Matlin, 2004).

### 5.2.3 Akademiese inrigtings

Wat betref die leer en onderrig in die akademiese inrigtings, die sinagoges, was dit aanvaarbaar vir vroue om godsdienstige lering aan te hoor, maar nie om dit te verstaan of te leer nie (Winter, 2003). Hoewel die optrede van Jesus in skrille kontras staan tot die siening van die Joodse rabbi's (Dreyer, 1999) en Jesus wel vroue in die wet onderrig het, het Hy nooit 'n vrou aangestel om leiding aan manlike gemeentelede te bied nie (Rees, 2003). Met die intrede van die twintigste eeu het vroue egter hul toetrede gemaak tot die amp van rabbi en akademikus in teologie (Matlin, 2004), hoewel vroue teen 1990 slegs 10% van ampsdraers in gemeentes verteenwoordig het in onder andere Amerika en Kanada (Ruether, 1994). Volgens Barnes (2006) verteenwoordig vroue hedendaags 50% van ampsdraers in Amerikaanse gemeentes. Landman (2006) vermeld dat die verryking van teologiese opleiding van vroue en toerusting vir die bediening 'n belangrike punt op die agenda van vroulike teoloë moet wees. Hoewel dit 'n saak is wat nie voldoende aandag aan akademiese inrigtings geniet nie.

### 5.2.4 Ekonomiese faktore

Die antieke Mediterreense samelewing was 'n pre-industriële samelewing waarin politieke, godsdienstige en ekonomiese sisteme beheer is deur die sosiale struktuur van daardie tyd, aldus Osiek en Balch (1997). Hoewel ekonomiese faktore 'n rol speel was ekonomie nooit die bepalende faktor nie, maar wel die familie. Invloedryke families het die samelewig beheer en beskerming gebied aan laer klas families (Malina, 2001). Derhalwe het 'n

handjievol ryk, invloedryke, politieke, godsdienstige en sosiale manlike leiers gedikteer wat met die res van die samelewing gebeur (Vrey, 2008).

Komplekse ekonomiese faktore speel hedendaags egter 'n wesentlike rol ten opsigte van vroue se rol in die gemeente, aldus Bronner (1994). Gemeentes kry swaar, wêreldwyd krimp die hoofstroomkerke en tot onlangs was daar 'n ooraanbod van predikante (Dorr, 1995; Jonck, 2005). Derhalwe is dit belangrik om te verstaan dat manlike predikante en hul vroulike kollegas albei onder hierdie tendens gebuk gaan. Dit is ook noemenswaardig om te vermeld dat ekonomiese faktore 'n wesentlike bydrae gelewer het tot die toetrede van vroue tot die amp van diaken (Kleynhans, 1983). Met die oog op die ernstige toestande en vraagstukke rakende die minderbevoorregtes het die Konvent van Wezel (1568) vroue toegelaat om die amp van diaken te beklee (Gwashi, 1999).

### 5.2.5 Teologiese aspekte rakende vroue in die amp

Standpunte rakende vroue in die amp steun sterk op Bybelse uitsprake in verband met die rol van vroue in die samelewing. Ondermeer is die sogenaamde swyggebod van die apostel Paulus hier ter sprake: "Soos in al die Christelike gemeentes moet die vroue ook in jul byeenkomste stilbly, want hulle word nie toegelaat om te praat nie. Hulle moet onderdanig wees, soos die wet ook sê." (1 Kor 14: 33b & 34[7]). In sy kommentaar op hierdie teksverse verklaar Calvyn die opdrag dat vroue nie in die kerk onderrig mag gee nie, en bewoord dit as volg: 'n Persoon wat onderrig in die kerk gee, verkeer in 'n gesagsposisie. Aangesien die vrou aan die man onderdanig moet wees (vgl Gen 3:16), mag sy nie onderrig in die kerk gee nie (Calvyn, 1509-1564). Teoloë is dit egter deesdae oorwegend eens dat hierdie en ander tekste oor die rol van vroue in die kerk teen die kultuur-historiese agtergrond van daardie tyd gelees moet word (cf. NG Kerk 1986: 163-165). Die gawe van die Heilige Gees word aan alle gelowiges (mans sowel as vroue) geskenk (1 Kor 12:7) wat in hul bediening gebruik kan word tot opbou van die gemeente. Daar is ook talle voorbeelde van vrouefigure wat 'n belangrike rol in die geloofsgemeenskap gespeel het. Maria Magdelena word die eerste getuie van Jesus se opstanding (Matt 28:10). Priscilla , Sintige en Euodia is van die vroue wat ook in diens van die Evangelie was (Fil 4:3). Jesus se opdrag om mense dissipels te maak en hulle te leer, word aan mans en vroue gegee (Matt 28:18-20). Indien na die verskillende teologiese aspekte van die bediening in 'n gemeente gekyk word, kan daar nie standhoudende teologiese besware teen die vrou in die amp geopper word nie (cf. NG Kerk 1986).

---

* Alle Skrifverwysings kom uit die Naslaanbybel (1994)

## 5.3 Die verband tussen die sosiaal-psigologiese en die teologiese perspektief

In die voorafgaande literatuuroorsig is gepoog om 'n verband te bewerkstellig tussen die sosiaal-psigologiese konsep van houding en 'n teologiese diskoers. Derhalwe is aandag geskenk aan die verband tussen 'n houding en kultuur vanuit 'n sosiaal-psigologiese perspektief. Daarna is gefokus op teologie as funksie van die dominante kultuur waaraan dit behoort, aldus Osiek en MacDonald (2006). Aidan-Nichols (1999) verwys na 'n direkte verband tussen die sosiaal-psigologiese en die teologiese perspektief. Christopher Dawson (Aidan-Nichols, 1999:4) beskryf hierdie verband soos volg:

> *It is clear that a common way of life involves a common view of life, common standards of behaviour and common standards of value, and consequently a culture is a spiritual community which owes its unity to common beliefs and common ways of thought far more than to any uniformity of physical type.*

Voorts word aandag geskenk aan die biografiese veranderlikes wat moontlik 'n invloed uitoefen op kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers. Die relevansie van ‘n studie na biografiese veranderlikes is gelee in die aanname dat beperkte inligting beskikbaar is oor die navorsingsobjek, te wete kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers, derhalwe word gebruik gemaak van verkennende navorsing. Resultate aangaande die biografiese veranderlikes wat lidmate se houding teenoor vroulike ampsdraes beïnvloed word aangewend om die navorsingsobjek te verduidelik en te interpreteer, aldus Heitink (1999).

## 6. BIOGRAFIESE VERANDERLIKES WAT MOONTLIK KERKLIDMATE SE HOUDING TEENOOR VROULIKE AMPSDRAERS KAN BEÏNVLOED

Ten einde die spesifieke doelwit, wat verband hou met 'n ondersoek na veranderlikes wat lidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers beïnvloed, te bereik, word kortliks aandag geskenk aan akademiese kwalifikasie, maandelikse inkomste en gemeentelike betrokkenheid. Demografiese veranderlikes kan, aldus Du Plooy en Grobler (2002) verdeel word in onder andere persoonlike, sosio-kulturele en sosio-ekonomiese veranderlikes. In die onderhawige navorsingsartikel word aandag geskenk aan sosio-ekonomiese veranderlikes wat kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers moontlik beïnvloed.

## 6.1 Akademiese kwalifikasie

Navorsing deur MacNeillie (1998) het gepostuleer dat diskriminasie teenoor vroue voorkom wat betref hul vergoeding, werksgeleenthede, bevordering, asook opleiding en opvoeding. Voorgenoemde studie is uitgevoer in KwaZulu-Natal in die ekonomiese sektor, derhalwe moet bevindinge met omsigtigheid hanteer word. Betreklik min indien enige empiriese navorsing is onderneem in die geloofsgemeenskap, as synde ook 'n werksomgewing.

Die kerk as georganiseerde sosiale instelling is deel van die kosmiese werklikheid, en as sulks ook onderworpe aan wetenskaplike bestudering (Henslin, 2007). Navorsing wat onderneem is in Amerika het getoon dat respondente wat oor 'n hoër akademiese kwalifikasie beskik, die neiging toon om meer positief gesind te wees teenoor vroulike leraars (Barnes, 2006).

## 6.2 Maandelikse inkomste

Navorsing wat onderneem is deur Barnes (2006), asook Lincoln en Mamiya (1990) het gevind dat maandelikse inkomste positief korreleer met 'n positiewe houding teenoor vroulike leraars. Hiervolgens het diegene wat 'n hoër inkomste verdien het 'n positiewer houding teenoor vroulike leraars (Barnes, 2006). Hierdie bevindinge word ook in verband gebring met akademiese kwalifikasie. Die gevolgtrekking waartoe Barnes (2006) gekom het, was dat kerklidmate met 'n hoër akademiese kwalifikasie, asook wat ekonomies stabiel is, 'n positiewe houding teenoor vroulike ampsdraers openbaar.

## 6.3 Gemeentelike betrokkenheid

'n Studie deur Swart-Russell (1988) wat uitgevoer is in Suid-Afrika en van toepassing was op die Anglikaanse kerkdenominasie, het bevind dat 36% van diegene wat 'n bepaalde amp in die gemeente beklee, van mening was dat vroue nooit verordineer moet word nie. Dienooreenkomstig het 20% van kerklidmate wat geen bepaalde amp beklee het nie, dieselfde neiging getoon, terwyl 23% van leraars gekant was teen vroue in die amp van leraar of biskop. Die studie van Swart-Russel (1988) het 314 respondente betrek en is uitgevoer landwyd. Volgens die bevindinge van Rees (2003) het 41,5% van ampsdraers gevoel dat vroue nie beroep moet word om in 'n gemengde gemeente te preek nie. Dienooreenkomstig het 45% van kerklidmate dieselfe mening gehuldig.

## 7. NAVORSINGSMETODE

Ten einde die navorsingsdoelwitte van die onderhawige studie te bereik, word vervolgens aandag geskenk aan die navorsingshipotese, die navorsingsontwerp, die samestelling van die ondersoekgroep, die meetinstrumente, asook die statistiese analise.

## 7.1 Navorsingshipotese

Die volgende navorsingshipotese is vir die ondersoek gestel: *Kerklidmate se houdings teenoor vroulike ampsdraers in die gemeente-opset verskil beduidend van mekaar ten opsigte van biografiese veranderlikes soos akademiese kwalifikasie, maandelikse inkomste en gemeentelike betrokkenheid.*

## 7.2 Metode van ondersoek

Daar is in die onderhawige studie van nie-eksperimentele navorsing of te wel *ex post facto*-navorsing gebruik gemaak. Proefpersone was gevolglik nie ewekansig toegewys aan die vlakke wat die onafhanklike veranderlikes definieer nie (Nel, 2008). Tesame hiermee was 'n enkele steekproef verkry, ten einde die rol van die onafhanklike veranderlikes, akademiese kwalifikasie, inkomste en gemeentelike betrokkenheid op die afhanklike veranderlike die houding van kerklidmate teenoor vroulike ampsdraers, soos deur die drie subskale gemeet, te ondersoek.

## 7.3 Samestelling van ondersoekgroep

Alvorens die ondersoekgroep, wat 'n aantal elemente uit die populasie behels, saamgestel kon word, moes 'n lys van individuele kerkgemeentes afkomstig van al vier kerkdenominasies verkry word. Hierdie denominasies sluit in die Rooms-Katolieke Kerk, wat wêreldwyd die grootste kerklike instansie verteenwoordig ("List of Christian Denominations", 2010). Die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie en die Gereformeerde Kerk wat die grootste Afrikaanssprekende denominasies in Suid-Afrika verteenwoordig. Beide hierdie twee denominasies het aanvanklik uit 'n enkele denominasie voortgespruit wat se ontstaansjaar saam met Jan van Riebeeck se historiese aankoms aan die Kaap in 1652 val (Van der Linde, 2002). Verskeie ander denominasies kom voor in Suid-Afrika wat saam gegroepeer kan word as Pinkster- en Charismatiese denominasies. Die Christelike Herlewingskerk is 'n voorbeeld van so 'n denominasie.

'n Amptelike telefoniese lys van gemeentes in die geval van die Gereformeerde Kerk, asook die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie verskyn in dié denominasies se amptelike almanak. Die Rooms-Katolieke Kerk se gegewens is verkry vanaf dié denominasie se kerkkantoor. Die Christelike Herlewingskerk se gegewens is verkry deur middel van 'n rekenaar-soektog. Na afloop van die samestelling van 'n lys van individuele gemeentes vir elke kerkdenominasie, is die verskillende gemeentes gekontak om deel te neem aan die studie. Sommige gemeentes was nie instaat om aan die onderhawige studie deel te neem nie. Ten spyte hiervan is 'n steekproef van 36 gemeentes afkomstig van vier denominasies saamgestel. Die kerkgemeentes is deur 'n toevallige steekproeftrekking saamgestel, aangesien individuele gemeentes geselekteer is volgens hul rangorde op 'n amptelike lys van gemeentes. Elke individuele kerkgemeente is voorsien van 'n brief afkomstig van die Universiteit van die Vrystaat, tesame met 'n voorbeeld van die vraelys. Waar moontlik is die gemeentes persoonlik besoek, hoewel daar ook gebruik gemaak is van veldwerkers afkomstig van die Universiteit van die Vrystaat.

Vraelyste is versprei na afloop van oggend-eredienste by die hoofuitgange van die verskillende kerkgeboue. Lidmate het die geleentheid gehad om vraelyste tuis te voltooi en kon die voltooide vraelyste anoniem in 'n houer

plaas die daaropvolgende Sondag of die vraelyste aflewer by die kerkkantore. Aangesien die vraelys 'n aantal oop-einde vrae insluit waar daar van respondente verwag word om kommentaar te lewer op Skrifgegewens moes vraelyste tuis voltooi word. Die ondersoekgroep, as sulks, is derhalwe saamgestel deur 'n beskikbaarheidsteekproef.

Die standaard etiese riglyne waarbinne navorsing plaasvind is ook aan gehoor gegee in die onderhawige navorsingstudie, aldus Smythe en Murray (2000) en sluit in:

- Deelname aan die navorsingstudie was op 'n vrywilligheidsgrondslag.
- Konfidensialiteit is verseker deurdat geen identifiseerbare inligting oor respondente beskikbaar gestel is aan die navorser nie.
- Respondente is kortliks inkennis gestel oor die uitkomste en doel van dié onderhawige navorsingstudie.
- Terugvoermoontlikhede aan individuele gemeentes is tydens die aanvanklike kerkraadsvergaderings reeds vermeld

Die steekproef het bestaan uit 1052 kerklidmate afkomstig van die volgende stede en dorpe: Bloemfontein, Cradock, Durban, Ellisras, George, Gonubie, Johannesburg, Kimberley, Middelburg, Potchefstroom en Stellenbosch. In vyf streke is die hoofstede geselekteer, hierdie streke sluit in die Vrystaat (Bloemfontein), KwaZulu-Natal (Durban), Gauteng (Johannesburg/Midrand), Noord-Wes (Potchefstroom) en die Noord-Kaap (Kimberley). In die Oos-Kaap, Wes-Kaap, Limpopo en Mpumalanga is plattelandse dorpe ingesluit in die steekproef. Weens die grootte van hierdie plattelandse dorpe is daar van twee dorpe in sommge gevalle gebruik gemaak (Stellenbosch en George in die Noord-Kaap; Cradock en Gonubie in die Oos-Kaap).

Die totaal van 1 052 vraelyste het bestaan uit 326 (31%) van die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie, 311 (29%) van die Christelike Herlewingskerk, 217 (21%) van die Gereformeerde Kerk, asook 198 (19%) van die Rooms-Katolieke Kerk.

## 7.4 Meetinstrument

Aangesien die onderhawige studie oor kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers handel, terwyl akademiese kwalifikasie, inkomste en gemeentelike betrokkenheid ook verreken is, is die meetinstrument saamgestel om juis hierdie konstruk te ondersoek. Die meetinstrument is saamgestel na die identifisering van drie hooftemas te wete kerklidmate se houding teenoor vroue in sekulêre, asook godsdienstige instansies. Derdens die komponente waaruit bovermelde houdings bestaan. Na deeglike bestudering van

beskikbare literatuur is die vraelys saamgestel wat na afloop van vier afsonderlike loodstudies onder studente van die Universiteit van die Vrystaat telkens hersien is.

### 7.4.1 Samestelling van die meetinstrument

Beide 'n kwantitatiewe, asook kwalitatiewe, meetinstrument is aangewend om die data in te samel en kom vervolgens onder die loep.

#### 7.4.1.1 Biografiese meetinstrument

In **Afdeling A** word 10 feitlike vrae aangaande die biografiese besonderhede van die respondent gestel, ten einde inligting oor geslag, huwelikstatus, ouderdom, akademiese kwalifikasie, inkomste, gemeentelike betrokkenheid, huistaal, denominasie, asook geloofsoriëtasie in te win. In hierdie artikel is slegs inligting aangaande akademiese kwalifikasie, maandelikse inkomste en gemeentelike betrokkenheid verwerk en tydens statistiese analise gebruik (sien Bylaag A).

#### 7.4.1.2 Kwantitatiewe meetinstrument

Die kwantitatiewe meetinstrument het ten doel gehad om numeriese waardes toe te ken aan nie-numeriese eienskappe van menslike gedrag op so ‘n wyse dat dit geldige interpretasies van hierdie eienskappe moontlik maak (Bless & Higson-Smith, 2000). ‘n Dertig-item Likert-skaal is as hoofmeetinstrument gebruik, wat in drie afdelings/subskale aangebied word (sien Bylaag B): **Afdeling B** sluit in 10 algemene stellings ten einde die respondent se houding teenoor vroue in die werksplek te bepaal. Afdeling B bestaan uit vyf items wat positief geskryf is en vyf items wat negatief geformuleer is. In **Afdeling C,** word ‘n Likert-skaal gebruik vir die bepaling van kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers in die gemeente-opset en bestaan uit 10 stellings. **Afdeling D** bestaan uit 10 kognitiewe, affektiewe en konatiewe stellings, wat ten doel het om die gemak of ongemak wat die respondent se houding by hom of haar ontlok, te bepaal. Die insluiting van hierdie Afdeling word gebaseer op die kognitief-konsekwente teorie (Taylor et al., 2006).

‘n Respondent moes tussen vier responskategorieë kies, wat ‘n aanduiding gee van die graad van sterkte van instemming of verskil ten opsigte van die houding wat gemeet word (Pretorius, 1993). Die responsmoontlikhede sluit in: *beslis waar, waar, nie waar nie* en *beslis nie waar nie.* Ten einde numeriese waardes aan response te verskaf, is tellings van een tot vier aan positiewe items gekoppel. Negatiewe items se waardes is omgedraai alvorens statistiese ontleding kon plaasvind. Die meetinstrument lewer ‘n

totaaltelling op wat wissel van 30 tot 120. Tellings tussen 30 en 75 dui op ‘n negatiewe gesindheid teenoor vroulike ampsdraers en tellings tussen 75 en 120 dui op ‘n positiewe gesindheid.

#### 7.4.1.3 Kwalitatiewe meetinstrument

'n Kwalitatiewe ondersoekmetode is aangewend om die houdings, soos vasgestel deur die kwantitatiewe metodes, wyer te omskrywe en beter te definieer (sien Bylaag C). **Afdeling E** sluit vyf semi-gestruktureerde oop-einde vrae in wat aan die respondent die geleentheid bied om sy of haar openhartige mening te bied op vrae soos: **“In Galasiërs 3:28 sê Paulus die volgende: ‘*Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus’.* Dink u dat hierdie stelling geslag as basis vir onderskeid tussen mans en vroue as ampsdraers, met spesifieke verwysing na die amp van prediker, tersyde stel?”** Afdeling E sluit ook ‘n ranglysvraag in waar daar van respondente verwag is om die redes hoekom vroulike ampsdraers in ‘n mindere mate beroep word, te rangskik van een tot vyf.

### 7.4.2 Betroubaarheid en geldigheid

Die interne metingskonsekwentheid van die verskillende skale is ondersoek deur middel van Cronbach se alpha-koëffisiënt. Al drie die houdingskale is betroubaar bevind, met 'n gemiddelde betroubaarheidstelling van 0,86, wat as ‘n goeie waarde beskou word. Tydens die loodsstudie, wat uitgevoer is onder studente van die Universiteit van die Vrystaat, is die gesamentlike alpha-koëffisiënt van al drie houdingskale bereken op 0,831.

Ten einde die geldigheid van die meetinstrument te toets, is gebruik gemaak van konstrukgeldigheid. Konstrukgeldigheid verwys na die mate waarvolgens beide die afhanklike en onafhanklike veranderlikes ‘n akkurate refleksie bied van die konstruk wat ondersoek word (Hoyle, Harris & Judd, 2002). ‘n Tweefaktor-faktorontleding is toegepas ten einde die drie subskale se geldigheid te bereken, wat getoon het dat 24 van die 30 items oor goeie konvergente en divergente geldigheid beskik.

## 7.5 Statistiese ontleding

Die data is met behulp van beskrywende, asook inferensiële statistiese tegnieke ontleed. Beskrywende statistiek word aangewend om data te organiseer en op te som, derhalwe word onder andere rekenkundige gemiddeldes, standaardafwykings, asook variansie-ontleding gebruik om die data te analiseer. Inferensieel sal meerveranderlike variansie-ontleding gebruik word om die verhouding tussen sub-groepe in die steekproef vas te stel. Meerveranderlike variansie-ontleding verwys na die statistiese metode wat die interaktiewe en onafhanklike uitwerking van twee of meer onafhanklike veranderlikes op 'n aantal afhanklike veranderlikes meet (Heiman,

2004). Cohen se d-toets is gebruik ten einde die effekgrootte, wat verwys na die gestandaardiseerde gemiddelde verskil tussen die gemiddeldes van die verskillende vlakke van die onafhanklike veranderlikes, te bereken. Effekgrootte word geïnterpreteer deur die verkreë waarde te vergelyk met bekende verskille. Derhalwe word 'n afsnypunt van 0,50 (medium effek) gestel vir die praktiese betekenisvolheid van die verskille tussen gemiddeldes (Aron & Aron, 1994). Voorts is die Scheffé-toets toegepas ten einde enige verskille tussen die verskillende vlakke van die onafhanklike veranderlikes te ondersoek, indien dit statisties beduidend blyk te wees.

Kwalitatiewe data wat met behulp van semi-gestruktureerde vrae bekom is, is verwerk volgens die sosiaal-psigologiese diskoers-analitiese metode (Strauss & Corbin, 1998). Die sosiaal-psigologiese diskoers-analitiese metode behels in wese dat respondente se eie menings soos uitgespreek in die semi-gestruktureerde oop-einde vrae ingevolge die sosiale psigologie, as teoretiese denkraamwerk, geïnterpreteer word. Gegewens wat met behulp van die gestruktureerde oop-einde vrae bekom is, is deur die navorser geïnterpreteer en deur twee onafhanklike professore, waarvan een 'n kenner op die gebied van kwalitatiewe navorsing en die ander 'n kenner op die gebied van die sosiale psigologie, hersien. 'n Tussenvertolkersbtroubaarheidstoets is toegepas om te verseker dat die interpretasie van gegewens betroubaar is (Du Plooy & Grobler, 2002).

## 8. RESULTATE


Die resultate van die ondersoekgroep sal vervolgens aangebied word:

### 8.1 Kwantitatiewe resultate

Die kwantitatiewe data is ontleed deur middel van beskrywende en inferensiële statistiese tegnieke.

#### 8.1.1 Beskrywende statistiek

Die data wat deur middel van die biografiese meetinstrument ingesamel is, word georganiseer en opgesom in Tabel 1 tot Tabel 3. In Figuur 1 word die frekwensies van die verskillende opleidingsvlakke grafies voorgestel waarna daar in Tabel 1 aandag geskenk word aan die frekwensies, persentasies, gemiddeldes en standaardafwykings vir die verskillende opleidingsvlakke.




**Figuur 1: Staafdiagram van die frekwensies van die verskillende opleidingsvlakke**


Die steekproef is verdeel in drie kategorieë met betrekking tot akademiese kwalifikasie, naamlik laer as graad 10, graad 11 tot graad 12, asook tersiêre opleiding (Figuur 1). Die oorgrote meerderheid het in die tweede groep geval (N = 518), soortgelyk het 447 respondente tersiêre opleiding ontvang en slegs 83 van die respondente het beskik oor 'n kwalifikasie laer as graad 10.

**Tabel 1: Frekwensies, persentasies, gemiddeldes en standaardafwykings vir opleidingsvlak ten opsigte van houding teenoor vroulike ampsdraers**

| Opleidingsvlak | N | % | | Subskale | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Subskaal B | Subskaal C | Subskaal D | |
| **Laer as graad 10** | 83 | 7,92 | $\bar{X}$ | 28,16 | 26,07 | 28,78 | 83,01 |
| | | | s. | 4,96 | 3,70 | 4,26 | 10,09 |
| **Graad 11 – graad 12** | 518 | 49,43 | $\bar{X}$ | 29,69 | 26,93 | 29,47 | 86,09 |
| | | | s. | 4,31 | 3,91 | 4,95 | 10,48 |
| **Tersiêre opleiding** | 447 | 42,65 | $\bar{X}$ | 29,81 | 27,24 | 29,72 | 86,77 |
| | | | s. | 4,24 | 4,32 | 5,35 | 11,25 |
| **Totaal** | 1048 | 100 | $\bar{X}$ | 29,62 | 26,99 | 29,52 | 86,14 |
| | | | s. | 4,36 | 4,08 | 5,08 | 10,82 |

Volgens Tabel 1 was die gemiddelde telling vir die gesamentlike groep 86,14 (s = 10,82), terwyl die teoretiese gemiddelde 75 is. Hiervolgens is die respondente in die verskillende opleidingskategorieë as geheel positief ingesteld teenoor vroulike ampsdraers. Respondente wat oor 'n tersiêre kwalifikasie beskik het, het die hoogste gemiddelde telling behaal ($\bar{X}$ = 86,77; s = 11,25), terwyl diegene wat opleiding tussen graad 11 tot graad 12 ontvang het, 'n gemiddelde telling van 86.09 (s = 10,48) verkry het. Respondente wat laer as graad 10 gekwalifiseerd was, se gemiddelde telling was 83,01 (s = 10,09), wat die laagste gemiddelde telling

verteenwoordig. In Figuur 2 word die gegewens van die inkomstegroepe grafies deur middel van 'n histogtam voorgestel, waarna daar 'n volledige opsomminge verskaf word in Tabel 2.




**Figuur 2: Histogram van die frekwensies van die verskillende opleidingsvlakke**

Volgens Figuur 2 het die meeste proefpersone (N = 353) minder as R999 per maand verdien, 299 proefpersone het tussen R1 000 – R4 999 verdien, 191 het tussen R5 000 – R8 999 verdien en laastens het 207 proefpersone 'n maandelikse inkomste van meer as R 9 000.

**Tabel 2: Frekwensies, persentasies, gemiddeldes en standaardafwykings vir inkomste ten opsigte van houding teenoor vroulike ampsdraers**

| Inkomste | N | % | | Subskale | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Subskaal B | Subskaal C | Subskaal D | |
| **Minder as R999** | 353 | 33,62 | $\bar{X}$ | 29,59 | 27,13 | 29,57 | 86,30 |
| | | | s. | 4,44 | 3,91 | 4,80 | 10,52 |
| **R1000 – R4999** | 299 | 28,45 | $\bar{X}$ | 29,14 | 26,67 | 29,19 | 85,00 |
| | | | s. | 4,22 | 3,85 | 4,62 | 9,86 |
| **R5000 – R8999** | 191 | 18,19 | $\bar{X}$ | 29,45 | 27,25 | 29,82 | 86,52 |
| | | | s. | 4,28 | 4,14 | 5,02 | 10,99 |
| **Meer as R9000** | 207 | 19,71 | $\bar{X}$ | 30,40 | 27,03 | 29,59 | 87,02 |
| | | | s. | 4,47 | 4,61 | 6,13 | 12,37 |
| **Totaal** | 1050 | 100 | $\bar{X}$ | 29,60 | 27,00 | 29,51 | 86,11 |
| | | | s. | 4,37 | 4,08 | 5,08 | 10,83 |

Volgens Tabel 2 was die gemiddelde telling vir die gesamentlike groep 86,11 (s = 10,83), terwyl die teoretiese gemiddelde 75 is. Respondente in die verskillende inkomstegroepe se houding was as geheel positief teenoor vroulike ampsdraers. Diegene wat meer as R9 000 per maand verdien het se gemiddelde telling was 87,02 (s = 12,37), wat die hoogste gemiddelde telling verteenwoordig. Respondente wat tussen R5 000 en R8 999 per maand verdien se gemiddelde telling was 86,52 (s = 10,99), wat hoër is as respondente wat minder as R999 per maand verdien ($\bar{X}$ = 86,30; s = 10,52). Respondente wat tussen R1 000 en R4 999 per maand verdien het, het die laagste gemiddelde telling behaal ($\bar{X}$ = 85,00; s = 9,86).

**Tabel 3: Frekwensies, persentasies, gemiddeldes en standaardafwykings ten opsigte van gemeentelike betrokkenheid soos van toepassing op houding teenoor vroulike ampsdraers**

| Gemeentelike Betrokkenheid | N | % | | Subskale | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Subskaal B | Subskaal C | Subskaal D | |
| **Leraar** | 26 | 2,48 | $\bar{X}$ | 32,04 | 28,19 | 32,65 | 92,89 |
| | | | s. | 3,75 | 5,06 | 6,14 | 12,20 |
| **Ouderling** | 73 | 6,95 | $\bar{X}$ | 29,06 | 27,25 | 27,82 | 84,12 |
| | | | s. | 4,39 | 4,11 | 5,82 | 12,40 |
| **Diaken** | 42 | 4,00 | $\bar{X}$ | 28,74 | 27,02 | 30,24 | 86,00 |
| | | | s. | 4,47 | 5,05 | 4,53 | 9,79 |
| **Kerklidmaat** | 909 | 86,57 | $\bar{X}$ | 29,61 | 26,94 | 29,54 | 86,08 |
| | | | s. | 4,36 | 4,00 | 4,96 | 10,64 |
| **Totaal** | 1050 | 100 | $\bar{X}$ | 29,60 | 26,99 | 29,52 | 86,11 |
| | | | s. | 4,37 | 4,08 | 5,08 | 10,83 |

Soos gesien kan word uit Tabel 3 was die oorgrote meerderheid kerklidmate (N = 909), gevolg deur ouderlinge (N = 73), diakens (N = 42) en laastens leraars (N = 26). Omdat die tellings vir al die groepe behalwe kerklidmate so klein is, moet die resultate vir verskille tussen gemiddeldes met groot versigtigheid beskou word. Die gemiddelde telling vir die gesamentlike groep was 86,11 (s = 10,83), terwyl die teoretiese gemiddelde telling 75 is. Die groep as geheel het derhalwe 'n positiewe houding ten opsigte van vroulike ampsdraers. Leraars het die hoogste gemiddelde telling ($\bar{X}$ = 92,89; s = 12,12). Diegene wat geen bepaalde amp beklee het nie, het 'n gemiddelde telling van 86,08 (s = 10,64), gevolg deur diakens met 'n gemiddelde van 86,00 (s = 9,79). In die laaste instansie was ouderlinge met die laagste gemiddelde telling ($\bar{X}$ = 84,12; s = 12,40).

### 8.1. Inferensiële statistiek

Inferensiële statistiese ontleding het ten doel om tellings te beraam en verwantskappe binne die populasie uiteen te sit (Heiman, 2004). Die resultate van die meerveranderlike variansie-onteding word uiteengesit in Tabel 4.

**Tabel 4: Meerveranderlike variansie–ontleding vir die toets van hoofeffekte**

| | | | Som van kwadrate | Vg | Kwadraat-gemiddeldes | F | p. | d. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Houding soos gemeet deur Subskaal B | Hoof-effekte | Opleidingsvlak | 230,227 | 2 | 115,113 | 6,234 | ,002** | ,894 |
| | | Inkomste | 150,129 | 3 | 50,043 | 2,710 | ,044* | ,660 |
| | | Gemeentelike betrokkenheid | 204,258 | 3 | 68,086 | 3,687 | ,012* | ,805 |
| | Model | | 1185,771 | 35 | 33,879 | 1,835 | ,002 | ,999 |
| | Residueel | | 18614,263 | 1008 | 18,467 | | | |
| Houding soos gemeet deur Subskaal C | Hoof-effekte | Opleidingsvlak | 100,488 | 2 | 50,244 | 3,090 | ,046* | ,596 |
| | | Inkomste | 53,573 | 3 | 17,858 | 1,098 | ,349 | ,298 |
| | | Gemeentelike betrokkenheid | 38,444 | 3 | 12,815 | ,788 | ,501 | ,221 |
| | Model | | 1029,024 | 35 | 29,401 | 1,808 | .003 | ,999 |
| | Residueel | | 16389,898 | 1008 | 16,260 | | | |
| Houding soos gemeet deur Subskaal D | Hoof-effekte | Opleidingsvlak | 73,387 | 2 | 36,694 | 1,450 | ,235 | ,311 |
| | | Inkomste | 46,449 | 3 | 15,483 | ,612 | ,607 | ,179 |
| | | Gemeentelike betrokkenheid | 485,474 | 3 | 161,825 | 6,394 | ,000** | ,969 |
| | Model | | 1443,836 | 35 | 41,252 | 1,630 | ,012 | ,997 |
| | Residueel | | 25510,780 | 1008 | 25,308 | | | |
| Houding soos gemeet deur Totale skaal | Hoof-effekte | Opleidingsvlak | 1100,836 | 2 | 550,418 | 4,812 | ,008** | ,798 |
| | | Inkomste | 383,615 | 3 | 127,872 | 1,118 | ,341 | ,303 |
| | | Gemeentelike betrokkenheid | 1384,548 | 3 | 461,516 | 4,035 | ,007** | ,842 |
| | Model | | 7216,040 | 35 | 206,173 | 1,802 | ,003 | ,999 |
| | Residueel | | 115300,243 | 1008 | 114,385 | | | |

*** $p \leq 0,05$; ** $p \leq 0,01$**

Uit Tabel 4 kan gesien word dat al die biografiese veranderlikes ‘n statisties-beduidende invloed uitoefen op subskaal B, wat gehandel het oor geslagsgelykheid in die algemeen. Slegs opleidingsvlak het op die 1%-peil beduidende verskille aangetoon, terwyl inkomste en gemeentelike betrokkenheid op die 5%-peil beduidend was. Opleidingsvlak het op subskaal C ’n beduidende effek getoon, alhoewel hierdie beduidenheid op die 5%-peil was. Nóg opleidingsvlak, nóg inkomste het ’n beduidende invloed op subskaal D getoon, terwyl gemeentlike betrokkenheid ’n hoogs beduidende invloed op hierdie subskaal gehad het. Ten opsigte van die totale vraelys het beide opleidingsvlak en gemeentlike betrokkenheid ’n invloed getoon wat op die 1%-peil beduidend was.

Wat Cohen se d-toets betref, het beide opleidingsvlak en gemeentelike betrokkenheid ‘n hoogs beduidende praktiese invloed, terwyl inkomste ‘n matige praktiese effek toon op subskaal B. Op subskaal C toon slegs opleidingsvlak ‘n matige praktiese beduidendheide effek. Soortgelyk toon gemeentelike betrokkenheid ‘n hoogs beduidende praktiese effek op subskaal D. Vir die totale skaal het beide opleidingsvlak, asook gemeentelike

betrokkenheid ‘n hoogs beduidende praktiese invloed. Cohen se d-waarde word aangewend om die effekgrootte van die verskille in gemiddeldes te bereken waarna dit vergelyk word met riglynwaardes (Koen, 2008). Sodoende word bepaal indien verskille beduidend genoeg is om verdere ondersoek te noodsaak.

Post-hoc Scheffé-ontledings is vervolgens uitgevoer om te bepaal watter groepe beduidend van mekaar verskil.

**Tabel 5: Scheffé-toetsresultate vir beduidende verskille tussen gemiddeldes vir opleidingsvlak**

| | | Graad 11 – graad 12 | Tersiêr | N | $\bar{X}$ |
|---|---|---|---|---|---|
| **Subskaal B** | **Laer as graad 10** | * | * | 83 | 28,16 |
| | **Graad 11 – graad 12** | | | 518 | 29,69 |
| | **Tersiêre opleiding** | | | 447 | 29,81 |
| **Totale Skaal** | **Laer as graad 10** | * | * | 83 | 83,01 |
| | **Graad 11 – graad 12** | | | 518 | 86,09 |
| | **Tersiêre opleiding** | | | 447 | 86,77 |

Volgens Tabel 5 het die groep met ’n kwalifikasie laer as Graad 10, ’n beduidend laer gemiddelde telling gehad as dié respondente met ’n kwalifikasie van graad 11 of graad 12, of ’n tersiêre kwalifikasie op subskaal B sowel as die totale raelys. Daar moet egter ook onthou word dat die respondente wat ’n kwalifikasie laer as Graad 10 gehad het, minder as 8% van die steekproef uitgemaak het (sien Tabel 1), en dit is dus nie uitgesluit dat hierdie ’n steekproef-effek mag wees nie. Nietemin blyk dit dat opleidingsvlak ‘n beduidende statistiese invloed uitgeoefen het op lidmate se houding soos dit verband hou met vroulike ampsdraers.

In Tabel 6 word die resultate van die Scheffé-toetse vir beduidende verskille tussen gemiddeldes ten opsigte van inkomste aangetoon.

**Tabel 6: Scheffé-toetsresultate vir beduidende verskille tussen gemiddeldes vir inkomste**

| | | R1 000 – R4 999 | R5 000-R8999 | Meer as R9 000 | N | $\bar{X}$ |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Subskaal B** | **Minder as R999** | | | * | 353 | 29,59 |
| | **R1 000 – R4 999** | | | | 299 | 29,14 |
| | **R5 000 – R8 999** | | | | 191 | 29,45 |
| | **Meer as R9 000** | | | | 207 | 30,40 |

Tabel 6 toon aan dat daar slegs een verskil tussen die verskillende inkomstegroepe was ten opsigte van die gemiddelde tellings wat verkry is op subskaal B, en dan op die 5%-peil. Die respondente wat minder as R999 per maand verdien het, het gemiddeld laer tellings op subskaal B getoon as die respondente in die hoogste inkomstegroep, dus diegene wat meer as R9 000 per maand verdien. In Tabel 7 word die Scheffé-toetsresultate vir beduidende verskille tussen gemiddeldes vir gemeentlike betrokkenheid aangetoon.

**Tabel 7: Scheffé-toetsresultate vir beduidende verskille tussen gemiddeldes vir gemeentelike betrokkenheid**

| | | Ouderling | Diaken | Kerklidmaat | N | $\bar{X}$ |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Subskaal B** | **Leraar** | * | * | * | 26 | 32,04 |
| | **Ouderling** | | | | 73 | 29,06 |
| | **Diaken** | | | | 42 | 28,74 |
| | **Kerklidmaat** | | | | 909 | 29,61 |
| **Subskaal D** | **Leraar** | * | | * | 26 | 32,65 |
| | **Ouderling** | | | | 73 | 27,82 |
| | **Diaken** | | | | 42 | 30,24 |
| | **Kerklidmaat** | | | | 909 | 29,54 |
| **Totale Skaal** | **Leraar** | * | | * | 26 | 92,89 |
| | **Ouderling** | | | | 73 | 84,12 |
| | **Diaken** | | | | 42 | 86,00 |
| | **Kerklidmaat** | | | | 909 | 86,08 |

Tabel 7 toon aan dat leraars statisties-beduidend verskil van al die ander groepe in sovere die resultate van subskaal B. Voorts verskil leraars ook op die totale vraelys van beide die ouderlinge, asook kerklidmate. Dit wil ook blyk asof die leraars in ieder geval op elke skaal die hoogste gemiddelde tellings getoon het. Die kerklidmate se gemiddelde tellings was ook, met die uitsondering van subskaal C, op al die ander skale, asook op die totale vraelys hoër as dié van die ouderlinge, dus blyk dit dat leraars in ‘n groter mate verskil van ouderlinge as wat die geval is by kerklidmate. Daar moet egter met versigtigheid met hierdie resultate omgegaan word, aangesien kerklidmate 86,6% van die steekproef uitgemaak het, leraars slegs 2,5%, ouderlinge slegs 7%, en diakens slegs 4%. Daar moet egter in ag geneem word dat vraelyste tydens oggend-eredienste beskikbaar gestel is aan alle kerklidmate, derhalwe het nóg ‘n eksperimentele ingreep, nóg ewekansige toewysing plaasgevind. Daar moet egter tegelykertyd ook in ag geneem word dat in enige gegewe gemeente, daar enkele leraars is en ook betreklik min ouderlinge en diakens, en dat die grootste aantal van enige gemeente gewone kerklidmate verteenwoordig. Dus is die relatiewe proporsies behaal in hierdie studie se steekproef redelik verteenwoordigiend van die deursnee gemeente se samestelling.

## 8.2 Kwalitatiewe element

In hierdie afdeling word aandag geskenk aan oop-einde vrae met die doel om 'n kwalitatiewe element aan die studie te verleen. Die doelwit van die kwalitatiewe element was om, as deel van 'n eksploratiewe benadering, aan respondente se persoonlike menings 'n spesiale plek te voorsien, asook om die houdings, soos vasgestel deur die kwantitatiewe metode, wyer te omskryf en beter te definieer. Tesame hiermee lewer kwalitatiewe ontleding ook 'n bydrae om die geldigheid van bevindinge te verhoog wanneer die

resultate van beide geslote en oop-einde vrae in ag geneem word. Voorts is aandag geskenk aan ‘n ranglys-vraag waar daar van respondente verwag word om die redes hoekom vroulike ampsdraers in ‘n mindere mate beroep word, te rangskik volgens belangrikheid. Ten einde die subjektiwiteit van proefpersone in sy verskeidenheid te nuanseer word enkele terme soos deur die respondente gebesig (Nkoane,2006) in Vraag 5 en Vraag 6 toebelig. Die direkte aanhalings van respondente word belig ten einde die verskeidenheid van menings te beklemtoon. Daar is egter ook aandag geskenk aan koerantberigte, asook die menings van sleutelrolspelers in die debat rondom vroulike ampsdraers. Vanweë die groot hoeveelheid inligting word in hierdie artikel slegs aandag geskenk aan die response op Vraag 3, 5 en 6.


Vraag 3 van die kwalitatiewe vraelys het behels dat respondente die redes hoekom vroue in ‘n mindere mate beroep word as predikers, moes rangskik van 1 tot 5, waar 1 die oorsaaklike rede verteenwoordig en 5 slegs ‘n bykomende rede geimpliseer het. Dit is deur 657 respondente voltooi, wat ingesluit het vier respondente wat net die hoofoorsaak (rang 1) aangedui het, een elk vir vooroordele van die verlede en Bybelse beginsels en twee vir geslagsdiskriminasie. Die resultate van Vraag 3 word getabelleer in Tabel 8 en grafies voorgestel in Figuur 3.

**Tabel 8: Frekwensies vir die rangskikking van redes hoekom vroue in ‘n mindere mate beroep word**

| **Rede** | **Oorsaaklik** | | **Belangrik** | | **Minder belangrik** | | **Gering** | | **Bykomend** | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** |
| Partydigheid van die verlede | 169 | 25,72% | 144 | 21,91% | 120 | 18,26% | 94 | 14,30% | 130 | 19,78% |
| Skriftuurlike beginsels | 181 | 27,54% | 89 | 13,54% | 112 | 17,04% | 149 | 22,67% | 126 | 19,17% |
| Kulturele voorskrifte | 107 | 16,28% | 194 | 29,52% | 168 | 25,57% | 128 | 19,48% | 60 | 9,13% |
| Geslagsdiskriminasie | 117 | 17,80% | 155 | 23,59% | 163 | 24,80% | 153 | 23,28% | 69 | 10,50% |
| Persoonlike tekortkominge van vroulike leraars | 86 | 13,08% | 74 | 11,26% | 93 | 14,15% | 132 | 20,09% | 272 | 41,40% |

Uit Tabel 8 is dit duidelik dat 181 (27,54%) respondente Skriftuurlike beginsels beskou het as die oorsaaklike rede hoekom vroulike ampsdraers in ‘n mindere mate beroep word, terwyl 126 (19,17%) respondente dit as ‘n bykomende aspek beskou het. Hierteenoor het 169 (25,72%) respondente partydigheid van die verlede beskou as die oorsaaklike rede, met 130 (19,78%) wat hierdie respons slegs as ‘n bykomende faktor beskou het. Geslagsdiskriminasie was vir 117 (17,80%) oorsaaklik en vir 69 (10,50%) respondente bykomend. Kulturele voorskrifte was vir 107 (16,28%) prinsipieel en vir 60 (9,13%) bykomend, terwyl persoonlike tekortkominge van

vroulike leraars vir 86 (13,08%) respondente die oorsaaklike rede was en vir die oorgrote meerderheid (N = 272; 41,40%)) slegs bykomend.




**Figuur 3: Frekwensiepoligoon vir die range verbandhoudend tot die redes hoekom vroue in 'n mindere mate beroep word**

Volgens Figuur 3 dui rang 1 op die oorsaaklike rede hoekom vroue in 'n mindere mate beroep word. Hiervolgens het 181 (27,54%) respondente gevoel Skriftuurlike beginsels is die oorsaaklike rede hoekom vroulike leraars in 'n mindere mate beroep word, terwyl 169 (25,72%) respondente van mening was dat partydigheid van die verlede die oorsaaklike rede was. Geslagsdiskriminasie is deur 117 (17,80%) respondente uitgewys as oorsaaklik, terwyl 107 (16,28%) respondente kulturele voorskrifte as oorwegend beskou het. So ook het 86 (13,08%) respondente die persoonlike tekortkominge van vroulike leraars as die oorsaaklike rede beskou. Rang 2 wat 'n belangrike rede verteenwoordig het die volgende gegewens opgelewer: 194 (29, 52%) respondente het kulturele voorskrifte 'n rang 2 gegee, 155 (23,59%) respondente het geslagsdiskriminasie as belangrik geag, 144 (21,91%) respondente het partydigheid van die verlede as belangrik beskou, tesame met 89 (13,54%) respondente wat weer Skriftuurlike beginsels as belangrik beskou het en 74 (11,26%) respondente het persoonlike tekortkominge van vroue beskou as belangrik.

Rang 3 dui op 'n neutrale standpunt nóg belangrik, nóg onbelangrik. Kulturele voorskrifte is deur 168 (25,57%) respondente as nóg belangrik nóg onbelangrik beskou, terwyl 163 (24,80%) dieselfde mening gehuldig het oor geslagsdiskriminasie. Partydigheid van die verlede is deur 120 (18,26%) respondente as

neutraal beskou, tesame met 112 (17,04%) en 93 (14,15%) respondente wat Skriftuurlike beginsels en persoonlike tekortkominge van vroulike leraars onderskeidelik as neutraal beskou het. Rang 4 dui daarop dat die rede as gering beskou word. Geslagsdiskriminasie en Skriftuurlike beginsels was onderskeidelik deur 153 (23,28% en 149 (22,67%) respondente beskou as geringe redes hoekom vroue in 'n mindere mate beroep word. So ook het 132 (20,09%) en 128 (19,48%) respondente onderskeidelik persoonlike tekortkominge van vroulike leraars en kulturele voorskrifte 'n rang 4 gegee. Partydigheid van die verlede was vir 94 (14,30%) respondente 'n geringe rede. Rang 5 is verteenwoordigend van 'n bykomende rede hoekom vroue in 'n mindere mate beroep word. Die oorgrote meerderheid (N = 272; 41,40%) respondente het die persoonlike tekortkominge van vroulike leraars as slegs 'n bykomende rede geag. Partydigheid van die verlede is deur 130 (19,78%) respondente 'n rang 5 gegee. Kulturele voorskrifte en Skriftuurlike beginsels is deur 69 (10,50%) en 60 (9,13%) respondente onderskeidelik as bykomend bekou.

Ten einde die waarde van die kwalitatiewe ontleding te verhoog, word aandag geskenk aan direkte aanhalings en sinsnedes van enkele respondente ten einde die menslike element te nuanseer. Die waarde van die kwalitatiewe element lê gedeeltelik in die vryheid wat aan respondente gegee is om hul eie menings te lug. Aangesien daar in Vraag 3 verwag word van respondente om reeds gegewe oorsake te rangskik, kan dit gesien word as leidend. Dit is egter nie van toepassing op Vraag 5 en 6 nie, derhalwe kan dit waarde toevoeg om eksploratief na enkele response te kyk.

### 8.2.1 Persoonlike menings

In Vraag 5 moes respondente hul persoonlike menings lug aangaande die kwessie oor vroulike ampsdraers. Altesaam 621 respondente het hul menings gelug en enkele response word aangehaal.

In die literatuuroorsig is melding gemaak van drie tipes houdings, naamlik houding teenoor die self, sosiale houdings en waardes. Houding teenoor die self behels ook die funksie van 'n bepaalde houding as verdedigingsmeganisme, ingevolge waarvan dit wat as afkeuringswaardig beskou word, verwerp word en op die buitewerêld geprojekteer word. Sosiale houdings stem struktureel ooreen met die term groep-antagonisme met drie verbandhoudende aspekte, dié van stereotipering, vooroordeel en diskriminasie (Jonck, et al., 2007). In die lig van bogenoemde raamwerk kan die volgende response interpretief en krities ondersoek word.

'n Proefpersoon het die volgende persoonlike mening geopenbaar: ***"Women and men have different roles, women in today's climate want to do too much and that's why there are so many divorces and family issues."*** Hierdie houding toon duidelik dat dit wat as afkeuringswaardig beskou word, verwerp word en op die

buitewerêld, in dié geval vroue, geprojekteer word. Huweliksprobleme word voor die deur gelê van vroue oor die algemeen en nie net die individu wat in die konteks van die huwelik staan nie. Hierdie verteenwoordig 'n houding teenoor die self en hierdie houding as sulks as verdedigingsmeganisme.

Een respondent het die volgende vermeld: ***"Women should listen and to ask questions about what they are told."*** Hierdie siening verwys na vooroordeel as 'n ongunstige predisposisie jeens 'n teikengroep (Jonck, et al., 2007), in hierdie geval vroue. Hierdie respondent beskou vroue as ondergeskikte wesens wat slegs moet luister en daarna vrae stel gebaseer op dit wat vir hulle gesê is, wat aanduidend is van vooroordeel. Dienooreenkomstig het nog 'n Engelssprekende respondent vermeld: ***"Women can be leaders, but they are better as supporters."*** Hierdie respons behels die kognitiewe siening dat groepslede oor oorvereenvoudigde karaktereienskappe beskik, aldus Taylor, et al. (2006). Die respondent stereotipeer vroue as ondersteuners, hoewel hulle ook leiers in sy of haar mening kan wees. In samehang met bogenoemde het een respondent vermeld: "***Minder vroulike leraars word in gemeentes aangestel, want vroue stel meer belang in hul huislike pligte."*** Hier word 'n spesifieke negatiewe wilsoptrede met betrekking tot vroulike leraars onderneem, gebaseer op die kognitiewe siening dat vroue oor oorvereenvoudigde karaktereienskappe beskik. Na eie mening word vroulike leraars in 'n mindere mate beroep, weens kerklidmate se siening dat vroue oor die algemeen meer belangstel in hul huislike pligte. Hierdie spesifieke negatiewe wilsoptrede verteenwoordig die konatiewe dimensie van 'n negatiewe houding, dus diskriminasie (Jonck, et al., 2007).

'n Waarde in die laaste geval verwys na 'n houding teenoor abstrakte kwessies, soos gelykheid (Jonck, et al., 2007). In dié opsig het een respondent vermeld: ***"Die evangelie moet uitgedra word, die Woord moet verkondig word, ongeag met 'n manlike of vroulike stem."***

### 8.2.2 Triangulasie

Die waarde van die kwalitatiewe element lê gedeeltelik in die vryheid wat aan respondente gegee is om hul persoonlike menings te lug. Hierdie element kan egter ook 'n bydrae lewer om die geldigheid van bevindinge te verhoog deur die resultate van die geslote en oop-einde vrae met mekaar te vergelyk, dus triangulasie. Triangulasie gaan van die veronderstelling uit dat 'n kombinasie van metodes noodsaaklik is ten einde 'n duidelike beeld te skep van die fenomeen wat ondersoek word, aldus Nkoane (2006). Sommige van die oop-einde vrae word vervolgens met die geslote vrae van die kwantitatiewe meetinstrument vergelyk.

In Afdeling C van die kwantitatiewe meetinstrument is die vraag gestel: **"*Kerkrade beroep vroulike leraars in 'n mindere mate uit vrees dat gesinsverantwoordelikhede sal inmeng met gemeente-verantwoordelikhede***

(Vraag 9). Hierdie vraag stem ooreen met dié persoonlike mening van een respondent**: "*minder vroulike leraars word in gemeentes aangestel, want vroue stel meer belang in hul huislike pligte."*** Soortgelyk stem die persoonlike mening: ***"'n Vrou kan 'n goeie leraar wees—haar man en kinders bly egter eerste prioriteit—tensy haar man haar ten volle daarmee bystaan sodat sy haar werk in die gemeente kan doen"*** ooreen met Vraag 7 in Afdeling C: ***"Die stereotipering van die vrou se rol as moeder en eggenoot laat nie ruimte vir haar bediening as leier in die gemeente nie."***

### 8.2.3 Verdere opmerkings

In Vraag 6 moes respondente aanteken indien hulle enige verdere opmerkings het. Slegs 191 respondente het wel verdere opmerkings gemaak en enkele response word belig: ***"God se Woord kom dieselfde van man of vrou."*** Hierdie opmerking verwys na 'n positiewe houding teenoor 'n abstrakte kwessie soos gelykheid, derhalwe word verwys na 'n waarde.

Hoewel die vraelys oor 'n betroubaarheid van 0,86 beskik, was sekere respondente die volgende menings toegedaan: ***"Dit blyk of hierdie vraelys uit 'n feministiese oogpunt opgestel is en so gemanipuleer word. Die vraelys is nie en kan nie 'n ware weerspieëling van die algemene publiek se houding wees nie"; "Hierdie vraelys gee 'n openbare mening van 'n selektiewe groep en is nie 'n Skrifstudie nie" ; "Vraelys met tye vaag en vrae irrelevant"; Antwoordkeuses onvoldoende"; "Does this person know the Bible? Nowhere is vocation mentioned, nor historical factors, nor present authority structures that have bearing on this issue."*** Die moontlikheid bestaan dat die kwessie rondom vroulike ampsdraers verwerp word en dit wat as afkeurenswaardig beskou word, word geprojekteer op die vraelys en die navorser. Dus word 'n houding teenoor die self ingeneem, terwyl die geopenbaarde houding die funksie van 'n verdedigingsmeganisme verrig.

\

### 8.2.4 Onderhoude, koerantberigte en briewe

Onderhoude met sleutelrolspelers, asook die bestudering van dokumentasie soos koerantberigte het die volgende opgelewer: dr. Elsje Büchner, vroulike leraar werksaam in die Nederduits-Gereformeerde kerkdenominasie (NGK), is die mening toegedaan dat hoewel vroue tot die amp van predikant verkies word, vroue steeds in 'n mindere mate afgevaardig word in besluitnemingstrukture of leierskapsposisies (Die Kerkbode, 12 Augustus 2005:11). Dr. Niemandt, assessor van die Algemene Sinode van die NGK, het in 'n persoonlike e-pos vermeld dat hy geen aanduiding in sy gemeente vind dat die feit dat daar 'n vroulike leraar is, negatiewe oordeel oor haar bediening tot gevolg het nie. Prof. Piet Strauss, moderator van die NGK, het 'n oproep gedoen dat die kerk bewaar moet word in 'n oorgangstyd van regstellende aksies (in Büchner, 2007).

Dominee PA Coetzee, leraar van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom, het in 'n geskrewe brief aanduiding gegee dat die kwessie rondom die verordening van vroulike leraars en ouderlinge 'n komplekse saak is en het verwys na die Sinode se besluit van 2009 dat in die lig van die behandeling van die rapport rondom vroue-aangeleenthede, tot die oortuiging gekom is dat die kwessie rondom vroulike ampsdraers verdere ondersoek noodsaak, hoewel geen verdere besluite geneem is nie, derhalwe kan vroue steeds nie in die besondere dienste van predikant en ouderling dien nie. Volgens Bonaventure Hinderwood van Pretoria het pous Johannes Paulus II verklaar dat die Rooms-Katolieke Kerk nie die bevoegdheid het om vroue in die priestersamp aan te stel nie (Burger, 18 Januarie 2003:3).

## 9. BESPREKING VAN RESULTATE

In hierdie studie is ondersoek ingestel na kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers, asook die impak van akademiese kwalifikasie, maandelikse inkomste en gemeentelike betrokkenheid op die houding van kerklidmate. In die huidige ondersoek het die meerderheid respondente ‘n positiewe houding gehuldig teenoor vroulike ampsdraers. Ten spyte hiervan word vroue in verskeie kerke insluitende die Rooms-Katolieke Kerk (Power, 2008), asook die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (Meijer, 2009), steeds verhoed om bepaalde ampte te beklee. Tesame hiermee sluit die leraarskorps van die Nederduits-Gereformeerde Kerk slegs 2,58% vroulike leraars in, aldus Bϋchner (2007). Die resultate van die bogenoemde empiriese ondersoek is dus teenstrydig met die kliniese beeld wat in die praktyk voorkom. In dié verband het ‘n studie deur Nesbitt (1997) getoon dat hoewel respondente van verskeie denominasies in Amerika ‘n positiewe houding teenoor vroulike leraars vermeld, is teenstrydighede aanwesig wat gereflekteer word in onder andere die aanstelling van vroue in poste met ondergeskikte status en salarisse, terwyl beter betaalde poste uitsluitlik vir die manlike leraars gereserveer word. Ten spyte daarvan dat dié bevindinge van die onderhawige studie teenstrydig is met die stand van sake soos dit verband hou met vroulike leraars stem dit ooreen met navorsingstudies wat in Amerika onderneem is (Konieczny & Chaves, 2000; Lummis & Nesbitt, 2000).

Die resultate toon ook dat akademiese kwalifikasie, inkomste (slegs subskaal B), sowel as gemeentelike betrokkenheid ‘n statisties-beduidende invloed op kerklidmate se houding aangaande vroulike ampsdraers uitgeoefen het. Dit beteken die volgende:

- Diegene wat oor ‘n kwalifikasie laer as graad 10 beskik het, het ‘n beduidende laer gemiddelde telling as die ander opleidingsvlakke behaal. Hierdie bevindinge strook met navorsing wat onderneem is in Amerika wat getoon het dat respondente wat oor ‘n hoër akademiese kwalifikasie beskik het, die neiging getoon het om meer positief gesind te wees teenoor vroulike ampsdraers (Barnes, 2006).

- Maandelikse inkomste toon 'n soortgelyke tendens, maar slegs op Subskaal B. Diegene wat minder as R999 per maand verdien het toon 'n beduidende laer gemiddelde telling as die ander inkomstegroepe. Volgens Barnes (2006), wat ook die siening van Lincoln en Mamiya (1997) insluit, is die tendens dat maandelikse inkomste positief korreleer met 'n positiewe houding teenoor vroulike ampsdraers. Die bevindinge van die onderhawige studie bevestig dus hierdie tendens gedeeltelik.

- Daar is ook bevind dat daar hoogs beduidende verskille bestaan tussen kerklidmate met betrekking tot die verskillende vlakke van gemeentelike betrokkenheid soos van toepassing op houding teenoor vroulike ampsdraers. Leraars het oor die algemeen 'n meer positiewe houding geopenbaar en hierdie houding verskil beduidend van dié van kerklidmate. 'n Studie deur Swart-Russel (1988) het bevind dat 36% van diegene wat 'n bepaalde amp beklee het in die gemeente van mening was dat vroue nooit verordineer moet word nie. Dienooreenkomstig het 20% van kerklidmate wat geen bepaalde amp beklee het nie, dieselfde neiging getoon, terwyl 23% van leraars gekant was teen vroue in die amp van leraar of biskop. Hierdie tendens blyk gedeeltelik waar te wees in die onderhawige navorsingstudie.

Volgens Cohen se d-waarde het beide opleidingsvlak, asook gemeentelike betrokkenheid 'n hoogs beduidende praktiese invloed getoon vir die totale skaal, terwyl inkomste 'n matige praktiese effek op subskaal B getoon het. In die lig van bogenoemde kan die navorsingshipotese gedeeltelik aanvaar word. Hierin is gepostuleer dat kerklidmate statisties-beduidend verskil ten opsigte van demografiese veranderlikes, soos akademiese kwalifikasie, maandelikse inkomste, asook gemeentelike betrokkenheid.

Uit die kwalitatiewe response is bevind dat meer as 'n kwart van die respondente gevoel het dat vroulike ampsdraers in 'n mindere mate beroep word weens Skriftuurlike beginsels, terwyl 'n kwart van die groep gedink het dat partydigheid van die verlede die oorsaaklike rede is hoekom vroulike ampsdraers in 'n mindere mate beroep word. 'n Klein minderheid van die proefpersone het geslagsdiskriminasie as die hoofrede beskou hoekom vroue in 'n mindere mate beroep word, terwyl kulturele voorskrifte as minder belangrik beskou is deur 'n beperkte aantal respondente. Die minste aantal respondente het die beperkte beroeping van vroue aan die voete van persoonlike tekortkominge van vroulike ampsdraers gelê.

Beide die kwantitatiewe en kwalitatiewe resultate toon dat kerklidmate oor die algemeen 'n positiewe houding teenoor vroulike ampsdraers huldig. Die geldigheid van die studie, asook van die vraelys wat verwys na 'n akkurate refleksie van die konstruk onder bespreking, dus houdings, verhoog wanneer beide die kwantitatiewe en kwalitatiewe resultate ooreenstem. Gevolglik word deur die onderhawige navorsingstudie daartoe bygedrae om 'n meer algemene beskrywende beeld aan die houding van kerklidmate te voorsien. Die resultate van die

onderhawige studie sluit ook aan by reeds bestaande kennis aangaande die teoretiese denkraamwerk waarop die konsep houding gebaseer word. Derhalwe het die studie bygedra om die betroubaarheid van bestaande wetenskaplike kennis te bevestig.

Die meetinstrument wat ontwikkel is, het ten doel gehad om die onderliggende geïntegreerde houdings, wat aanleiding gee tot 'n spesifieke opinie, te probeer bepaal (Pretorius, 1993). Dit was gebaseer op die kognitief-affektief-konatiewe-model wat bespreek is in die literatuuroorsig. Afdeling D van die meetinstrument se insluiting is gebaseer op die kognitief-konsekwente teorie. Volgens dié teorie word nuwe kognisies op so 'n wyse geïntegreer dat dit ooreenstem met reeds bestaande houdings (Taylor et al., 2006). Voorts het die onderhawige studie, gebaseer op die ontwikkeling van 'n geldige en betroubare kwantitatiewe en kwalitatiewe meetinstrument, bygedra tot die uitbreiding van Suid-Afrikaanse wetenskaplike kennis soos van toepassing op die konstruk houdings. Tesame hiermee word die bevindinge van houdingstudies merendeels gebaseer op gegewens bekom deur middel van 'n semantiese differensiaalskaal bestaande uit enkele bipolêre items. Hierteenoor is 'n dertig-item Likert-skaal as hoofmeetinstrument in die onderhawige studie gebruik, wat nie net lidmate se kognitiewe-affektiewe-konatiewe response meet nie, maar ook lidmate se houding teenoor vroue in posisies van gesag in die algemeen en spesifiek met betrekking tot gemeentelike aktiwiteite soos prediking. Derhalwe kon die onderhawige studie fynere onderskeid tref tussen lidmate se houding teenoor vroue in posisies van gesag in die algemeen en meer spesifiek teenoor vroulike ampsdraers in die gemeente-opset.

## 10. GEVOLGTREKKINGS

Daar is met hierdie studie gepoog om 'n relatiewe onbekende terrein te verken, te wete kerklidmate in Suid-Afrika se houding teenoor vroue as ampsdraers in die gemeente. Die spesifieke doelwit hou verband met 'n ondersoek na die demografiese veranderlikes wat lidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers beïnvloed. Hierdie ondersoek is enig in sy soort in soverre dit die enigste studie is wat vanuit 'n sosiaal-psigologiese paradigma ondersoek ingestel het na kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers. Die noodsaaklikheid van 'n sosiaal-psigologiese paradigma is geleë in die aanname dat individue oor 'n stelsel van houdings en waardes beskik waarvolgens hulle gedrag, idees en resultate beoordeel (Jonck et al., 2007). Dus word die kwessie rondom vroulike ampsdraers teen die agtergrond van individuele verwysingsraamwerke ondersoek. Derhalwe is daar aandag geskenk aan die terms houdings, asook waardes vanuit die genoemde paradigma, waarna hierdie twee sosiaal-psigologiese konstrukte belig is vanuit 'n teologiese benadering.

Die resultate van beide die kwantitatiewe, asook kwalitatiewe meetinstrumente het getoon dat kerklidmate oor die algemeen 'n positiewe houding huldig aangaande vroulike ampsdraers. Voorts het demografiese

veranderlikes, akademiese kwalifikasie, inkomste, asook gemeentelike betokkenheid lidmate se houdings in dié verband beïnvloed. Betreffende die navorsingsdoelstellings en –hipotese blyk dit dus dat die gestelde doelstellings tot 'n groot mate bereik is en die hipotese grootliks deur die resultate ondersteun word.

Vir die sosiale psigologie om relevant te wees, moet psigologiese navorsing, teorieë en praktyk aan die samelewing waarin dit beoefen word 'n diens lewer en veral poog om die fundamentele behoeftes van die samelewing aan te spreek (Viljoen, 1997). Derhalwe moet sosiaal-psigologiese navorsing in 'n Afrika-konteks relevant wees, aldus Johnson (2006). In hierdie opsig het die onderhawige studie 'n bydrae gelewer tot die ontwikkeling en navorsing van die konsep houdings op Suid-Afrikaanse bodem, ten einde bestaande wetenskaplike kennis in dié verband aan te vul. Houdings dra veral by tot die ontwikkeling van 'n verwysingsraamwerk op grond waarvan die individuele kerklidmaat die kwessie rondom vroulike ampsdraers beoordeel. So ook speel houdings 'n rol in die fasilitering van intrapsigiese konflik wat moontlik kan voortspruit uit die brandpunt rondom vroulike ampsdraers, tesame met die bemiddeling van sosiale interaksie tussen gemeente-lede (Cronje, 2000).

Vanaf 1994 speel regstellende aksie 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Regstellende aksie sluit pogings in om die werkersmag in Suid-Afrika breedweg verteenwoordigend van die land se bevolking te maak en is veral gerig op vroue (De Beer, 2007). Die posisie van vroue is dus een van die fundamentele behoeftes van die samelewing. In die lig hiervan het die onderhawige studie ook 'n bydrae gelewer tot bestaande wetenskaplike kennis aangaande die rol van vroue in die geloofsgemeenskap. So ook kan die verordinering van vroulike ampsdraers, met spesifieke verwysiging na vroulike leraars, bydra tot die bekamping van HIV/Vigs, aldus Biskop Purity Malinga, een van Suid-Afrika se invloedrykste vroulike religieuse leiers (City Press, 16 Februarie 2003:8). Aangesien vroue veral kwesbaar is, kan die opheffing van vroue 'n wesentlike bydrae lewer tot die bekamping van hierdie pandemie. Tesame hiermee is vroulike ampsdraers in sommige gevalle meer geskik om 'n helpende hand te bied, soos in die geval van verkragting wat ook 'n fundamentele behoefte van die Suid-Afrikaanse gemeenskap is en 'n noue verband toon met HIV/Vigs ("Rape Statistics", 2010). Laastens het die onderhawige studie ook 'n bydrae gelewer tot die sosiale psigologie se relevansie in die Suid-Afrikaanse gemeenskap.

## 11. TEKORTKOMINGS EN AANBEVELINGS

Na aanleiding van hierdie navorsing kan die volgende punte van kritiek en gepaardgaande aanbevelings gemaak word:

- Die respondente is in algemene taalkategorieë gegroepeer wat fynere onderskeiding gekortwiek het. Toekomstige ondersoeke kan verskille binne die algemene kategorieë ook ondersoek, byvoorbeeld verskille tussen Sotho-, Zulu- en Xhosa-sprekende proefpersone.

- Aangesien hierdie studie die enigste studie is wat vanuit 'n sosiaal-psigologiese perspektief ondersoek ingestel het na kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers, word daar vir toekomstige gebruik aanbeveel dat die vraelys hersien word om die geldigheid daarvan te verbeter, asook om meer Christelike denominasies in te sluit.

## 12. SAMEVATTING

SLEUTELWOORDE: **houding, teoriëe, sosiale houdings, waardes, selfagting, kultuur, gemeentlike betrokkenheid, maandelikse inkomste en akademiese kwalifikasie**

Terwyl daar al vanuit 'n teologiese perspektief navorsing aangaande vroulike ampsdraers gedoen is, is daar 'n behoefte aan 'n verantwoordbare sosiaal-sielkundige benadering, gekombineer met unieke insigte met betrekking tot kerklidmate se sieninge in dié verband. In hierdie studie is kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers nagevors. Die invloed van verskillende veranderlikes soos gemeentelike betrokkenheid, maandelikse inkomste en hoogste akademiese kwalifikasie is ook ondersoek. Die steekproef het bestaan uit 1052 kerklidmate waarvan 326 (31%) van die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie afkomstig was, tesame met 311 (29%) lidmate van die Christelike Herlewingskerk, 217 (21%) lede van die Gereformeerde Kerk en 198 (19%) Rooms-Katolieke kerklidmate. 'n Biografiese vraelys, Die Petro Jonck Houding teenoor Vroulike Ampsdraers-vraelys, asook 'n kwalitatiewe vraelys is gebruik. Meerveranderlike variansie-ontledings is toegepas ten einde die navorsingshipotese te toets. Daar is tot die gevolgtrekking gekom, gebaseer op statistiese analise, dat kerklidmate van verskillende Christelike denominasies deurgaans 'n positiewe houding huldig aangaande vroulike ampsdraers. Voorts is bevind dat gemeentelike betrokkenheid, maandelikse inkomste, sowel as akademiese kwalifikasie 'n statisties-beduidende invloed uitoefen op die houdings van kerklidmate.

## BRONNELYS


Agenda van die Sinode van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat (2005).

Aidan-Nichols, O.P. (1999). *Christendom Awake: On reenergizing the Church in culture.* Michigan: William B. Eermans Publishing Company.

Aron, A. & Aron, E.N. (1994). *Statistics for Psychology.* Eagle Wood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall.

Bain, R.A. (2007). Christus roep die vrou tot diens in Sy kerk. *Waarheid en Dwaling,* **13**(9/10), 17.

Baker, B.D. (2000). *The development and evaluation of a cross-cultural tolerance programme amongst skilled workers in the mining industry.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Barclay, W. (1982). *Ephesians.* Daily Study Bible. Edinburgh: Saint Andrews Press.

Barnes, S.L. (2006). Whosoever will let her come: Social activism and gender inclusivity in the Black Church. *Journal for the Scientific Study of Religion,* **45**(3), 371-387.

Beukes, R.B.I. (1994). *Die geestesgesondheid van swart hoërskoolleerlinge in die Oranje-Vrystaat.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Bless, C. & Higson-Smith (2000). *Social research methods: an African perspective* (3rd ed.). Cape Town: Juta

Boshoff, C. (2007). *Medici se houdings teenoor genadedood: 'n Kruiskulturele ondersoek.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Broers nou in tru-rat. *Burger,* 19 Januarie 2006, 1.

Bronner, L.L. (1994). *From Eve to Esther. Rabbinic reconstruction of Biblical women.* Louisville: Westminister John Knox Press.

Büchner, E.P. (2007). *"Ek het 'n roeping" Vrouepredikante se toelating in die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n Kerkhistoriese en prakties-teologiese studie.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Bybel. (1994). *Die Naslaanbybel.* Kaap: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Calvyn, J. (1506 – 1564). *Commentary on Corinthians* – Volume 1: Grand Rapids, MI: Christian Classics Ethereal Libary.

Church must fight AIDS, says woman bishop, *City Press,* 16 Februarie 2003, 8.

Cronje, M. (2000). *The relationship between personality traits, attitudes towards the internet, and internet usage.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

De Beer, E.J. (2007). 'n Teologies-etiese beoordeling van regstellende aksie. *In die Skriflig,* 41(1), 109-133.

Dorr, D. (1995). *The Social Justice Agenda. Justice, ecology, power and the church.* Dublin: Gill & Macmillan Ltd.

Dreyer, Y. (1999). Jesus en Vroue. *Hervormde Teologiese Studies,* 55(1), 70 – 96.

Duling, D.C. (2003). *The New Testament: History, Literature, and Social Context.* Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning.

Du Plooy, G,. & Grobler, T. (2002). Afrikaans as televisietaal in Suid-Afrika: ‘n Toekomsperspektief. *Communicatio,* 28(2), 8 – 17.

Field-Bibb, J. (1991). *Women toward priesthood. Ministerial politics and feminist praxis.* Cambridge: Cambridge University Press.

Gwashi, M.F. (1999). *The service of women in the church. With special reference to the office of deacon.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom.

Hanson, K.C., & Oakman, D.E. (1998). *Palestine in the time of Jesus: Social structures and social conflicts.* Minneapolis, MN: Fortress Press.

Harper, M. (1994). *Equal and different.* London: Hodder & Stoughton Ltd.

Heiman, G.W. (2004). *Essential statistics for the behavioral sciences.* Boton: Houghton Mifflin Company.

Heitink, G. (1999). *Practical Theology. History. Theory. Action domains.* Grand Rapids: Eerdmans.

Henslin, J.M. (2007). *Sociology: a down-to-earth approach* (8th ed.). Boston: Pearson Education.

Hodgson, D.L. (2005). *The church of women. Gendered encounters between Maasia and missionaries.* Indianapolis: Indiana University Press.

Hogg, M.A. & Vaughan, G.M. (2005). *Social Psychology* (4th ed.). London: Prentice Hall.

Hoyle, R.H., Harris, M.J. & Judd, C.M. (2002). *Research methods in Social relations* (7th ed.). California: Wadsworth/Thomson learning.

Jackson, L.M. & Hunsberger, B. (1999). An intergroup perspective on religion and prejudice. *Journal for the scientific study of religion,* **38**, 509-523.

Johnson, K. (2006). *Perceptions of community psychology among honours/Bpsych students in the Western Cape.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Jonck, P., Le Roux, A. & Verster, P. (2007a). 'n Sosiaal-psigologiese perspektief op lidmate in die Mangaung-area se houding teenoor kerkvereniging in die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie: 'n kruiskulturele ondersoek. *In die Skriflig,* **41**(1), 45-68.

Jonck, P., Le Roux, A. & Verster, P. (2007b). Lidmate se houding teenoor kerkvereniging in die NGK-Familie: 'n kruiskulturele ondersoek na enkele veranderlikes. *Acta Theologica,* **27(**1), 59-82.

Jonck, P. (2005). 'n Sosiaal-sielkundige perspektief op lidmate in Mangaung-area se houding teenoor kerkvereniging in die Nederduitse Gereformeerde kerkfamilie: 'n Kruis-kulturele ondersoek. *In die Skriflig,* **41**(1), 45-68.

Kleynhans, E.P.J. (1983). *Die vrou in die amp in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Rede uitgespreek by die amp Hoogleraar in Ekklesiologie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Koen, A. (2008). *Die verband tussen emosionele intelligensie en psigologiese welstand van adolessente: 'n multikulturele ondersoek.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Konieczny, M., & Chaves, M. (2000). Resources, race, and female-headed congregations in the United States. *Journal for the Scientific Study of Religion,* **39**(3), 261-271.

Landman, C. (2006). Mercy Amba Ewudziwa Oduyoye: Mother of our stories. *Studia Historiae Ecclesiasticae,* 33(2), 159 – 180.

Lincoln, C.E., & Mamiya, L.H. (1990). *The black church in the African American experience.* Durham, NC: Duke University Press.

List of Christian Denominations (2010). Herwin op 12 Mei, 2010 van http://en.wikipedia.org/wiki/list_of_Christian_denominations.

Lummis, A.T., & Nesbitt, P.D. (2000). Women clergy research and the sociology of religion. *Sociology of Religion.* Herwin op 10 Junie, 2009 van http://findarticles.com/p/articles/mim0SOR/is461/ai69494367.

MacNeillie, L. (1998). *Gender discrimination in the Kwazulu-Natal Banking Industry.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Malina, B.J. (2001). *The New Testament world insights from cultural anthropology.* Louisville, Kentucky: Westminister John Know Press.

Malina, B.J., & Pilch, J.J. (2006). *Social-Science commentary on the letters of Paul.* Minneapolis, MN: Augsburg Fortress.

Mans, saag die tak af waarop julle sit. *Beeld,* 26 Julie 2004, 1.

Matlin, M.W. (2004). *The psychology of women.* Toronto: Thomson Wadsworth.

Meijer, G.J. (2009). GKSA Sinode 2009. *Waarheid en Dwaling,* **15**, 4-5.

Morolong, K.A. (2004). *Hiv/Aids knowledge, attitudes, beliefs and practices among students at the Lerotholi polytechnic in Maseru.* Ongepubliseerde magistersverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Nederduits Gereformeerde Kerk (1986). Notule van die Algemene Kommissie van Leer en Aktuele Sake, 1986-04-22, 198 – 202.

Nel, D.A.J. (2008). *Egpare se houdings teenoor seksuele maatuitruiling: 'n vergelykende ondersoek tussen Afrikaans- en Engelssprekendes in Bloemfontein.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Nesbitt, P. (1997). *Feminization of the clergy in America: occupational and organizational perspectives.* New York: Oxford University Press.

Nie net Gereformeerdes sluit vroue uit. *Burger*, 18 Januarie 2003, 3.

Nkoane, M.M. (2006). *An analysis of factors inhibiting the access of students with special educational needs to higher education in the Free State.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Oliver, E. (2008). Vrouepredikante in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: ‘n Opdraande stryd. *Studia Historiae Ecclesiasticae,* 34, 213 – 233.

Osiek, C., & Balch, D.L. (1997). *Families in the New Testament World.* Louisville: Westminister John Knox Press.

Osiek, C., & MacDonald, M.Y. (2006). *A woman’s place. House Churches in earliest Christianity.* Minneapolis: Fortress Press.

Phiri, A.E. & Nadar, S. (2005). *On being Church: African Women’s Voices an Visions.* World Council of Churches.

Plug C., Louw, D.A.P., Gouws, L.A. & Meyer, W.F. (1997). *Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek.* Johannesburg: Heinemann.

Power, D.N. (2008). *Mission, Ministry,Leadership, Order.* New York: Continuum.

Pretorius, J.P. (1993). *Die oordra van toepaslike inligting aan biologie-onderwysers in die Oranje-Vrystaat: ‘n Ondersoek na houdings, behoeftes en voorkeure.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Rape Statistics (2010). Herwin op 14 Julie, 2010 van http://www.statssa.gov.za/publications/rape/rape.pdf.

Ratzinger, J (1995). Beyond Inculturation. *Briefing,* **35,** 10-35.

Rees, S. (2003). *An examination of the biblical role of women in contemporary church life.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Zululand, Empangeni.

Regele, M. (1995). *Death of the Church.* Michigan: Zondervan Publishing House.

Ruether, R.R. (1994). Christianity and women in the modern world. In A. Sharma (Ed.), *Today’s woman in world religions* (pp. 267-301). Albany, New York: State University of New York Press.

Smythe, W.E., & Murray, M.J. (2000). Owning the story: ethical considerations in narrative research. *Ethics and behaviour,* 10(4), 311 – 336.

Strauss, A., & Corbin, J. (1998). *Basics of Qualitative Research.* California: SAGE Publictions.

Swart-Russel, P. (1988). *The ordination of women to the priesthood: a critical examination of the debate within the Anglican Communion.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Kaapstad, Kaapstad.

Taylor, S.F., Peplau, L.A. & Sears, D.O. (2006). *Social Psychology—International Edition* (12th ed.). New Jersey: Prentice Hall.

Van der Linde, H.H. (2002). *'n Kerkhistoriese en Kerkregtelike studie van die kerkverenigingsproses in die Ned. Geref. Kerkfamilie.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Van Helden, P. (2002). Die huidige aktiwiteit van die belydende GKSA-vrouelidmaat tydens die erediens. *In die Skriflig,* **36**(4), 1-30.

Van Rooyen, H. (2002). 'n Kruiskulturele ondersoek na voorspellers van jong volwasse studente se houdings teenoor die huwelik. Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Veldtman, S. (2001). *Gender discrimination in the SANDF: Women as combat soldiers in the S.A. army with reference to the Western Province Command.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Viljoen, J.D. (1997). *Die evaluering van die professionele opleiding van sielkundiges aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Vrey, A. (2008). *'n Ondersoek na die gebruik van genderverwante metafore van die liggaam as beeld van die kerk in die brief aan die Efesiërs.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Johannesburg, Johannesburg.

Vroue nog nie ten volle deel van Gereformeerde wêreld. *Die Kerkbode,* 12 Augustus 2005, 11.

Winter, B.W. (2003). *Roman wives, Roman widows. The appearance of new women and the Pauline communities.* Cambridge: William B. Eerdmans publishing Company.

## ARTIKEL 4:

# DIE ROL VAN HUISTAAL, BEVOLKINGSGROEP EN DENOMINASIE AS DEMOGRAFIESE VERANDERLIKES OP KERKLIDMATE SE HOUDING TEENOOR VROULIKE AMPSDRAERS: 'N KRUIS-KULTURELE ONDERSOEK

**P. Jonck, M.Soc.Sc. en Professor A. le Roux*, D. Phil.**

**Departement Sielkunde**

**Universiteit van die Vrystaat**

**Posbus 339**

**Bloemfontein**

**9300**

# DIE ROL VAN HUISTAAL, BEVOLKINGSGROEP EN DENOMINASIE AS DEMOGRAFIESE VERANDERLIKES OP KERKLIDMATE SE HOUDING TEENOOR VROULIKE AMPSDRAERS: 'N KRUIS-KULTURELE ONDERSOEK


## Abstract

KEY WORDS: **attitude, religion, religious conviction, language, race and denomination**

Churches in South Africa have a history of gender injustice that is not taking into account the needs of women parishioners. The aim of this research study was firstly to determine what parishioner's attitudes towards women incumbents were as well as to determine the influence of language, race and denomination on the above-mentioned attitudes. The aim of this study was achieved by gathering data countrywide from a number of respondents (N = 1052) from the Dutch Reformed Family of Churches (N = 326; 30%), the Christian Revival Church (N = 311; 30%), the Reformed Church (N = 217; 21%) and the Roman Catholic Church (N = 198; 19%). A Biographical questionnaire, The Petro Jonck Attitude towards Women Incumbents questionnaire, as well as a qualitative questionnaire was applied. A multivariate analysis of variance was used to make inferences based on sample information. Statistical analysis concluded that parishioners had a positive attitude towards women incumbents. All the variables were found to have a significant influence on the abovementioned attitudes, i.e. denomination, language, as well as race.

## 1. INLEIDING

Die wêreld word hedendaags deur onrus en geweld geteister. Oorlog, volksmoord en menseslagting, apartheid, diskriminasie en terrorisme spreek van gewelddadige botsings van velerlei kulture op 'n enorme skaal. Volgens Woshinsky (2008) kan die oorsaak van hierdie kulturele konflik gesoek word in fundamentele, diepliggende en uiteenlopende ideologiese denkrigtings wat op bepaalde religieë gebaseer word. Indien religie die prinsipiële hoeksteen van 'n kultuur verteenwoordig, vind verandering moeilik inslag, aangesien die kultuur binne 'n geloofsisteem gevestig is. Histories is religieuse verskille verantwoordelik vir die oorgrote meerderheid konflik wêreldwyd (Munroe, 2008). Religieuse verskille versterk sosiale verdeling, aldus Woshinsky (2008).

'n Studie wat in 1995 in Suid-Afrika uitgevoer is, het getoon dat 81% van Suid-Afrikaanse respondente hulself as religieus beskou, met 98% van dié respondente wat rapporteer dat hulle in God glo, terwyl 70% van dié Christene hulle geloof as van kardinale belang beskou (Popenoe, Cunningham & Bolt, 1997). Ten spyte van hierdie sterk geloofsoortuiging, is religie in Suid-Afrika die prinsipiële hoeksteen wat politieke ideologiese denkrigtings ondersteun of opponeer (Adonis, 2002). Soortgelyk het religie in Suid-Afrika ook 'n kulturele funksie, ingevolge waarvan dit aangewend word om die verhouding tussen mans en vroue in die samelewing te organiseer (Popenoe et al., 1997). Religie kan gedefinieer word as 'n eenheid van oortuigings en praktyke wat verband hou met dit wat as heilig beskou word, en hierdie oortuigings en praktyke word verenig in 'n enkele morele gemeenskap, naamlik die kerk (Tumer, 2003). Guthrie (1993) is van mening dat die kern van religie gesetel is in die kognitiewe prosesse wat individue aanwend om hul omgewing te organiseer en te klassifiseer om sodoende 'n groot verskeidenheid stimuli te kontroleer. Dus, die kognitiewe oortuiging bestaan dat 'n objek of persoon heilig is en dat praktyke of gedrag wat daarmee geassosieer word, sal lei tot spesifieke uitkomste, asook 'n gepaardgaande wilsuiting (Kirkpatrick, 1999). Hierdie definisie van religie stem prinsipieel ooreen met dié van 'n houding as 'n sosiaal-sielkundige konstruk. Die knelpunt wat met vroue se rol in die kerk verband hou, is derhalwe 'n religieuse aangeleentheid, maar ook sosiaal-sielkundig van aard.

Die gevolge van die religieuse geskiedenis van die kerk in die algemeen in die Suid-Afrikaanse konteks is ook in 'n groot mate sosiaal-sielkundig van aard. Landman (2008) is van mening dat die kerkhistoriese geskiedenis in die Suid-Afrikaanse konteks die patriargale stelsel ondersteun wat vroue vir verontregting en miskenning in hul privaat hoedanigheid kwesbaar maak. Die Kerkbode (5 Maart 2010:4) het berig dat patriargie, dus die regering van die man, moontlik 'n bydrae tot 'n toename in saamwoonverhoudings, asook die egskeidingskoers lewer. Die knelpunt rondom die rol van vroue in die gemeente het dus verrykende gevolge, wat nie net vanuit 'n teologiese paradigma nie, maar ook vanuit 'n sosiaal-sielkundige paradigma 'n studie na hierdie fenomeen noodsaak.

## 2. DOELSTELLINGS

Sosiale sielkunde is die studie van sosiale verskynsels soos openbare mening, houdings en vooroordeel. Vooroordeel is 'n destruktiewe aspek van sosiale gedrag en gee dikwels aanleiding tot verontregting wat op ras, geslag en seksuele oriëntasie gebaseer word (Taylor, Peplau & Sears, 2006). Diskriminasie teen vroue is een aspek van vooroordeel wat steeds ervaar word en in 'n groot mate universeel is. In hierdie konteks kan sielkunde as helpende professie 'n betekenisvolle bydrae lewer ten einde ongeoorloofde diskriminasie te identifiseer en 'n oplossing daarvoor te soek. Kennis van reeds bestaande vooropgestelde houdings kan tot 'n verdieping van bestaande wetenskaplike kennis, asook die uitbreiding daarvan lei.

Die sosiaal-sielkundige perspektief, soos dit met die onderhawige studie verband hou, sal hoofsaaklik fokus op die houding van kerklidmate, wat as basis kan dien om aandag aan moontlike veranderlikes wat dit kan beïnvloed, te gee. Die primêre doelwit van die studie is om lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk, die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie, die Gereformeerde Kerk en die Christelike Herlewingskerk se houding teenoor vroulike ampsdraers te bepaal. Bogenoemde word onderneem ten einde 'n relatief onbekende terrein te verken. Die sekondêre doelwit is om vas te stel of veranderlikes, insluitende huistaal, bevolkingsgroep en kerklike denominasie, 'n invloed op die bovermelde houdings uitoefen.

## 3 . NOODSAAKLIKHEID VAN DIE STUDIE

Navorsing in verband met lidmate se houding teenoor vroulike diakens is al in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika onderneem (Gwashi, 1999). Voorts het Büchner (2007) 'n kerkhistoriese studie gedoen oor die ervaringe van vroulike leraars in die Nederduits-Gereformeerde Kerk. Beide hierdie studies is vanuit 'n teologiese paradigma uitgevoer. Daar kon tot op hede geen studie in die Suid-Afrikaanse konteks geïdentifiseer word wat vanuit 'n sosiaal-sielkundige perspektief ondersoek ingestel het na kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers soos dit in die Nederduitse-Gereformeerde Kerkfamilie, die Rooms-Katolieke Kerk, die Gereformeerde Kerk en die Christelike Herlewingskerk neerslag vind nie. Die noodsaaklikheid van 'n sosiaal-sielkundige perspektief berus op die grondslag dat die gevolge van die religieuse geskiedenis van die kerk in die algemeen in die Suid-Afrikaanse konteks in 'n groot mate sosiaal-sielkundig van aard is, wat insluit 'n toename in beide saamwoonverhoudings en die egskeidingskoers (Die Kerkbode, 5 Maart 2010:4), asook die verontregting en mishandeling van vroue (Landman, 2008). In die lig daarvan dat misdade teen vroue in Suid-Afrika wêreldwyd opslae maak ("Rape Statistics", 2010) is 'n studie na die moontlike invloed van die religieuse geskiedenis van die kerk op sodanige misdade gebiedend noodsaaklik.

## 4. BEGRIPSVERKLARING

Alvorens aandag geskenk word aan die konsep houdings word enkele hoofbegrippe gedefinieer.

### 4.1 Denominasie

Denominasie kan gedefinieer word as die gemeenskap van gelowiges waartoe die individu behoort, aldus Du Toit, Hofmeyr, Strauss en Van der Merwe (2002). Vanuit 'n sosiologiese paradigma verwys denominasie na 'n relatief stabiele, geïnstitusionaliseerde organisasie van gelowiges en word gekenmerk deur 'n goed gedefinieerde administratiewe sisteem, 'n kerklike hiërargiese stelsel, 'n bepaalde dogma en laastens religieuse gebruike (Popenoe, Cunningham & Boult, 1997).

### 4.2 Huistaal

Ross en Deverell (2004) definieer taal as 'n sisteem van gesproke simbole wat individue gebruik om hul ervaringe te kodeer en te kommunikeer, ten einde die wêreld en hulself te organiseer. Taal is 'n meganisme waardeur dit wat as aanvaarbaar beskou word, geïnternaliseer word. Hierdie proses vind plaas deur middel van kategorieë en klassifikasiesisteme wat moontlik gemaak word deur die taal wat gebesig word, aldus Hogg en Vaughan (2005). Daar word dus van die veronderstelling uitgegaan dat verskille wat taal betref daartoe aanleiding gee dat mense hul wêreld uit wyduiteenlopende invalshoeke benader en beredeneer (Weiten, 2002).

### 4.3 Bevolkingsgroep

Bevolkingsgroep verwys na 'n klassifikasiesisteem waarvolgens die verskillende etniese groepe gekategoriseer word, gebaseer op gemeenskaplike afkoms en die algemene voorkoms van 'n aantal sigbare erflike liggaamseienskappe (Hoggs & Vaughan, 2005; Plug, Louw, Gouws & Meyer, 1997).

## 5. LITERATUUROORSIG

Ten einde die brandende kwessie rondom vroulike ampsdraers na waarde te ondersoek, moet eerstens aandag geskenk word aan die heersende debat soos dit verband hou met vroulike ampsdraers, asook die houdings wat dit voorafgaan.

### 5.1 Houdings

Die begrip *houding* is 'n onmisbare aspek van die sosiale sielkunde en word beskou as 'n alomteenwoordige kenmerk van sosiale ervarings. Derhalwe is dit noodsaaklik om hierdie konsep van naderby te beskou, ten einde 'n oorkoepelende beeld te vorm van gedrag, asook die interne toestand wat 'n individu predisponeer tot 'n bepaalde gedragspatroon (Van Rooyen, 2002).

### 5.1.1 Definiëring van die term 'houding'

'n Houding kan gedefinieer word as 'n aangeleerde evaluering van 'n verskynsel wat gepaard gaan met 'n mate van voorkeur of afkeur (Erasmus, 2007). Volgens Nel (2008) beskou Eagly en Chaiken 'n houding as 'n sielkundige neiging wat deur die beoordeling van 'n spesifieke entiteit met 'n graad van goedkeuring of afkeuring uitgedruk word. Volgens Taylor et al. (2006) bevat die term *houding* affektiewe, kognitiewe en konatiewe komponente. Dit hou dus verband met bepaalde gedrag, die innerlike motivering wat die bepaalde gedrag voorafgaan, asook gepaardgaande fisiologiese response (Erasmus, 2007).

Die kognitiewe segment van 'n houding behels 'n stimulus, stimulus-assosiasie of perseptuele organisasie wat 'n bydrae lewer tot die oortuiging dat die houdingsobjek oor bepaalde kenmerke beskik en dat gedrag wat daarmee verband hou, tot spesifieke uitkomste sal lei (Jonck, Le Roux & Verster, 2007). Die affektiewe segment omsluit gevoelens en affekte. Gekoppel aan die stimulus, bepaal dit hoe aangenaam of onaangenaam gevoelens teenoor 'n voorwerp sal wees (Van Rooyen, 2002). 'n Houding behels egter ook 'n konatiewe segment, wat 'n weerspieëling of verwerkliking van die gesindheid insluit, dus die bereidwilligheid om 'n bepaalde handeling te onderneem (Nel, 2008).

### 5.1.2 Teorieë oor houdings

In die literatuur word verskeie teorieë oor die ontstaan van houdings aangetref, wat insluit die balansteorie, die selfpersepsieteorie, die verwagte waardetoerie, asook die kognitiewe dissonansieteorie, om enkeles uit te lig. Die balansteorie van Heider (1958) word beskryf in terme van 'n bepaalde houding wat tussen twee individue of strukture ontwikkel (Baker, 2000). Drie evaluasies vind plaas, naamlik die eerste persoon se evaluasie van die tweede persoon, die eerste persoon se evaluasie van die houdingsobjek, asook die tweede persoon se evaluasie van die houdingsobjek (Van Rooyen, 2002). 'n Voorbeeld hiervan is 'n kerklidmaat se houding teenoor die leraar en beide se houding teenoor vroulike ampsdraers. Indien beide se houding teenoor vroulike ampsdraers positief is, het 'n balans met betrekking tot houdingsvorming plaasgevind. Ongebalanseerde sisteme produseer druk om die houding te verander wat voortduur totdat die houding aangepas word (Barker, 2000). Verandering geskied op só wyse dat dit die minste aanpassing noodsaak (Van Rooyen, 2002).

Die selfpersepsieteorie van Bem (1967) postuleer dat individue hulself op dieselfde wyse beoordeel as wat hulle deur ander beoordeel word. Dikwels is eie en ander se houdings onduidelik, derhalwe word houdings afgelei van gedrag en die omstandighede waarin die gedrag plaasvind (Van Rooyen, 2002). Volgens die verwagte waardeteorie berus die vorming van houdings op die individu se evaluering van die gevolge van die houdings as synde voordelig of nadelig. Derhalwe poog die individu om die verwagte uitkomste, asook die verwagting dat sy

of haar houding die verlangde gevolge sal lewer, te verhoog (Nel, 2008). Dus word die waarde van die moontlike gevolge, asook die waarskynlikheid daarvan in ag geneem (Van Rooyen, 2002).

Die kognitiewe dissonansieteorie van Festinger handel oor inkonsekwentheid tussen 'n individu se houdings en gedrag. Wanneer houdings en gedrag inkonsekwent is, gee dit aanlediging tot dissonansie wat lei tot spanning en gevolglik die neiging om spanning te verminder en konsonansie te verkry (Taylor et al., 2006). Kognitiewe konsonansie word verwesentlik op drie maniere naamlik, gedrag kan aangepas word, die omvang van die dissonansie kan ontken word en laastens kan die houdings verandering ondergaan (Van Rooyen, 2002).

### 5.1.3 Houdingstipes

Onderskeid word getref tussen vier tipes houdings, naamlik waarde-georiënteerde houdings, ekspressiewe houdings, instrumentele houdings, asook oriëntasie-houdings (Nel, 2008; Van Rooyen, 2002).

#### 5.1.3.1 Waarde-georiënteerde houdings

'n Houding kan 'n uitdrukking van 'n individu se waardes wees, ingevolge waarvan die individu bevrediging verkry indien die bepaalde houding kongruent is met sy of haar sentrale waardes, wat dan 'n bydrae lewer tot sy of haar selfbeeld (Jonck, 2005; Nel, 2008; Van Rooyen, 2002).

#### 5.1.3.2 Ekspressiewe houdings

Houdings vervul die funksie van verdedigingsmeganismes wat bydra tot die bevordering van die selfbeeld en die beskerming van die ego teen kritiek. Afkeurenswaardige impulse en kwaliteite word verwerp en op die buitewêreld geprojekteer (Jonck, 2005; Nel, 2008; Van Rooyen, 2002).

#### 5.1.3.3 Instrumentele houdings

Instrumentele houdings hou verband met die waarde wat die individu aan houdings heg, ingevolge waarvan gepoog word om beloning te bevorder en straf te vermy (Jonck, 2005; Nel, 2008). Die vorming van instrumentele houdings hang ten nouste saam met die individu se evaluering van die voorwerp as synde voordelig of nadelig (Van Rooyen, 2002).

#### 5.1.3.4 Oriëntasie-houdings

Mense streef voortdurend na kennis ten einde hul wêreld te organiseer en te klassifiseer om sodoende 'n wye verskeidenheid prikkels te kontroleer. Derhalwe word 'n stelsel van opinies, houdings en waardes, dus 'n verwysingsraamwerk, benodig waarvolgens individue gedrag, idees en resultate beoordeel en wat 'n rigtinggewende invloed op gedrag en denke uitoefen (Jonck, 2005; Nel, 2008). 'n Oriëntasie-houding, wat 'n

sisteem van oortuigings en praktyke behels en wat lede van die samelewing of gemeenskap help om gedrag, idees en resultate te organiseer, kan ook verwys na religie (Fulcher & Scott, 2003).

Religie kan derhalwe gedefinieer word as 'n stelsel van oortuigings en religieuse praktyke wat as 'n verwysingsraamwerk aangewend word, ten einde stimuli te interpreteer en dienooreenkomstig te reageer (Henslin, 2007). Die kognitiewe oortuiging bestaan dus dat 'n objek of persoon heilig is en dat praktyke of gedrag wat daarmee geassosieer word, sal lei tot spesifieke uitkomste, asook 'n gepaardgaande wilsuiting (Kirkpatrick, 1999). In die geval van Christelike religie word God as heilig beskou en deur Hom te dien, verwerf gelowiges die ewige lewe deur die bloed van Jesus. Hierdie oortuiging gee aanleiding tot gepaardgaande wilsuiting soos kerkbywoning en ander godsdienstige praktyke soos Bybel lees en bid. Hierdie definisie van religie sluit die kognitiewe en konatiewe dimensies van 'n oriëntasie-houding in. Die affektiewe dimensie van die oriëntasie-houding korreleer met religieuse oriëntasie, aldus Jackson en Hunsberger (1999). Religieuse oriëntasie word gedefinieer as die motiewe wat met religieuse oortuigings geassosieer word (Kirkpatrick & Wood, 1990), dus praktyke wat met religie geassosieer word, sal lei tot spesifieke uitkomste.

Religie het politieke en kulturele funksies ingevolge waarvan die verhouding tussen mans en vroue in die samelewing georganiseer word. Popenoe et al. (1997:327) beskryf die verband tussen religie en geslag as volg:

> *Religion usually encourages the subordination of women to men, and the ideal norm for women is submissive behaviour. Certain religions restrict the possible roles of women to the private and domestic sphere, in what has been called a 'cult of domesticity'. In certain types of Christianity, women are excluded from taking part in certain religious activities in public gatherings.*

Hierdie neiging om vroue se gedrag aan bande te lê, hang saam met religieuse oortuigings wat gebaseer word op die interpretasie van Skrifgegewens. Derhalwe gaan aandag geskenk word aan die heersende debat soos dit verband hou met vroulike ampsdraers.

## 5.2 Debat rondom die kwessie van vroulike ampsdraers

Die kwessie oor vroulike ampsdraers kan vanuit twee invalshoeke bestudeer word. Die eerste standpunt is dié van sommige reformatoriese kerke ingevolge waarvan vroue se rol 'n sekondêre rol verteenwoordig. Derhalwe moet Christenvroue onder andere by siekebesoek, fondsinsamelingsprojekte en sending betrokke wees, terwyl die besluitneming en verkondiging van die Woord uitsluitlik vir die manlike geslag gereserveer word (Rees, 2003). Hierteenoor is die feministiese beweging oortuig dat vroue hul regmatige plek ontsê word en dat die emansipasie van vroue ook in die kerk die botoon moet voer (Smit, 1999). Die feministiese beweging het ten doel

om nuwe lense te verskaf om die bysiendheid van 'n manlik-georiënteerde teologie te korrigeer (Büchner, 2007). Clifford (2001) onderskei tussen liberale feminisme, kulturele feminisme, radikale feminisme, asook sosiale feminisme. Eersgenoemde beywer hulself vir volle gelykstelling tussen geslagte, die tweede groep beklemtoon die morele voorrang van vroue, die derde groep poog om die belangrikheid van 'n vroulik-georiënteerde kultuur te bevorder, terwyl die laaste groep stry vir ekonomiese onafhanklikheid van vroue (Büchner, 2007).

### 5.2.1 Argumente ten gunste van die beroeping van vroulike ampdraers

Van Helden (2002) is die mening toegedaan dat vroue na 2000 jaar weens tradisionalisme steeds as 'n ongedissiplineerde, oningeligte wese benader word. Godsdienstige dogma word derhalwe misbruik om magsposisies in patriargale gemeenskappe te regverdig en te behou. Power (2008:325) is oortuig dat:

> *The unquestioned, and apparently deemed unquestionable, exclusion of woman from sacrament of order and by implication from leadership positions is also a practical dismissal of the work of the Spirit, when it is clear that their service to the Church and their capacity to lead are no less than those of any male.*

Voorts is Power (2008) oortuig dat hierdie situasie deur die simboliese uitvoering van sakramente, wat veronderstel is om die sondige en biologies beperkte minderwaardigheid van die mens uit te druk, geregverdig word. Hierdie simboliese daad verleen aan die manlike geslag outoriteit wat nie bevraagteken word nie, wat omvangryke implikasies inhou (Power, 2008). De Beer (2007) kom tot die gevolgtrekking dat God die mens, manlik en vroulik, na sy beeld geskape het. Hy het albei geseën en die opdrag gegee om die aarde te bewoon en te bewerk. Beide geslagte tree dus as verteenwoordiger van God op aarde op. In die lig van die skepping van die verskillende geslagte bestaan geen arbeidsreservering van die een geslag teenoor die ander nie.

### 5.2.2 Argumente teen die beroeping van vroulike ampsdraers

Volgens Momberg (Die Kerkpad, 2000) is die boodskap van die Bybel dat vroue nie in die besondere amp mag staan nie, hoewel daar altyd diegene is wat leer en nooit tot die kennis van die waarheid sal kom nie. Argumente teen die beroeping van vroue tot die leer- en regeerampte sluit die volgende in:

- Die Skrifbeginsel dat God die man as hoof van sy vrou gestel het, sal weerlê word indien vroue as leraars beroep word (Rees, 2003).

- Indien vroue in besondere diens sou staan waarin hulle herderlik sou waak, sou sorg en toesien dat die gemeente deur die Bybel gevoed en gelei word en op hierdie terrein die gesag van Christus sou bedien, sou hulle daarmee nie hulle eggenote se hoofskap erken nie (Acta Synodi, 2009).

- Vroue word deur die Skrif verbied om mans te onderrig (Rees, 2003).

- Ingevolge Skrifgegewens[8] (1 Tim 3; Rom 16; Fil 1) mag vroue nie in die leer- en regeerampte dien nie. Die amp van ouderling en bedienaar van die Woord mag dus nie deur vroue beklee word nie (Gwashi, 1999).

- Daar is geen klinkklare Skriftuurlike bewyse dat vroulike ampsdraers in die Bybel verkies is nie (Rees, 2003).

In die voorafgaande afdeling is gepoog om die term *houding* en die verwantskap daarvan met betrekking tot religieuse gebruike vanuit bestaande literatuur te belig. Voorts is enkele standpunte in die debat rondom die kwessie van vroulike ampsdraers kortliks bespreek. Vervolgens word aandag geskenk aan die faktore wat moontlik houdings teenoor vroulike ampsdraers beïnvloed.

## 6. FAKTORE WAT HOUDINGS TEENOOR VROULIKE AMPSDRAERS MOONTLIK BEÏNVLOED

Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat huistaal, bevolkingsgroep en dominansie as onafhanklike veranderlikes moontlik 'n invloed op lidmate se houding teenoor vroue as ampsdraers in die gemeente uitoefen. Aldus Du Plooy en Grobler (2002) kan persoonlike - , sosio-ekonomiese -, asook sosio-kulturele veranderlikes respondente se siening of houding teenoor 'n bepaalde objek beïnvloed. Gevolglik word aandag geskenk aan sosio-kulturele veranderlikes wat lidmate se houding teenoor vroulike ampsdraes moontllik beïnvloed.

### 6.1 Huistaal

Linguïstiese relatiwiteit verwys na die aanname dat taalvoorkeur mense se denke in 'n groot mate beïnvloed (Weiten, 2002). Daar word dus van die veronderstelling uitgegaan dat verskille wat taal betref daartoe aanleiding gee dat mense hul wêreld uit wyduiteenlopende invalshoeke benader en beredeneer (Weiten, 2002). Die konsep *houding* kan beskou word as 'n voorveronderstelling wat verwys na 'n interne toestand wat 'n individu tot 'n bepaalde evaluerende respons predisponeer (Van Rooyen, 2002). Hierdie voorveronderstelling word geïnternaliseer deur middel van kategorieë en klassifikasiesisteme wat moontlik gemaak word deur die taal wat

---

* Alle Skrifverwysings kom uit die Naslaanbybel (1994)

gebesig word (Hogg & Vaughan, 2005). Volgens prof. Kroetze verskaf die kerk die liturgie en die boodskap – waarin die onderdrukking van vroue gelegitimeer word (Beeld, 9 Junie 2004:13).

Mongwe (2007: 29) beskryf die invloed van taal op die kwessie verbandhoudend tot die rol van vroue as volg: "Those in power (male theologians) hold language and its interpretation as a privileged way of thinking, leaving those who are disempowered (in this instance women) often without language; and without language their reality does not appear to exist."

### 6.2 Bevolkingsgroep

Navorsing deur Gwashi (1999) in die Gereformeerde Kerk het getoon dat swart kerklidmate van mening is dat vroue 'n waardevolle en belangrike bydrae lewer tot die gemeente in soverre party sendinggemeentes deur vroue gestig is. Derhalwe is 51% van die swart lidmate van mening dat vroue wel die amp van diaken mag beklee, terwyl 80% van wit kerklidmate 'n soortgelyke mening toegedaan is. Volgens Gwashi (1999) is die rede vir hierdie verskil dat swart gemeentes nog nie so gevestig is soos die wit gemeentes nie en derhalwe op ander aspekte as die regering van die kerk fokus. In 'n studie deur Swart-Russell (1988) het 32% van die swart respondente getoon dat vroue nooit tot die amp van priester verordineer moet word nie, terwyl 38% van die wit respondente 'n soortgelyke respons getoon het. Barnes (2006) toon 'n verdere invloed van bevolkingsgroep soos vergestalt deur die volgende aanhaling: *"White women's Christ, black women's Jesus"* Hiervolgens ervaar swart vroulike ampsdraers weens hul lidmaatskap aan 'n bepaalde bevolkingsgroep 'n groter mate van vooroordeel, as wat die geval is by wit vroulike ampsdraers. Hoewel daar teen beide groepe vooroordeel aanwesig is. Keane (1998) toon voorts dat swart vroue marginaliseer word in terme van beide hul lidmaatskap aan 'n spesifieke bevolkingsgroep, asook hul geslag.

### 6.3 Denominasie

Navorsing deur Barnes (2006) het bevind dat denominasie 'n rol speel by kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers. Kerklidmate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika was die mening toegedaan dat vroue wel tot die amp van diaken beroep mag word, aldus 'n studie deur Gwashi (1999). Plaatjies (2003) het 'n studie gedoen oor vroue in die teologiese antropologie van die Afrikaanse Gereformeerde tradisie. Soortgelyk het Mongwe (2007) 'n studie gedoen oor die plek van vroue in die Sevendaagse Advintiste Denominasie. Beide het tot die gevolgtrekking gekom dat vroue nie geag word op dieselfde vlak as manlike lidmate nie. Geen soortgelyke studie is al in die Rooms-Katolieke Kerk en die Christelike Herlewingskerk onderneem nie.

## 7. EMPIRIESE ONDERSOEK

Die empiriese gedeelte van die navorsingstudie behels enersyds die peiling van kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers en andersyds watter invloed huistaal, bevolkingsgroep en denominasie op die genoemde houdings het. Ten einde hierdie oogmerke te bereik, is die navorsingshipotese hieronder geformuleer.

### 7.1 Hipotese

Die navorsingsvraag wat vir hierdie studie geformuleer is, is: *Wat is die houding van kerklidmate teenoor vroulike ampsdraers, en hoe word dit deur 'n verskeidenheid biografiese faktore beïnvloed?* Die geformuleerde navorsingsvraag is met behulp van die volgende hipotese ondersoek: Ten opsigte van huistaal, bevolkingsgroep en denominasie kom statisties-beduidende verskille tussen die gemiddelde houdingstellings van kerklidmate, afkomstig van verskillende Christelike denominasies, teenoor vroulike ampsdraers voor.

### 7.2 Navorsingsontwerp

Met hierdie studie is daar van nie-eksperimentele navorsing, wat ook bekend staan as *ex post facto*-navorsing, gebruik gemaak. In eksperimentele navorsing word die onafhanklike veranderlikes gemanipuleer ten einde die uitwerking van hierdie proses op die afhanklike veranderlikes te ondersoek. In teenstelling hiermee vind geen ingrepe plaas in die geval van nie-eksperimentele navorsing nie. Die proefpersone is ook nie toegewys aan 'n bepaalde groep nie en het reeds voor die aanvang van die navorsingstudie aan die verskillende vlakke van die onafhanklike veranderlikes behoort (Nel, 2008).

### 7.3 Samestelling van ondersoekgroep

Die vorming van die steekproef het in twee fases plaasgevind. Eerstens is 'n lys van individuele gemeentes van die verskillende kerkverbande vanaf kerkkantore verkry of by wyse van 'n elektroniese soektog. Na afloop hiervan is 'n lys van 36 gemeentes, verteenwoordigend van vier denominasies, saamgestel deurdat verskillende gemeentes telefonies gekontak is met 'n uitnodiging om deel te neem aan die onderhawige studie. Sommige gemeentes wat gekontak is, het nie deelgeneem aan die studie nie, weens tyd en omstandighede. Dus is inividuele gemeentes in elke streek geselekteer volgens 'n toevallige steekproeftrekking. Kerkgemeentes is geselekteer volgens hul rangorde op die voorgenoemde lys. Waar moontlik, is gemeentes persoonlik besoek, hoewel daar ook gebruik gemaak is van veldwerkers afkomstig van die Universiteit van die Vrystaat. Die veldwerkers was in die meeste gevalle studente van die teologiedepartement.

Die tweede fase het behels dat vraelyste, na afloop van oggend-eredienste by die verskillende gemeentes van die vier denominasies, se hoofuitgange uitgedeel is. Hiervolgens is die ondersoekgroep dus saamgestel deur middel van 'n beskikbaarheidsteekproef. Lidmate was die geleentheid gebied om die vraelyste tuis te voltooi,

waarna die voltooide vraelyste anoniem die daaropvolgende Sondag in 'n houer by die kerk geplaas kon word of by die verskillende gemeentes se kantore afgelewer kon word.

Etiese aspekte betrokke by die onderhawige navorsingstudie behels onder andere dat deelname aan die studie op 'n vrywilligheidsgrondslag geskied het, terwyl konfidensialiteit verseker is deurdat alle vraelyste as vertroulike geag en in verseëlde koeverte terugontvang is. Basiese inligting oor die navorsingstudie is tydens oggend-eredienste aan respondente verskaf. So ook is terugvoermoontlikhede aan individuele gemeentes reeds tydens die eerste fase van die samestelling van die ondersoekgroep met kerkrade bespreek.

Die satistiese ontleding is gebaseer op data wat verkry is van kerklidmate van die Rooms-Katolieke Kerk, die Gereformeerde Kerk, die Christelike Herlewingskerk, asook die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie, wat bestaan uit die Nederduits-Gereformeerde Kerk in Afrika, die Gereformeerde Kerk in Afrika en die Verenigende Gereformeerde Kerk. Hierdie nasionale studie het die volgende stede en dorpe ingesluit: Bloemfontein, Cradock, Durban, Ellisras, George, Gonubie, Johannesburg (Midrand), Kimberley, Middelburg, Potchefstroom en Stellenbosch. In die Oos-Kaap, Wes-Kaap, Limpopo en Mpumalanga is plattelandse dorpe ingesluit. In die oorblywende streke is die hoofstede telkens geselekteer. In die Noord-Kaap (Stellenbosch en George) en Oos-Kaap (Cradock en Gonubie) is gebruik gemaak van twee dorpe weens die beperkte aantal vraelyste wat terugontvang is. Die dorpe en stede is dus volgens 'n toevallige steekproeftrekking geselekteer, omdat alle gemeentes nie aan die ondersoek kon of wou deelneem nie.

'n Totaal van 4500 vraelyste is vir verspreiding aangebied waarvan 1052 ingevorder en vir statistiese verwerking gekodeer is. Respondente afkomstig van verskillende bevolkingsgroepe of rasse is ingesluit, ten einde kruiskultureel ondersoek na die navorsingsdoelwitte in te stel. Hierdie kruiskulturele ondersoek het bestaan uit 540 wit respondente, 252 swart respondente, 140 gekleurde respondente, 9 Indiër respondente, asook 108 respondente wat nie in die voorafgaande groepe gegroepeer kon word nie. Dit sluit onder andere Chinese respondente in.

## 7.4 Meetinstrument

Beide 'n kwantitatiewe en 'n kwalitatiewe meetinstrument is in die onderhawige studie aangewend. Kwantitatiewe navorsing maak gebruik van syfers as 'n vorm van kodering waarvolgens verskillende veranderlikes met mekaar vergelyk kan word (Bless & Higson-Smith, 2000). Kwalitatiewe navorsing behels dat bevindinge gerugsteun word deur alternatiewe data-insamelingsprosedures soos onderhoude, koerantberigte, asook individue se persoonlike ervarings (Strauss & Corbin, 1998). Die samestelling van die meetinstrument is gebaseer op drie hoofaspekte wat onderskeidelik in Afdelings B tot D ondersoek word. Aangesien daar tot op hede nie 'n vraelys bestaan wat

lidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers meet nie, is een saamgestel wat tydens vier afsonderlike loodstudies onder studente van die Universiteit van die Vrystaat getoets is.

### 7.4.1 Samestelling van die meetinstrument

Die meetinstrument het bestaan uit drie skale wat vervolgens onder die loep kom

#### 7.4.1.1 Biografiese vaelys

'n Biografiese vraelys (sien Bylaag A) wat inligting oor die onafhanklike veranderlikes, naamlik huistaal, bevolkingsgroep en denominasie bevat, moes deur elke respondent voltooi word.

#### 7.4.1.2 Kwantitatiewe skaal

In die geval van die kwantitatiewe ontwerp is van 'n selfontwerpte houdingskaal om data in te samel gebruik gemaak. Die Likert-tipe houdingskaal wat aangewend is, bestaan uit drie subskale met die volgende as inhoud (kyk Bylaag B): **Afdeling B** bevat 10 stellings om die respondent se houding teenoor vroue in die algemeen, veral in die werks-opset, te ondersoek. **Afdeling C** bestaande uit 10 vrae, het betrekking op respondente se houding teenoor vroue as ampsdraers in die gemeente, met spesifiieke verwysing na prediking. **Afdeling D** bestaan uit 10 kognitiewe, affektiewe en konatiewe stellings, wat ten doel het om die mate van gemak/ongemak wat die gehuldigde houding by die respondent ontlok, te meet. Afdeling D is gebaseer op die kognitiewe-affektiewe-konatiewe model. Vir elke item moes die respondente op 'n vierpuntskaal aantoon die mate waarin hulle met die stelling saamstem of daarvan verskil. Die totale telling op die houdingskaal word verkry deur die tellings van die individuele items bymekaar te tel. Die laagste telling wat respondente kon behaal, is 30 en die hoogste telling 120. Tellings hoër as 75 dui op 'n positiewe houding teenoor vroulike ampsdraers en omgekeerd.

#### 7.4.1.3 Kwalitatiewe skaal

Die kwalitatiewe ontwerp behels dat respondente die geleentheid gebied is om 'n respons te lewer in sy of haar eie woorde (Reis & Judd, 2000). **Afdeling E** behels vyf semi-gestruktureerde oop-einde vrae waar van respondente verwag is om kommentaar te lewer (sien Bylaag C). Die doel van die kwalitatiewe ontwerp was om die kwantitatiewe inligting verkry uit die vraelys verder toe te lig. Hierdie afdeling behels egter ook 'n rangordevraag waar daar van respondente verwag is om verskillende items te rangskik van 1 tot 'n spesifieke nommer, in dié geval 5 (Reis & Judd, 2000).

### 7.4.2 Psigometriese eienskappe

Tydens 'n loodsstudie wat onder studente van die Universiteit van die Vrystaat met die kwantitatiewe skaal uitgevoer is, is die gesamentlike betroubaarheid van al die afdelings op 0.831 bereken, wat op goeie

betroubaarheid dui. Voorts is Cronbach se alpha-koëffisiënt toegepas om die betroubaarheid van die houdingskale in die onderhawige studie vas te stel. Die interne metingskonsekwentheid van die houdingskale, dus Cronbach se alpha-koëffisiënt, was hoogs betroubaar, met 'n gesamentlike koëffisiënt van 0,86.

Konstrukgeldigheid verwys na die mate waarin die konstruk van teoretiese belang geoperasionaliseer word in die navorsingstudie en behels beide konvergente en divergente geldigheid (Hoyle, Harris & Judd, 2002). Ten einde die konstrukgeldigheid van die onderhawige studie te ondersoek, is gebruik gemaak van twee-faktor faktorontleding, wat getoon het dat 24 van die 30 items oor goeie konvergente en divergente geldigheid beskik.

## 7.5 Statistiese analise

Om die invloed van huistaal, bevolkingsgroep en denominasie op respondente se houding teenoor vroulike ampsdraers te bepaal, is 'n meerveranderlike variansie-ontleding op die verkreë data uitgevoer. 'n Meerveranderlike variansie-ontleding is 'n ontwerp wat verskille tussen twee of meer onafhanklike veranderlikes, in hierdie geval huistaal, bevolkingsgroep en denominasie, ten opsigte van hul invloed op die afhanklike veranderlikes, naamlik houding met betrekking tot vroulike ampsdraers soos deur die drie subskale gemeet, bepaal. Cohen se *d* is bereken om die effekgrootte van die verskille in gemiddeldes te bereken, ten einde die verskil tussen gemiddeldes in terme van die standaardafwyking se grootte uit te druk. Die volgende riglynwaardes het gegeld: *0.2* = klein effek, *0.50* = medium effek en *0.80* = groot effek (Aron & Aron, 1994).

Die Scheffé-toets vir post hoc-vergelykings is gebruik om enige verskille tussen die verskillende vlakke van die onafhanklike veranderlikes te ondersoek. Post hoc-vergelykings is statistiese prosedures wat aangewend word om te bepaal watter gemiddeldes statisties-beduidend van mekaar verskil, deur alle moontlike vlakke van die faktor met mekaar te vergelyk, een paar op 'n keer (Heiman, 2004).


Kwalitatiewe data wat met behulp van semi-gestruktureerde vrae bekom is, is volgens die sosiaal-psigologiese diskoers-analitiese metode verwerk (Strauss & Corbin, 1998). Die sosiaal-psigologiese diskoers-analitiese metode behels dat kwalitatiewe inligting, wat gedefinieer kan word as diskoerse aangesien dit die menings van respondente omsluit (Demasure & Müller, 2006), geïnterpreteer word volgens die sosiale psigologie wat die teoretiese onderbou vorm wat die perikoop verteenvoordig waardeur daar na kwalitatiewe inligting gekyk word. Kwalitatiewe gegewens is deur die navorser geïnterpreteer aan hand van die literatuuroorsig en deur twee kenners op die gebied van kwalitatiewe navorsing en die sosiale psigologie beoordeel. Derhalwe is 'n tussenvertolkersbetroubaarheidstoets toegepas om te verseker dat die interpretasie van gegewens betroubaar is (Du Plooy & Grobler, 2002).

## 8. RESULTATE

Die resultate van die ondersoek word onder die volgende hoofde bespreek:

### 8.1 Kwantitatiewe resultate

Ten einde die doelwitte van die ondersoek, naamlik bepaling van die invloed van huistaal, bevolkingsgroep en denominasie op die gemiddelde tellings rakende kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers, te bereik, is die frekwensies, persentasies, gemiddeldes en standaardafwykings van die voorgenoemde veranderlikes bereken soos in Tabel 1 tot Tabel 3 uiteengesit. In Figuur 1 word die inligting aangaande die denominasies waaraan kerklidmate behoort weergegee.




**Figuur 1: Staafdiagram van die frekwensies van die verskillende denominasies**


Figuur 1 toon aan dat die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamielie die beste verteenwoordig was met 326 respondente, dan die Christelike Herlewingskerk met 311, gevolg deur die Gereformeerde Kerk met 217 respondente en laastens die Rooms-Katolieke Kerk (n = 198). In Tabel 1 word 'n volledige uiteensetting gegee van die frekwensies, persentasies, gemiddeldes en standaardafwykings van die verskillende denominasies.

**Tabel 1: Frekwensies, persentasies, gemiddeldes en standaardafwykings vir denominasies ten opsigte van die houding van lidmate teenoor vroulike ampsdraers**

| Denominasie | N | % | | Subskaal | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Subskaal B | Subskaal C | Subskaal D | |
| **Rooms-Katoliek** | 198 | 18,82 | $\bar{X}$ | 28,71 | 25,90 | 27,98 | 82,60 |
| | | | s. | 4,75 | 4,40 | 5,89 | 12,42 |
| **N.G. Kerkfamilie** | 326 | 30,99 | $\bar{X}$ | 30,23 | 27,12 | 30,67 | 88,02 |
| | | | s. | 3,96 | 4,13 | 4,65 | 10,23 |
| **Gereformeerde Kerk** | 217 | 20,63 | $\bar{X}$ | 28,70 | 27,16 | 29,34 | 85,19 |
| | | | s. | 4,37 | 4,08 | 4,53 | 10,25 |
| **Christelike Herlewingskerk** | 311 | 29,56 | $\bar{X}$ | 30,75 | 27,59 | 29,45 | 87,79 |
| | | | s. | 4,18 | 3,50 | 5,26 | 9,99 |
| **Totaal** | 1052 | 100 | $\bar{X}$ | 29,60 | 27,00 | 29,52 | 86,11 |
| | | | s. | 4,37 | 4,08 | 5,08 | 10,82 |

Tabel 1 toon aan dat die gemiddelde telling vir die groep as geheel 86,11 (s = 10,82) was, terwyl die teoretiese gemiddelde 75 is. Hiervolgens is die groep as geheel 'n positiewe houding teenoor vroulike ampsdraers. Die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie het die hoogste gemiddelde telling van 88,02 (s = 10,23) gehad, terwyl die Christelike Herlewingskerk se gemiddelde telling die tweede hoogste was ($\bar{X}$ = 87,79; s = 9,99), gevolg deur die Gereformeerde Kerk met 'n gemiddelde telling van 85,19 (s = 10,25). Die Rooms-Katolieke Kerk se gemiddelde telling was die laagste ($\bar{X}$ = 82,60; s = 12,42).

In Figuur 2 word inligting aangaande die huistaalgegewens van die respondente grafies voorgestel. Daarna word die frekwensies, persentasies, gemiddeldes en standaardafwykings van die taalgegewens van respondente volledig uiteengesit in Tabel 2.




**Figuur 2: Grafiese voorstelling van die huistaalgegewens van respondente**

Soos blyk uit Figuur 2 was die oorgrote meerderheid respondente Afrikaansprekendes (N = 575), gevolg deur diegene wat 'n inheemse taal besig (N = 336), terwyl die oorblywende respondente (N = 140) Engelssprekend was.

**Tabel 2: Frekwensies, persentasies, gemiddeldes en standaardafwykings vir die taalgroepe ten opsigte van die houding van lidmate teenoor vroulike ampsdraers**

| Taal | N | % | | Subskaal | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Subskaal B | Subskaal C | Subskaal D | |
| **Afrikaans** | 575 | 54,71 | $\bar{X}$ | 30,35 | 27,34 | 30,18 | 87,86 |
| | | | s. | 4,07 | 4,05 | 4,92 | 10,37 |
| **Engels** | 140 | 13,32 | $\bar{X}$ | 29,19 | 26,51 | 28,60 | 84,29 |
| | | | s. | 3,96 | 4,01 | 5,35 | 10,26 |
| **Inheemse taal** | 336 | 31,97 | $\bar{X}$ | 28,48 | 26,63 | 28,76 | 83,87 |
| | | | s. | 4,76 | 4,12 | 5,08 | 11,30 |
| **Totaal** | 1051 | 100 | $\bar{X}$ | 29,59 | 27,00 | 29,51 | 86,11 |
| | | | s. | 4,37 | 4,08 | 5,08 | 10,82 |

Soos blyk uit Tabel 2 was die gesamentlike gemiddelde telling vir al die taalgroepe 86,11 (s = 10,82), terwyl die teoretiese gemiddelde 75 is. Die verskillende taalgroepe het gesamentlik ook 'n positiewe houding teenoor vroulike ampsdraers gehad. Afrikaanssprekendes het 'n gemiddelde telling van 87,86 (s = 10,37), wat die hoogste was. Gevolg deur Engelssprekendes met 'n gemiddelde telling van 84,29 (s = 10,26). Diegene wat 'n Inheemse taal besig, het 'n gemiddelde telling van 83,87 (s = 11,30) wat die laagste gemiddelde telling verteenwoordig.

**Tabel 3: Frekwensies, persentasies, gemiddeldes en standaardafwykings vir die verskillende bevolkingsgroepe ten opsigte van lidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers**

| Bevolkingsgroep | N | % | | Subskaal | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Subskaal B | Subskaal C | Subskaal D | |
| **Swart** | 252 | 24,02 | $\bar{X}$ | 29,00 | 26,90 | 29,17 | 85,07 |
| | | | s. | 4,75 | 4,38 | 5,39 | 11,84 |
| **Wit** | 540 | 51,48 | $\bar{X}$ | 30,61 | 27,53 | 30,05 | 88,18 |
| | | | s. | 3,86 | 3,86 | 5,16 | 10,09 |
| **Gekleurd** | 140 | 13,35 | $\bar{X}$ | 28,39 | 26,37 | 29,39 | 84,16 |
| | | | s. | 4,57 | 4,47 | 4,36 | 10,77 |
| **Indiër** | 9 | 0,86 | $\bar{X}$ | 26,56 | 23,00 | 27,44 | 77,00 |
| | | | s. | 5,00 | 4,33 | 4,25 | 8,43 |
| **Ander** | 108 | 10,30 | $\bar{X}$ | 27,61 | 25,75 | 27,97 | 81,33 |
| | | | s. | 4,13 | 3,36 | 4,47 | 9,62 |
| **Totaal** | 1049 | 100 | $\bar{X}$ | 29,58 | 27,00 | 29,52 | 86,10 |
| | | | s. | 4,37 | 4,09 | 5,08 | 10,83 |

Tabel 3 toon dat die meerderheid respondente wit (N = 540) was, gevolg deur swart respondente (N = 252). Voorts was 140 respondente gekleurd en net 9 Indiërs. Die oorblywende respondente (N = 108) is gegroepeer onder ander, soos Chinese. Die tabel toon verder dat die gesamentlike gemiddelde telling van al die bevolkingsgroepe 86,10 (s = 10,83) was, terwyl die teoretiese gemiddeld 75 is. Derhalwe was al die bevolkingsgroepe oor die algemeen positief teenoor vroulike ampsdraers. Wit respondente het die hoogste gemiddelde telling gehad ($\bar{X}$ = 88,18; s = 10.09), gevolg deur swart respondente met 'n gemiddelde telling van 85,07 (s = 11,84). Die gekleurde respondente het 'n gemiddelde telling van 84,16 (s = 10,77) gehad, gevolg deur diegene wat nie in die genoemde kategorieë gegroepeer kon word nie ($\bar{X}$ = 81,33; s =9,62). Die Indiër-respondente se gemiddelde telling was 77 (s = 8,43) wat die laagste gemiddelde telling was, maar het slegs 9 proefpersone ingesluit en sal dus nie vir verdere bespreking oorweeg word nie. Die meerveranderlike variansie-ontleding wat uitgevoer is ten einde dié navorsingshipotese te toets, se resultate word in Tabel 4 uiteengesit.

**Tabel 4: Meerveranderlike variansie-ontleding vir die toets van hoofeffekte**

| | | | **Som van kwadrate** | **Vg** | **Kwadraat-gemiddeldes** | **F** | **p.** | **d.** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Houding soos gemeet deur Subskaal B** | **Hoof-effekte** | **Denominasie** | 142.923 | 3 | 47.641 | 2.721 | .043* | .662 |
| | | **Taal** | 763.390 | 2 | 381.695 | 21.796 | .000** | 1.00 |
| | | **Bevolkingsgroep** | 686.358 | 4 | 171.589 | 9.799 | .000** | 1.00 |
| | **Model** | | 2371.951 | 42 | 56.475 | 3.225 | .000 | 1.00 |
| | **Residueel** | | 17599.316 | 1005 | 17.512 | | | |
| **Houding soos gemeet deur Subskaal C** | **Hoof-effekte** | **Denominasie** | 316.741 | 3 | 105.580 | 6.759 | .000** | .976 |
| | | **Taal** | 147.314 | 2 | 73.657 | 4.715 | .009** | .790 |
| | | **Bevolkingsgroep** | 410.600 | 4 | 102.650 | 6.571 | .000** | .992 |
| | **Model** | | 1780.235 | 42 | 42.387 | 2.713 | .000 | 1.00 |
| | **Residueel** | | 15698.756 | 1005 | 15.621 | | | |
| **Houding soos gemeet deur Subskaal D** | **Hoof-effekte** | **Denominasie** | 450.599 | 3 | 150.200 | 6.110 | .000** | .962 |
| | | **Taal** | 546.203 | 2 | 273.101 | 11.110 | .000** | .992 |
| | | **Bevolkingsgroep** | 157.873 | 4 | 39.468 | 1.606 | .171 | .498 |
| | **Model** | | 2331.562 | 42 | 55.513 | 2.258 | .000 | 1.00 |
| | **Residueel** | | 24704.301 | 1005 | 24.581 | | | |
| **Houding soos gemeet deur Totaal** | **Hoof-effekte** | **Denominasie** | 1443.482 | 3 | 481.161 | 4.428 | .004** | .877 |
| | | **Taal** | 3886.788 | 2 | 1943.394 | 17.885 | .000** | 1.00 |
| | | **Bevolkingsgroep** | 3152.239 | 4 | 788.060 | 7.253 | .000** | .996 |
| | **Model** | | 13680.375 | 42 | 325.723 | 2.998 | .000 | 1.00 |
| | **Residueel** | | 109201.273 | 1005 | 108.658 | | | |

*** $p \leq 0.05$ ; ** $p \leq 0.01$**

Uit Tabel 4 blyk dit dat taal en bevolkingsgroep statisties-beduidend op die 1%-peil was vir subskaal B, terwyl denominasie op die 5%-peil beduidend was. Ten opsigte van subskaal C was al die veranderlikes op die 1%-peil beduidend, terwyl beide denominasie en taal op die 1%-peil beduidend was, soos gemeet deur subskaal D. Vir

die totale skaal was denominasie, taal en bevolkingsgroep op die 1%-peil beduidend. Derhalwe het al drie onafhanklike veranderlikes 'n beduidende invloed op lidmate se houdings uitgeoefen. Wat Cohen se d-toets betref blyk dit dat denominasie oor matige praktiese beduidendheid beskik, terwyl beide taal, asook bevolkingsgroep oor groot praktiese beduidendheid beskik vir subskaal B. Wat subskaal C betref het al die veranderlikes groot praktiese beduidendheid getoon. Voorts het beide taal en denominasie groot praktiese beduidendheid getoon op subskaal D, terwyl al die veranderlikes weereens oor groot praktiese beduidendheid beskik het vir die totale skaal. Cohen se d is bereken ten einde die verskille tussen gemiddeldes en die effekgrootte van die verskille aan te toon (Aron & Aron, 1994). Effekgrootte kan geïnterpreteer word deur die oorvleueling tussen twee groepe te vergelyk en dit kan dan direk na 'n persentiel omgeskakel word om vergelyking te vergemaklik (Coe, 2002). Tweedens kan effekgrootte geïnterpreteer word deur die effekgrootte te vergelyk met bekende verskille soos vasgestel deur die riglynwaardes wat bespreek is by 7.5 (Koen, 2008).
Die post-hoc ontledings per onafhanklike veranderlike sal vervolgens bespreek word.

**Tabel 5: Scheffé-toetsresultate vir beduidende verskille tussen gemiddeldes vir denominasie**

| | | NGK | GKSA | Christelike Herlewings | N | $\bar{X}$ |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Subskaal B** | **Rooms-Katoliek** | * | | * | 198 | 28.71 |
| | **N.G. Kerkfamilie (NGK)** | | * | | 326 | 30.23 |
| | **Gereformeerd (GKSA)** | | | * | 217 | 28.70 |
| | **Christelike Herlewings** | | | | 311 | 30.75 |
| **Subskaal C** | **Rooms-Katoliek** | * | * | * | 198 | 25.90 |
| | **N.G. Kerkfamilie (NGK)** | | | | 326 | 27.12 |
| | **Gereformeerde (GKSA)** | | | | 217 | 27.16 |
| | **Christelike Herlewings** | | | | 311 | 27.59 |
| **Subskaal D** | **Rooms-Katoliek** | * | * | * | 198 | 27.98 |
| | **N.G. Kerkfamilie (NGK)** | | * | * | 326 | 30.67 |
| | **Gereformeerd (GKSA)** | | | | 217 | 29.34 |
| | **Christelike Herlewings** | | | | 311 | 29.45 |
| **Totale skaal** | **Rooms-Katoliek** | * | | * | 198 | 82.60 |
| | **N.G. Kerkfamilie (NGK)** | | * | | 326 | 88.02 |
| | **Gereformeerd (GKSA)** | | | | 217 | 85.19 |
| | **Christelike Herlewings** | | | | 311 | 87.79 |

Tabel 5 dui aan dat die Rooms-Katolieke kerk op al die subskale, sowel as op die totale skaal van beide die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie, asook die Christelike Herlewingskerk verskil het. Slegs op subskale C en D het dié denominasie verskil van die Gereformeerde Kerk. Voorts het die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie op subskaal B en subskaal D, asook op die totale skaal verskil van die Gereformeerde Kerk.

**Tabel 6: Scheffé-toetsresultate vir beduidende verskille tussen gemiddeldes vir huistaal**

| | | Engels | Inheems taal | N | $\bar{X}$ |
|---|---|---|---|---|---|
| **Subskaal B** | **Afrikaans** | * | * | 575 | 30.35 |
| | **Engels** | | | 140 | 29.19 |
| | **Inheemse taal** | | | 336 | 28.48 |
| **Subskaal C** | **Afrikaans** | | * | 576 | 27.34 |
| | **Engels** | | | 140 | 26.51 |
| | **Inheemse taal** | | | 336 | 26.63 |
| **Subskaal D** | **Afrikaans** | * | * | 575 | 30.18 |
| | **Engels** | | | 140 | 28.60 |
| | **Inheemse taal** | | | 336 | 28.76 |
| **Totale Skaal** | **Afrikaans** | * | * | 575 | 87.86 |
| | **Engels** | | | 140 | 84.29 |
| | **Inheemse taal** | | | 336 | 83.87 |

Tabel 6 dui daarop dat Afrikaanssprekende respondente oorwegend die neiging toon om hoër tellings op die onderskeie subskale te behaal as beide die Engelssprekende respondente of diegene wat 'n Inheemse taal praat. Hierdie kan egter verstaan word in samehang met die vorige resultate wat verband hou met denominasie. Die Rooms-Katolieke Kerk neig meer om Engelssprekende en Inheemse respondente te trek, en so ook die Christelike Herlewingskerk, terwyl die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie en die Gereformeerde Kerk meer neig om Afrikaanssprekend te wees.

Voorts kom die Scheffé-toetsresultate vir die beduidende verskille tussen gemiddeldes vir die verskillende bevolkingsgroepe onder die loep.

**Tabel 7: Scheffé-toetsresultate vir beduidende verskille tussen gemiddeldes vir bevolkingsgroep**

| | | Wit | Gekleurd | Indiër | Ander | N | $\bar{X}$ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Subskaal B** | **Swart** | * | | | | 252 | 29,00 |
| | **Wit** | | * | | * | 540 | 30,61 |
| | **Gekleurd** | | | | | 140 | 28,39 |
| | **Indiër** | | | | | 9 | 26,56 |
| | **Ander** | | | | | 108 | 27,61 |
| **Subskaal C** | **Swart** | | | | | 252 | 26,90 |
| | **Wit** | | * | * | * | 540 | 27,53 |
| | **Gekleurd** | | | | | 140 | 26,37 |
| | **Indiër** | | | | | 9 | 23,00 |
| | **Ander** | | | | | 108 | 25,75 |
| **Subskaal D** | **Swart** | | | | | 252 | 29,17 |
| | **Wit** | | | | * | 540 | 30,05 |
| | **Gekleurd** | | | | | 140 | 29,39 |
| | **Indiër** | | | | | 9 | 27,44 |
| | **Ander** | | | | | 108 | 27,97 |
| **Totale Skaal** | **Swart** | * | | | * | 252 | 85,07 |
| | **Wit** | | * | * | * | 540 | 88,18 |
| | **Gekleurd** | | | | | 140 | 84,16 |
| | **Indiër** | | | | | 9 | 77,00 |
| | **Ander** | | | | | 108 | 81,33 |


Hoewel Tabel 7 'n groot aantal verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van die verskillende bevolkingsgroepe as beduidend aandui, toon almal met een uitsondering na op die feit dat wit respondente beduidend hoër gemiddeldes op die verskillende subskale behaal het, as respondente van ander bevolkingsgroepe. Weereens moet daarop gelet word dat respondente van die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie (84.9%) en die Gereformeerde Kerk (73.2%) uit oorwegend wit respondente bestaan het in teenstelling met die meer diverse Rooms-Katolieke Kerk (slegs 31.8% wit respondente ) en die Christelike Herlewingskerk (slegs 13.9% wit). Laastens moet veral die resultate van die Indiër-respondente met groot versigtigheid bejeën word, aangesien daar slegs nege Indiërs uit die hele steekproef van 1 052 respondente was. Die rede vir die beperkte aantal Indiër-respondente kan moontlik verklaar word deur die feit dat die Christelike geloof nie die dominante geloofsoortuiging van die Indiër-bevolking is nie.

## 8.2 Kwalitatiewe element

In hierdie afdeling word die resultate weergegee van drie van die oop-einde vrae, ten einde 'n kwalitatiewe element aan die studie te verleen en respondente die geleentheid te bied om 'n respons te lewer in sy of haar eie woorde. Weens die aantal respondente wat die kwalitatiewe meetinstrument voltooi het (N = 821), was die ontleding daarop gerig om die hoofkategorieë van response te identifiseer en dan te kwantifiseer. Uit die aard

van die saak kon al die response nie weergegee word nie, dus word gefokus op dié response wat die meeste voorkom. Aangesien die onderhawige studie kruis-kultureel ondersoek ingestel het na lidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers, word in die kwalitatiewe bespreking van gegewens aandag geskenk aan respondente se response wat verband hou met die kulturele aanvaarbaarheid van die beroeping van vroulike ampsdraers. Die resultate word vervolgens bespreek.

Vraag 4 van die kwalitatiewe meetinstrument behels dat respondente moes aantoon of dit ingevolge hul kultuur aanvaarbaar vir vroue is om as leraar beroep te word al dan nie. 'n Totaal van 788 respondente het Vraag 4 voltooi. Resultate van die bevolkingsgroepe word grafies voorgestel in Figuur 4, waarna al die resultate in Tabel 8 uiteengesit word.




**Figuur 3: Grafiese voorstelling van die biografiese veranderlike, bevolkingsgroep, soos dit van toepassing is op Vraag 4**

Volgens Figuur 3 het 75% van al die respondente die beroeping van vroulike leraars as aanvaarbaar beskou. Hierteenoor het 21% gevoel dit is volgens hulle kultuur onaanvaarbaar was om vroulike leraars te beroep, terwyl 4% onseker was.

**Tabel 8: Frekwensies ten opsigte van die biografiese veranderlikes van toepassing op Vraag 4**

| Veranderlike | Aanvaarbaar | | Onaanvaarbaar | | Onseker | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| **Huistaal** | | | | | | | | |
| ♦ Afrikaans | 374 | 47,46% | 61 | 7,74% | 23 | 2,91% | 458 | 58,12% |
| ♦ Engels | 64 | 8,12% | 27 | 3,42% | 4 | 0,50% | 95 | 12,05% |
| ♦ Inheemse Taal | 151 | 19,16% | 80 | 10,15% | 4 | 0,50% | 235 | 29,82% |
| **Bevolkingsgroep** | | | | | | | | |
| ♦ Swart | 105 | 13,32% | 54 | 6,85% | 5 | 0,63% | 5 | 0,63% |
| ♦ Wit | 329 | 41,75% | 51 | 6,47% | 20 | 2,53% | 20 | 2,53% |
| ♦ Gekleurd | 82 | 10,40% | 28 | 3,55% | 6 | 0,76% | 6 | 0,76% |
| ♦ Indiër | 8 | 1,01% | 0 | 0% | 0 | 0% | 0 | 0% |
| ♦ Ander | 65 | 8,24% | 35 | 4,44% | 0 | 0% | 0 | 0% |
| **Denominasie** | | | | | | | | |
| ♦ Rooms-Katoliek | 106 | 13,45% | 57 | 7,23% | 5 | 0,63% | 168 | 21,31% |
| ♦ N.G. Kerkfamilie | 236 | 29,94% | 32 | 4,06% | 7 | 0,88% | 275 | 34,89% |
| ♦ Gereformeerde kerk | 80 | 10,15% | 21 | 2,66% | 13 | 1,64% | 114 | 14,46% |
| ♦ Christelike Herlewingskerk | 167 | 21,19% | 58 | 7,36% | 6 | 0,76% | 231 | 29,31% |

Volgens Tabel 8 was die oorgrote meerderheid respondente wat die beroeping van vroulike leraars as aanvaarbaar beskou het Afrikaansprekend (N = 374; 47,46%), gevolg deur 151 (19,16%) respondente wat 'n inheemse taal praat en laastens 64 (8,12%) Engelssprekendes respondente. Diegene wat dit as onaanvaarbaar beskou het, het bestaan uit 80 (10,15%) respondente wat 'n inheemse taal praat, 61 (7,74%) Afrikaansprekende respondente en 27 (3,42%) Engelssprekendes. Onder diegene wat onseker was, was 23 (2,91%) Afrikaansprekend, 4 (0,50%) Engelse respondente en 4 (0,50%) proefpersone wat 'n inheemse taal praat. In die groepering van diegene wat vroulike leraars as aanvaarbaar beskou het, was die meerderheid wit (N = 329; 41,75%), gevolg deur swart respondente (N = 105; 13,32%), gekleurde respondente (N = 82; 10,40%), diegene wat nie in die genoemde kategorieë val nie (N = 65; 8,24%) soos Chinese en laastens 8 (1,01%) Indiër-respondente. Respondente wat vroulike leraars as onaanvaarbaar beskou het, het bestaan uit 54 (6,85%) swart respondente, 51 (6,47%) wit respondente, 28 (3,55%) gekleurde respondente en 35 (4,44%) respondente wat nie in die genoemde kategorieë gegroepeer kan word nie (bv. Chinese). Onder diegene wat onseker was, was 20 (2,53%) wit, 6 (0,76%) gekleurd en 5 (0,63%) swart. 'n Moontlik rede waarom so min Indiër-respondente deelgeneem het, is dat hulle dominante geloof nie Christelik is nie.

Die meerderheid respondente wat vroulike leraars as aanvaarbaar beskou het, was 236 (29,94%) lidmate van die Nederduits-Gereformeerde Kerk (NGK), gevolg deur 167 (21,19%) lidmate van die Christelike Herlewingskerk, 106 lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk en 80 (10,15%) lidmate van die Gereformeerde

Kerk, terwyl 58 (7,36%) lidmate van die Christelike Herlewingskerk, 57 (7,23%) lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk, 32 (4,06%) lidmate van die NGK en 21 (2,66%) lidmate van die Gereformeerde Kerk die beroeping van vroulike leraars as onaanvaarbaar beskou het. Diegene wat onseker was, het bestaan uit 13 (1,64%) lidmate van die Gereformeerde Kerk, 7 (0,88%) lidmate van die NGK, 6 (0,76%) lidmate van die Christelike Herlewingskerk en 5 (0,63%) lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk.

Die kwalitatiewe ontwerp behels dat respondente die geleentheid gebied word om 'n respons te lewer in sy of haar eie woorde. Derhalwe word daar interpretief aandag geskenk aan direkte aanhalings van enkele respondente wat die menslike element uitbeeld soos dit verband hou met Vraag 5. Direkte aanhalings van respondente word verwerk volgens die sosiaal psigologiese diskoers-analitiese metode gebaseer op gegewens van die literatuuroorsig. Altesaam 621 respondente het hul menings gelug op Vraag 5.

In die literatuuroorsig is melding gemaak van waarde-georiënteerde houdings, wat 'n uitdrukking is van 'n individu se sentrale waardes (Nel, 2008). Soortgelyk is gelet op ekspressiewe houdings wat verdedigingsmeganismes behels wat bydra tot die bevordering van die selfbeeld en die beskerming van die ego teen kritiek. Afkeurenswaardige impulse en kwaliteite word verwerp en op die buitewêreld geprojekteer (Van Rooyen, 2002). Instrumentele houdings hou verband met die waarde wat die individu aan die houding heg (Van Rooyen, 2002) en laastens is aandag geskenk aan oriëntasie-houdings wat volhou dat mense na kennis streef, ten einde hul wêreld te organiseer en te klassifiseer om sodoende 'n wye verskeidenheid prikkels te kontroleer (Jonck, 2005).

### 8.2.1 Persoonlike menings

In die lig van hierdie teoretiese raamwerk word die volgende persoonlike menings bespreek:

Een respondent het gemeld dat ***"lede wat probleme het met die predikant se geslag het 'n wêreldse uitkyk en nie 'n Christelike uitkyk nie."*** Hierdie proefpersoon het 'n positiewe houding teenoor vroulike ampsdraers, wat 'n uitdrukking is van sy of haar sentrale waardes, en langs dié weg word bevrediging verkry wat dan bydra tot die persoon se selfbeeld. Die persoon se waardes is dus in ooreenstemming met Christelike waardes, ingevolge waarvan hy of sy hom- of haarself as 'n kind van die Here identifiseer. 'n Ander respondent het geskryf: ***"Ek luister onbevange na die Woord van God en soek nie skuiwergate om eie standpunte te regverdig nie."*** Hierdie stelling verwys na 'n ekspressiewe houding wat funksioneer as 'n verdedigingsmeganisme wat bydra tot die bevordering van die selfbeeld en die beskerming van die ego teen kritiek. Hierdie respondent wil nie 'n mening lug nie, sodoende word sy of haar ego teen kritiek beskerm en dit dra by tot die handhawing van die selfbeeld van die individu as Christen.

Soortgelyk het 'n ander respondent vermeld: ***"Ek lê my neer by die besluit van die Sinode."*** Hierdie mening is 'n voorbeeld van 'n instrumentele houding wat gebaseer word op die waarde wat die persoon uit die houding put, waardeur gepoog word om beloning te bevorder en straf te verminder. Dit kan dus wees dat die persoon die houdings wat deur betekenisvolle ander ingeneem word aanvaar en pas sy of haar houdings en gedrag dienooreenkomstig aan, ten einde sosiale belonings te bekom en straf te verminder. Laastens het een respondent vermeld: ***"My ervaring was egter nog altyd dat vroue soms net te hard probeer en so iets van die opregtheid verloor."*** Hierdie persoon funksioneer vanuit 'n bepaalde verwysingsraamwerk en is derhalwe van mening dat pogings deur 'n vroulike ampsdraer in die oortreffende trap plaasvind en derhalwe nie so opreg bedoel word as pogings van haar manlike eweknieë nie.

### 8.2.2 Verdere opmerkings

In Vraag 6 is gevra of respondente enige verdere opmerkings het. Slegs 191 respondente het wel verdere opmerkings gemaak. Voorts word slegs enkele response belig. ***"Daar behoort aan gemeentes die reg gegee te word om self te besluit watter leraar hul profiel die beste pas. Vroue moenie geslagsdiskriminasie in alles sien nie, want hier het ons nie te doen met 'n doodgewone, ordinêre werkgewer nie. God besluit mos self wie Hy waar wil hê, dan nie?"*** Hoewel hierdie respons op die oog af baie godsdienstig voorkom, gaan dit van die vooronderstelling uit dat, indien daar nie strukture bestaan waarvolgens vroue beroep kan word nie, dit God se wil is dat vroulike ampsdraers nie beroep word nie, en terselfdertyd moet die voorkeure van lidmate eerbiedig word. Hierdie opmerking kan in wese 'n ekspressiewe houding verteenwoordig wat as 'n verdedigingsmeganisme dien om die proefpersoon se selfbeeld (as Christen) te bevorder en terselfdertyd sy of haar ego teen kritiek te beskerm, deurdat hy/sy 'n afkeurenswaardige houding ingeneem het. Die moontlikheid bestaan egter wel dat die respondent dit opreg bedoel het.

'n Ander respondent het geskryf: ***"We waste too much time on trying to dissect each word in the Bible instead of concentrating on the spiritual message God intends us to feed on. Love for God comes first, and then knowledge will follow."*** Hierdie opmerking verteenwoordig 'n soortgelyke ekspressiewe houding wat ten doel het om die proefpersoon se selfbeeld as kind van God teen kritiek te beskerm. Afkeurenswaardige impulse en houdings word verwerp en op die buitewêreld geprojekteer. Kerklidmate spandeer dus te veel tyd om oor naasteliefde en gelykheid begaan te wees. Hulle moet eerstens op God fokus, aangesien hierdie twee aspekte van Christenskap, naamlik om God lief te hê en jou naaste soos jouself, nie noodwendig hand aan hand gaan nie. Die teendeel moet egter ook in ag geneem word.

'n Respondent het die volgende opmerking, wat nie in die hooftemas gekategoriseer kon word nie, gemaak: ***"Het 60 jaar geneem om stemreg te kry vir vroue – sal waarskynlik 60 jaar neem om hierdie saak te besleg."*** Hierdie proefpersoon het geen bepaalde houding teenoor die kwessie rondom vroulike ampsdraers nie, derhalwe gee hy of sy nie om of dit nog dekades vir vroue neem om gelyke regte te geniet nie. In die laaste instansie het 'n respondent die vraag met 'n teenvraag beantwoord: ***"Wat is fout daarmee dat die onderskeie geslagte verskillende rolle en pligte het?"*** Die moontlikheid bestaan dat die respondent vanuit 'n verwysingsraamwerk van onderskeid handel in terme waarvan die vooroordele, stereotipering en diskriminasie van die verlede gehandhaaf en as skadeloos beskou word.

### 8.2.3 Gevallestudie-ontleding

Kwalitatiewe navorsing sluit ook gevallestudie-ontledings in, aldus Strauss en Corbin (1998). Gevallestudie-ontledings verhoog die konseptuele geldigheid van die kontruk onder bespreking. In die geval van kwantitatiewe navorsing word verskeie gevalle saam gegroepeer in ooreenstemming met bepaalde vlakke van die onafhanklike veranderlikes. In teenstelling hiermee bied gevallestudie-ontledings 'n groter mate van konseptuele fokus, asook hoër vlakke van konseptuele geldigheid oor 'n kleiner aantal gevalle (George & Bennett, 2005).

Vir die doeleindes van die onderhawige studie word aandag geskenk aan 'n vroulike teoloog se reis vanaf 'n teologiese student na volwaardige predikant in die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie. Hierdie narratiewe reis is dié van dr Bϋchner (2007) wat verskyn in haar doktorale proefskrif "*Ek het 'n roeping*". Ten einde 'n wesentlike bydrae te lewer tot die onderhawige studie fokus die gevallestudie-ontleding op die kwalitatiewe houdings van kerklidmate soos vergestalt in die Nederduits-Gereformeerde Kerkdenominasie deur enkele direkte aanhalings, asook gegewens weer te gee.

> Bϋchner se reis begin as eerstejaar-teologiestudent aan die Universiteit van die Vrystaat waar medestudente duidelik hul houdings weerspieël in onder andere die volgende opmerking: ***"En wat dink jy soek jy hier?"*** Voorts het 'n manlike student dit duidelik gestel dat sy (as vrou) hom nie in die openbaar durf teëgaan nie. Die Sinode se houding word ook ondubbelsinnig getoon in die opsig dat manlike teologiestudente vir studiebeurse by die Vrystaatse Sinode aansoek kon doen, terwyl vroulike studente die geld moes leen. So ook was daar tydens die Algemene Sinodesitting van die Nederduits-Gereformeerde Kerk te Bloemfontein in 1990 gestem dat vroulike proponente in gemeentes hul prakties kon doen, waar vroulike studente voorheen slegs akademies en nie prakties nie toegelaat was om teologie te studeer. Soortgelyk is die eerste vroulike leraar in 1994 te Bloemfontein beroep, vier jaar na dié Sinode se besluit rondom die gelykstelling van ampte. In September 2000, tien jaar nadat Bϋchner

gelegitimeer is, is sy as tentmaker-predikant bevestig. Tydens die Algemene Sinode van Oktober 2004 is Büchner as eerste vrou en die jongste lid nog, op die moderatuur van die Algemene Sinode verkies, hoewel geen gemeente haar voltyds wou beroep nie. Eers in Februarie 2005, veertien jaar na Büchner se legitimasie, is sy as voltydse predikant van die Nederduits-Gereformeerde Gemeente Lux Mundi bevestig.

In die literatuuroorsig is melding gemaak van groep-antagonisme wat voorkom wanneer 'n binnegroep negatiewe houdings teenoor lede van die buitegroep huldig. Die konatiewe dimensie van groep-antagonisme hou verband met die neiging om spesifieke handeling wat tot nadeel van die teikengroep strek, uit te voer en staan bekend as diskriminasie (Taylor et al., 2006). Gebaseer op die gegewens van die gevallestudie, asook toepaslike statistiek wat aantoon dat daar slegs 23 vroulike leraars voltyds in die bediening staan van 1 669 leraars, wil dit blyk of gemeentes antagonisties is teeroor die bevestiging van vroulike ampsdraers. Diskriminasie manifesteer in verskeie vorme waarvan toegangsdiskriminasie[9] 'n hoofkategorie verteenwoordig. Toegangsdiskriminasie behels beperkte werksgeleenthede vir vroue, asook die aanstel van vroue in ondergeskikte poste (Matlin, 2004). So ook het Lummis en Nesbitt (2000) bevind dat passiewe diskriminasie aan die orde van die dag is waar belangrike inligting weerhou word of vroue aangestel word in poste waar hulle nie langer 'n bedreiging is nie of waar die kanse op mislukking buitengewoon groot is, hoewel lidmate positiewe houdings huldig teenoor vroulike ampsdraers. So ook het Konieczny en Chaves (2000) bevind dat indien vroulike leraars wel aangestel word, daardie gemeentes blyk om kleiner te wees, asook om minder organisatoriese ondersteuning te verkry as gemeentes waar daar 'n manlike leraar werksaam is.

## 9. BESPREKING VAN RESULTATE

Ten einde 'n oorkoepelende beeld te skep van kerklidmate van verskillende Christelike denominasies in Suid-Afrika se houding ten opsigte van vroulike ampsdraers, is inligting hoofsaaklik verkry van relevante literatuur, 'n gestruktureerde kwantitatiewe vraelys, sowel as 'n kwalitatiewe vraelys wat bestaan het uit vyf oop-einde vrae.

Die resultate van die onderhawige ondersoek is insiggewend en sluit aan by die bevindinge van Nesbitt (1997) waarvolgens verskillende Christelike denominasies 'n positiewe houding teenoor vroulike ampsdraers vermeld, hoewel Lummis en Nesbitt (2000), wat ook die siening van Konieczny en Chaves (2000) betrek, getoon het dat ten spyte van lidmate se positiewe houding teenoor vroulike ampsdraers, vroulike ampsdraers dikwels in deeltydse poste aangestel word. Tesame hiermee verkry vroulike ampsdraers minder organisatoriese

---

[*] 'n Volledige beskrywing van toegangsdiskriminasie as deel van die konatiewe dimensie van groep-antagonisme vind plaas in Artikel 2.

ondersteuning, dus hulp van die beheerliggaam van die verskillende denominasies, as wat die geval by manlike ampsdraers is. Aangesien beide die Rooms-Katolieke Kerk (Power, 2008) en die Gereformeerde Kerk 'n verbod op vroulike ampsdraers het (Meijer, 2009), terwyl slegs 2,58% van die Nederduits-Gereformeerde Kerk se leraarskorps uit vroulike leraars bestaan (Büchner, 2007), blyk hierdie tendens ook gedeeltelik waar te wees in die Suid-Afrikaanse konteks.

Die meerveranderlike variansie-ontleding het getoon dat denominasie, huistaal, asook bevolkingsgroep lidmate se houdings teenoor vroulike ampsdraers statisties-beduidend beïnvloed. Wat Cohen se d-toets betref het denominasie, huistaal, asook bevolkingsgroep 'n hoogs beduidende praktiese effek getoon op die totale skaal. Cohen se d-toets word gebruik om die effekgrootte van die verskille in gemiddeldes te bereken (Aron & Aron, 1994), deur dit te vergelyk met verskille soos vasgestel deur riglynwaardes (Koen, 2008). Met effekgrootte kan vasgestel word of die verskille tussen gemiddeldes in so 'n mate beduidend is dat dit van belang is. Hiervolgens toon al drie veranderlikes beduidende verskille in die gemiddelde tellings tussen die onderskeie vlakke van die onafhanklike veranderlikes.

Tesame hiermee het die Scheffé-toetsresultate getoon dat bevolkingsgroep, denominasie, asook huistaal 'n statisties-beduidende invloed uitgeoefen het op kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers. Hiervolgens was dit duidelik dat die Rooms-Katolieke Kerk beduidend verskil van beide die Nederduits-Gereformeerde Kerk en die Christelike Herlewingskerk. Hierdie bevindinge strook met dié van Barnes (2006) wat bevind het dat denominasie 'n rol speel by kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers.

Wat huistaal betref blyk dit dat Afrikaanssprekende respondente statisties-beduidende positiewer houdings huldig as beide die Engelssprekende respondente en diegene wat 'n Inheemse taal besig. Die Afrikaanssprekende proefpersone sluit wit en gekleurde respondente in. Voorts is bevind dat hoewel 'n groot aantal verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van die verskillende bevolkingsgroepe as beduidend aangetoon is, was dit duidelik dat wit respondente beduidend hoër skaaltellings op die verskillende subskale behaal het, as respondente van ander bevolkingsgroepe. Wit respondente was beduidend meer positief teenoor vroue in gesagsposisies in die algemeen, asook vroulike ampsdraers met spesifieke verwysing na prediking. Voorts toon wit respondente 'n positiewer houding teenoor vroue se demokratiese reg om as ampsdraer in die gemeente diens te doen, en sal verdraagsaam optree indien daar wel 'n vroulike leraar in hulle kerk werksaam is (volgens items in die kwantitatiewe vraelys). Hierdie bevindinge kan in samehang met dié van Gwashi (1999) geïnterpreteer word, waarvolgens swart gemeentes nog nie so gevestig is soos die wit gemeentes nie en derhalwe fokus op ander aspekte as die regering van die kerk.

Gevolglik kan die navorsingshipotese aanvaar word, waarin gepostuleer is dat daar ten opsigte van huistaal, bevolkingsgroep en denominasie statisties-beduidende verskille in die gemiddelde houdingstellings van kerklidmate afkomstig van verskillende Christelike denominasies teenoor vroulike ampsdraers voorkom.

Aangesien die onderhawige studie ten doel gehad het om kruis-kultureel ondersoek in te stel na kerklidmate se houdings, was daar ook by die kwalitatiewe ontleding van die gegewens aandag geskenk aan die kulturele aanvaarbaarheid van vroulike ampsdraers. So het 41,75% wit respondente aangetoon dat dit kultureel aanvaarbaar sou wees om vroulike ampsdraers, meer spesifiek leraars, te beroep. Hierteenoor het 13,32% swart respondente, 10,4% gekleurde respondente, 1,01% Indiër-respondente en 8,24% van diegene wat nie in die genoemde kategorieë gegroepeer kon word nie, dieselfde mening getoon. Die kwalitatiewe gegewens het dus ook verskille geopenbaar met betrekking tot kerklidmate van verskillende bevolkingsgroepe se houdings teenoor vroulike ampsdraers. Voorts het 47,46% van die Afrikaanssprekende respondente vroulike ampsdraers as kultureel aanvaarbaar beskou, met 19,16% van diegene wat 'n Inheemste taal besig, terwyl 8,12% Engelssprekende respondente dieselfde mening getoon het. Verskille met betrekking tot denominasie het ook voorgekom. Die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie het weereens die hoogste persentasie (29,94%) respondente wat die beroeping van vroulike ampsdraers as kultureel aanvaarbaar vind, gevolg deur die Christelike Herlewingskerk (21,19%), die Rooms-Katolieke Kerk (13,45%) en laastens die Gereformeerde Kerk (10,15%). Die kwantitatiewe bevindinge het getoon dat daar beduidende verskille voorkom tussen die eersgenoemde denominasies en die laasgenoemde twee kerkverbande, wat bevestig is deur die kwalitatiewe bevindinge.

Die kwantitatiewe en kwalitatiewe bevindinge stem dus ooreen in soverre beide toon dat die meerderheid respondente 'n positiewe houding aangaande vroulike ampsdraers huldig, asook dat daar verskille voorkom met betrekking tot die onafhanklike veranderlikes. Derhalwe verhoog die geldigheid van die bevindinge wanneer die resultate van beide geslote en oop-einde vrae in ag geneem word.

Die implikasies van die onderhawige navorsingstudie is verrykend, in soverre die weg geopen is waarvolgens navorsing oor die onderliggende houdings wat aanleiding gee tot 'n bepaalde opinie en gedrag ondersoek is. Hierdie gedrag en opinies staan in verband met vooroordeel wat 'n integrale deel uitmaak van die sosiale sielkunde en weens die voorkoms daarvan in die Suid-Afrikaanse konteks veel aandag geniet (Jonck, 2005). Reeds bestaande wetenskaplike kennis en teoretiese raamwerke verbandhoudend tot houdings is gedupliseer, wat die betroubaarheid van reeds bestaande kennis ondersteun. So ook is bestaande houdingsteorieë op die Suid-Afrikaanse bevolking, spesifiek die geloofsgemeenskap wat 81% van die Suid-Afrikaanse bevolking insluit

(Popenoe et al., 1997), getoets. Die kognitief-affektief-konatiewe model is aangewend in die ontwikkeling van die meetinstrument, terwyl die insluiting van subskaal D gebaseer is op die kognitiewe konsekwentheidsteorieë. So ook is daar vanuit die literatuur 'n duidelike verband getoon tussen religie, as 'n oriëntasie-houding, wat derhalwe deel vorm van die sosiaal-sielkundige vakwetenskaplike konsep van houdings. Religie, wat deel vorm van die sosiale sielkunde, word as 'n afsonderlike entiteit bestudeer en nie ingesluit as houdingstipes nie. Gevolglik is 'n interverwantskap tussen twee afsonderlike sosiaal-sielkundige entiteite ontwikkel. Die teoretiese denkraamwerk van die sosiale sielkunde in die algemeen, asook dié van houdings, spesifiek, is dus uitgebrei en verder ontwikkel. Hoewel religie deel vorm van die sosiale sielkunde is dit nie 'n konsep wat baie aandag geniet nie, in soverre dit nie as vak aangebied of behandel word as tema by verskeie tersiêre inrigtings in die Suid-Afrikaanse konteks nie.

## 10. GEVOLGTREKKINGS

Die navorsingsdoelwitte van die onderhawige navorsingstudie behels enersyds die peiling van kerklidmate se houding ten opsigte van vroulike ampsdraers en andersyds watter invloed huistaal, bevolkingsgroep en denominasie op die genoemde houdings het. Ten einde hierdie doelwitte te bereik, is kruis-kultureel ondersoek ingestel na die houdings van kerklidmate afkomstig van die Rooms-Katolieke Kerk, die Nederduits-Gereformeerde Kerk, die Gereformeerde Kerk, asook die Christelike Herlewingskerk. Tot op hede kon geen studie wat ondersoek na die voorgenoemde navorsingsdoelwitte vanuit 'n sosiaal-sielkundige paradigma ingestel het, geïdentifiseer word nie. Daar bestaan dus 'n leemte in bestaande literatuur wat deurgaans in gedagte gehou moet word.

In Suid-Afrika, waar godsdiensvryheid voorkom, is ongeveer 81% van die inwoners Christene (Popenoe et al., 1997). Ten spyte van die oorheersende Christelike karakter van die samelewing, bly ernstige maatskaplike probleme soos diskriminasie, misdaad, geweld, selfmoord, dwelmmisbruik en gesinsverbrokkeling voortbestaan, met geen onmiddellike oplossing vir die probleme in die toekoms nie (Jonck, 2005). Verskeie outeurs lê hierdie ernstige maatskaplike problematiek voor die deur van die patriargale karaktereienskap van die Suid-Afrikaanse geloofsgemeenskap (Die Kerkbode, 5 Maart 2010: 5; Landman, 2008; Oliver, 2008). Coetzer en Kotzé (2007) dui op die belangrikheid van 'n multidissiplinêre benadering waar daar deurgaans gefokus word op 'n geïntegreerde en holistiese siening van die mens wat liggaamlike, geestelike en sielkundige aspekte insluit. In die lig hiervan het die onderhawige navorsingstudie 'n bydrae gelewer tot die uitbreiding van bestaande wetenskaplike kennis, waarvolgens hierdie sosiaal-sielkundige kwessies ondersoek kan word vanuit 'n sosiaal-sielkundige invalshoek met religie as oriëntasie-houding. Bestaande wetenskaplike kennis is derhalwe uitgebrei, aangesien daar 'n

wesentlike verband getoon kan word tussen geestelike en sielkundige aspekte wat in samehang met mekaar 'n bydrae lewer tot maatskaplike probleme soos byvoorbeeld gesinsverbrokkeling, mishandeling van vroue, asook 'n hoë egskeidingskoers.

Coetzer en Kotzé (2007) dui aan dat teorie een van die belangrikste instrumente in 'n hulpverlener se hande is, want deur byvoorbeeld die teorie van verskeie hulpwetenskappe betreffende trauma te verstaan, word die behandeling van trauma bevorder. So ook kan die teorie van verskeie hulpwetenskappe betreffende aspekte wat bydra tot verbrokkeling van huwelike, die mishandeling van vroue en uiteindelik die awersiewe invloed van voorgenoemde op kinders, die terapeutiese behandeling van hierdie kwessies bevorder. Die omvang van die hulpverlener se teoriebasis bepaal die afhanklikheid van beskikbare terapeutiese tegnieke, aldus Rothschild (2000). Indien die hulpverlener oor 'n groot teoriebasis beskik, hoe minder afhanklik sal die hulpverlener van tegnieke wees (Coetzer & Kotzé, 2007).

Teen hierdie agtergrond het die onderhawige studie 'n bydrae gelewer tot die teoriebasis verbandhoudend tot die identifisering van faktore wat moontlik voorgenoemde maatskaplike problematiek beïnvloed. Aangesien die houdings waarop die patriargale sisteem moontlik berus geïdentifiseer kon word, kan dit bydrae tot die verandering van sodanige houdings ten einde die bogenoemde sosiaal-sielkundige kwessies aan te spreek. 'n Bepaalde religieuse standpunt, soos die van patriargie, as synde 'n oriëntasie-houding, kan ontstaan deur die omstandighede waarbinne die gedrag/standpunt gestalte kry, ingevolge die selfpersepsieteorie van Bem (1967). Weens die klem wat op vroueregte geplaas word, kan sommige respondente se houdings daardeur beïnvloed word ten gunste van vroulike ampsdraers, aldus Strauss (in Bücher, 2007). Volgens die verwagte waardeteorie kan genoemde standpunt/houding berus op die individu se evaluering van die gevolge van die houding. Indien die individu wel 'n patriargale houding inneem en ander lidmate veroordeel hierdie houding, sal die verwagte uitkomste nie realiseer nie. Dus sal die individu sy of haar houding aanpas, ten einde die verlangde gevolge te verwesentlik. Dus kan gesê word dat kerklidmate die voordele en nadele van 'n patriargale houding oorweeg het en die beste opsie sal aanvaar.

In die literatuuroorsig is verwys na die 'cult of domesticity' waarvolgens vroue se rolverwagtinge deur religieuse instansies beperk word tot die huishoudelike sfeer (Popenoe et al., 1997:327). Rolverwagtinge wat verband hou met geslag, wat deur kerklike beleid in stand gehou word, het 'n sosio-ekonomiese invloed waarvolgens vroue se bydrae tot die finansiële welstand van die gesin aan bande gelê word (Spielberger, 2004). Hierdie stand van sake bevorder vroue se afhanklikheid van hul genote in die eg, wat die magsverhouding tussen die geslagte negatief beïnvloed en gevolglik 'n addisionele bydrae lewer tot die miskenning van vroue.

## 11. AANBEVELINGS VIR TOEKOMSTIGE NAVORSING

- Ten einde die kwalitatiewe element verder uit te brei, kan daar in toekomstige navorsing gebruik gemaak word van semi-gestruktureerde onderhoude.
- Ten spyte daarvan dat die aantasting van vroue se menswaardigheid oor godsdienstige grense strek, word in die onderhawige studie slegs gefokus op die Christelike geloof. Daar word dus aanbeveel dat 'n soortgelyke studie onderneem word onder lidmate met ander geloofsoortuigings.

## 12. SAMEVATTING

SLEUTELWOORDE: **houding, religie, religieuse oortuigings, taal, bevolkinsgroep en denominasie**

Kerke in Suid-Afrika het 'n geskiedenis van geslagsongelykheid, wat manifesteer in die miskenning van die behoeftes van vroue-lidmate. Die oogmerk van die studie was eerstens om te bepaal wat kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers is, asook wat die invloed van taal, bevolkingsgroep en denominasie op die genoemde houdings is. Die doel van die studie is bereik deur landwyd inligting van verskeie respondente (N = 1052), afkomstig van die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie (N = 326; 30%), die Christelike Herlewingskerk (N = 311; 30%), die Gereformeerde kerk (N = 217; 21%), asook die Rooms-Katolieke Kerk (N = 198; 19%), te bekom. 'n Biografiese vraelys, die Petro Jonck Houding teenoor Vroulike Ampsdraers-vraelys, asook 'n kwalitaiewe vraelys is gebruik. Meerveranderlike variansie-ontledings is toegepas ten einde gevolgtrekkings te maak gebaseer op steekproef-data. Statistiese ontleding het getoon dat kerklidmate deurgaans 'n positiewe houding teenoor vroulike ampsdraers gehuldig het. Daar is ook bevind dat denominasie, huistaal asook bevolkingsgroep, 'n beduidende invloed op kerklidmate se houdings uitgeoefen het.

## BRONNELYS


Acta Synodi van die Gereformeerde Kerk: Rapport aan Sinode 2009, 95.

Adonis, C. (2002). Bevryding tot eenwording en getuienis: Die geskiedenis van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika 1950 – 2001. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* **43**, 327-341.

Aron, A., & Aron, E.N. (1994). *Statistics for Psychology.* Eagle Wood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall.

Bain, R.A. (2007). Christus roep die vrou tot diens in Sy kerk. *Waarheid en Dwaling,* **13** (9/10), 17.

Barnes, S.L. (2006). Whosoever let her come: Social activism and gender inclusivity in the Black Church. *Journal for the Scientific Study of Religion,* **45**(3), 371-387.

Baker, B.D. (2000). *The development and evaluation of a cross-cultural tolerance programme amongst skilled workers in the mining industry.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Beukes, R.B.I. (1994). *Die geestesgesondheid van swart hoërskoolleerlinge in die Oranje-Vrystaat.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Bless, C., & Higson-Smith, C. (2000). *Social research methods: an African perspective* (3rd ed.). Cape Town: Juta.

Büchner, E.P. (2007). *"Ek het 'n roeping" Vrouepredikante se toelating in die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n Kerkhistoriese en prakties-teologiese studie.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Bybel. (1994). *Die Naslaanbybel.* Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Coe, R. (2002). It's the Effect Size, Stupid. What effect size is and why it is important. Paper presented at the British Educational Research Association annual conference, Exeter, 12-14 September, 2002. Herwin 10 Julie, 2010 van http://www.cemcentre.org/Documents/CEM%20Extra/EBE/ESguide.pdf.

Coetzer, W., & Kotzé, H. (2007). Metateoretiese perspektiewe op liggaamlike probleme as moontlike uitvloeisel van onverwerkte trauma. *Acta Theologica,* **1**, 1-17.

Clifford, A.M. (2001). *Introducing feminist theology*. New York: Orbits Books.

De Beer, E.J. (2007). 'n Teologies-etiese beoordeling van regstellende aksie. *In die Skriflig,* **41**(1), 109-133.

Demasure, K., & Müller, J. (2006). Perspectives in support of the narrative turn in pastoral care. *Ned Geref Teologiese Tydskrif,* 3 & 4 (47) September en Desember, 410 – 419.

Du Plooy, G., & Grobler, T. (2002). Afrikaans as televisietaal in Suid-Afrika: 'n Toekomsperspektief. *Communicatio,* 28(2), 8 – 17.

Du Toit, F., Hofmeyr, H., Strauss, P., & Van der Merwe, J. (2002). *Moeisame pad na vernuwing. Die NG Kerk se pad van isolasie en die soeke na 'n nuwe relevansie 1974-2002.* Bloemfontein: Barnabas.

Erasmus, M. (2007). *Die verband tussen aggressie en houding teenoor verskillende musiekgenres by studente.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Fulcher, J., & Scott, J. (2003). *Sociology* (2nd ed.). New York: Oxford University Press.

George, A.L., & Bennett, A. (2005). *Case studies and theory development in the Social Science.* London: MIT Press.

Guthrie, S.G. (1993). *Faces in the clouds: A new theory of religion.* New York: Oxford University Press.

Gwashi, M.F. (1999). *The service of women in the church with special reference to the office of deacon.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom.

Heiman, G.W. (2004). *Essential statistics for the behavioral sciences.* Boston: Houghton Mifflin Company.

Henslin, J.M. (2007). *Sociology: a down-to-earth approach* (8th ed.). Boston: Pearson.

Hogg, M.A., & Vaughan, G.M. (2005). *Social Psychology* (4th ed.). London: Prentice Hall.

Hoyle, R.H., Harris, M.J., & Judd, C.M. (2002). *Research methods in Social relations* (7th ed.). California: Wadsworth/Thomson learning.

Jackson, L.M. & Hunsberger, B. (1999). An intergroup perspective on religion and prejudice. *Journal for the Scientific Study of Religion,* **38**(4), 509-523.

Jonck, P. (2005). *'n Sosiaal-sielkundige perspektief oor kerkvereniging in die Nederduits-Gereformeerde kerkfamilie: 'n Kruis-kulturele ondersoek.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Jonck, P., Le Roux, A., & Verster, P. (2007). 'n Sosiaal-Sielkundige perspektief op lidmate in die Mangaung-area se houding teenoor kerkvereniging in die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie: 'n Kruis-kulturele ondersoek. *In die Skriflig,* **41**(1), 45-68.

Keane, M. (1998). Feminist and Womanist Theology. In *Initiation into Theology,* (eds.). Simon Maimela & Adrio König. Pretoria: J L Van Schaik.

Kirkpatrick, L.A. (1999). Towards an evolutionary psychology of religion and personality. *Journal of Personality,* **67**(6), 921-952.

Kirkpatrick, L.A., & Hood, R.W. (1990). Intrinsic-extrinsic religious oientation the boom or bane of contemporary psychology of religion? *Journal for the Scientific study of religion,* **29**(4), 442-447.

Koen, A. (2008). *Die verband tussen emosionele intelligensie en psigologiese welstand van adolessente: 'n multikulturele ondersoek.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Konieczny, M., & Chaves, M. (2000). Resources, race, and female-headed congregations in United States. *Journal for the Scientific Study of Religion,* **39**(3), 261-271.

Landman, C. (2008). Hi/stories of gender in/justice. *Studia Historiae Ecclesiasticae,* **34**(1), 159 – 180.

Lummis, A.T., & Nesbitt, P.D. (2000). Women clergy research and the sociology of Religion. *Sociology of Religion.* Herwin op 10 Junie, 2009 van http://findarticles.com/p/articles/mimOSOR/is461/ai69494367.

Meijer, G.J. (2009). GKSA Sinode 2009. *Waarheid en Dwaling,* **15**, 4-5.

Mongwe, J.M. (2007). *Hearing all the drums: towards a more inclusive congregation.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Momberg, H. (2000). Gesprek oor GKSA se sinode 2000 en verwante aangeleenthede binne die VGKSA. *Die Kerkpad,* **4**(3), 5-7.

Munroe, M. (2008). *God's big idea. Reclaiming God's original purpose for your life.* Shippensburg: Destiny Image Publishers Inc.

Nel, D.A.J. (2008). *Egpare se houdings teenoor seksuele maatuitruiling: 'n vergelykende ondersoek tussen Afrikaans- en Engelssprekendes in Bloemfontein.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Nesbitt, P.D. (1997). *Feminization of the clergy in America: Occupational and organizational perspectives.* New York: Oxford University Press.

NG Kerk kies vrou in moderatuur van algemene sinode. *Burger,* 16 Oktober 2004, 4.

Oliver, E. (2008). Vrouepredikante in die Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika: 'n Opdraande stryd*, Studia Historiae Ecclesiasticae,* **34**(1), 213 – 233.

Plaatjies, M. (2003). *Vroue in die teologiese antropologie van die Afrikaanse Gereformeerde Tradisie.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

Plug, C., Louw, D.A.P., Gouws, L.A., & Meyer, W.F. (1997). *Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek.* Johannesburg: Heinemann.

Popenoe, D., Cunningham, P., & Boult, B. (1997). *Sociology.* Cape Town: Prentice Hall South Africa (Pty) Ltd.

Power, D.N. (2008). *Mission, Ministry, Leadership, Order.* New York: Continuum.

Reis, H.T., & Judd, C.M. (2000). *Handbook of research methods in sosial and personality psychology.* New York: Cambridge University Press.

Ross, E., & Deverell, A. (2004). *Psychosocial approaches to health, illness and disability: A reader for health care professionals.* Pretoria: Van Schaik Publishers.

Saambly of egskeidings. Is mans wat wil heers die probleem? *Die Kerkbode,* 5 Maart 2010, 4.

Smit, B.C. (1999). God se plek vir die vrou in die gemeente. *Die Kerkpad,* 3(5). Herwin op 23 September, 2006 van http://home.mweb.co.za/ke/kerkpad/september99/art3.html.

Spielberger, C. (2004). *Encyclopedia of Applied Psychology* (Vol. 2). Florida: Esevier Academic Press.

Strauss, A., & Corbin, J. (1998). *Basics of Qualitative Research.* California: Sage Publications.

Swart-Russel, P. (1988). *The ordination of women to the priesthood: a critical examination of the debate within the anglican communion.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Kaapstad, Kaapstad.

Rees, S. (2003). *An examination of the biblical role of women in contemporary church life.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Zululand, Empangeni.

Reis, H.T., & Judd, C.M. (2000). *Handbook of research methods in social and personality psychology.* New York: Cambridge University Press.

Rothschild, B. (2000). *The body remembers. The psychophysiology of trauma and trauma treatment.* New York: WW Norton & Company.

Taylor, S.F., Peplau, L.A., & Sears, D.O. (2006). *Social Psychology – International Edition* (12th ed.). New Jersey: Prentice Hall.

Tumer, J.H. (2003). *The Blackwell companion to major classical social theorists.* Melbourne: Blackwell Publishing.

Van Helden, P. (2002). Die huidige aktiwiteite van die belydende GKSA-vrouelidmaat tydens die erediens. *In die Skriflig,* **36**(4), 1-30.

Van Rooyen, H. (2002). *'n Kruiskulturele ondersoek na voorspellers van jong volwasse studente se houdings teenoor die huwelik.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Vrou die 'vyand'. *Beeld,* 9 Junie 2004, 13.

Vroue nog nie ten volle deel van gereformeerde wêreld. *Die Kerkbode,* 12 Augustus 2005, 11.

Vrouedag, 'mannekerk'? *Algemene Kerkbode,* 10 Augustus 2002, 4.

Weiten, W. (2002). *Psychology Themes and Variations* (5th ed.). California: Wadsworth/Thomson Learning

Woshinsky, O.H. (2008). *Explaining politics, culture, Institutions, and political behaviour.* New York: Routledge Taylor and Francis Group.

**ARTIKEL 5:**

# 'N SOSIAAL-SIELKUNDIGE PERSPEKTIEF OP LIDMATE VAN VERSKILLENDE CHRISTELIKE DENOMINASIES SE HOUDINGS TEENOOR VROUE AS AMPSDRAERS IN DIE GEMEENTE: 'N KRUIS-KULTURELE ONDERSOEK

**P. Jonck, M.Soc.Sc. en Professor A. le Roux*, D. Phil.**
**Departement Sielkunde**
**Universiteit van die Vrystaat**
**Posbus 339**
**Bloemfontein**
**9300**

## ‘N SOSIAAL-SIELKUNDIGE PERSPEKTIEF OP LIDMATE VAN VERSKILLENDE CHRISTELIKE DENOMINASIES SE HOUDINGS TEENOOR VROUE AS AMPSDRAERS IN DIE GEMEENTE: ‘N KRUIS-KULTURELE ONDERSOEK

## Abstract

KEY WORDS: **attitude, learning theories, instrumental conditioning, classical conditioning, church governing, extraordinary and ordinary incumbency, religious orientation, gender and denomination**

This research study’s aim was to determine what parishioners from various denominations’ attitudes towards women incumbents were. The Biblical term and nature of incumbent is vital, hence attention was given to church government as it is found in extraordinary (apostle, prophet and evangelist), and ordinary (deacon, elder and minister) incumbency in the Pentecostal and Charismatic movement, the Roman Catholic practice as well as the Reformed movement. The sample consisted of 198 (19%) Roman Catholic Church members, 326 (31%) members of the Dutch Reformed Family of Churches, 217 (21%) members of the Reformed Church and 311 (29%) members of the Christian Revival Church. Data were obtained by means of administering a biographical questionnaire, a quantitative attitude scale as well as a qualitative research scale. The influences of various variables on the attitude towards women incumbents were investigated. The data was analysed by means of multivariate analysis of variance. The most important finding of this study was that parishioners from various denominations were in favour of women incumbents, although the results indicated significant differences between the denominations. The variables found to have a significant influence on the attitude of church members were language, race, denomination as well as gender. None of the other variables yielded statistical significant differences regarding parishioner’s attitude towards women incumbents.

## 1. INLEIDING

Al meer stemme gaan op dat vroue 'n prominenter rol in die kerkregering moet speel, aldus Hugo (2003). Hoewel vroue meer as die helfte van lidmate in die gemeente-opset verteenwoordig, het hulle betreklik min seggenskap in amptelike kerkbeleid (Die Kerkbode, 19 April 2002:2). Hedendaags tree al meer vroue egter op die voorgrond deurdat hulle ook in die amp van ouderling, diaken en selfs predikant aangestel word (Hervormer, 2003:1). Ten spyte hiervan is partydigheid en diskriminasie werklikhede van 'n gebroke wêreld waar hierdie praktyke op verskillende subtiele wyses soms heel onbewustelik voorkom (Volksblad, 12 September 2003:3). Volgens die agenda van die vyftigste vergadering van die Sinode van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Vrystaat (2005), wat ook die siening van Büchner (2007) betrek, beklee vroue toenemend groter leiersposisies in die regering en sekulêre wêreld, maar in die kerk word steeds ervaar dat betreklik min vroue na Sinodale kerkvergaderings afgevaardig word. Voorts het Konieczny en Chaves (2000) bevind dat indien vroue wel beroep word as leraars, dié gemeentes die neiging toon om betreklik klein te wees, asook om minder organisatoriese ondersteuning te verkry.

Chimhanda (2008) wat ondersoek ingestel het na die rol van vroue in die Rooms-Katolieke Kerk in Zimbabwe, het tot die gevolgtrekking gekom dat die kerk die kapasiteit het om tegelykertyd sommige lidmate in te sluit, en ander uit te sluit; om te bevry, maar ook om te onderdruk. Volgens Crafford en Gous (1993) het die teologiese faktore wat die prinsipiële grondslag vorm waarop hierdie verskynsel gebaseer word, te make met die hermeneutiese vraagstuk, dit wil sê die wyse waarop die Skrif verstaan en geïnterpreteer word. Aangesien verskillende norme en metodiek in die uitlê van die Skrif aangewend word, kom verskillende denominasies by verskillende resultate en standpunte uit, wat betref leer en belydenis, asook kerkregeringstelsels (Die Kerkbode, 5 Maart 2010:4). Dié kerkordelike en liturgiese verskille is nie suiwer teologies van aard nie en word beïnvloed deur kulturele aspekte, asook deur voorveronderstellinge en selfs ideologieë wat die lens vorm waardeur verskillende kerkverbande na die Skrif kyk (Crafford & Gous, 1993).

Volgens Schoeman (2000) verwys 'n ideologie na 'n verwysingsraamwerk. Jonck, Le Roux en Verster (2007) beskou laasgenoemde as 'n stelsel van opinies, houdings en waardes waarvolgens individuele gedrag, idees en resultate beoordeel word, en wat 'n rigtinggewende invloed op gedrag en denke uitoefen. Derhalwe beïvloed houdings die wyse waarop verskillende kerkverbande na die Skrif kyk, en gevolglik kerkordelike en liturgiese verskille tussen verskillende denominasies meebring. Dus lê die kwessie ten opsigte van vroulike ampsdraers binne die veld van die sosiale psigologie. Sosiale psigologie, as synde die studie van onder andere die invloed

van die sosiale omgewing op die gedrag van die individu, asook van die groep, kan derhalwe 'n bydrae lewer ten einde verontregting wat op geslag gebaseer word, te identifiseer.

## 2. DOEL VAN DIE NAVORSING

Na aanleiding van bogenoemde kan die vraag gestel word of geslagsongelykheid voortspruit uit die wesentlike stereotipering van die sentrale rol van vroue as moeder of eggenoot, wat nie ruimte sou laat vir hul bediening in die gemeente-opset nie, aldus Delport (in Büchner, 2007). Delport het voorts ook tot die gevolgtrekking gekom dat, weens die gebrek aan vroue in beleidmakende sinodale kommissies, geslagsongelykheid steeds in kerklike kringe voortduur (Büchner, 2007). Hierdie is enkele van die vrae wat gestel word in die kwantitatiewe meetinstrument wat in die onderhawige navorsingstudie aangewend is. In die lig hiervan kan algemene en spesifieke doelwitte vir die navorsing wat in hierdie artikel vervat is, gestel word. Die algemene doelwit is om vas te stel wat lidmate van verskillende denominasies se houding teenoor vroue as ampsdraers in die gemeente is. Die spesifieke doelwitte hou verband met 'n ondersoek na demografiese veranderlikes, geografiese ligging, streek, huwelikstatus, geslag, ouderdom, opleidingsvlak, inkomste, kerklike betrokkenheid, denominasie, huistaal, gevolkingsgroep en geloofsoriëntasie, wat moontlik lidmate se houding in dié verband beïnvloed.

## 3. NOODSAAKLIKHEID VAN DIE NAVORSING

Die tydperk waarin Suid-Afrika tans verkeer, word gekenmerk deur snelle veranderinge wat in alle fasette van die samelewing neerslag vind. Verskeie sosio-politieke kwessies staar Suid-Afrika in die gesig, te wete diskriminasie, armoede, geweld en misdaad, om net enkeles uit te lig (Jonck, 2005). Ook die kerk en sy lidmate word deur hierdie sosio-politieke veranderinge geraak, wat onder andere in diskriminasie in die algemeen en teen vroue in die besonder manifesteer. Teen die agtergrond van die uiteensetting van die omstandighede waarin die kerk verkeer, is dit noodsaaklik dat wetenskaplike kennis hieroor beskikbaar moet wees. Betreklik min navorsing is al onderneem in die bovermelde verband, wat studies deur Gwashi (1999), Rees (2003), Mongwe (2007) en Büchner (2007) insluit. Hierdie onderwerp word dus in 'n mate afgeskeep wat navorsing betref. Inligting wat wel beskikbaar is, is afkomstig van studieverslae en ondersoekkommissies wat binne die spesifieke kerkverbande gelas is. In die Suid-Afrikaanse konteks bestaan 'n groot leemte in hierdie verband, aangesien geen studie geïdentifiseer kon word wat al vanuit 'n sosiaal-psigologiese paradigma na die bovermelde navorsingsveld ondersoek ingestel het nie. Die noodsaaklikheid van 'n sosiaal-psigologiese paradigma is geleë in die aanname dat menslike houdings die wyse waarop verskillende kerkverbande na die Skrif kyk beïnvloed, en gevolglik kerkordelike en liturgiese verskille veroorsaak. Dit impliseer dat, alvorens 'n besluit geneem word aangaande 'n

houdingsobjek, in dié geval vroulike ampsdraers, die individu of groep reeds oor kriteria beskik waarvolgens die betrokke kwessie beoordeel word (Van Rooyen, 2002).

## 4. TERMINOLOGIE

Verskillende outeurs gebruik in hul bespreking van 'n bepaalde navorsingsveld verskillende terme vir ooreenstemmende begrippe. Vir die doeleindes van die onderhawige navorsingstudie is dit dus noodsaaklik om enkele kernbegrippe te belig alvorens aandag geskenk kan word aan die bespreking van die konsep houding.

### 4.1 Huistaal

Taal kan gedefinieer word as 'n sisteem van gesproke simbole wat individue aanwend om hul ervaringe te kodeer en te kommunikeer, ten einde die wêreld en hulself te organiseer (Ross & Deverell, 2004). Taal is derhalwe 'n meganisme waardeur dit wat as aanvaarbaar beskou word, geïnternaliseer word deur 'n proses wat gefasiliteer word deur kategorieë en klassifikasiesisteme wat moontlik gemaak word deur die taal wat gebesig word (Hogg & Vaughan, 2005).

### 4.2 Denominasie

Denominasie verwys na 'n relatief stabiele, geïnstitusionaliseerde organisasie van gelowiges en word gekenmerk deur 'n goed gedefinieerde administratiewe sisteem, 'n kerklike hiërargiese stelsel dus 'n kerkregeringstelsels, 'n bepaalde dogma en laastens religieuse gebruike (Popenoe, Cunningham & Boult, 1997).

### 4.3 Geografiese ligging

Geografiese ligging behels beide die streek waar 'n proefpersoon voorkom, asook of dit 'n stedelike of plattelandse gebied is en kan beskou word as die tyd-ruimtelike aspek van 'n spesifieke goed gedefinieerde area, asook die aktiwiteite wat voorkom binne hierdie afgebakende omgewing, tesame met die groeiende invloed daarvan op die samelewing, aldus Henslin (2007).

### 4.4 Bevolkingsgroep

Bevolkingsgroep verwys na 'n klassifikasiesisteem waarvolgens die verskillende etniese groepe gekategoriseer word, gebaseer op gemeenskaplike afkoms en die algemene voorkoms van 'n aantal sigbare erflike liggaamseienskappe (Hoggs & Vaughan, 2005; Plug, Louw, Gouws & Meyer, 1997).

### 4.5 Geloofsoriëntasie

Geloofsoriëntasie hou verband met die motivering wat 'n bepaalde gedragsuiting voorafgaan (Jonck, Le Roux & Verster, 2007a). Kirkpatrick (1999) is van mening dat die funksie van religie verband hou met sosiale kohesie,

wedersydse samewerking, asook bevordering van groepsbelange bo individuele selfbelang. Derhalwe word onderskeid getref tussen intrinsieke en ekstrinsieke godsdienstige oriëntasie, aldus Jonck et al. (2007). Diegene wat intrinsiek gemotiveer word, sal waardes soos nederigheid, empatie en naasteliefde internaliseer, terwyl diegene wat ekstrinsiek gemotiveer word hul laat lei deur die waarde wat geheg word aan die gedrag (Jackson & Hunsberger, 1999).

## 5. LITERATUUROORSIG

Ten einde 'n ondersoek te doen na veranderlikes wat moontlik 'n invloed op lidmate se siening van vroulike ampsdraers uitoefen, is dit noodsaaklik om eers aandag te skenk aan houdings, asook wat die kwessie rondom vroulike ampsdraers behels. Derhalwe word gefokus op die verskillende ampte in die gemeente-opset, soos bepaal deur die kerkregeringstelsels, asook die interne toestand wat 'n individu tot 'n bepaalde denkwyse of gedragspatroon predisponeer (Jonck et al., 2007).

### 5.1 Houdings

Die toestand wat 'n individu tot 'n bepaalde denkwyse of gedragspatroon predisponeer, staan bekend as 'n houding (Jonck et al., 2007). 'n Houding, as sulks, is dus 'n alomteenwoordige eienskap van sosiale ervarings. Uit die literatuur blyk dat 'n verskeidenheid definisies vir die begrip *houding* bestaan. Hoewel die definisies redelik ooreenstem, bestaan uiteenlopende sienings oor die aard en struktuur daarvan (Nel, 2008). Vervolgens word aandag geskenk aan die definiëring van die begrip *houding* en die verband wat dit met groep-antagonisme toon.

### 5.1.1 Definiëring van die begrip 'houding'

Een van die omvattendste definisies van die begrip *houding*, definieer 'n houding as 'n predisposisie wat bestaan uit affektiewe, kognitiewe en konatiewe aspekte (Taylor, Peplau & Sears, 2006). Die affektiewe komponent verwys na positiewe of negatiewe gevoelens rakende 'n bepaalde objek. Die kognitiewe komponent, daarteenoor, behels inligting, asook denkpatrone wat met die genoemde objek in verband staan. Die konatiewe komponent, verwys na die wilshandeling van die individu (Jonck, 2005; Taylor et al., 2006).

#### 5.1.1.1 Groep-antagonisme

Volgens Taylor et al. (2006) stem groep-antagonisme prinsipieel ooreen met die term *houding*. Dit vind plaas wanneer lede van 'n binnegroep negatiewe houdings teenoor lede van die buitegroep huldig. Antagonisme het drie onderling-verbandhoudende dimensies. Die kognitiewe oortuiging dat groeplede oor kenmerkende negatiewe karaktereienskappe beskik, staan bekend as stereotipering. Die konatiewe dimensie hou verband met die neiging om spesifieke handelinge wat tot nadeel van die teikengroep strek, uit te voer en wat as diskriminasie

bekend staan. Vooroordeel verwys na die affektiewe dimensie, wat 'n ongunstige predisposisie jeens 'n teikengroep reflekteer (Jonck et al., 2007; Taylor et al., 2006) en wat gedefinieer kan word as 'n onberedeneerde hewige gevoel van afkeer wat lede van die binnegroep teenoor lede van die buitegroep koester, aldus Brown (2006).

Die impak van groep-antagonisme kan verduidelik word aan die hand van die sosiale identiteitsteorie. Laasgenoemde veronderstel dat 'n deel van individue se identiteit gebaseer word op die groep waaraan die individu behoort. Sosiale interaksie binne so 'n groep word beskou as wedersyds voordelig (Worchel, Cooper, Goethals & Olson, 2000). Binne hierdie groepe ontwikkel sosiale verteenwoordiging wat gedeelde verwysingsraamwerke, wat aangewend word om die wêreld as betekenisvol te vertolk, behels (Hogg & Vaughan, 2005). Hierdie verwysingsraamwerke ontwikkel en word instand gehou deur sosiale interaksie, aldus Hogg en Vaughan (2005). Namate die binnegroep groei en verhoudings onpersoonlik raak, neem reëls en gebruike wat binnegroep-lojaliteit bevorder, 'n godsdienstig-outoritêre karakter aan. Indien godsdienstige voorskrifte van die binnegroep as onbetwisbaar beskou word, word godsdienstige superioriteit ontwikkel (Brewer, 1999). Godsdienstige superioriteit verskaf regverdiging en legitimiteit vir die onderdrukking van die buitegroep en dominansie van die binnegroep oor diegene wat as godsdienstig ondergeskik beskou word (Jonck et al., 2007; Sidanium, 1993). Groep-antagonisme kan dus moontlik 'n bydrae tot die ontwikkeling van 'n Christelike manlike teologie lewer, wat gekenmerk word deur 'n patriargale denkraamwerk wat manlike ervaringe, denke en waardes bevorder bo dié van vroue (Clifford, 2001). Vanuit 'n sosiaal-psigologiese paradigma kan godsdiens dus moontlik sentreer rondom sosiale aanpasbaarheid en die verkryging van gemak, sekuriteit, status en beskerming. Die sosiaal-aanpasbaarheidsfunksie van godsdiens, word gedefinieer as 'n ekstrinsieke godsdienstige oriëntasie, aldus Jackson en Hunsberger (1999).

Vervolgens word aandag geskenk aan teorieë oor die ontstaan van houdings.

### 5.1.2 Teorieë oor houdings

Onderskeid kan getref word tussen drie belangrike houdingsteorieë, naamlik die leer-, die kognitief-konsekwente, asook die funksionele teorieë. Vervolgens kom hierdie teoretiese denkraamwerke onder die loep.

#### 5.1.2.1 Leerteorieë

Leerteorieë berus op 'n aanname dat alle gedrag uit stimuli en response bestaan wat op grond van sekere leerwette, insluitende operante – en klassieke kondisionering, asook waarnemingsleer, met mekaar geassosieer

raak (Jonck, 2005). Volgens Ramabele (2004) word houdings aangeleer deur middel van assosiasie, versterking en straf, asook nabootsing.

### a) Nabootsing

Nabootsing behels die proses waarby een persoon se gedrag aangepas word deurdat 'n ander persoon van aansien se gedrag waargeneem word (Nel, 2008). Die wyse waarop op houdingsobjekte gereageer word, stel die waarnemer in staat om die houding daarteenoor af te lei en sy of haar gedrag dienooreenkomstig aan te pas, aldus Jonck (2005).

### b) Assosiasie

Klassieke kondisionering behels die assosiasie tussen inligting en die gepaardgaande gevoelens. 'n Ongekondisioneerde stimulus lei outomaties tot 'n ongekondisioneerde respons. Indien 'n gekondisioneerde stimulus wat nie tot die ongekondisioneerde respons aanleiding gee nie, herhaaldelik saam met die ongekondisioneerde stimulus afgepaar word, sal die gekondisioneerde stimulus 'n dienooreenkomstige respons as die ongekondisioneerde stimulus ontlok (Van Rooyen, 2002).

### c) Versterking en straf

Operante kondisionering kom voor wanneer 'n organisme gedrag produseer wat 'n omgewingsverandering teweegbring, en die waarskynlikheid dat die gedrag herhaal sal word, is ná die tyd hoër as voor die tyd (Jonck, 2005). Hierdie proses behels die voorkoms van versterking deur middel van beloning en straf (Nel, 2008).

### 5.1.2.2 Kognitief-konsekwente teorieë

Die kognitief-konsekwente teorieë gaan van die veronderstelling uit dat individue streef na samehang wat hul kognisies betref (Boshoff, 2007). Wanneer bestaande kognisies alreeds ‘n staat van konsekwentheid bereik het, word nuwe kognisies op so ‘n wyse bekom dat dit ooreenstem met reeds bestaande houdings (Van Rooyen, 2002). Onversoenbaarheid tussen kognisies is die uitvloeisel van konflikterende denke aangaande houdingsobjekte, wat aanleiding gee tot dissonansie en gevolglike psigiese ongemak ten einde dissonansie te verminder, aldus die dissonansieteorie van Festinger (Jonck, 2005). Volgens die balansteorie van Heider (1958) word kognisies voorgestel as ‘n balans wat nagestreef word. ‘n Gebalanseerde sisteem word verkry wanneer ‘n individu saamstem met diegene waarvan hy of sy hou en verskil van diegene waarvan nie gehou word nie, aldus Boshoff (2007).

### 5.1.2.3 Funksionele teorie

Volgens Van Rooyen (2002) is houdings 'n funksie en uitdrukking van 'n persoon se sentrale waardes. Indien 'n staat van ekwilibrium tussen waardes en houdings voorkom, dra dit by tot die persoon se selfagting. Met ander woorde houdings help individue om hulself uit te druk in terme van voor- en afkeure, selfdefinisie, doelwitte en oogmerke. Hierdie funksie staan bekend as die waarde-uitdrukkingsfunksie (Nel, 2008). Houdings vervul ook die funksie van 'n verdedigingsmeganisme. Impulse en kwaliteite wat afkeuringswaardig is, word verwerp en op die buitewêreld geprojekteer, ten einde die konflik tussen die ego en ego-ideale te verlig. Kwaliteite wat op die buitewêreld geprojekteer word, gee aanleiding daartoe dat negatiewe affektiewe houdings teenoor ander ontwikkel (Van Rooyen, 2002). Houdings kan ook funksioneel van aard wees, deurdat die waarde wat die persoon aan die houding heg, die kern van die houding verteenwoordig. Die vorming van instrumentele of funksionele houdings word bepaal deur die evaluering van die voorwerp as synde voordelig of alternatiewelik nadelig (Jonck, 2005). Houdings het ook ten doel om 'n verwysingsraamwerk daar te stel wat 'n opsommende evaluering van die houdingsobjek verskaf en daartoe lei dat die individu sy of haar omgewing verstaan (Nel, 2008).

Die term *houding*, wat verwys na oortuigings en gevoelens wat reflekteer of 'n persoon 'n gunstige of ongunstige predisposisie met betrekking tot 'n bepaalde objek het (Nel, 2008), is in die voorafgaande gedeelte deeglik in terme van 'n bepaalde sosiaal-psigologiese denkrigting uiteengesit. Vervolgens sal aandag geskenk word aan kerkregering, waarna bespreking van die demografiese veranderlikes, die navorsingsmetodologie en resultate volg.

## 5.2 Kerkregering

Die Apostoliese Geloofsbelydenis leer "Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges", waarmee elke Christen bely dat hy of sy deel van die uitverkore volk van die Here is. Hierdie gemeenskap van die heiliges word vergestalt in die kerk van God, dus die gemeente. Volgens die Sinode van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Vrystaat (2005) regeer Christus self sy gemeente deur sy Woord en sy Gees. Meningsverskille bestaan egter oor die vraag hoe die Christusregering vergestalt moet word. Die kerkregering bepaal die ampte, asook die funksies en doelwitte van ampte soos dit verband hou met die bepaalde regeringsvorm. Onderskeid word getref tussen die Rooms-Katolieke tradisie, die Reformatoriese tradisie, asook die Pinkster- en Charismatiese beweging. Volgens 'n elektroniese soektog is die Rooms-Katolieke Kerk een van die hoofstroom kerklike instansies wêreldwyd met 'n ledetal van 1,125 biljoen, die Reformatoriese kerke het ongeveer 75 miljoen lede wêreldwyd ("List of Christian denominations", 2010) en is een van die eerste

kerklike instansies in Suid-Afrika (Van der Linde, 2002). Verskeie ander denominasies word geïdentifiseer en kan saam gegroepeer word onder Pinkster- en Charismatiese Kerke.

### 5.2.1 Rooms-Katolieke Kerktradisie

Die Rooms-Katolieke denkrigting is van mening dat die Christusregering sigbaar moet geskied. Volgens die Rooms-Katolieke kerktradisie vind Christus in die pous, biskop en priesters sigbare plaasvervangers en verteenwoordigers. Die Rooms-Katolieke priesterskap word gedefinieer in terme van die outoriteit om sondes te vergewe (Power, 2008). In wese is die priesteramp dus simbolies van aard om die verbond tussen Christus en sy bruid, die kerk, weer te gee. Dulles (1997:41) het oor hierdie verhouding die volgende opmerking gemaak: *"The maleness of Christ belongs to the very nature of his role, which corresponds to that of Yahweh as husband of Israel. Christ at the eucharist acts as head and bridegroom of the Church, which is both his body and his bride. He offers the sacrifice by which he sanctifies his beloved bride, in order to make her holy and without blemish."*

Ten spyte van die klem wat op die verteenwoordigende rol van die priester geplaas word, bestaan die amptelike definisie van priesterskap volgens die Vatikaan uit drie onafhanklike elemente, naamlik die profetiese, die priesterlike en die pastorale. Die profetiese element, volgens die Rooms-Katolieke tradisie, bestaan daaruit dat dit die priester se taak is om toe te sien dat die Woord in ooreenstemming met Bybelse voorskrifte verkondig moet word. Die priesterlike element behels bemiddeling deur middel van gebed, asook bediening van die sakramente en offerande. Die pastorale element, in ooreenstemming met al die voorafgaande, behels die bestuur of leiding wat die priester aan die gemeenskap van gelowiges gee; met ander woorde, die priester as herder (Dulles, 1997).

### 5.2.2 Die Reformatoriese beweging

Die Reformasie, as tweede denkrigting, verwerp die voorgenoemde standpunt. Die Nederduits-Gereformeerde Kerk, asook die Gereformeerde Kerk, maak gebruik van die presbiteriale vorm van kerkregering. Hiervolgens is die besondere dienste insluitende dié van diaken, ouderling en predikant nie 'n posisie van status in die kerk nie, maar wel vaste, georganiseerde en leidinggewende bediening waardeur die Here sy kerk lei en versorg. Die bedoeling van die besondere dienste is om gelowiges vir hulle dienswerk in kerk en koninkryk toe te rus (Acta Synodi, 2009). Die primêre betekenis van die term *amp* is *diens*. Hierdie diens is nie net van 'n algemene aard nie, maar geskied in opdrag van God met gesag wat van Hom voortspruit binne die ruimte van die kerk as draer van die eskatologiese hoop en bevryding in Christus, aldus Pienaar (2006).

Hoewel die werksaamhede van buitengewone geestelike gawes baie prominent in die Nuwe-Testamentiese gemeente aanwesig was, het dit van die begin af nie aan georganiseerde strukture of offisiële leierskap ontbreek

nie. In die lig hiervan onderskei die gereformeerde teologie tussen buitengewone en gewone ampte of algemene en besondere diens (Acta Synodi, 2009). Die amp van apostels, profete en evangeliste word as buitengewone ampte gereken, en in teenstelling hiermee word dié van leraar, ouderling en diaken as gewone ampte beskou. Ampte wat vir die voortbestaan van die geordende lewe van die kerk noodsaaklik is, aldus O'Grady (1991), is dié van die *presbyteroi* (ouderling) of *episkopoi* (oorsiener) asook *diakonoi* (dienaars). Hierdie ampte kom vervolgens onder die loep.

#### 5.2.2.1 Predikant

Die amp van predikant as sodanig, word afgelei uit die amp van ouderling. 'n Onderskeid word gemaak tussen ouderlinge wat hoofsaaklik leiding gee en toesig hou en ouderlinge wat in besonder in die Woord en leer gearbei het (Acta Synodi, 2009). Die primêre taak en funksie van die predikant is om die geestelike leier en versorger van die gemeente en gemeenskap te wees (Du Toit , Hofmeyr, Strauss & Van der Merwer, 2002).

#### 5.2.2.2 Ouderling

Die ouderling se pligtestaat behels om die kudde waaksaam op te pas en om as opsieners die gemeente te dien, wat onder andere die tug insluit, asook om vir die gemeente sorg te dra. Tesame hiermee om leiding te neem en om op grond van openbaring besluite te neem wat vir die gemeente bindend is (Acta Synodi, 2009).

#### 5.2.2.3 Diaken

Die diaken se taak is om gemeentelede te besoek, nood te identifiseer (finansieel of fisies), en dan hulp te verleen waar nodig (Meijer, 2007).

### 5.2.3 Pinkster- en Charismatiese beweging

Die Christelike Herlewingskerk glo ingevolge hul visieverklaring, in die uitstorting van die Heilige Gees wat gelowiges toerus en bemagtig tot diensbaarheid, asook die Godgegewe verordende bediening van apostels, profete, evangeliste, pastore en die leerbediening, aldus hul webblad (2010). Klem word veral geplaas op buitengewone geestelike gawes en ampte.

In hierdie afdeling is die verskillende vorme van kerkregering belig soos dit op hierdie navorsingstudie van toepassing is. Die ampsgedagte en ampsbegrip verskil na gelang van die tipe kerkregering wat gehandhaaf word en bepaal dus die aard en funksies van die verskillende ampte. Die funksies en aard van die ampte soos dit beslag vind in die verskillende tipes kerkregering werp lig op die redes hoekom vroulike ampsdraers in sekere denominasies nie beroep word nie. Onderskeid is ook tussen die verskillende ampte getref. Voorts word aandag

geskenk aan demografiese veranderlikes wat moontlik 'n invloed op lidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers uitoefen.

## 6. ONAFHANKLIKE VERANDERLIKES WAT HOUDING TEENOOR VROULIKE AMPSDRAERS MOONTLIK BEÏNVLOED

Ten einde die doelwitte van hierdie artikel te bereik, word aandag geskenk aan enkele onafhanklike veranderlikes wat moontlik 'n invloed op lidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers het. Die relevansie van 'n ondersoeke na genoemde onafhanklike veranderlikes is daarin gelee dat weens die beperkte hoeveelheid inligting wat beskikbaar was, die studie ten doel gehad het om 'n relatief onbekende terrein, te wete kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers, te verken. As sulks is daar dus gepoog om die navorsingsonderwerp te omskryf deur aandag te skenk aan veranderlikes wat die genoemde houding moontlik kan beïnvloed. Du Plooy en Grobler (2002) maak melding daarvan dat onafhanklike veranderlikes verdeel kan word in onder andere sosio-ekonomiese, persoonlike, asook sosio-kulturele veranderlikes. In die onderhawige artikel word aandag geskenk aan al die voorgenoemde veranderlikes in 'n poging om te bepaal watter veranderlike die mees statisties-beduidende invloed uitoefen.

### 6.1 Geografiese ligging

Woshinsky (2008) toon aan dat geografiese ligging individue se kognisies beïnvloed en gevolglik die houdings wat geopenbaar word. Hiervolgens beïnvloed die geografiese ligging van die individu sy of haar verwysingsraamwerke, wat 'n rigtinggewende invloed op gedrag en denke kan uitoefen (Jonck et al., 2007a; Woshinsky, 2008).

### 6.2 Geslag

Watson (2003) kom tot die gevolgtrekking dat die rol van vroue in die gemeente-opset 'n geslagskwessie is en bly. In dié verband word die volgende opmerking gemaak (Watson, 2003: 25): "Discursive practice around gender afforded men enormous privileges, while women are oppressed and stripped of power because they are women." 'n Studie deur Van Helden (2002) wat aangaande die huidige aktiwiteite van belydende vrouelidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika onderneem is, het bevind dat 68% van vrouelidmate voel dat 'n uitbreiding van aktiwiteite behoort plaas te vind. Van Helden (2002) het voorts ook bevind dat vroue na die geleentheid smag om saam met hul manlike eweknieë in Christus as priester, profeet en koning met die gawes te werk waarmee God hulle geseën het. Hoewel die Nederduits-Gereformeerde Kerk vroue tot alle ampte

toelaat, was daar slegs 23 vroulike leraars voltyds in die bediening in 2007, van 1669 leraars werksaam in dié denominasie (Büchner, 2007).

### 6.3 Ouderdom

'n Amerikaanse studie het bevind dat jonger individue oor die algemeen 'n positiewe houding teenoor vroulike leraars huldig (Lincoln & Mamiya, 1990). So ook meen Hendriks (2003) dat die situasie in veral die Nederduits-Gereformeerde Kerk betreurenswaardig is weens die onvermoë van ouer lidmate om by veranderinge aan te pas.

### 6.4 Inkomste

Navorsingsbevindinge van Barnes (2006), asook Lincoln en Mamiya (1990) het getoon dat maandelikse inkomste 'n invloed uitoefen op kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers, in soverre diegene wat 'n hoër inkomste verdien 'n positiewer houding teenoor vroulike ampsdraers huldig.

### 6.5 Huistaal

Linguïstiese relatiwiteit gaan van die veronderstelling uit dat taalvoorkeur denke in 'n groot mate beïnvloed, asook dat verskille wat taal betref daartoe aanleiding gee dat individue hul wêreld uit wyduiteenlopende invalshoeke benader en beredeneer (Weiten, 2002). Taal gee derhalwe inhoud aan kognitiewe verwysingsraamwerke en verskaf struktuur aan denke, aldus Mongwe (2007). Conradie, Malan en Marais ingevolge Du Plooy en Grobler (2002) beskryf taal as die belangrikste begrensing van kultuur en etnisiteit en per definisie, 'n sleutelkatalisator in sosiale mobilisasie. Die invloed van taal op die rol van vroue in die gemeente-opset word as volg deur Mongwe (2007: 29) beskryf: "Those in power (male theologains) hold language and its interpretation as a privileged way of thinking, leaving those who are disempowered (in this instance women) often without language; and without language their reality does not appear to exist." Prof. Botha van Unisa se departement Nuwe Testament beweer dat dit belangrik is om taalgebruik in die kerk te verander, aangesien te veel vroue benadeel word deur manlike dominansie wat daardeur versterk word (Beeld, 4 Mei 2001:3).

Mongwe (2007) wat 'n studie uitgevoer het binne die Sewedaagse Adventiste Kerkdenominasie identifiseer taal as een van die aspekte wat die rol van vroue in die gemeente-opset beïnvloed. Hierdie bevinding is gebaseer op die aanname dat individue konstrukte oor sy of haar sosiale werklikheid konstrueer en betekenis daaraan heg wat verwys na 'n sosiaal-konstruksionistiese epistemologie wat op diskoerse fokus (Demasure & Müller, 2006). 'n Diskoers verwys na 'n stel menings, metafore, beelde en verklarings wat in samehang 'n bepaalde weergawe

van gebeure vorm, aldus Büchner (2007). Volgens Goede (2007) word metafore en derhalwe diskoerse aangewend om sin te maak van die werklikheid.

### 6.6 Bevolkingsgroep

Bevolkingsgroep beïnvloed die kwessie verbandhoudend tot die rol van vroue in die gemeente-opset, aldus Mbiti (1998: 141) in soverre: "Both African and Black Theologies position themselves as resistant to Western Theologies, putting themselves in the context of the culturally and politically marginalised." Navorsing deur Gwashi (1999) in die Gereformeerde Kerk het bevind dat 51% van die swart lidmate van mening was dat vroue wel die amp van diaken mag beklee, terwyl 80% van wit kerklidmate 'n soortgelyke mening toegedaan was. In 'n studie deur Swart-Russell (1988) het 32% van die swart respondente getoon dat vroue nooit tot die amp van priester georden moet word nie, terwyl 38% van die wit respondente 'n soortgelyke respons getoon het.

### 6.7 Denominasie

Navorsingstudies wat op vroue in bepaalde ampte in die kerkgemeenskap gefokus het, is al onderneem in onder andere die Baptist Union of South Africa (Rees, 2003), Nederduitsch Hervormde Kerk (Oliver, 2008), asook die Nederduits-Gereformeerde Kerk (Büchner, 2008). Slegs een studie is uitgevoer wat ondersoek na lidmate se houding teenoor vroue in die amp van diaken in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ingestel het (Gwashi, 1999). Dié studie deur Gwashi (1999) het bevind dat 72% van die respondente van mening was dat vroue wel tot die amp van diaken toegelaat mag word, terwyl slegs 16% aangedui het dat vroue nie tot die amp van diaken toegelaat mag word nie. Slegs sowat agt uit die 39 kerke wat deel van die Gereformeerde lidkerke uitmaak, laat vroue tot die amp van predikant toe, aldus Büchner (Die Kerkbode, 12 Augustus 2005:11). 'n Verbod op vroue in bepaalde kerklike ampte geld egter vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, met spesifieke verwysing na leer- en regeerampte (Meijer, 2009), asook vir die Rooms-Katolieke Kerk (Burger, 18 Januarie 2003:3).

### 6.8 Godsdienstige oriëntasie

Navorsing deur Jackson en Hunsberger (1999) het bevind dat die invloed van godsdienstige oriëntasies op vooroordeel grotendeels deur die buitegroep uitgeoefen word. Indien vooroordeel wel voorkom, vervul hierdie houding 'n sosiale aanpassingsfunksie of 'n waarde-uitdrukkingsfunksie. Dus kan die houdings wat gehuldig word, verstaan word in terme van die individuele behoeftes wat hierdie houdings vervul. Hierdie studie is uitgevoer in Amerika en het 291 eerstejaarstudente afkomstig van 'n Kanadese Universiteit ingesluit.

## 7. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Navorsingsmetodologie kan gedefinieer word as teorieë van kennis en interpretatiewe verwysingsraamwerke wat 'n spesifieke ondersoek rig, aldus Nkoane (2006). In die onderhawige navorsingstudie is gebruik gemaak van strukturalisme wat behels die soeke na stabiele, universiële konsepte wat deur reeds bestaande kennis gereguleer word en wat bepaalde verskynsels voorafgaan (Miller, 1997) en behels die volgende:

### 7.1 Hipotese

Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat verskeie onafhanklike veranderlikes moontlik 'n invloed op lidmate se houding teenoor vroue as ampsdraers in die gemeente uitoefen. Hierdie veronderstellings sal met behulp van die volgende hipotese getoets word: *Lidmate van verskillende Christelike denominasies verskil beduidend van mekaar ten opsigte van hul houding teenoor vroue as ampsdraers in die gemeente met betrekking tot geografiese ligging, geslag, huwelikstatus, ouderdom, akademiese kwalifikasie, inkomste, gemeentelike betrokkenheid, taal, bevolkingsgroep,denominasie en godsdienstige oriëntasie.*

### 7.2 Metode van ondersoek

Hierdie navorsingsprojek het ten doel om ondersoek in te stel na kerklidmate se houding teenoor vroue as ampsdraers in die gemeente, asook na faktore wat moontlik kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers beïnvloed. Ten einde hierdie doelwitte te bereik, word aandag geskenk aan die navorsingsontwerp, die samestelling van die steekproef, die meetinstrument, asook statistiese tegnieke.

#### 7.2.1 Navorsingsontwerp

In die onderhawige studie is gebruik gemaak van nie-eksperimentele navorsing, wat ook bekend staan as *ex post facto*-navorsing. In nie-eksperimentele navorsing word die onafhanklike veranderlikes nie gemanipuleer ten einde die effek daarvan op die afhanklike veranderlike te ondersoek nie. Dus het die proefpersone reeds voor die aanvang van die studie aan die verskillende vlakke van die onafhanklike veranderlikes behoort (Van Rooyen, 2002).

#### 7.2.2 Samestelling van die steekproef

Die steekproef is saamgestel deur gebruik te maak van beide 'n toevallige–, asook 'n beskikbaarheidsteekproef wat vervolgens uiteengesit word:

##### 7.2.2.1 Toevallige steekproeftrekking

'n Lys van gemeentes van die Rooms-Katolieke Kerk, die Gereformeerde Kerk, die Christelike Herlewingskerk, asook lede van die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie in elke streek, is verkry vanaf dié denominasies se

kantore of by wyse van 'n elektroniese soektog. Individuele gemeentes is telefonies of persoonlik genader om aan die studie deel te neem. Van die gemeentes kon weens verskeie redes nie aan die onderhawige studie deelneem nie. Diegene wat wel bereid was, het 36 gemeentes, afkomstig van al vier denominasies in al nege streke, ingesluit. Waar moontlik het die navorser self indivivuele gemeentes besoek, hoewel ook gebruik gemaak is van veldwerkers van die Universiteit van die Vrystaat.

Die finale steekproef het bestaan uit lidmate afkomstig van: Bloemfontein, Cradock, Durban, Ellisras, George, Gonubie, Johannesburg (Midrand), Kimberley, Middelburg, Potchefstroom en Stellenbosch. In vyf streke is die hoofstad geselekteer en sluit die Vrystaat (Bloemfontein), KwaZulu-Natal (Durban), Gauteng (Midrand), Noord-Wes (Potchefstroom) en die Noord-Kaap (Kimberley) in. In die Oos-Kaap, Wes-Kaap, Limpopo en Mpumalanga is plattelandse dorpe ingesluit. Weens die grootte van hierdie plattelandse dorpe is in sommige gevalle twee dorpe ingesluit (Stellenbosch en George in die Wes-Kaap; Cradock en Gonubie in die Oos-Kaap).

#### 7.2.2.2 Beskikbaarheidsteekproeftrekking

Vraelyste is uitgedeel na afloop van oggend-eredienste by die hoofuitgange van die verskillende gemeentes. Kerklidmate het die geleentheid gehad om die vraelyste tuis te voltooi en dit die daaropvolgende Sondag terug te besorg. Hulle kon egter ook die voltooide vraelyste by die kantore van die verskillende gemeentes afgegee het.

Die etiese raamwerk van die onderhawige navorsingstudie behels dat deelname vrywillig plaasgevind het, tesame hiermee was deelname anoniem wat konfidensialiteit aan die hand gewerk het. So ook is respondente nie oor die uitkoms en doel van die navorsing mislei nie, aangesien basiese inligting beskikbaar gestel is alvorens vraelyste uitgedeel is. Terugvoermoontlikhede is tydens die toevallige steekproeftrekking fase met die verskeie kerkrade bespreek.

Daar is altesaam 4 500 vraelyste uitgedeel en 1 052 is terugontvang en vir ontleding gekodeer. Die responskoers was gevolglik 23,4%. Die meerderheid respondente was afkomstig van die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie (N = 329), asook die Christelike Herlewingskerk (N = 311). Die Rooms-Katolieke kerklidmate het 19% (N = 198) van die steekproef uitgemaak, terwyl 217 lidmate van die Gereformeerde Kerk deelgeneem het.

## 7.3 Die meetinstrument

Die 30 item Likert-skaal wat as meetinstrument aangewend is, is saamgestel na deeglike bestudering van beskikbare literatuur. Die selfopgestelde meetinstrument is telkens hersien na die afloop van vier afsonderlike loodstudies onder studente van die Universiteit van die Vrystaat. Vervolgens word aandag geskenk aan die samestelling van die meetinstrument, asook die geldigheid en betroubaarheid daarvan.

### 7.3.1 Samestelling van die meetinstrument

Die vraelys is in drie afdelings verdeel en word vervolgens bespreek.

#### 7.3.1.1 Biografiese vraelys

Die biografiese vraelys het bestaan uit identifiserende inligting omtrent die respondente se geslag, ouderdom, huwelikstatus, inkomste, akademiese kwalifikasie, gemeentlike betrokkenheid, huistaal, bevolkingsgroep, denominasie, asook godsdienstige oriëntasie (kyk Bylaag A).

#### 7.3.1.2 Kwantitatiewe vraelys

Die kwantitatiewe vraelys het bestaan uit: **Afdeling B,** wat 10 stellings bevat het om die respondent se houding teenoor vroue in die algemeen te ondersoek en het stellings soos die volgende ingesluit: "Vroue is net so bekwaam soos hul manlike kollegas" (Vraag 3); "Vroue verloor iets van hul vroulikheid wanneer hulle aan hoofsaaklik manlike aktiwiteite deelneem" (Vraag 8); en "Vroue kan nie onder druk presteer nie" (Vraag 9). **Afdeling C**, bestaande uit 10 vrae, meet respondente se houding met betrekking tot vroue as ampsdraers in die gemeente, met spesifieke verwysing na prediking. Stellings sluit die volgende in: "Vroulike leraars word in 'n mindere mate beroep omdat gemeentes 'n diepliggende wantroue in die vermoëns van vroulike leraars het" (Vraag 6), asook "Die stereotipering van vroue se rol as moeder en eggenoot laat nie ruimte vir haar bediening as leier in die gemeente nie" (Vraag 7). **Afdeling D** meet die respons wat die houding by die respondent ontlok en bestaan uit 10 kognitiewe, affektiewe en konatiewe stellings wat al die aspekte waaruit 'n bepaalde houding bestaan, dek. Stellings in dié verband sluit in: "Ek dink dit sal problematies wees indien 'n vrou die leraar in die gemeente is" (Vraag 4); "Ek sal ongemaklik voel indien vroue toegelaat word om die gemeente in die Woord van God te onderrig" (Vraag 6); en laastens "Indien 'n vroulike leraar haarself in die gemeente laat geld, sal ek haar ondersteun" (Vraag 10).

Vier responsmoontlikhede word in elke afdeling aan die respondent gebied wat insluit: *beslis waar, waar, nie waar nie* en *beslis nie waar nie*. ‘n Numeriese waarde word aan elkeen van hierdie responsmoontlikhede gekoppel wat bereken word en aantoon indien ‘n respondent ‘n positiewe of negatiewe houding teenoor vroulike ampsdraers huldig. Die riglynwaardes wat gebruik word om data te interpreteer, sluit in die maksimum-telling wat behaal kon word wat 120 was, ‘n minimum-telling van 30, met ‘n teoretiese gemiddelde van 75.

#### 7.3.1.3 Kwalitatiewe vraelys

**Afdeling E** het bestaan uit 6 vrae (kyk Bylaag C). Die eerste twee vrae verskaf aangehaalde Skrifgedeeltes as verwysings waarop daar van respondente verwag is om kommentaar te lewer. Die derde vraag is ‘n ranglys-

vraag, waar daar van respondente verwag is om die redes hoekom vroulike ampsdraers in 'n mindere mate beroep word, te rangskik volgens belangrikheid. By Vraag 4 moes die respondente aandui of dit kultureel aanvaarbaar sou wees of nie, indien 'n vroulike ampsdraer beroep sou word. By Vraag 5 en Vraag 6 is daar van respondente verwag om hul persoonlike mening en verdere opmerkings, indien daar enige sou wees, aan te teken.

### 7.3.2 Betroubaarheid en geldigheid

Betroubaarheid verwys na die mate waarin tellings op een toepassing van die instrument veralgemeen kan word na tellings wat op herhaalde toepassing van dieselfde meetinstrument verkry sou kon word (Heiman, 2004). Cronbach se alfakoëffisiënt is aangewend om die betroubaarheid van die houdingskale vas te stel en is op 0,86 bereken, wat dui op goeie betroubaarheid. Tydens die loodsstudie wat onder studente van die Universiteit van die Vrystaat uitgevoer is, was die gesamentlike alfakoëffisiënt 0,831.

Ten einde die geldigheid van die meetinstrument te bepaal, is gebruik gemaak van konstrukgeldigheid. Dit verwys na die mate waarin die toets die teoretiese konstruk meet wat dit veronderstel is om te meet. Faktorontleding behels 'n korrelasionele benadering tot die bepaling van konstrukgeldigheid en kan ook na verwys word as faktoriale geldigheid (Hoyle, Harris & Judd, 2002). Die faktoriale geldigheid van die meetinstrument het getoon dat 24 van die 30 items oor goeie konvergente en divergente geldigheid beskik.

## 7.4 Statistiese tegnieke

Die kwantitatiewe data is statisties met behulp van meerveranderlike variansie-ontleding verwerk. Meerveranderlike ontwerpe word aangewend om die afsonderlike effekte van twee of meer onafhanklike veranderlikes en hul interaksies op 'n aantal afhanklike veranderlikes na te vors (Heiman, 2004). Cohen se d-waardes is aangewend om praktiese beduidendheid aan te toon. Die effekgrootte word aangedui deur d, en riglynwaardes is as volg (Aron & Aron, 1994): d = 0,2 'n klein effek; d = 0,5 'n matige effek en d = 0,8 'n groot effek.

Indien die meerveranderlike variansie-ontleding statisties-beduidend was, kan enigeen van die *post hoc-prosedures* aangewend word om die bepaalde vergelykings wat beduidend van nul verskil, aan te dui. Hoewel verskeie sulke prosedures beskikbaar is, is slegs die Scheffé-toets gebruik (Heiman, 2004). In gevalle waar die onafhanklike veranderlike slegs oor twee vlakke beskik het, is gebruik gemaak van 'n t-toets.

Kwalitatiewe data wat met behulp van semi-gestruktureerde vrae bekom is, is volgens die sosiaal-psigologiese diskoers-analitiese metode verwerk (Strauss & Corbin, 1998). Die sosiaal-psigologiese diskoers-analitiese


metode kan beskou word as ‘n statistiese tegniek waarvolgens diskoerse, dus respondente se menings, aldus Demasure en Müller (2006) volgens die sosiale psigologie geïnterpreteer word. Kwalitatiewe gegewens wat met behulp van semi-gestruktureerde oop-einde vrae ingesamel is, is deur die navorser geïnterpreteer en deur twee onafhanklike professore beoordeel. Dus is ‘n tussenvertolkersbetroubaarheidstoets toegepas om te verseker dat die interpretasie van gegewens betroubaar is (Du Plooy & Grobler, 2002).

## 8. RESULTATE

Die resultate van die ondersoek is as volg:

### 8.1 Kwantitatiewe resultate

Die navorsingshipotese het ten doel om lidmate van verskillende Christelike denominasies se houdings teenoor vroue as ampsdraers in die gemeente te meet, asook hoe dit deur 'n verskeidenheid veranderlikes beïnvloed word. Ten einde die voorgenoemde hipotese statisties te toets, is dit noodsaaklik om die frekwensies, gemiddeldes en standaardafwykings van die demografiese veranderlikes aan te toon (sien Tabel 1). So ook word die huistaalgegewens van die respondente grafies voorgestel in Figuur 1.




| | Afrikaans | Inheemse taal | Engels |
|---|---|---|---|
| Huistaalgegewens | 575 | 336 | 140 |

**Figuur 1: Grafiese voorstelling van die huistaalgegewens van respondente**

**Tabel 1: Frekwensies, gemiddeldes en standaardafwykings vir al die veranderlikes**

| Veranderlike | | N | Subskaal B | | Subskaal C | | Subskaal C | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | $\bar{X}$ | s. | $\bar{X}$ | s. | $\bar{X}$ | s. | $\bar{X}$ | s. |
| Geografiese ligging | Stad | 437 | 29,76 | 4,30 | 27,04 | 3,74 | 29,63 | 5,00 | 86,44 | 10,23 |
| | Platteland | 575 | 29,44 | 4,41 | 26,95 | 4,32 | 29,42 | 5,11 | 85,81 | 11,20 |
| Streek | KwaZulu-Natal | 134 | 30,10 | 3,80 | 27,52 | 4,62 | 30,19 | 4,62 | 87,81 | 9,11 |
| | Vrystaat | 179 | 30,60 | 4,10 | 27,30 | 4,39 | 30,66 | 4,39 | 88,56 | 9,38 |
| | Noord-Wes | 88 | 30,07 | 4,35 | 27,44 | 5,43 | 29,57 | 5,43 | 87,08 | 10,87 |
| | Gauteng | 146 | 28,99 | 4,56 | 26,53 | 5,73 | 28,23 | 5,73 | 83,75 | 11,39 |
| | Oos-Kaap | 96 | 29,43 | 4,77 | 27,54 | 5,22 | 29,84 | 5,22 | 86,81 | 12,48 |
| | Wes-Kaap | 90 | 29,07 | 3,98 | 26,81 | 4,78 | 27,73 | 4,78 | 83,61 | 8,67 |
| | Noord-Kaap | 108 | 28,82 | 4,66 | 26,15 | 4,89 | 28,98 | 4,89 | 83,94 | 11,23 |
| | Limpopo | 97 | 28,86 | 4,21 | 26,57 | 4,87 | 29,64 | 4,87 | 85,06 | 10,89 |
| | Mpumalanga | 110 | 29,66 | 4,61 | 26,96 | 5,10 | 30,10 | 5,10 | 86,72 | 12,02 |
| Huwelikstatus | Getroud | 289 | 29,64 | 4,44 | 26,79 | 4,42 | 29,57 | 5,78 | 86,00 | 11,67 |
| | Ongetroud | 638 | 29,68 | 4,39 | 27,17 | 4,03 | 29,61 | 4,84 | 86,45 | 10,69 |
| | Geskei | 69 | 29,77 | 4,12 | 26,86 | 3,67 | 29,09 | 4,32 | 85,71 | 9,55 |
| | Weduwee/Wewenaar | 53 | 28,28 | 3,95 | 26,51 | 3,20 | 28,57 | 4,65 | 83,36 | 8,93 |
| Geslag | Manlik | 413 | 28,38 | 4,60 | 26,81 | 4,60 | 28,30 | 5,45 | 83,49 | 12,15 |
| | Vroulik | 639 | 30,39 | 4,02 | 27,12 | 3,70 | 30,30 | 4,66 | 87,81 | 9,50 |
| Ouderdom | Jonger as 19 | 276 | 30,15 | 4,41 | 27,53 | 3,84 | 30,16 | 4,84 | 87,83 | 10,59 |
| | 20 – 39 | 390 | 29,16 | 4,35 | 26,83 | 4,38 | 29,35 | 4,80 | 85,34 | 10,59 |
| | 40 – 59 | 258 | 29,60 | 4,40 | 26,83 | 4,11 | 29,44 | 5,58 | 85,87 | 11,51 |
| | 60+ | 127 | 29,72 | 4,19 | 26,70 | 3,51 | 28,80 | 5,27 | 85,23 | 10,31 |
| Opleidings-vlak | Laer as graad 10 | 83 | 28,16 | 4,96 | 26,07 | 3,70 | 28,78 | 4,26 | 83,01 | 10,09 |
| | Graad 11 – graad 12 | 518 | 29,69 | 4,31 | 26,93 | 3,91 | 29,47 | 4,95 | 86,09 | 10,48 |
| | Tersiêre opleiding | 447 | 29,81 | 4,24 | 27,24 | 4,32 | 29,72 | 5,35 | 86,77 | 11,25 |
| Inkomste | Minder as R999 | 353 | 29,59 | 4,44 | 27,13 | 3,91 | 29,57 | 4,80 | 86,30 | 10,52 |
| | R1 000 – R4 999 | 299 | 29,14 | 4,22 | 26,67 | 3,85 | 29,19 | 4,62 | 85,00 | 9,86 |
| | R5 000 – R8 999 | 191 | 29,45 | 4,28 | 27,25 | 4,14 | 29,82 | 5,02 | 86,52 | 10,99 |
| | Meer as R9 000 | 207 | 30,40 | 4,47 | 27,03 | 4,61 | 29,59 | 6,13 | 87,02 | 12,37 |
| Kerklike Betrokkenheid | Leraar | 26 | 32,04 | 3,75 | 28,19 | 5,06 | 32,65 | 6,14 | 92,89 | 12,20 |
| | Ouderling | 73 | 29,06 | 4,39 | 27,25 | 4,11 | 27,82 | 5,82 | 84,12 | 12,40 |
| | Diaken | 42 | 28,74 | 4,47 | 27,02 | 5,05 | 30,24 | 4,53 | 86,00 | 9,79 |
| | Kerklidmaat | 909 | 29,61 | 4,36 | 26,94 | 4,00 | 29,54 | 4,96 | 86,08 | 10,64 |
| Denominasie | Rooms-Katoliek | 198 | 28,71 | 4,75 | 25,90 | 4,40 | 27,98 | 5,89 | 82,60 | 12,42 |
| | N.G. Kerkfamilie | 326 | 30,23 | 3,96 | 27,12 | 4,13 | 30,67 | 4,65 | 88,02 | 10,23 |
| | Gereformeerd | 217 | 28,70 | 4,37 | 27,16 | 4,08 | 29,34 | 4,53 | 85,19 | 10,25 |
| | Christelike Herlewings | 311 | 30,75 | 4,18 | 27,59 | 3,50 | 29,45 | 5,26 | 87,79 | 9,99 |
| Huistaal | Afrikaans | 575 | 30,35 | 4,07 | 27,34 | 4,05 | 30,18 | 4,92 | 87,86 | 10,37 |
| | Engels | 140 | 29,19 | 3,96 | 26,51 | 4,01 | 28,60 | 5,35 | 84,29 | 10,26 |
| | Inheemse taal | 336 | 28,48 | 4,76 | 26,63 | 4,12 | 28,76 | 5,08 | 83,87 | 11,30 |
| Bevolkings-groep | Swart | 252 | 29,00 | 4,75 | 26,90 | 4,38 | 29,17 | 5,39 | 85,07 | 11,84 |
| | Wit | 540 | 30,61 | 3,86 | 27,53 | 3,86 | 30,05 | 5,16 | 88,18 | 10,09 |
| | Gekleurd | 140 | 28,39 | 4,57 | 26,37 | 4,47 | 29,39 | 4,36 | 84,16 | 10,77 |
| | Indiër | 9 | 26,56 | 5,00 | 23,00 | 4,33 | 27,44 | 4,25 | 77,00 | 8,43 |
| | Ander | 108 | 27,61 | 4,13 | 25,75 | 3,36 | 27,97 | 4,47 | 81,33 | 9,62 |
| Geloofs-oriëntasie | Wedergebore | 953 | 29,68 | 4,25 | 27,11 | 3,98 | 29,58 | 4,91 | 86,36 | 10,45 |
| | Nie-wedergebore | 99 | 28,85 | 5,35 | 25,95 | 4,84 | 28,95 | 6,46 | 83,75 | 13,76 |

Volgens Tabel 1 het diegene wat in stedelike gebiede woonagtig (N = 431) was 'n hoër gemiddelde telling behaal as die plattelandse respondente (N = 575). Eersgenoemde se gemiddelde telling was 86,44 en laasgenoemde se gemiddelde telling was 85,81. Wanneer daar na die streeksverspreiding van die respondente se frekwensies gekyk word, blyk dit dat die meerderheid respondente van die Vrystaat afkomstig was (N = 179). Die oorblywende respondente het bestaan uit 146 respondente van Gauteng, 134 van KwaZulu-Natal, 110 van Mpumalanga, 108 van die Noord-Kaap, 97 van Limpopo, 96 van die Oos-Kaap, 90 van die Wes-Kaap en 88 van Noord-Wes. Respondente van die Vrystaat het die hoogste gemiddelde telling ($\bar{X}$ = 88,56) getoon, gevolg deur KwaZulu-Natal ($\bar{X}$ = 87,81). Voorts was dit Noord-Wes ($\bar{X}$ = 87,08), waarna die Oos-Kaap gevolg het ($\bar{X}$ = 86,81). Mpumalanga het gevolg ($\bar{X}$ = 86,72), en daarna Limpopo ($\bar{X}$ = 85,06). Voorts was die Noord-Kaap se gemiddelde telling 83,94, gevolg deur Gauteng ($\bar{X}$ = 83,75). Die Wes-Kaap het die laagste gemiddelde telling behaal ($\bar{X}$ = 83,61). Die oorgrote meerderheid respondente was ongetroud (N = 638), in teenstelling met diegene wat getroud (N = 289), geskei (N = 69) of 'n weduwee/wewenaar (N = 53) was. Die ongetroude respondente het die hoogste gemiddelde telling behaal ($\bar{X}$ = 86,45), gevolg deur die getroude respondente met 'n gemiddelde telling van 86,00. Die geskeide respondente se gemiddelde telling was 85,71. Die weduwees of wewenaars se gemiddelde telling was die laagste met 83,36.

Van die 1052 proefpersone, was 639 vroulik, en 413 manlik. Vroulike respondente het 'n gemiddelde telling van 87,81, wat heelwat hoër was as die van die manlike respondente met 'n gemiddelde telling van 83,49. Hoewel beide geslagte se gemiddelde tellings hoër as die teoretiese gemiddeld van 75 was, is vroulike respondente se tellings hoër en meer positief ingesteld teenoor vroulike ampsdraers. Respondente was in vier ouderdomskategorieë ingedeel, naamlik jonger as 19, 20 – 39 jaar, 40 – 59 jaar, en 60 jaar en ouer. In die tweede kategorie was daar 390 respondente. In die eerste en derde kategorieë was daar onderskeidelik 276 en 258, terwyl daar 127 respondente in die laaste kategorie was. Respondente wat jonger as 19 was het die hoogste gemiddelde telling verkry ($\bar{X}$= 87,83), gevolg deur diegene tussen 40 – 59 ($\bar{X}$= 85,87). Diegene wat 60 jaar en ouer was het die laagste gemiddelde telling ($\bar{X}$= 85,23) gehad, voorgegaan deur diegene tussen 20 – 39 ($\bar{X}$= 85,34).

Die steekproef is verdeel in drie kategorieë met betrekking tot akademiese kwalifikasie, naamlik laer as graad 10, graad 11 tot graad 12, asook tersiêre opleiding. Die oorgrote meerderheid het in die tweede groep geval (N = 518), soortgelyk het 447 respondente tersiêre opleiding ontvang en slegs 83 van die respondente het beskik oor 'n kwalifikasie laer as graad 10. Respondente wat oor 'n tersiêre kwalifikasie beskik het, het die hoogste gemiddelde telling behaal ($\bar{X}$ = 86,77), terwyl diegene wat opleiding tussen graad 11 tot graad 12 ontvang het, 'n

gemiddelde telling van 86.09 verkry het. Respondente wat laer as graad 10 gekwalifiseerd was, se gemiddelde telling was 83,01, wat die laagste gemiddelde telling verteenwoordig. Die meeste proefpersone (N = 353) het minder as R999 per maand verdien, 299 proefpersone het tussen R1 000 – R4 999 verdien, 191 het tussen R5 000 – R8 999 verdien en laastens het 207 proefpersone 'n maandelikse inkomste van meer as R 9 000. Diegene wat meer as R9 000 per maand verdien het se gemiddelde telling was 87,02 , wat die hoogste gemiddelde telling verteenwoordig. Respondente wat tussen R5 000 en R8 999 per maand verdien se gemiddelde telling was 86,52, wat hoër is as respondente wat minder as R999 per maand verdien ($\bar{X}$ = 86,30). Respondente wat tussen R1 000 en R4 999 per maand verdien het, het die laagste gemiddelde telling behaal ($\bar{X}$ = 85,00).

Die oorgrote meerderheid respondente was kerklidmate (N = 909), gevolg deur ouderlinge (N = 73), diakens (N = 42) en laastens leraars (N = 26). Leraars het die hoogste gemiddelde telling ($\bar{X}$ = 92,89). Diegene wat geen bepaalde amp beklee het nie, het 'n gemiddelde telling van 86,08, gevolg deur diakens met 'n gemiddelde van 86,00. In die laaste instansie was ouderlinge met die laagste gemiddelde telling ($\bar{X}$ = 84,12). Die meerderheid respondente was onderskeidelik in die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie (N = 326), en die Christelike Herlewingskerk (N = 311). Die steekproef sluit ook 217 lidmate van die Gereformeerde Kerk in, tesame met 198 respondente van die Rooms-Katolieke Kerk. Die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie het die hoogste gemiddelde telling ($\bar{X}$ = 88,02), gevolg deur die Christelike Herlewingskerk met 'n gemiddelde telling van 87,79. Die Gereformeerde Kerk se gemiddelde was 85,19, terwyl die teoretiese gemiddeld 75 is. Die Rooms-Katolieke Kerk se gemiddelde telling was 82,60. Hierdie denominasie het die laagste gemiddelde telling. Hoewel lidmate van die verskillende denominasies 'n positiewe houding teenoor vroulike ampsdraers huldig, was die Rooms-Katolieke lidmate se gemiddelde houdingstelling heelwat laer as dié van die Gereformeerde Kerklidmate, wat op sy beurt weer heelwat laer is as die Christelike Herlewingskerk se lidmate en laastens was lidmate van die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie die positiefste ingesteld teenoor vroulike ampsdraers.

Soos aangetoon in Tabel 1, asook in Figuur 1 was die oorgrote meerderheid respondente Afrikaansprekendes (N = 575), gevolg deur diegene wat 'n inheemse taal besig (N = 336), terwyl die oorblywende respondente (N = 140) Engelssprekend was. Afrikaanssprekendes het 'n gemiddelde telling van 87,86, wat die hoogste was, gevolg deur Engelssprekendes met 'n gemiddelde telling van 84,29. Diegene wat 'n Inheemse taal besig, het 'n gemiddelde telling van 83,87 wat die laagste gemiddelde telling verteenwoordig. Die meerderheid respondente was wit (N = 540), gevolg deur swart respondente (N = 252). Voorts was 140 respondente gekleurd en net 9 Indiërs. Die oorblywende respondente (N = 108) is gegroepeer onder ander, soos Chinese. Die tabel toon verder dat die wit respondente die hoogste gemiddelde telling gehad ($\bar{X}$ = 88,18) het, gevolg deur swart respondente

met ‘n gemiddelde telling van 85,07). Die gekleurde respondente het ‘n gemiddelde telling van 84,16 gehad, gevolg deur diegene wat nie in die genoemde kategorieë gegroepeer kon word nie ($\bar{X}$ = 81,33). Die Indiër-respondente se gemiddelde telling was 77 wat die laagste gemiddelde telling was, maar het slegs 9 proefpersone ingesluit en sal dus nie vir verdere bespreking oorweeg word nie.

Hoewel slegs die Here weet of iemand werklik wederbaar is of nie, het die navorser nogtans die vraag gestel en word hierdie leemte in die resultate aanvaar. Van die groot aantal respondente het 953 respondente hulself as wedergebore kinders van die Here beskou. Slegs 99 het beweer dat hulle nie wedergebore was nie. Diegene wat aangetoon het dat hulle wedergebore kinders van die Here is, het ‘n gemiddelde telling van 86,36 wat hoër is as diegene wat hulself nie beskou het as wedergebore nie. Die laaste groep se gemiddelde telling was 83,75. Hiervolgens is diegene wat hulself beskou het as wedergebore in ‘n groter mate positief teenoor vroulike ampsdraers as diegene wat hulself nie as wedergebore beskou het nie.

Al die vlakke van die verskillende demografiese veranderlikes se gemiddelde tellings was hoër as die teoretiese gemiddeld van 75. Hiervolgens het al die afsonderlike groepe wat toebehoort aan die verskillende demografiese veranderlikes ‘n positiewe houding teenoor vroulike ampsdraers. Die meerveranderlike variansie-ontleding wat uitgevoer is ten einde die navorsingshipotese te ondersoek, se resultate word in Tabel 2 uiteengesit.

**Tabel 2: Meerveranderlike variansie-ontleding vir die toets van hoofeffekte**

| | | Som van kwadrate | Vg | Kwadraat-gemiddeldes | F | p. | d. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Houding soos gemeent deur Subskaal B | **Gegrafiese ligging** | 0,69805743 | 1 | 0,69805743 | 0,67 | 0,4119 | 0,224 |
| | **Streek** | 11,43345013 | 8 | 1,42918127 | 1,38 | 0,2012 | 0,954 |
| | **Huwelikstatus** | 5,61640806 | 3 | 1,87213602 | 1,81 | 0,1441 | 0,450 |
| | **Geslag** | 7,89372127 | 1 | 7,89372127 | 7,62 | 0,0059** | 1,000 |
| | **Ouderdom** | 1,57611915 | 3 | 0,52537305 | 0,51 | 0,6774 | 0,674 |
| | **Opleidingsvlak** | 3,89257561 | 2 | 1,94628780 | 1,88 | 0,1533 | 0,832 |
| | **Inkomste** | 7,12340471 | 3 | 2,37446824 | 2,29 | 0,0766 | 0,784 |
| | **Kerklike betrokkenheid** | 7,78168186 | 3 | 2,59389395 | 2,50 | 0,0579 | 0,801 |
| | **Denominasie** | 11,00408792 | 3 | 3,66802931 | 3,54 | 0,0143* | 1,000 |
| | **Huistaal** | 21,71258294 | 2 | 10,85629147 | 10,48 | □0.0001** | 1,000 |
| | **Bevolkingsgroep** | 17,88552458 | 4 | 4,47138114 | 4,32 | 0,0018** | 1,000 |
| | **Geloofsoriëtasie** | 1,57574782 | 1 | 1,57574782 | 1,52 | 0,2177 | 0,433 |
| Houding soos gemeet deur Subskaal C | **Geografiese liggiging** | 3,04846762 | 1 | 3,04846762 | 2,04 | 0,1539 | 0,068 |
| | **Streek** | 18,34095795 | 8 | 2,29261974 | 1,53 | 0,1419 | 0,759 |
| | **Huwelikstatus** | 8,91234739 | 3 | 2,97078246 | 1,98 | 0,1146 | 0,247 |
| | **Geslag** | 6,89768697 | 1 | 6,89768697 | 4,61 | 0,0321* | 0,231 |
| | **Ouderdom** | 5,33954533 | 3 | 1,77984844 | 1,19 | 0,3128 | 0,542 |
| | **Opleidingsvlak** | 7,52253929 | 2 | 3,76126964 | 2,51 | 0,0816 | 0,588 |
| | **Inkomste** | 0,77207892 | 3 | 0,25735964 | 0,17 | 0,9154 | 0,274 |
| | **Kerklike betrokkenheid** | 2,27986952 | 3 | 0,75995651 | 0,51 | 0,6771 | 0,248 |
| | **Denominasie** | 11,63525795 | 3 | 3,87841932 | 2,59 | 0,0516 | 0,974 |
| | **Huistaal** | 24,84910015 | 2 | 12,42455007 | 8,30 | 0,0003** | 0,760 |
| | **Bevolkingsgroep** | 20,27919873 | 4 | 5,06979968 | 3,39 | 0,0092** | 0,998 |
| | **Geloofsoriëntasie** | 0,54080345 | 1 | 0,54080345 | 0,36 | 0,5479 | 0,769 |
| Houding soos gemeet deur Subskaal D | **Geografiese ligging** | 8,99434386 | 1 | 2,99811462 | 1,65 | 0,1769 | 0,100 |
| | **Streek** | 42,6810435 | 8 | 5,3351304 | 2,93 | 0,0031** | 0,997 |
| | **Huwelikstatus** | 0,8700158 | 3 | 0,2900053 | 0,16 | 0,9237 | 0,241 |
| | **Geslag** | 100,7044463 | 1 | 100,7044463 | 55,32 | □0,0001** | 1,000 |
| | **Ouderdom** | 9,71600817 | 3 | 2,42900204 | 1,33 | 0,2552 | 0,618 |
| | **Opleidingsvlak** | 0,2911026 | 2 | 0,1455513 | 0,08 | 0,9232 | 0,273 |
| | **Inkomste** | 9,6874276 | 3 | 3,2291425 | 1,77 | 0,1505 | 0,192 |
| | **Kerklike betrokkenheid** | 8,9487173 | 3 | 2,9829058 | 1,64 | 0,1788 | 0,969 |
| | **Denominasie** | 32,0053796 | 3 | 10,6684599 | 5,86 | 0,0006** | 1,000 |
| | **Huistaal** | 17,6278525 | 2 | 8,8139263 | 4,84 | 0,0081** | 0,992 |
| | **Bevolkingsgroep** | 11,2905863 | 4 | 2,8226466 | 1,55 | 0,1855 | 0,953 |
| | **Geloofsoriëntasie** | 0,0274987 | 1 | 0,0274987 | 0,02 | 0,9022 | 0,215 |

*** $p \leq 0.05$, ** $p \leq 0.01$**

Volgens Tabel 2 is geslag, huistaal en bevolkingsgroep statisties-beduidende onafhanklike veranderlikes wat houding teenoor vroulike ampsdraers, soos gemeet deur subskale B, op die 1%-peil beïnvloed. Tesame hiermee blyk denominasie statisties-beduidend te wees op die 5%-peil, terwyl huistaal, asook bevolkingsgroep hoogs beduidende determinante van houding teenoor vroulike ampsdraers, soos gemeet deur Subskaal C is. So ook is

geslag op die 5%-peil statisties-beduidend. Ten opsigte van subskaal D was geslag, huistaal, streek en denominasie statisties-beduidend op die 1%-peil.

**Die omvang van die ondersoekgroep, tesame met die groot aantal veranderlikes het verdere statistiese verwerkinge gekortwiek.**

Volgen Cohen se d-waardes het streek, geslag, opleiding, inkomste, gemeentelike betrokkenheid, denominasie, huistaal en bevolkingsgroep 'n hoogs beduidende praktiese invloed op lidmate se houding teenoor vroue in die algemeen, soos gemeet deur subskaal B. So ook het denominasie, huistaal, bevolkingsgroep en godsdienstige oriëntasie 'n hoogs beduidende praktiese beduidendheid op subskaal C, wat handel oor vroulike ampsdraers met spesifieke verwysing na die amp van prediker. Geslag, streek, gemeentelike betrokkenheid, denominasie, huistaal en bevolkingsgroep het voorts 'n hoogs beduidende praktiese invloed op lidmate se houdings, soos gemeet deur subskaal D. Cohen se d-waardes bepaal die mate van verskille in gemiddeldes soos van toepassing op die verskillende vlakke van die onafhanklike veranderlikes waarna dit vergelyk word met riglynwaardes om sodoende te bepaal indien verskille verdere ondersoek noodsaak (Aron & Aron, 1994).

'n Scheffé-toets vir post hoc-vergelykings is uitgevoer om te bepaal watter taalgroepe beduidend van mekaar verskil en word in Tabel 3 weergegee.

**Tabel 3: Scheffé-toetsresultate vir beduidende verskille tussen gemiddeldes vir huistaal**

| | | Engels | Inheems taal | N | $\bar{X}$ |
|---|---|---|---|---|---|
| **Subskaal B** | **Afrikaans** | * | * | 575 | 30.35 |
| | **Engels** | | | 140 | 29.19 |
| | **Inheemse taal** | | | 336 | 28.48 |
| **Subskaal C** | **Afrikaans** | | * | 576 | 27.34 |
| | **Engels** | | | 140 | 26.51 |
| | **Inheemse taal** | | | 336 | 26.63 |
| **Subskaal D** | **Afrikaans** | * | * | 575 | 30.18 |
| | **Engels** | | | 140 | 28.60 |
| | **Inheemse taal** | | | 336 | 28.76 |
| **Totale Skaal** | **Afrikaans** | * | * | 575 | 87.86 |
| | **Engels** | | | 140 | 84.29 |
| | **Inheemse taal** | | | 336 | 83.87 |

Tabel 3 dui daarop dat Afrikaanssprekende respondente oorwegend die neiging toon om hoër tellings op die onderskeie subskale te behaal as beide die Engelssprekende respondente of diegene wat 'n Inheemse taal praat. Op subskaal B, D, asook vir die totale skaal het die Afrikaanssprekende respondente se gemiddelde telling beduidend verskil van beide die Engelssprekende respondente, asook diegene wat 'n Inheemse taal besig. Op

subskaal C het die Afrikaanssprekende respondente slegs statisties-beduidend verskil van diegene wat 'n Inheemse taal praat.

Die onafhanklike veranderlike, streek, het 36 vergelykings vir elk van die subskale, terwyl net drie vergelykings beduidend was, soos in Tabel 4 aangedui.

**Tabel 4: Scheffé-toetsresultate vir verskille tussen gemiddeldes vir streek**

| Skaal | Streek | $\bar{X}$ | Verskil | Std fout | p. |
|---|---|---|---|---|---|
| **Subskaal D** | Vrystaat | 30.66 | 2.43 | .524 | .006 |
| | Gauteng | 28.23 | | | |
| | Vrystaat | 30.66 | 2.92 | .606 | .003 |
| | Wes-Kaap | 27.73 | | | |
| **Totale Skaal** | Vrystaat | 88.56 | 4.91 | 1.112 | .013 |
| | Gauteng | 83.75 | | | |

Uit Tabel 4 is dit duidelik dat respondente van die Vrystaat beduidend hoër tellings as respondente uit Gauteng gehad het op subskaal D, sowel as op die totale vraelys. So ook het die Vrystaatse respondente hoër tellings as respondente van die Wes-Kaap gehad op subskaal D.

Die Scheffé-toetsresultate vir die beduidende verskille tussen gemiddeldes vir die verskillende bevolkingsgroepe kom vervolgens onder bespreking.

**Tabel 5: Scheffé-toetsresultate vir beduidende verskille tussen gemiddeldes vir bevolkingsgroep**

| | | Wit | Gekleurd | Indiër | Ander | N | $\bar{X}$ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Subskaal B** | **Swart** | * | | | | 252 | 29,00 |
| | **Wit** | | * | | * | 540 | 30,61 |
| | **Gekleurd** | | | | | 140 | 28,39 |
| | **Indiër** | | | | | 9 | 26,56 |
| | **Ander** | | | | | 108 | 27,61 |
| **Subskaal C** | **Swart** | | | | | 252 | 26,90 |
| | **Wit** | | * | * | * | 540 | 27,53 |
| | **Gekleurd** | | | | | 140 | 26,37 |
| | **Indiër** | | | | | 9 | 23,00 |
| | **Ander** | | | | | 108 | 25,75 |
| **Subskaal D** | **Swart** | | | | | 252 | 29,17 |
| | **Wit** | | | | * | 540 | 30,05 |
| | **Gekleurd** | | | | | 140 | 29,39 |
| | **Indiër** | | | | | 9 | 27,44 |
| | **Ander** | | | | | 108 | 27,97 |
| **Totale Skaal** | **Swart** | * | | | * | 252 | 85,07 |
| | **Wit** | | * | * | * | 540 | 88,18 |
| | **Gekleurd** | | | | | 140 | 84,16 |
| | **Indiër** | | | | | 9 | 77,00 |
| | **Ander** | | | | | 108 | 81,33 |

Tabel 5 toon aan dat wit respondente beduidend hoër gemiddeldes op die verskillende subskale behaal het as respondente van ander bevolkingsgroepe. Die resultate van die Indiër-respondente moet egter met groot versigtigheid bejeën word, aangesien daar slegs nege Indiërs uit die hele steekproef van 1052 respondente was. Die rede vir die beperkte aantal Indiër-respondente kan moontlik verklaar word deur die feit dat die Christelike geloof nie die dominante geloofsoortuiging van die Indiër-bevolking is nie.

Aangesien geslag slegs twee kategorieë bevat, is 'n t-toets vir onafhanklike groepe (sonder die aanname van gelyke variansie) vir elk van die subskale uitgevoer, soos aangedui in Tabel 6.

**Tabel 6: T-toetsresultate vir verskille tussen gemiddeldes vir geslag**

| **Skaal** | **Geslag** | $\bar{X}$ | **Verskil** | **Std. Fout van verskil** | **T** | **vg.** | **p.** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Subskaal B** | Manlik | 28.38 | -2.011 | 0.277 | -7.269 | 794.468 | 0.000 |
| | Vroulik | 30.39 | | | | | |
| **Subskaal C** | Manlik | 26.81 | -0.315 | 0.27 | -1.168 | 744.696 | 0.243 |
| | Vroulik | 27.12 | | | | | |
| **Subskaal D** | Manlik | 28.30 | -1.999 | 0.325 | -6.145 | 781.261 | 0.000 |
| | Vroulik | 29.52 | | | | | |
| **Totale Skaal** | Manlik | 83.49 | -4.326 | 0.706 | -6.127 | 728.485 | 0.000 |
| | Vroulik | 87.81 | | | | | |

Uit Tabel 6 blyk dit dat die manlike respondente beduidend laer tellings as die vroulike respondente op beide subskaal B en D, asook die totale vraelys gehad het. Voorts is aandag geskenk aan die Scheffé-resultate vir die verskille tussen gemiddeldes vir denominasie.

**Tabel 7: Scheffé-toetsresultate vir verskille tussen gemiddeldes vir denominasie**

| | | NG Kerkfamilie | Gereformeerd | Christelike Herlewings | N | $\bar{X}$ |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Subskaal B** | **Rooms-Katoliek** | * | | * | 198 | 28.71 |
| | **NG Kerkfamilie** | | * | | 326 | 30.23 |
| | **Gereformeerd** | | | * | 217 | 28.70 |
| | **Christelike Herlewings** | | | | 311 | 30.73 |
| **Subskaal C** | **Rooms-Katoliek** | * | * | * | 198 | 25.90 |
| | **NG Kerkfamilie** | | | | 326 | 27.12 |
| | **Gereformeerd** | | | | 217 | 27.16 |
| | **Christelike Herlewings** | | | | 311 | 27.59 |
| **Subskaal D** | **Rooms-Katoliek** | * | * | * | 198 | 27.98 |
| | **NG Kerkfamilie** | | * | * | 326 | 30.67 |
| | **Gereformeerd** | | | | 217 | 29.34 |
| | **Christelike Herlewings** | | | | 311 | 29.45 |
| **Totale skaal** | **Rooms-Katoliek** | * | | * | 198 | 82.60 |
| | **NG Kerkfamilie** | | * | | 326 | 88.02 |
| | **Gereformeerd** | | | | 217 | 85.19 |
| | **Christelike Herlewings** | | | | 311 | 87.79 |

Tabel 7 dui aan dat beide die Christelike Herlewingskerk en die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie beduidende hoër gemiddelde tellings op subskaal B gehad het as die Rooms-Katolieke Kerk en die Gereformeerde Kerk. Op subskaal C was die gemiddelde telling van die respondente van die Rooms-Katolieke Kerk beduidend laer as al drie die ander denominasies. Op subskaal D het die respondente van die Rooms-Katolieke Kerk weereens beduidend laer gemiddelde tellings gehad as die respondente van al drie die ander denominasies. Tesame hiermee het die respondente van die Nederduits-Gereformeerd Kerkfamilie beduidend hoër gemiddelde tellings gehad as die respondente van beide die Christelike Herlewingskerk en die Gereformeerde Kerk. Die totale vraelys het getoon dat die respondente van Rooms-Katolieke Kerk beduidend laer gemiddelde tellings gehad het as die respondente van die Christelike Herlewingskerk en die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie, en het die respondente van die Gereformeerde Kerk se tellings net beduidend verskil van dié van die respondente van die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie.


Vervolgens kom die resultate van die kwalitatiewe ontwerp onder die loep.

## 8.2 Kwalitatiewe ontwerp

'n Kwalitatiewe ondersoek behels in wese dat aandag geskenk word aan die liturgiese aspek van respondente se persoonlik menings, aldus Strauss en Corbin (1998), ten einde respondente se houdings wyer te omskryf en beter te definieer. In hierdie artikel word enkele response van respondente op Vraag 1 en Vraag 2 weergegee en bespreek. 'n Diskoers-analitiese prosedure is aangewend om die geskrewe response te analiseer. Die direkte aanhalings en sinsnedes van respondente op Vraag 5 en 6 is geïnterpreteer ooreenstemmend met die literatuurstudie, aangesien geen vraag gestel is wat as leidend geag kon word nie.

Respondente moes by Vraag 1 aandui of hulle saamstem al dan nie op 'n aangehaalde Skrifgedeelte in Gal 3:28 waarvolgens onderskeid tussen ras, geslag en sosiale klas tersyde gestel word, aangesien almal een is in Jesus Christus. Vraag 1 is deur 733 respondente voltooi. Een respondente het vermeld: ***"Mans en vroue is gelyk, bevoeg om God se woord uit te dra. Ja, Christene is Christene ongeag geslag."*** 'n Engelssprekende het voorts dié opmerking gemaak: ***"Yes because we are all formed in the image of human beings therefore we are all equal before God, we will be judged fairly at the end. Praise God."*** Die meerderheid respondente (N = 223) het melding gemaak van gelykheid voor God. Daar was ook diegene wat die eenheid in Christus beklemtoon het: ***"This verse entails that in God gender does not distinguish any roles in the Church we are all one"*** en "***Ons is almal een ongeag wie ons is."*** 'n Verdere 88 respondente het hierdie mening gehuldig. Enkele respondente (N = 35) het die volgende siening gehuldig: ***"It does not set any criterion because Paul was pointing to the situation in that congregation"*** en ***"Kan nie die stelling buite konteks lees nie."*** 'n Engelssprekende respondent het voorts geskryf: "***We are all part of the Body of Christ. The eye is just as important as the hand."*** So ook het een respondent vermeld: ***"Ja ons is almal gelyk, maar ons het tog verskillende belangstellings en vermoëns."*** Voorts het 15 respondente 'n soortgelyke mening getoon. In die laaste instansie is daar diegene wat gevoel het dat: ***"Vroue kan nie in gesag geplaas word nie."*** Die hoofskap van die man is deur 13 respondente beklemtoon.

In Figuur 2 word die huistaalgegewens grafies voorgestel waarna daar aandag geskenk word aan demografiese veranderlikes, huistaal, bevolkingsgroep, denominasie, asook geslag soos dit verband hou met Vraag 1 in Tabel 8.




**Figuur 2: Staafdiagram van die frekwensies vir huistaalgegewens soos van toepassing op Vraag 1**

**Tabel 8: Frekwensies met betrekking tot die demografiese veranderlikes soos van toepassings op Vraag 1**

| **Veranderlike** | **Stem saam** | | **Stem nie saam nie** | | **Onseker** | | **Totaal** | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** |
| **Huistaal:** | | | | | | | | |
| ▪ Afrikaans | 236 | 32,19 | 146 | 19,91 | 11 | 1,50 | 395 | 53,88 |
| ▪ Engels | 72 | 9,82 | 28 | 3,81 | 4 | 0,54 | 104 | 14,18 |
| ▪ Inheemse Taal | 164 | 22,37 | 59 | 8,04 | 11 | 1,50 | 234 | 31,92 |
| **Bevolkingsgroep:** | | | | | | | | |
| ▪ Swart | 104 | 14,18 | 38 | 5,18 | 6 | 0,81 | 148 | 20,19 |
| ▪ Wit | 226 | 30,83 | 144 | 19,64 | 10 | 1,36 | 380 | 51,84 |
| ▪ Gekleurd | 73 | 9,95 | 31 | 4,22 | 3 | 0,40 | 107 | 14,59 |
| ▪ Indiër | 3 | 0,40 | 3 | 0,40 | 1 | 0,13 | 7 | 0,95 |
| ▪ Ander | 68 | 9,27 | 17 | 2,31 | 6 | 0,81 | 91 | 12,41 |
| **Denominasie:** | | | | | | | | |
| ▪ Rooms-Katoliek | 104 | 14,18 | 49 | 6,68 | 4 | 0,54 | 157 | 21,41 |
| ▪ N.G. Kerkfamilie | 177 | 24,14 | 80 | 10,91 | 7 | 0,95 | 264 | 36,01 |
| ▪ Gereformeerde Kerk | 48 | 6,54 | 51 | 6,95 | 3 | 0,40 | 102 | 13,91 |
| ▪ Christelike Herlewingskerk | 145 | 19,78 | 53 | 7,23 | 12 | 1,63 | 210 | 28,64 |
| **Geslag:** | | | | | | | | |
| ▪ Manlik | 320 | 43,65 | 108 | 14,73 | 22 | 3,00 | 450 | 61,39 |
| ▪ Vroulik | 154 | 21,00 | 125 | 17,05 | 4 | 0,54 | 283 | 38,60 |

Volgens Tabel 8 het 236 Afrikaansprekende proefpersone die mening gehuldig dat die Skrifgedeelte in Galasiërs 3 geslag as basis vir onderskeid tersyde stel. Soortgelyk het 164 proefpersone wat 'n Inheemse taal besig en 72 Engelssprekendes dieselfde mening gelug. Diegene wat nie saamgestem het nie, het bestaan uit 146

Afrikaanssprekendes, 59 proefpersone wat 'n Inheemse taal praat en 28 Engelssprekendes, terwyl 11 Afikaans- en 4 Engelssprekendes onseker was oor die interpretasie van Gal 3, tesame met 11 proefpersone wat 'n Inheemse taal besig. So ook was die meerderheid proefpersone wat positief gerespondeer het, wit (N = 226), tesame met 104 swart respondente, 73 gekleurde en 3 Indiër respondente. Hierdie groep het egter ook 68 proefpersone ingesluit wat oor 'n alternatiewe herkoms beskik. Diegene wat negatief gerespondeer het, het bestaan uit 144 wit respondente, 38 swart proefpersone, 31 gekleurde proefpersone, asook 3 Indiër proefpersone met 17 ander proefpersone. Luidens bevindinge van Swart-Russel (1988) het 32% van die swart respondente en 38% wit respondente getoon dat vroue nooit verordineer moet word tot die amp van leraar nie. Gwashi (1999) het met betrekking tot bevolkingsgroep bevind dat 51% swart en 80% wit respondente vroue in die amp van diaken goedkeur.

Soos blyk uit Tabel 8 het 177 Nederduits-Gereformeerde Kerklidmate, 145 lidmate van die Christelike Herlewingskerk, 104 van die Rooms-Katolieke Kerk en 48 Gereformeerde Kerklidmate Gal 3:28 as verbandhoudend met die verskillende ampte beskou. In teenstelling hiermee het 80 Nederduits-Gereformeerde lidmate, 53 lidmate van die Christelike Herlewingskerk, 51 Gereformeerde lidmate, en 49 Rooms-Katolieke gevoel dat daar geen verband tussen dié Skrifgedeelte en ampte voorkom nie. Diegene wat onseker was het bestaan uit 12 Christelike Herlewingskerklidmate, 7 Nederduits-Gereformeerde Kerklidmate, 4 Rooms-Katolieke en 3 Gereformeerde Kerklidmate. Let daarop dat die Gereformeerde Kerklidmate die enigste kerkverband was waar die getal lidmate wat negatief gerespondeer het, meer was as dié wat positief gerespondeer het. Met betrekking tot geslag het 320 vroulike respondente en 154 manlike respondente gevoel dat Gal 3:28 geslag as basis vir onderskeid tersyde stel. Diegene wat van mening was dat Gal 3:28 geen verband toon met die verskillende ampte nie, het bestaan uit 125 manlike en 108 vroulike respondente, terwyl 22 vroulike en 4 manlike respondente onseker was.

In Vraag 2 is daar van respondente verwag om 'n interpretasie te verskaf van Paulus se bedoeling in 1 Kor 14: 34 waar hy dit stel dat vroue in die gemeente moet swyg, want hulle word nie toegelaat om te spreek nie. Hierdie vraag is deur 695 respondente voltooi en die resultate van die hooftemas wat geïdentifiseer kon word, word in Tabel 9 aangetoon.

**Tabel 9: Frekwensies vir die kommentaar op Vraag 2**

| **Kommentaar** | **N** | **%** |
|---|---|---|
| Vroue moet onderdanig wees aan die gesag wat God oor hulle gestel het. | 130 | 18,71 |
| Die kulturele en historiese konteks waarbinne hierdie stelling gemaak word speel 'n oorweldigende rol. | 90 | 12,95 |
| Vroue moet nie toegelaat word om te preek nie. | 80 | 11,51 |
| Ongeag wat die Skrifgedeelte beweer, stem sommiges nie saam nie. | 30 | 4,32 |
| Paulus bedoel dat vroue nie struwelinge moet meebring deur uitgesproke te wees en kwaad te praat nie, derhalwe is hierdie 'n ordereëling. | 25 | 3,60 |
| Sommiges is onseker oor die spesifieke bedoeling. | 25 | 3,60 |
| Moet nie Skrifgedeelte in isolasie lees nie. | 17 | 2,45 |
| Diverse response wat nie in die bostaande groepe gegroepeer kon word nie. | 298 | 42,87% |

Soos blyk uit Tabel 9 was die grootste groep van mening dat vroue hulle moet onderwerp aan die gesag wat God oor hulle gestel het (N = 130; 18,71%). 'n Hele aantal respondente was van mening dat die tydruimtelike konteks waarbinne hierdie stelling gemaak word 'n oorweldigende invloed uitgeoefen het (n = 90; 12,95%). 'n Verdere aantal (N = 80; 11,51%) het gevoel dat vroue nie toegelaat moet word om te preek nie. Tesame hiermee het 30 respondente (4,32%) desondanks dié Skrifgedeelte nie saamgestem met Paulus nie, terwyl 25 (3,60%) respondente van mening was dat Paulus bedoel vroue moet nie struwelinge meebring deur uitgesproke te wees en kwaad te praat nie, derhalwe is hierdie 'n ordereëling. Sommige respondente (N = 25; 3,60%) was onseker oor die spesifieke bedoeling, terwyl 17 (2,45%) respondente van mening was dat die Skrifgedeelte nie in isolasie beskou moet word nie. Die response van 298 (42,87%) respondente kon nie in 'n bepaalde groep gegroepeer word nie.

Rees (2003) het bevind dat 75% van die respondente van mening was dat Paulus hierdie woorde rig tot 'n plaaslike kulturele situasie in Korinte waar kerkdienste negatief deur konflik, chaos en wanordelikheid beïnvloed is weens kwaadpraat en uitgesprokenheid van vrouelidmate. Die oorblywende 25% van respondente was egter van mening dat Paulus verwys na 'n Bybelse beginsel dat vroue hulself aan manlike outoriteit moet onderwerp. Hoewel hierdie resultate teenstrydig is met wat in die onderhawige navorsingstudie bevind is, moet in gedagte gehou word dat Rees (2003) onderhoude gevoer het met leraars en dat hierdie studie onder kerklidmate uitgevoer is wat nie noodwendig oor die kennis en agtergrond beskik om die Skrifgedeelte binne konteks te interpreteer nie.

Vraag 5 het behels dat respondente hul persoonlike mening lug aangaande die kwessie rondom vroulike ampsdraers. Altesaam 621 respondente het hul mening gelug. Enkele sinsnedes word weergegee.

Een respondent het vermeld: ***"As iemand deur God geroep is, sal God hom/haar vrugbaar gebruik. Wees versigtig om menslike debatte van die dag met buite-konteks Skrifgedeeltes te verbind. Christus is en bly die Hoof van die kerk."*** Soortgelyk het 'n Engelssprekende respondent vermeld: ***"As the Catholic Church is still a patriarchal hierarchy, despite many attempts the investiture of women priests will not occur in my lifetime."*** Hierdie persoonlike menings oor die kwessie rondom vroulike ampsdraers blyk ekstrinsieke godsdienstige oriëntasies te wees, dus instrumentele houdings tot godsdiens wat rondom sosiale aanpasbaarheid en die verkryging van gemak, sekuriteit, status en beskerming sentreer (Jackson & Hunsberger, 1999). Voorts het 'n ander respondent geskryf: ***"Vroue kan net sulke goeie leraars wees as mans. Elke persoon verskil en het goeie en minder goeie kwaliteite; geslag is nie bepalend nie."*** Soortgelyk het 'n Engelssprekende proefpersoon geskryf: ***"We are all equal in Christ, there are less than 5 verses that would say women should not preach, but more than 5 that would allow any gender to represent Christ. ... We are all made from one. We all believe in one God, the Father, the Son and the Holy Spirit. ... We should stop discriminating against one another. In God we are all the same."*** Hierdie persoonlike menings weerspieël intrinsieke godsdienstige oriëntasies wat die internalisering van godsdienstige waardes soos nederigheid, naasteliefde, medelye en gelykheid behels (Jackson & Hunsberger, 1999).

Die geldigheid van 'n meetinstrument verwys na die mate waarin die meetinstrument die teoretiese konstruk meet wat dit veronderstel is om te meet. Ten einde die geldigheid van die onderhawige studie te verhoog, word beide die oop-einde en geslote vrae vergelyk, wat verwys na triangulasie. ***"Gee 'n vrou 'n kans om te bewys almal is ewe geestelik en kan die Woord bedien."*** Laasgenoemde mening bied 'n antwoord op Vraag 10 in Afdeling C van die kwantitatiewe meetinstrument: ***"Aangesien vroulike leraars nie die geleentheid gebied word om hulself te bewys nie, lei dit tot die instandhouding van geslagsongelykheid."*** Soortgelyk het 'n Engelssprekende respondent vermeld: ***"Any woman is as good as a man"*** wat ooreenstem met Vraag 3 in Afdeling B: ***"Vroue is net so bekwaam soos hulle manlike kollegas."*** In dieselfde opsig het 'n ander respondent geskryf: ***"Women have as much ability as men to be leaders in churches and other institutions."*** wat ooreenstem met Vraag 10 in Afdeling B: ***"Vroue is in staat om die verantwoordelikheid wat gepaard gaan met leierskapposisies te hanteer."***

In aansluiting by Vraag 5 word daar by Vraag 6 gefokus op respondente se verdere opmerkings soos dit by die literatuuroorsig aansluiting vind. Twee respondente het die volgende geskryf: ***"Die vraelys sou dalk meer relevant gewees het in 'n ander kerkverband waar die vrou in die amp wel 'n probleem is"*** en ***"Women's positions in church should be a spiritual process not a constitutional field where women claim to be oppressed, wanting church procedure to be in line with worldly laws."*** Hierdie verdere opmerkings rondom

die kwessie van vroulike ampsdraers blyk ekstrinsieke godsdienstige oriëntasies te wees, dus instrumentele houdings tot godsdiens wat rondom sosiale aanpasbaarheid en die verkryging van gemak, sekuriteit, status en beskerming sentreer (Jackson & Hunsberger, 1999).

In teenstelling hiermee het twee respondente soos volg gerespondeer: ***"Discrimination against women in Church should be eradicated completely"*** en ***"Men and women need to compliment each other not only at home or work but in the Church as well."*** Hierdie verdere opmerkings weerspieël intrinsieke godsdienstige oriëntasies, dus instrumentele houdings, wat die internalisering van godsdienstige waardes soos nederigheid, naasteliefde, medelye en gelykheid behels (Jackson & Hunsberger, 1999).

Soos in Vraag 5 vermeld, moet ook aandag by Vraag 6 geskenk word aan die vergelyking van beide die geslote en oop-einde vrae (triangulasie) ten einde die geldigheid van die studie te verhoog. 'n Afrikaansprekende respondent het geskryf: ***"Almal is gelyk, nie net van 1994, maar van die Bybel se tyd af."*** Hierdie stelling stem ooreen met die eerste vraag in Afdeling D: ***"Dit is vroue se demokratiese reg om as leraar en ampsdraer in die gemeente diens te doen."*** Soortgelyk het respondente geskryf: ***"Women can equally do what men can do*** en ***"Vroue kan dieselfde doen as mans",*** wat ooreenstem met Vraag 3 in Afdeling B: ***"Vroue is net so bekwaam soos hulle manlike kollegas."*** Voorts het 'n respondent die volgende opmerking gemaak: ***"Vroue se rol in die kerk is nie om te preek nie",*** wat korreleer met Vraag 2 in Afdeling C: ***"Prediking is hoofsaaklik 'n manlike funksie."***

'n Respondent het die belangrikheid van die kwessie beklemtoon deur te skryf: ***"It is important to raise such points to know what is happening in our world."*** Voorts het 'n ander respondent die volgende stelling gemaak in aansluiting by die vorige opmerking wat die belangrikheid van die knelpunt rondom vroulike ampsdraers onderstreep: ***"Nou is die tyd van openbaring waarin daar geen plek vir diskriminasie is nie."*** Soortgelyk het 'n Engelssprekende respondent vermeld: ***"It is important for us to give views about this issue; it does not matter if it's a male or female leading."*** Nog 'n respondent 'n opmerking gemaak wat die kwessie rondom vroulike ampsdraers moontlik kan bevorder: ***"Keep on teaching or educating people about God and His people and congregation."*** In teenstelling hiermee is daar egter ook diegene wat nie hierdie kwessie as belangrik ag nie, wat duidelik blyk uit die volgende respondent se opmerking: ***"Troufoto's lyk net beter met 'n man as predikant."***

## 9. BESPREKING VAN RESULTATE

Die belangrikste kwantitatiewe bevindinge van die onderhawige studie was dat kerklidmate 'n positiewe houding huldig aangaande die beroeping van vroulike ampsdraers. Ten spyte hiervan kom 'n verbod op vroue in leer- en regeerampte in die Gereformeerde Kerkdenominansie (Meijer, 2009), asook die Rooms-Katolieke Kerk (Power, 2008) voor. Hoewel die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie vroue beroep, is slegs 2,58% van die totale leraarskorps van dié denominasie vroue (Büchner, 2007). Die Christelike Herlewingskerk laat vroulike pastore wel preek, maar individuele gemeentes word bestuur deur 'n manlike pastoor en sy gade (Visieverklaring van die Christelike Herlewingskerk, 2010). Navorsing wat hierdie neiging steun, sluit dié van Lummis en Nesbitt (2000), asook Konieczny en Chaves (2000) in. Lummis en Nesbitt (2000) het bevind dat passiewe diskriminasie aan die orde van die dag is, waar belangrike inligting weerhou word of vroue aangestel word in poste waar hulle nie langer 'n bedreiging is nie of waar die kanse op mislukking buitengewoon groot is. So ook het Konieczny en Chaves (2000) bevind dat indien 'n vroulike leraar wel aangestel word, daardie gemeentes blyk om kleiner te wees, asook om minder organisatoriese ondersteuning te verkry as gemeentes waar daar 'n manlike leraar werksaam is.

Uit die meerveranderlike variansie-ontleding het dit geblyk dat huistaal, bevolkingsgroep, denominasie, geslag en streek faktore is wat kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers statisties-beduidend beïnvloed. Beide op subskaal B en D blyk huistaal die grootste invloed uit te oefen, terwyl geslag op subskaal C die grootste invloed uitgeoefen het. Verskeie veranderlikes toon praktiese beduidenheid gebaseer op Cohen se d-toets. Op subskaal B, wat handel oor vroue in posisies van gesag in die algemeen het streek, geslag, opleiding, inkomste, gemeentelike betrokkenheid, denominasie, huistaal en bevolkingsgroep 'n hoogs beduidende praktiese invloed, terwyl denominasie, huistaal, bevolkingsgroep, godsdienstige oriëntasie, gemeentelike betrokkenheid en streek op die oorblywende subskale groot praktiese invloed toon. Cohen se d-waarde meet die effekgrootte van die verskil in gemiddeldes tussen die verskillende vlakke van die onafhanklike veranderlikes (Aron & Aron, 1994), deur dit te vergelyk met riglynwaardes (Koen, 2008), ten einde te bepaal of verkreë verskille beduidend genoeg is om van belang te wees.

Wat huistaal betref, blyk dit dat Afrikaanssprekende respondente 'n statisties-beduidend positiewer houding huldig as beide die Engelssprekende respondente en diegene wat 'n inheemse taal besig. Die Afrikaanssprekende proefpersone sluit wit en gekleurde respondente in. Die aanname van linguïstiese relatiwiteit gaan van die veronderstelling uit dat taal denke in 'n groot mate beïnvloed, asook dat verskille wat taal betref daartoe aanleiding gee dat individue hul wêreld uit wyduiteenlopemde invalshoeke benader (Weiten, 2002),

deurdat taal die meganisme verteenwoordig waardeur dit wat as aanvaarbaar al dan nie beskou word, geïnternaliseer word (Hogg en Vaughan, 2005). Die verkrëe resultate het hierdie veronderstelling bekragtig. So ook maak Hogg en Vaughan (2005) melding van die verband tussen taal en kultuur. Voorts is bevind dat hoewel 'n groot aantal verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van die verskillende bevolkingsgroepe as beduidend aangetoon is, was dit duidelik dat wit respondente beduidend hoër skaaltellings op die verskillende subskale behaal het, as respondente van ander bevolkingsgroepe. Wit respondente was beduidend meer positief teenoor vroue in gesagsposisies in die algemeen, asook vroulike ampsdraers met spesifieke verwysing na prediking.

Wat geslag betref, is manlike respondente meer negatief as die vroulike respondente. Hierdie bevinding sluit aan by dié van Rees (2003) wat toon dat manlike respondente die beroeping van vroulike ampsdraers in 'n mindere mate ondersteun. In 'n groot deel van die Christelike kerk as geheel word die meerderwaardige posisie van die man as 'n Godgegewe skeppingsordening gepreek wat die posisie van die man as leier nie bevraagteken nie (Beeld, 26 Julie 2004:10). Dit wil dus blyk of manlike kerklidmate hierdie siening ondersteun. Die rede mag ook dalk wees dat weens regstellende aksie wat veral sommige mans benadeel, vrouregte 'n negatiewe beeld aangeneem het.

Respondente van die Rooms-Katolieke Kerk het beduidend laer gemiddelde tellings (dus negatiewer) as die respondente van die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie en die Christelike Herlewingskerk gehad, en die respondente van die Gereformeerde Kerk se tellings het net beduidend negatief verskil van dié van die respondente van die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie, maar nie van die Christelike Herlewingskerk nie. Hierdie bevinding strook met dié van Barnes (2006) wat getoon het dat denominasie wel 'n rol speel by kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers. Dit wil dus blyk dat die meerderheid Rooms-Katolieke lidmate se houdings steeds beïnvloed word deur dié denominasie se siening van die rol van die priester. Soortgelyk huldig die Gereformeerde Kerk ook 'n meer tradisionele siening, hoewel nie in so 'n groot mate as dié van die Rooms-Katolieke lidmate nie. Die rede hiervoor kan moontlik ingebed wees in die taal wat gebesig word in die verskillende denominasies. Individuele kognisies word oorwegend beïnvloed deur taal en daar word onbewustelik by die kultuurgebaseerde reëls daarvan ingeval (Du Plooy & Grobler, 2002). Van Wyk en De Klerk (2007) dui daarop dat die bewaring van eenheid te midde van verskille en verskeidenheid is steeds nie in gereformeerde kringe bemeester nie. Dit wil sê in gereformeerde kringe wat oorwegend bestaan uit Afrikaanssprekende kerlidmate speel volksverbondenheid moontlik 'n groter rol as lidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers.

Voorts het die resultate getoon dat kerklidmate in die Vrystaat 'n positiewer houding teenoor vroulike ampsdraers getoon het as lidmate van Gauteng, asook die Wes-Kaap. Hierdie bevindinge steun die siening van Woshinsky (2008) dat geografiese ligging individue se kognisies beïnvloed en gevolglik die houdings wat geopenbaar word. Geen verskille is ten opsigte van huwelikstatus, ouderdom, akademiese kwalifikasie, inkomste, gemeentelike betrokkenheid en godsdienstige oriëntasie gevind nie. In die lig hiervan kan die navorsingshipotese slegs gedeeltelik aanvaar word.

Die kwalitatiewe element het ten doel gehad om klem te plaas op die liturgiese aspek van lidmate se houdings, ten einde die kwantitatiewe bevindings beter te omskryf. Die meerderheid respondente het gevoel dat almal gelyk is, hoewel daar ook diegene was wat onomwonde verklaar het: ***'n vrou hoort in die bank en 'n man op die preekstoel."*** Hierdie stelling word gesteun deur die kwalitatiewe bevinding wat toon dat 130 (18,71%) respondente van mening was dat vroue onderdanig behoort te wees aan die gesag wat God oor hulle gestel het, en derhalwe moet vroue nie toegelaat word om te preek nie (N = 80; 11,51%). Die meerderheid het egter melding gemaak van gelykheid voor God. 'n Direkte aanhaling wat hierdie houding beter omskryf het, is: ***"Ons almal dien een God en die Woord moet jy aanvaar al kom dit uit 'n esel se mond."***

Enkele direkte aanhalings is ook vergelyk met vrae van die kwantitatiewe meetinstrument, ten einde die geldigheid van die meetinstrument en van die studie te verhoog. Die kwantitatiewe en kwalitatiewe bevindinge stem ooreen, in soverre die meerderheid respondente ook in hulle eie woordeskat getoon het dat hulle 'n positiewe houding teenoor vroulike ampsdraers huldig. Derhalwe verhoog die geldigheid van die bevindinge wanneer die resultate van beide geslote en oop-einde vrae in ag geneem word. Hierdie proses verwys na triangulasie, wat die bekragtiging van resultate op grond van verskillende navorsingsmetodes behels ten einde die navorser instaat te stel om 'n in-diepte beeld te skep van die verskynsel wat ondersoek word (Nkoane, 2006). In die onderhawige studie kon daar dus 'n in-diepte en konsekwente beeld geskep word van die teoretiese konstruk houdings gebaseer op die bevindinge van die kwantitatiewe en kwalitatiewe meetinstrumente.

Meeste houdingstudies word gebaseer op data wat verkry word van 'n beperkte aantal respondente. Die resultate van die onderhawige studie berus op die statistiese verwerking van die gegewens van 1052 respondente afkomstig uit al nege provinsies/streke waaruit Suid-Afrika bestaan. Op grond van die resultate kon tendense geïdentifiseer word wat verband hou met die populasie, dus kerklidmate van vier denominansies in Suid-Afrika.

Die onderhawige studie wat bevind het dat kerklidmate 'n positiewe houding teenoor vroulike ampsdraers huldig, het bestaande teoretiese raamwerke soos dit verband hou met die term houding, uitgebrei deurdat daar in die

literatuuroorsig 'n teoretiese verband getoon is tussen die konsep houding en groep-antagonisme wat twee afsonderlike konsepte in die sosiale psigologie verteenwoordig, asook hoe hierdie twee interafhanklike konsepte 'n moontlike bydrae kan lewer tot die kwessie rondom vroulike ampsdraers. Die impak van die sosiale identiteitsteorie op die kwessie van vroulike ampsdraers is ook in die literatuuroorsig belig. Tesame hiermee het die onderhawige navorsingstudie 'n bydrae gelewer deur die gebruik van die kognitiewe-affektiewe-konatiewe model in die samestelling van die kwantitatiewe vraelys, tesame met 'n kwalitatiewe meetinstrument. Voorts is die kognitief-konsekwente teorie aangewend as rasionaal vir die insluiting van subskaal D van die kwantitatiewe vraelys, wat behels dat nuwe kognisies op so 'n wyse geïntegreer word dat dit ooreenstem met reeds bestaande houdings (Taylor et al., 2006). Daar is ook in die literatuuroorsig getoon hoe die houdings wat kerklidmate huldig, aangeleer kon word, terwyl daar in die kwalitatiewe bespreking van die resultate duidelik getoon is hoe bestaande teoretiese raamwerke in kerklidmate se houdings teenoor vroulike ampsdraers vergestalt. Voorts het die onderhawige navorsingstudie aangesluit by die bevindinge van vorige houdingstudies en dus die betroubaarheid van reeds bestaande kennis bekragtig.

## 10. GEVOLGTREKKINGS

In hierdie navorsingstudie is ondersoek ingestel na kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers, asook die invloed van verskeie demografiese veranderlikes op die voorgenoemde houding. Dit het uit die ondersoek geblyk dat geslag, taal, denominasie, bevolkingsgroep en streek veranderlikes is wat lidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers baie sterk beïnvloed. Huistaal en geslag blyk om die grootste invloed uit te oefen op kerklidmate se houding teenoor vroulike ampsdraers. Die rasionaal vir die sosiaal-psigologiese ondersoek na 'n voorheen suiwer teologiese navorsingsveld, berus prinsipieel op onder andere die aanname dat 'n stryd ten opsigte van gelykheid tussen geslagte in die verskillende ampte gevoer word, aldus Oliver (2008). Luidens statistiek is die getal vroulike teoloë steeds beperk, en slegs enkele vroue staan voltyds in die bediening (Büchner, 2007). Landman (2008) wys daarop dat die gevolge van die voortgesette ondersteuning van die patriargale etos binne kerklike kringe, vroue kwesbaar maak vir verontregting en selfs vir misbruik in hul private hoedanigheid. Die brandpunt verbandhoudend tot die rol van vroue in die gemeente kring wyer as net die kerk as instansie, maar speel ook 'n betekenisvolle rol in die wyer samelewing. Hierdie is enkele voorbeelde van die impak van geloof op die individu, asook op die groep. Verskeie outeurs, waaronder Munroe (2008) en ook die siening van Woshinsky (2008), beklemtoon dat religieuse verskille verantwoordelik is vir die grootste meerderheid konflik wêreldwyd. 'n Voorbeeld hiervan is die terrorisme-aanval op Amerika op die 11de September 2001 (Woshinsky, 2008). Ten spyte hiervan word betreklik min empiriese navorsing onderneem om die impak van houdings en geloof te ondersoek, veral in die Suid-Afrikaanse konteks.

Geloof is 'n deel van die sosiale psigologie wat in 'n groot mate in die Suid-Afrikaanse konteks deur tersiêre instansies afgeskeep word, asook as navorsingsveld waar die verband tussen geloof en sosiaal-sielkundige konsepte soos houdings ondersoek word. Betreklik min navorsing word onderneem ten einde die sosiale implikasies en impak van geloof op individue se lewens, asook interaksies tussen groepe te ondersoek. Teen die agtergrond hiervan het die onderhawige studie die invloed van teologiese kwessies op die houdings en gedrag van die individu, asook die kollektiewe belig ten einde navorsing in dié verband te stimuleer. Voorts het die onderhawige studie 'n bydrae gelewer deur empiries ondersoek binne die geloofsgemeenskap van Suid-Afrika in te stel waardeur die deur geopen is om meer empiriese navorsing te onderneem deur onder andere die ontwikkeling van 'n toepaslike meetinstrument. Allport en Ross (1967) het al in die sestiger jare vir die eerste keer 'n empiriese skaal gebruik om ondersoek in te stel na die impak van intrinsieke en ekstrinsieke godsdienstige oriëntasies op sosiale psigologiese kwessies, hoewel geen soortgelyke studies in die Suid-Afrikaanse konteks gevind kon word nie. In dié opsig is bestaande wetenskaplike kennis binne die Suid-Afrikaanse konteks beperk en vereis dat navorsing onderneem word om ook die relevansie van bestaande teoretiese raamwerke verbandhoudend tot houdings vir die Suid-Afrikaanse gemeenskap te ondersoek. Houdings, as sulks, wat beskou word as 'n alomteenwoordige eienskap van sosiale ervarings, aldus Nel (2008), speel ook 'n rol in die sosiale interaksie tussen kerklidmate, hoewel min navorsing in dié verband onderneem word. Derhalwe het die onderhawige studie houdings binne die geloofsgemeenskap ondersoek, wat 'n wesentlike bydrae gelewer het tot bestaande wetenskaplike kennis aangaande houdings en hoe dit beslag vind binne 'n bepaalde navorsingsveld soos die geloofsgemeenskap.

Die gevolge van die Christelike manlike teologie wat gekenmerk word deur 'n patriargale denkraamwerk wat manlike ervaringe, denke en waardes bevorder bo dié van vroue, aldus Clifford (2001), is legio. In 'n land waar daar elke 17 sekondes 'n vrou verkrag word en wat die hoogste verkragtingsyfer in die wêreld het, ingevolge statistiek bekend gestel deur Statistiek Suid-Afrika ("Rape Statistics", 2010), dra hierdie kerklike beleid by tot die kwesbaarheid van vroue (Landman, 2008). So ook dra dié kerklike beleid, aldus Büchner (2007) by tot die viktimisering en marginalisering van vroue. Die sosiale psigologie, synde die studie van onder andere die invloed van die sosiale omgewing op die gedrag van die individu, asook van die groep, kan 'n bydrae lewer om verontregting wat op geslag gebaseer word, te identifiseer soos dit beslag vind binne die Suid-Afrikaanse geloofsgemeenskap. Voorts kan die verordinering van vroulike ampsdraers, met spesifieke verwysing na vroulike leraars, bydra tot die bevegting van HIV/vigs, aldus Biskop Purity Malinga, een van Suid-Afrika se invloedrykste vroulike religieuse leiers (City Press, 16 Februarie 2003:8).

Rolverwagtinge wat verband hou met geslag en deur kerklike beleid in stand gehou word, het ook 'n sosio-ekonomiese invloed deurdat vroue se bydrae tot die finansiële welstand van die gesin aan bande gelê word en meestal omskryf word in terme van huishoudelike verpligtinge (Spielberger, 2004). Die implikasie van die instandhouding van rolverwagtinge dra daartoe by dat vroue nie dieselfde as hulle manlike eweknieë vergoed hoef te word nie, aangesien hulle nie die broodwinners is nie en hulle behoeftes derhalwe nie so groot is nie, aldus de Beer (2007). In teenstelling hiermee het 'n studie deur Beukes (1994) wat uitgevoer is onder swart hoërskoolleerlinge getoon dat 85% van die respondente se moeders verantwoordelik was vir die huishouding, versorging en opvoeding van kinders, en is sy dan ook dikwels die enigste broodwinner in die gesin. Huishoudings soos hierdie hou direk verband met die vernaamste ekonomiese kwessies waarmee Suid-Afrika te kampe het ("The debate about household headship", 2003). Dit is dus in die Suid-Afrikaanse samelewing se belang dat ekonomiese opheffing moet geskied deur te fokus op die rolverwagtinge van vroue, asook die ondersteuning van huishoudings wat deur vroue instand gehou word. In beide gevalle kan die verordenering van vroulike ampsdraers, spesifiek leraars, 'n betekenisvolle bydrae lewer. Die Cape Times (6 Oktober 2004:9) het in die lig hiervan die volgende geskryf: "*It is the women who struggle to feed children, who seek welfare support, who battle with men who do not do their duty to their families. Across the country at religious welfare institutions, mainly women seek assistance to rescue their families."*

Ten slotte lê die onus op die kerk in sy geheel om die Skrif, asook die lens waardeur die Skrif geïnterpreteer word, weer aandagtig te ondersoek, wat betref die dienswerk van vroue. In die kerk behoort weer nagedink te word oor die verskillende take wat vroue kan verrig. Individuele kerkverbande moet hulself die volgende vrae afvra: Het die groot struikelblok nie ontstaan toe die werk van vroue gereduseer is tot 'n paar vergaderings per jaar waar enkele amptelike sake behandel is en die susters net verantwoordelik was vir alle voedselbehoeftes in die gemeente nie? Het die fout nie gekom toe daar vergeet is dat vroue in hulle huis, asook in die kerk as hulp moet heers nie? Na aanleiding van hierdie deformasie het die kerk onder druk van die samelewing en fundamentele regte gekom (Bain, 2007a). Vroue is immers kragtige pilare van God in die samelewing. Die Suid-Afrikaanse samelewing sal ten gronde gaan sonder 'n moeder om dit in stand te hou. Vanuit die invalshoek dat ook vroue na die beeld van God geskape is, blyk dit dat vrouwees en hulp-wees meer is as net 'n tydelike geslagtelikheid (Bain, 2007b).

## 11. TEKORTKOMINGE EN AANBEVELINGS

Na afloop van die onderhawige navorsingstudie kan die volgende punte van kritiek en gepaardgaande aanbevelings gemaak word.

- Slegs lidmate van die vier dominante denominasies is ingesluit in die steekproef. Dit is dus nie moontlik om die resultate na alle kerklidmate in Suid-Afrika te veralgemeen nie. Daar word dus aanbeveel dat die ondersoekgroep uitgebrei word na ander denominasies.
- Weens die lae responskoers van veral die Indiër-bevolking is die verteenwoordigendheid van die resultate in dié verband ingekort. Die veralgemening van resultate moet dus met omsigtigheid hanteer word.
- Ten einde eksterne geldigheid te verhoog word aanbeveel dat daar van ewekansige toewysing gebruik gemaak word in toekomstige studies.
- Hierdie studie het slegs bestaande houdings teenoor vroulike ampsdraers verreken, asook die moontlike veranderlikes wat dit beïnvloed. Oorsaaklike redes wat hierdie houdings ten grondslag lê, kan moontlik in die toekoms ondersoek word.

## 12. SAMEVATTING

SLEUTELWOORDE: **houding, leerteorieë, operante kondisionering, klassieke kondisionering, kerkregering, buitengewone en gewone ampte, godsdienstige oriëntasie, geslag en denominasie**

Hierdie navorsingstudie het ondersoek ingestel na lidmate van onderskeie denominasies se houding teenoor vroulike ampsdraers. Die bybelse ampsbegrip en ampsgedagte is van deurslaggewende belang, derhalwe is aandag geskenk aan die regering van die kerk, soos vergestalt in buitengewone en gewone ampte in die Pinkster- en Charismatiese beweging, die Rooms-Katolieke praktyk en die Reformatoriese beweging. Die ondersoekgroep het bestaan uit 198 lidmate afkomstig van die Rooms-Katolieke Kerk, 326 van die Nederduits-Gereformeerde Kerkfamilie, 217 Gereformeerde Kerklidmate, asook 311 lidmate van die Christelike Herlewingskerk. ‘n Biografiese vraelys, ‘n kwantitatiewe houdingskaal, sowel as ‘n kwalitatiewe skaal was op respondente toegepas. Die invloed van verskeie veranderlikes op respondente se houding teenoor vroulike ampsdraers is ondersoek. Data is met behulp van ‘n meerveranderlike variansie-ontleding verwerk. Die belangrikste bevinding van die studie was dat kerklidmate ten gunste was van vroulike ampsdraers, hoewel die resultate beduidende verskille tussen die denominasies aangetoon het. Daar is verder gevind dat huistaal, bevolkingsgroep, geslag, denominasie en streek ‘n beduidende invloed op lidmate se houdings teenoor vroulike ampsdraers uitgeoefen het. Geen van die ander veranderlikes het statisties-beduidende verskille opgelewer nie.

## 13. SUMMARY

The role that women play in contemporary church communities is currently an important and topical faucal point ecclesiastically especially since the Reformed Churches in South Africa and the Roman Catholic Church do not allow women to be in office. The issue concerning women incumbents has been seriously debated for decades in various religions. According to Rees (2003: 7) "*One cannot yank the thread of sexual differentiation from the Christian faith without unraveling the whole. A weakening of the integrity of the mysteries of the Trinity, the Incarnation, the Church, Christian marriage and family life, and much else besides, must inevitably follow."* Some authors view the debate on women incumbents as an integral part of the phenomenon of ecclesial and social discrimination against women. While others indicate that the authority relationship between men and women are God ordained therefore the structures God has created no man should put asunder. The stances that are held by individual church members are based upon the individual's frame of reference. This frame of reference constitutes attitudes and values whereupon cognitions and behavior are based. This research study's aim was therefore to determine what parishioners from various denominations' attitudes towards women incumbents were.

The sample consisted of 326 (31%) members of the Dutch Reformed Family of Churches, 311 (29%) Christian Revival Church members, 217 (21%) Reformed Church members and 198 (19%) Roman Catholic parishioners. Sample selection took place in two phases. Firstly all the various congregations were listed and contacted whereafter the measuring instrument was handed out during morning services at the different denominations.

Data were gathered by means of administering a biographical questionnaire, a quantitative scale as well as a qualitative research scale. The biographical questionnaire contains information on the independent variables, namely gender, age, marital status, level of education, income, race, language, congregational involvement, denomination and religious orientation. The quantitative scale consists of three sections. Section B measured the respondent's attitude towards women in general in leadership positions in the workplace. Section C investigated respondent's attitudes towards women incumbents with specific reference to preaching. Section D contained 10 cognitive, affective and conative statements. The qualitative data were gathered by means of semi structured open ended questions where respondents were required to motivate their answers. Data were analysed by means of multivariate analysis of variance. The variables indicated to have a significant influence on parishioner's attitudes towards women incumbents were language, race, denomination, gender and geographical location. Furthermore language and gender were indicated to have the most significant influence while none of the other variables yielded statistical significant differences.

A paradigm shift in South African Theology is imperative, to ensure that the role and place of women within the contemporary church community is approached with the necessary sensitivity and understanding. Hence the above mentioned research study could play an important role.  According to Mongwe (2007) a possible paradigm shift could occur if a balanced assessment of the situation and an appreciation of the gains could be shared with the relevant stakeholders. In this regard Groothuis (1997: 232) said: "*This issue needs to be discussed and debated, but not without the grace to forebear and forgive, and the equanimity to 'speak the truth in love' (Eph 4:15), with civility, courtesy and consideration for others."*  It is therefore recommended that the findings of the abovementioned research study be imparted to the different church denominations to potentially facilitate future discussions.

## BIBLIOGRAFIE

Acta Synodi van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat (2005).

Acta Synodi van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (2009).

Allport, G.W., & Ross, J. (1967). Personal religious orientation and prejudice. *Journal of Personality and Social Psychology,* **5**(4), 432-443.

Aron, A., & Aron, E.N. (1994). *Statistics for Psychology.* Eagle Wood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall.

Barnes, S.L. (2006). Whosoever let her come: Social activism and gender inclusivity in the Black Church. *Journal for the Scientific Study of Religion,* **45**(3), 371-387.

Bain, R.A. (2007a). Christus roep die vrou tot diens in sy kerk. *Waarheid en dwaling, **13***(9/10), 17.

Bain, R.A. (2007b). Christus herstel die vrou se hulpskap. *Waarheid en dwaling, **13***(7). Herwin 10 Mei, 2010 van http://www.vglonline.net/vglWDindex.php.

Beukes, R.B.I. (1994). *Die geestesgesondheid van swart hoërskoolleerlinge in die Oranje-Vrystaat.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Boshof, C. (2007). *Medici se houdings teenoor genadedood: 'n Kruiskulturele ondersoek.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Brewer, M.B. (1999). The psychology of prejudice: ingroup love or outgroup hate? *Journal of Social Issues,* **55**(3), 429-444.

Brown, J.D. (2006). *Social Psychology.* New York: McGraw-Hill.

Büchner, E.P. (2007). *"Ek het 'n roeping" Vrouepredikante se toelating in die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n Kerkhistoriese en prakties-teologiese studie*. Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Chimhanda, F. (2008). Raising consciousness regarding the dignity and vocation of women in the Catholic Church in Zimbabwe: a historical developmental process. *Studia Historiae Ecclesiasticae,* **34**(1), 301 – 332.

Church must fight AIDS, says woman bishop. *City Press,* 16 Februarie 2003, 8.

Clifford, A.M. (2001). *Introducing feminist theology.* New York: Orbits Books.

Crafford, D., & Gous, G. (1993). *Een liggaam – baie lede. Die kerk se ekumeniese roeping wêreldwyd en in Suid-Afrika.* Pretoria: Verba Vitae.

De Beer, E.J. (2007). 'n Teologies-etiese beoordeling van regstellende aksie. *In die Skriflig,* **41**(1), 109-133.

Demasure, K., & Müller, J. (2006). Perspectives in support of the narrative turn in pastoral care. *Ned Geref Teologiese Tydskrif,* 3 & 4 (47) September en Desember, 410 – 419.

Du Plooy, G., & Grobler, T. (2002). Afrikaans as televisietaal in Suid-Afrika: 'n Toekomsperspektief. *Communicatio,* 28(2), 8 – 17.

Du Toit, F., Hofmeyr, H., Strauss, P., & Van der Merwe, J. (2002). *Moeisame pad na vernuwing. Die NG Kerk se pad van isolasie en die soeke na'n nuwe relevansie 1974-2002.* Bloemfontein: Barnabas.

Dulles, A.R. (1997). *The Priestly office: a theological reflection*. New York: Paulist Press.

Goede, H. (2007). 'n Toepaslike metafoorteorie vir die ontleding van metafore in die Nuwe Testament. *In die Skriflig,* 41(1), 87 – 107.

Groothuis, R.M. (1997). *Good news for women: A biblical picture of gender equality.* Grand Rapids: Baker Books.

Gwashi, M.F. (1999). *The service of women in the church. With special reference to the office of deacon*. Ongepubliseerde magisterverhandeling, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom.

Heiman, G.W. (2004). *Essential statistics for the behavioral sciences*. Boston: Houghton Mifflin Company.

Henslin, J.M. (2007). *Sociology: a down-to-earth approach* (8th ed.). Boston: Pearson

Hendriks, J. (2003). *Die toekoms van die kerk, kerk van die toekoms.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Hogg, M.A., & Vaughan, G.M. (2005). *Social Psychology* (4th ed.). London: Prentice Hall.

Hoyle, R.H., Harris, M.J., & Judd, C.M. (2002). *Research methods in Social relations* (7th ed.). California: Wadsworth/Thomson learning.

Hugo, R. (2003). Projekte moet vroue (en mans) insluit. *Die Kerkbode,* 12 September 2003. Herwin 26 Mei, 2006 van http://www.kerkbode.co.za/kerkbode/brief.asp/id=67.

Jackson, L.M., & Hunsberger, B. (1999). An intergroup perspective on religion and prejudice. *Journal for the Scientific Study of Religion,* **38(**4), 509-523.

Jonck, P. (2005). *'n Sosiaal-sielkundige perspektief oor kerkvereniging in die Nederduits-gereformeerde kerkfamilie: 'n kruiskulturele ondersoek*. Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Jonck, P., Le Roux, A., & Verster, P. (2007). 'n Sosiaal-psigologiese perspektief op lidmate in die Manguang-area se houding teenoor kerkvereniging in die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie: 'n Kruiskulturele ondersoek. *In die Skriflig,* ***41***(1), 45-68.

Kirk-Duggan, C.A. (2003). *Pregnant passion. Gender, sex, and violence in the Bible.* Atlanta: Society of Biblical literature.

Kirkpatrick, L.A. (1999). Towards an Evolutionary psychology of religion and personality. *Journal of Personality,* **67**(6), 921-952.

Koen, A. (2008). *Die verband tussen emosionele intelligensie en psigologiese welstand van adolessente: 'n multikulturele ondersoek.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Konieczny, M., & Chaves, M. (2000). Resources, race, and female-headed congregations in the United States. *Journal for the Scientific Study of Religion,* **39**(3), 261-271.

Landman, C. (2008). Hi/Stories of gender in/justice. *Studia Historiae Ecclesiasticae,* ***34*****(**1), 159 – 180.

Lincoln, C.E., & Mamiya, L.H. (1990). *The black church in the African American experience.* Durhan, NC: Duke University Press.

List of Christian Denominations (2010). Herwin op 12 Mei, 2010 van http://en.wikipedia.org/wiki/list_of_Christian_denominations.

Lummis, A.T., & Nesbitt, P.D. (2000). Women clergy research and the sociology of religion. *Sociology of Religion.* Herwin 10 Junie, 2009 van http://findarticles.com/p/articles/mim0SOR/is461/ai69494367.

Mans, saag die tak af waarop julle sit. *Beeld,* 26 Julie 2004, 10.

Meijer, G.J. (2007). Free Reformed Churches of Australia – FRCA (2). *Waarheid en Dwaling,* ***13***(2), 11.

Meijer, G.J. (2009). GKSA Sinode 2009. *Waarheid en Dwaling,* **15**, 4-5.

Miller, G. (1997). *Becoming miracle workers: Language and meaning in brief therapy.* New York: Aldine de Gruyter.

Mongwe, J.M. (2007). *Hearing all the drums: towards a more inclusie congregation.* Ongepubliseerde magisterverhandling, Universiteit van Suid-Afrika.

Munroe, M. (2008). *God's big idea. Reclaiming God's original purpose for your life.* Shippensburg: Destiny Imange Publishers Inc.

Nel, D.A.J. (2008). *Egpare se houding teenoor seksuele maatuitruiling: 'n Vergelykende ondersoek tussen Afrikaans- en Engelssprekendes in Bloemfontein*. Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Nie net Gereformeerdes sluit vroue uit. *Burger,* 18 Januarie 2003, 3.

Nkoane, M.M. (2006). *An analysis of factors inhibiting the access of students with special educational needs to higher education in the Free State.* Ongepubliseere doktorale proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

O'Grady, J.F. (1991). *Disciples and Leaders: The origins of Christian Ministry in the New Testament*. New York: Paulist Press.

Oliver, E. (2008). Vrouepredikante in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: 'n Opdraande stryd. *Studia Historiae Ecclesiasticae,* ***34*****(**1), 213 – 233.

Pienaar, R.J. (2006). *Die bemagtiging van die amp van die gelowige in missionêre konteks*. Ongepubliseerde *d*oktorale proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Plug, C., Louw, D.A.P., Gouws, L.A., & Meyer, W.F. (1997). *Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek.* Johannesburg: Heinemann.

Popenoe, D., Cunningham, P., & Boult, B. (1997). *Sociology.* Cape Town: Prentice Hall South Africa (Pty) Ltd

Power, D.N. (2008). *Mission, Ministry, Leadership, Order.* New York: Continuum.

Proponent pleit by sinode vir susters. *Volksblad,* 12 September 2003, 3.

Ramabele, T. (2004). *Attutudes of the elderly towards euthanasia: A cross-cultural study.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

*Rape Statistics* (2010). Herwin op 14 Julie, 2010 van http://www.statssa.gov.za/pubications/rape/rape.pdf.

Rees, S. (2003). *An examination of the Biblical role of women in contemporary church life*. Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Zululand, Empangeni.

Religious leaders continue to ignore the voices of women. *Cape Times,* 6 Oktober 2004, 9.

Ross, E., & Deverell, A. (2004). *Psychosocial approaches to health, illness and disability: A reader for health care professionals.* Pretoria: Van Schaik Publishers.

Saambly of egskeiding. Is mans wat wil heers die probleem? *Die Kerkbode,* 5 Maart 2010, 4.

Schoeman, P.G. (2000). *Ideology, frames of references. Ideology culture and education.* Bloemfontein: University Press.

Sidanius, J. (1993). The psychology of outgroup conflict and the dynamics of oppression: a social dominance perspective. In S. Iyengar & W. McGuire (Eds.). *Explorations in political psychology* (pp.183-219). Durham: Duke University Press.

Spielberger, C. (2004). *Encyclopedia of Applied Psychology* (Vol. 2). Florida: Esevier Academic Press.

Strauss, A., & Corbin, J. (1998). *Basics of Qualitative Research.* California: Sage Publications.

Swart-Russel, P. (1988). *The ordination of women to the priesthood: a critical examination of the debate within the anglican communion.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Kaapstad, Kaapstad.

Taylor, S.F., Peplau, L.A., & Sears, D.O. (2006). *Social psychology – International Edition (*12th ed*.).* New Jersey: Prentice Hall.

*The debate about household headship.* (2003). Herwin op 14 Julie, 2010 van http://statssa.gov.za/publications/discusshouseholdHeas/DiscussHouseholdHead.pdf.

Van der Linde, H.H. (2002). *'n Kerkhistoriese en Kerkregtelike studie van die kerkverenigingsproses in die Ned. Geref. Kerkfamilie.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Van Helden, P. (2002). Die huidige aktiwiteit van die belydende GKSA-vrouelidmaat tydens erediens. *In die Skriflig,* **36**(4), 1-30.

Van Rooyen, H. (2002). *'n Kruiskulturele ondersoek na voorspellers van jong volwasse studente se houdings teenoor die huwelik.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Van Wyk, G., & De Klerk, B.J. (2007). Strategiese bakens vir die wisselwerking tussen eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in die plaaslike kerk. *Acta Theologica,* 27(1), 134 – 155.

Veldtman, S. (2001). *Gender discrimination in the SANDF: women as combat soldiers in the South African Army with reference to the Western Province Command.* Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Visie verklaring van die CRC Kerk. Herwin op 13 April, 2010 van http://www.crc.org.za/index.php/statement-of-faith.html.

Vroue en mans het mekaar nodig in kerk. *Die Kerkbode,* 19 April 2002, 2.

Vroue in die kerk. *Hervormer,* 1 Desember 2003, 1.

Vroue nog nie ten volle deel van gereformeerde wêreld. *Die Kerkbode,* 12 Augustus 2005, 11.

Waarom dan nie liewer 'God as Moeder'? *Beeld,* 4 Mei 2001, 3.

Watson, N.K. (2003). *Feminist Theology.* Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company

Weiten, W. (2002). *Psychology Themes and Variations* (5th ed.). California: Wadsworth/Thomson Learning.

Worchel, S., Cooper, J., Goethals, G.D., & Olson, J.M. (2000). *Sosial Psychology.* Belmont: Wadsworth/Thompson Learning.

Woshinsky, O.H. (2008). *Explaining politics, culture, institutions, and political behaviour.* New York: Routledge Taylor & Francis Group.